

DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN INTERNASIONALE
GELDSTELSELS EN DIE VERSKILLENDEN PLANNE
VIR DIE HERSTEL VAN DIE
MONETÊRE ORDE

DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN INTERNASIONALE
GELDSTELSELS EN DIE VERSKILLENDSE PLANNE
VIR DIE HERSTEL VAN DIE MONETÊRE ORDE

deur

L.A. VAN WYK Honns. B.Comm.

n Skripsie voorgelê ter gedeeltelike
nakoming van die vereistes vir die graad

MAGISTER COMMERCII
(Geld- en Bankwese)

in die

FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE

van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS
POTCHEFSTROOM
1966

BEDANKINGS

Langs hierdie weg wens ek aan die volgende instansies en persone my hartlike dank te betuig:

Die navorsing wat tot die samestelling van hierdie studie gelei het, is moontlik gemaak deur die finansiële steun wat van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing ontvang is.

Die meeste inligting is verkry uit bronne, beskikbaar in die Ferdinand Postma-Biblioteek. Die personeel was altyd bereid om vriendelike diens te lewer.

Inspirerende leiding in hierdie navorsing is deur Prof. D.P. Erasmus, hoof van die departement Geld- en Bankwese aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, verskaf. Van hom is te alle tye vriendelike hulp en bekwame leiding ontvang. My hoogste waardering vir die bereidwillige hulpverlening tydens my studenteloopbaan.

L.A. van Wyk.

P.U. vir C.H.O.,
POTCHEFSTROOM.
Januarie 1966.

Opgedra aan my vrou en ouers

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk	Bladsy
Bedankings	iii
I INLEIDING	1
 <u>DEEL I</u>	
DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN INTERNASIONALE GELDSTELSELS	
 <u>AFDELING I</u>	
DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN GELD	
II GELD: OORSPRONG, EIENSKAPPE, DEFINISIE EN FUNKSIES	5
1. Inleiding	5
2. Oorsprong	5
a. Gemeenskappe sonder geld	5
b. Ontwikkeling van ruil	6
c. Die ruilmiddel	8
d. Buitelandse handel	9
e. Binnelandse handel	10
f. Standaard van waarde of rekeneenheid	10
g. Oppottingsmiddel	11
h. Standaard van uitgestelde betalings	12
i. n Middel benodig vir ornamente, godsdienstige en seremoniële funk- sies	12
j. Politieke oorsprong	13
k. Huweliksoorsprong	14
l. Samevatting	14
3. Eienskappe van geld	14
4. Definisie en omskrywing van die begrip geld	16
5. Die funksies van geld	18
a. Ruilmiddel	18
b. Rekeneenheid	19
c. Standaard van uitgestelde betalings	20
d. Oppottingsmiddel	20
e. Waarborg van solvensie	20
f. Gevolgtrekking	21
6. Slot	21
III VERSKILLENDE GELDSOORTE	22
1. Inleiding	22

2.	Die tyd voor die Middeleeue	22
a.	Prehistoriese geldsoorte	22
b.	Vroeë Egipte	23
c.	Babilonië en Assirië	25
d.	Kapadocië	26
e.	Die "Hittete Empire"	26
f.	Die Israeliete	26
g.	Venesië	27
h.	Lidië	27
i.	Ou Persië	27
j.	Griekeland	27
k.	Ou Italië en Rome	28
l.	Gallië	29
m.	Ou Duitsland	29
n.	Brittanje	29
o.	Ierland	29
p.	Indië	30
q.	China	30
3.	Tydens die Middeleeue	31
a.	Die Britse Eilande	31
b.	Ierland	31
c.	Duitsland	31
d.	Italië	32
e.	Ysland	32
f.	Denemarke	32
g.	Swede	33
h.	Noorweë	33
i.	Hongarye	33
j.	Rusland	33
k.	Ander Europese lande	34
l.	Indië	34
m.	Mongolië	34
n.	China	35
o.	Japan	35
4.	Die tydperk na die Middeleeue	35
a.	Die Verenigde State van Amerika	35
b.	Die Britse Eilande	36
c.	Ierland	36
d.	Australië	36
e.	Kanada	36
f.	Die Wes-Indiese Eilande	36
g.	Bermuda	37
h.	"Leeward Islands"	37
i.	Britse Honduras	37
j.	Rusland	37
k.	Frankryk	38
l.	Duitsland en Oostenryk	38
m.	Ander Europese lande	38
n.	Indië	38
o.	China	39
p.	Japan	39
q.	Brasilië en Paraguay	39
r.	Verskeie ander lande	39
s.	Suid-Afrika en Suidwes-Afrika	40
5.	Slot	41

AFDELING II

VERSKILLENDE INTERNASIONALE MONETÊRE STANDAARDE

IV	MONETÊRE STANDAARDE	43
1.	Inleiding	43
2.	Die bimetallistiese standaard	44
a.	Algemeen	44
b.	Vereistes vir die bimetallistiese standaard	44
c.	Omskrywing en werking van die stelsel	45
d.	Moontlike voor- en nadele van bime- tallisme	46
e.	Slot	47
3.	Die goudstandaard	47
a.	Algemeen	47
b.	Omskrywing van die begrip goud- standaard	48
c.	Die funksie en werking van die goudstandaard	51
(i)	Binnelandse stabiliteit	52
(ii)	Buitelandse stabiliteit	53
(a)	Normale beweginge	54
(b)	Spesiale beweginge	54
(c)	Ruilbeweginge	54
d.	Die voor- en nadele van die goud- standaard	58
(i)	Voordele	58
(a)	Stabiliteit van wissel- koerse	58
(b)	Stabiliteit van die goud- waarde	58
(c)	Die rem van die goudstan- daard	59
(d)	Beskerming teen onverant- woordelike regerings	59
(e)	Handhawing van soewerei- niteit	59
(f)	Semi-outomatiese en een- voudige werking	59
(g)	Voordeel vir goudprodu- sente	59
(h)	Aanvaarbaarheid	60
(ii)	Nadele	60
(a)	Voorspoedtye	60
(b)	Groot spanninge	60
(c)	Volle indiensname	60
(d)	Inkrimping	60
(e)	Werkloosheid	61
(f)	Kredietkontrole	61
(g)	Beheer van geld	61
(h)	Vermorsing van reserwes ..	61
(i)	Skaarsheid van goud	61
e.	Slot	62

4.	Die goudstaafstandaard	62
a.	Algemeen	62
b.	Omskrywing van die goudstaafstandaard	63
c.	Werking en funksie	64
d.	Voor- en nadele van die goudkern-standaard	65
	(i) Voordele	65
	(ii) Nadele	66
e.	Slot	66
5.	Die goudwisselstandaard	67
a.	Algemeen	67
b.	Die ontstaan en ontwikkeling van papiergeld	68
c.	Omskrywing van die goudwisselstandaard	70
d.	Die werking en funksie van die goudwisselstandaard	76
e.	Die voor- en nadele van die goudwisselstandaard	80
	(i) Voordele	80
	(a) Ideaal	80
	(b) Wisselkoerse	81
	(c) Ekonomiese voordeel	81
	(d) Reserwes	81
	(e) Stabiliteit	82
	(f) Geldwaarde	82
	(g) Hanteerbaarheid	82
	(ii) Nadele	82
	(a) Waardevermindering	82
	(b) Oorlog	83
	(c) Groot uitgifte	83
	(d) Kapitaalsvorming	83
	(e) Inflasionisties	83
	(f) Beleid	84
	(g) Samewerking	84
	(h) Outomatiese werking	84
f.	Slot	84
6.	Die goudreserwestandaard	85
a.	Algemeen	85
b.	Die goudreserwestandaard	86
c.	Slot	88
7.	Samevatting	88

DEEL II

DIE VERSKILLENDE PLANNE VIR DIE HERSTEL VAN DIE MONETÊRE ORDE

V LIKIDITEIT

1.	Inleiding	91
2.	Omskrywing van likiditeit	92

Hoofstuk	Bladsy
3. Bestaan daar n likiditeitsprobleem?	95
a. Reserwes	95
b. Goudproduksie en -voorrade	99
c. Die posisie van die V.S.A.	100
d. Die toereikendheid van reserwes	103
4. Slot	107
VI DIE SENTRALISASIE VAN RESERWES	109
1. Inleiding	109
2. Die Bank vir Internasionale Betalings ..	110
3. Die Sterlinggebied	111
4. Die „Tripartite Monetary Agreement“	112
5. Die Keynes-plan	113
a. Uitgangspunt	113
b. Doeleindes van die plan	114
c. Werking van die Unie	115
d. Gevolgtrekking en enkele voor- en nadele	116
6. Die White-plan	117
a. Doelstellings van die Fonds	118
b. Maatreëls van die Fonds	119
c. Slot en kritiek	120
7. Die Internasionale Monetêre Fonds	121
a. Die basiese beginsels	121
b. Die ledelande en hulle bydrae	122
(i) Ledelande	122
(ii) Kwotas	122
c. Geldwaarde	123
d. Wisselkoerse	124
(i) Vermydning van beperkings op lopende transaksies	124
(ii) Vermydning van diskriminerende geldpraktyke	124
(iii) Omwisselbaarheid van vreemde valuta	125
e. Maatreëls om tydelik onewewigtige betalingsbalanse te herstel	125
f. Die toekoms van die IMF	126
8. Die Internasionale Bank vir Rekonstruksie en Ontwikkeling	128
a. Doel	128
b. Lidmaatskap en kapitaal	128
c. Werking	129
d. Onttrekking	129
e. Slot	129
9. Die samewerking op monetêre gebied in Europa	130
a. Die Organisasie vir Europese Ekonomiese Samewerking	130
b. Intra-Europese Betalingsooreenkomste	131

c.	Die Europese Betalingsunie	131
d.	Die Europese Monetêre Ooreenkoms ...	132
10.	Die Triffinplan	132
11.	Die Stamp-plan	137
a.	Die oorspronklike plan	137
b.	Die nuwe Stamp-plan	138
12.	James Angell se alternatiewe benadering vir reorganisasie	139
13.	Leland B. Yeager en die Triffinplan met moontlike alternatiewe	140
14.	Frankryk se huidige standpunt	141
15.	Slot	142
VII	DIE VERBETERING VAN DIE GOUDWISSELSTANDAARD	144
1.	Inleiding	144
2.	Bernstein: voorgestelde hervormings in die internasionale monetêre stelsel	145
3.	Harrod oor likiditeit	146
4.	Lutz oor die internasionale likiditeit en 'n veelvoudige geldstandaard	147
5.	Per Jacobsson oor likiditeit en stabiliteit	148
6.	Fritz Machlup oor die hervorming van die internasionale monetêre stelsel	149
7.	Roosa oor die versekering van die vrye wêreld se likiditeit	151
8.	Wallich wil die goudprobleem deur samewerking oplos	152
9.	Zolotas wil die goudwisselstandaard versterk	154
10.	D. Rockefeller en internasionale monetêre herstel	155
11.	Slot	155
VIII	DIE INSTELLING VAN VRYE WISSELKOERSE EN DIE TERUGKEER NA DIE GOUDSTANDAARD	157
1.	Inleiding	157
2.	Vrye wisselkoerse	158
a.	Meade en vrye wisselkoerse	158
b.	H.G. Johnson en internasionale likiditeit	160
3.	Die terugkeer na die goudstandaard	161
a.	Harrod en die verhoging van die goudprys	161
b.	Die gevaar van die goudwisselstandaard vir die Weste volgens Rueff ..	162

Hoofstuk	Bladsy
c. Heilperin en die terugkeer na die goudstandaard	164
d. Thomas Balogh oor internasionale re- serwes en likiditeit	166
4. Slot	168
IX SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING	169
1. Inleiding	169
2. Samevatting	169
a. Geld: Oorsprong, eienskappe, defi- nisie en funksies	169
b. Verskillende geldsoorte	169
c. Verskillende internasionale monetêre standaarde	170
d. Likiditeit	172
e. Planne gerig op die sentralisering van reserwes	172
f. Planne vir die verbetering van die goudwisselstandaard	173
g. Planne vir die gebruik van vrye wis- selkoerse en n terugkeer na die goudstandaard	173
3. Gevolgtrekking	174
a. Ongelyke bevoordeling	175
b. Starheid van die goudstandaard	178
c. Herhaaldelike berekening van die goudprys	178
d. Oormaat likiditeit	180
e. Inflasie	180
f. Vermorsing	180
g. Mislukking	181
h. Die posisie van die V.S.A.	182
4. Slot	183
BIBLIOGRAFIE	185
A. Boeke	185
B. Tydskrifte	186
C. Ander	187

HOOFSTUK IINLEIDING

A.g.v. die steeds toenemende betalingsbalansprobleme en internasionale monetêre krisis van die vrye wêreld tree die vraagstuk van internasionale likiditeit al hoe sterker op die voorgrond. Die doel van hierdie skripsie is om dié probleem aan die hand van verskillende planne vir die oplossing daarvan te bespreek en om sodoende tot 'n gevolgtrekking te kom waarin kortliks riglyne getrek word om die reserweposisie van al die lande in die wêreld te verbeter.

Vir 'n bespreking oor die reserwes vir internasionale likiditeit, is dit egter nodig dat ons eers iets meer sal moet weet van geldstelsels - veral die geldstelsels op die internasionale gebied. Daar moet dan 'n omskrywing van geld en die ontwikkeling daarvan gegee word. Daarvoor is dit nodig dat op die verskillende soorte geld gelet word wat in meeste van die verskillende lande van die wêreld gebruik word: die goudstandaard wat ook bekend staan as die goudmunt- of goudsirkulasiestandaard, die goudstaaf- of goudkernstandaard, die goudwisselstandaard of die oninwisselbare papierstandaard en laastens die goudreserwestandaard.

Die goudstandaard staan bekend as die standaard wat tot 1914 met sy dissipline die internasionale handel op 'n gesonde basis gehandhaaf het. Daarna tree die goudstaafstandaard op die voorgrond wat aan dieselfde vereistes as dié van die goudstandaard probeer beantwoord het, maar alreeds gebuk gegaan het onder verskeie tekortkominge. Die volgende standaard wat aandag geniet, is die huidige goudwisselstandaard en wat vir ons doeleindes as dieselfde as die oninwisselbare papierstandaard beskou word. Hierdie stelsel lewer talle probleme op die gebied van likiditeit, binnelands en internasionaal. Waar die goudstandaard merendeels outomaties regstellings in die volkshuishoudings teweeggebring het, het die goudwissel- en papierstandaard 'n toestand van beperkings wat die vryhandel in alle lande knelter, geskep. In die laaste geval word die goudreserwestandaard bespreek. Die standaard was maar net 'n stelsel wat moes uithelp nadat van die goudstandaard afgestap is, en het gou van die toneel verdwyn.

Hierdie standaard is en word deur die meeste monetêre owerhede van die wêreld aanvaar en kan as internasionale geldstelsels beskou word. Hiermee is die bespreking van die eerste deel van die skripsie afgehandel.

Die eerste deel van die skripsie bestaan dus uit die volgende afdelings: die eerste afdeling wat handel oor die ontstaan en ontwikkeling van geld en die tweede afdeling gerig op die omskrywing van die verskillende internasionale monetêre standaarde.

Dit bring ons by die tweede deel van die skripsie waarvan reeds melding gemaak is: die verskillende planne vir die herstel van die monetêre orde. Uit die titel van hierdie deel blyk dit dan dat die skrywer aanvaar dat daar monetêre wanorde heers en dat dit in orde omskep moet word. Dus moet ons eers ons aandag by die reserwe-posisie van die wêreld bepaal sodat ons kan vasstel of daar 'n likiditeitsprobleem is. Sodra hierdie probleem as probleem aanvaar word, is dit nodig om te let op die verskillende planne vir die verbetering van die heersende posisie.

In die eerste geval sal ons die planne vir die sentralisering van reserwes van nader besien. Dit kan ook beskou word as die planne om die Internasionale Monetêre Fonds te verbeter. Daarna word die aandag gevestig op die planne wat die struktuur en aard van die IMF wil verander sodat dit beter aan die internasionale reserwebehoefte kan voorsien. Die volgende groep planne wat aandag geniet, is die wat gerig is op die verbetering van die huidige stelsel, m.a.w. die goudwisselstandaard of die oninwisselbare papierstandaard. Verder let ons dan op die meer radikale planne: die planne vir die instelling van vrye wisselkoerse en die planne wat pleit vir 'n verhoging in die goudprys of vir 'n depresiasie in die waarde van die Amerikaanse dollar. 'n Vereiste vir lg. planne is dat daar terselfdertyd na die goudstandaard teruggekeer moet word.

Klem moet egter daarop gelê word dat in hierdie skripsie nie ruimte is om alle planne m.b.t. die geldwese te bespreek nie. Om dieselfde rede is dit ook onmoontlik om 'n volledige bespreking van die enkeles wat ons besien, te gee.

Ten slotte sal daar dan 'n samevatting en gevolgtrekking gemaak word wat op die voorgaande bespreking gebaseer is. In hierdie laaste hoofstuk sal die slotsom daarop gerig word om 'n oplossing vir die huidige likiditeitsprobleem te vind. Die standpunt wat ingeneem word, sal ook hier gemotiveer word.

Met hierdie studie beoog ons dan om 'n duidelike beeld te gee van een van die mees aktuele probleme in die wêreld, nl. die likiditeitsprobleem, waaraan Suid-Afrika nou verbonde is weens sy groot potensiaal vir die produksie van goud. Die hedendaagse ekonoom worstel elke dag met hierdie probleem en die vertroue is dat hierdie studie nie alleen 'n samevatting van die vernaamste probleme van die internasionale monetêre meganisme sal gee nie, maar ook van die verskillende planne tot die herstel van die monetêre orde. Daar word ook vertrou dat hierdie skripsie tot uitbreiding van die Afrikaanse literatuur op hierdie gebied sal dien.

DEEL I

DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING
VAN
INTERNATIONALE GELDSTELSELS

ADELING IDIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN GELDHOOFSTUK IIGELD: OORSPRONG, EIENSKAPPE, DEFINISIE EN FUNKSIES1. Inleiding:

Om die verskillende soorte geld te bespreek, is dit noodsaaklik dat ons eers meer moet weet van die begrip „geld“. Geld het al so algemeen geword, dat ons nie eers meer twee maal dink waar die begrip vandaan kom en wat dit werklik inhoud nie. Geld is so n inherente deel van ons lewe dat ons nie kan beseef dat daar wel tye was toe daar nie van so n middel gebruik gemaak is nie. Daarom is dit nodig dat ons eers op die oorsprong daarvan moet let om te bepaal hoekom die behoefte om geld te gebruik, ontstaan het. As ons dit weet, is die eienskappe van die hulpmiddel geld, reeds bekend en moet ons daaraan ook aandag gee. Daarna is dit maklik om die definisie van geld saam te stel uit die voorgaande eienskappe. Voordat die hoofstuk egter afgesluit word, is dit nodig dat die funksies van geld ook bespreek moet word met die oog op wat later in die skripsie volg.

2. Oorsprong¹⁾:

Om die oorsprong van geld volledig te bespreek, moet ons n breedvoerige studie daarvan maak. In hierdie paragraaf word egter slegs kortliks op die moontlike oorsake vir die ontstaan van geld gelet. Geld sal in hierdie paragraaf en ook verder in die hoofstuk, algemeen beskou word, d.w.s. soos ons geld elke dag in die omloop gebruik. Later sal ons daarop terugkom en sien hoe geld in die internasionale betalingsverkeer gebruik word.

a. Gemeenskappe sonder geld²⁾:

Sommige ekonome is van mening dat daar geen gemeenskap bestaan waar daar nog nooit van geld gebruik gemaak is
nie...../6

-
- 1) Einzig, P. Primitive money in its ethnological, historical and economic aspects; 2nd ed. London, Eyre & Spottiswood, 1951, pp. 340 - 392.
2) Angell, N. The story of money. London, Cassell & Co. Ltd., 1930, pp. 17 - 48.

nie. Tog is daar by sekere primitiewe gemeenskappe nog geen bewys van die gebruik van geld gevind nie. Die gemeenskappe wat die piramides, sfinkse en die tempels van Karnac, Babilon en Ninivé gebou het, is goeie voorbeelde van gemeenskappe wat nie van geld gebruik gemaak het nie¹⁾. China het in die vroeëre jare ook baie min van geld gebruik gemaak²⁾. Hierdie groepe het ook wel later van geld gebruik gemaak. Daar is egter nooit heeltemal oorgeskakel na geld nie, maar transaksies waar geld nie gebruik is nie, het nog steeds voorgekom.

Die vraag is egter: hoe word bepaal of 'n gemeenskap wel geld gebruik al dan nie? Dit is duidelik dat die antwoord hierop deur die omskrywing van geld wat ons huldig, gegee sal kan word. Dit word egter later bespreek, maar wat nou van belang is, is sekere faktore wat 'n invloed uitoefen op die gebruik van geld in 'n gemeenskap, nl.: 'n lae lewenstandaard; 'n lae peil van ekonomiese ontwikkeling; geen private besit van goedere; godsdienstige besware teen die gebruik van geld; afwesigheid van vertroue in geld en die bestaan van gewone ruilhandel³⁾. Hieruit blyk duidelik dat hierdie volkshuishoudings nog nie ontwikkel was nie en dat hulle wel van geld gebruik sou moes maak as hulle verder wou ontwikkel. Een saak moet ons onthou: ofskoon ons praat van gemeenskappe sonder geld, beteken dit nie dat daar geen geld was nie, maar net dat geld nie elke dag algemeen gebruik is nie.

b. Die ontwikkeling van ruil:

Die algemene uitgangspunt is dat ruil ontstaan het deur private eienaarskap en die verdeling van arbeid. Om egter te sê watter van hierdie twee oorsake die eerste of die belangrikste was, is baie moeilik. Die meerderheid ekonome aanvaar egter dat die verdeling van arbeid, en dus eintlik spesialisasie, verantwoordelik was vir die ruil. Spesialisasie het noodwendig tot gevolg gehad dat behoeftes wat die individu vroeër moes bevredig, nou nie meer deur homself vervul kon word nie. Iemand anders moet hom dus te hulp kom om nou al sy behoeftes te bevredig.

Elke individu het met die verdeling van arbeid dié produkte geproduseer wat hy die maklikste, gouste en beste kon voortbring...../7

1) Angell, N. The story of money, p. 18.

2) Ibid.

3) Einzig, P. Primitive money, p. 341.

voortbring. Wat hy dan meer produseer as vir eie gebruik, moes hy aan iemand anders aanbied teen een of ander vergoeding. Hierdie vergoeding moet dan dien om in die onbevredigde behoeftes, wat a.g.v. die spesialisasie ontstaan het, te voorsien. Dus moes hy n ander produsent vind wat dié produk produseer waarvoor hy(die eerste produsent) syne wil verruil. Dit beteken dat twee produsente wie se behoeftes by mekaar aanpas, gevind moet word. Hier het ons dan met die „double coincidence of wants" te doen waarvan Jevons praat.

Ook is dit duidelik dat enige produsent net die produkte wat sy eiendom is, sal bemark. Die interafhanklikheid tussen private eienaarskap en die verdeling van arbeid is nou heeltemal onderskeibaar: n persoon kan verdeling van arbeid toepas al is al die produksiefaktore nie sy eie besit nie, maar hy kan nie ruil voordat die produkte aan hom behoort nie.

Met die verloop van tyd het die verdeling van arbeid al hoe verder uitgebrei en het dit tesame met die private eienaarskap as oorsaak vir die ontstaan van die internasionale en private ruil steeds sterker na vore getree. Ruil het dus hieruit ontstaan. Nadat persone begin het om hulle produkte aan mekaar te verruil, het dit later gebruikelik geword om op spesifieke plekke bymekaar te kom om die goedere te verruil. Dit is dan die ontstaan van markte waar produkte van die hand gesit kon word. Die markte het die taak van produsente aansienlik verlig, deurdat daar altyd n hele aantal bymekaar gekom het om hulle produkte te verkoop aan te bied. Die moontlikheid om iemand te kry met die vereiste produkte waarvoor jou eie verhandel kon word, was dus nou baie groter. Later het die markte so uitgebrei dat n produsent sy produkte aan n agent kon verkoop, en sodoende was dit nie eers nodig om na n koper vir sy produkte te soek nie.

By hierdie markte het die probleem hom egter voorgedoen dat daar oor die ruilsom ooreengekom moes word, m.a.w. die bedrag waarteen die ruilende partye bereid was om te onderhandel, moes bepaal word. Dit was egter nie n probleem wat hom net by die markte voorgedoen het nie, maar op enige plek waar daar sprake was van ruil. Die ruilsom moes so bepaal word dat die aanbieder tevrede was met wat hom in ruil vir sy produkte aangebied word. Aan die anderkant moes die koper tevrede wees met wat hy moes betaal. Nadat beide die partye tevrede voel, kon die ruil eers plaasvind.

Opsommend...../8

Opsommend: die verdeling van arbeid het spesialisasie meegebring. Dit het weer 'n groot aanbod van 'n sekere produk veroorsaak, mits dit deur die produsent besit is. Omdat daar egter nie meer self in alle behoeftes voorsien kon word nie, het daar nou 'n vraag na die onbevredigde behoeftes ontstaan. Hierdie behoeftes moes bevredig word en die ruil het die oplossing daarvoor gebied. Die probleme wat hierdie ruil, wat hoofsaaklik in goedere gevoer is, vergesel het, soos bederfbare produkte wat dadelik bemark moes word en indien 'n koper nie gevind kon word nie, nie weer teruggeneem kon word nie, het gelei tot die ontstaan van die ruilmiddel, geld.

Wat ons nie uit die oog moet verloor nie, is dat soos ruiltransaksies hierbo gestel is, dit ook op die gebied van internasionale handel geld. Handel op internasionale gebied vereis ook 'n verdeling van arbeid, spesialisasie en besitreg van die aangebode goedere. As voorbeeld noem ons net die volgende: lande in gematigde of koue streke kan en sal tog nie die produkte produseer wat baie makliker en beter in die omgewing van die ewenaar geproduseer word nie.

c. Die ruilmiddel:

Die gebruik van geld as ruilmiddel is eintlik die mees populêre uitgangspunt vir die ontstaan van die gebruik van geld. Die gebruik van geld het ontstaan a.g.v. die tekortkominge van die ruiltransaksies in goedere. Mens kan egter nie sonder meer aanvaar dat die tekortkominge van ruil die uiteindelijke oorsaak van die ontstaan van geld is nie, want ons vind dat in verskeie volkshuishoudings, en dan veral in die meer primitiewe, ruil in goedere nog plaasgevind het lank nadat hierdie huishoudings reeds gebruik gemaak het van 'n monetêre eenheid¹⁾. Daagliks vind daar nog ruiltransaksies in die gewone omgang plaas en hieruit kan afgelei word dat dit in die klein volkshuishouding nie so moeilik is om te ruil sonder die gebruik van 'n hulpmiddel nie. Wanneer die oorsaak vir die gebruik van geld by ruiltransaksies gesoek word, moet ons dus heel versigtig te werk gaan.

Uit die voorgaande blyk dit nou dat waar die klein volkshuishouding miskien nog met die gebruik van gewone ruiltransaksies kan klaarkom, dit vir die groter volkshuishoudings haas onmoontlik gaan word om so iets reg te kry. Voor- dat geld egter nie homself uitgewys het nie, sal ruiltransaksies...../9

1) Einzig, P. Primitive money, p. 353.

sies steeds bly voortbestaan. Selfs daarna sal nog ruiltransaksies voorkom, hoewel op 'n baie klein skaal. Geld moet dus sy nut bewys voordat hy aanvaar word.

Geld het dan eintlik outomaties uit ruil ontstaan; hoofsaaklik omdat die ruiltransaksies 'n maklik aanvaarbare middel benodig het. 'n Voornemende handelaar sal altyd sy artikel probeer verruil vir die produk waaraan hy 'n behoefte het. Indien dit nie kan gebeur nie sal hy dit dan vir 'n produk verruil wat hy later weer maklik vir die vereiste produk kan verruil. 'n Tussenstap van die ruil- en geldeconomie is dus die gebruik van 'n aanvaarbare ruilmiddel. Sodra hierdie ruilmiddel algemeen aanvaarbaar word en algemeen gebruik word, het ons te doen met geld. Omdat die mense dit dan gerieflik vind en hulle vertroue in die geld verhoog, ontwikkel die geldstelsel. Gewoonlik word as geld gekies 'n middel wat almal kan gebruik en waarna daar steeds 'n aanvraag bestaan. By die eienskappe van geld sal ons weer op hierdie saak terugkom¹⁾. Dit is ook bekend dat die primitiewe volke 'n aantal ruilmiddels gehad het waaraan hulle besondere voorkeur gegee het²⁾.

d. Buitelandse handel³⁾:

Uit die literatuur wil dit voorkom asof buitelandse handel voor binnelandse handel ontwikkel het en dat dit ook as oorsaak vir die ontstaan van geld beskou kan word. Daar kan vier soorte goedere in die buitelandse handel onderskei word wat as geld diens gedoen het, nl.⁴⁾

- (i) ingevoerde verbruiksgoedere, maar wat later so skaars word dat dit gewild word as ruilmiddel. Voorbeelde hiervan is koperstawe, materiale en alkoholiese drank wat in Afrika so gewild was nadat dit ingevoer is dat dit as ruilmiddel gebruik is;
- (ii) ingevoerde goedere spesifiek vir monetêre doeleindes, bv. sout wat ingevoer is in Ethiopië om as geld gebruik te word;
- (iii) goedere wat uitgevoer word na lande waar daar 'n groot aanvraag na bestaan, hetsy monetêr of nie-monetêr van aard. 'n Voorbeeld hier is stapelprodukte wat maklik uitgevoer kan word, en
- (iv) ingevoerde goedere waarna daar 'n groot aanvraag in die binneland bestaan, maar ook in 'n ander land sodat dit weer maklik daarheen uitgevoer kan...../10

1) Sien paragraaf 2 vir verdere besonderhede.
 2) Sien hoofstuk III vir volledige bespreking van ruilmiddels.
 3) Einzig, P. Primitive money, pp. 356 - 361.
 4) Id., p. 358.

kan word, bv. matte wat in verskeie lande in aanvraag was.

Buitelandse handel as oorsaak vir die ontstaan van geld moet so gesien word dat daar sekere behoeftes was wat alleen deur die buitelandse handel bevredig kon word. Hierdie goedere het dan tot die ontstaan van geld gelei. Ons kan egter dadelik sien dat hierdie standpunt effens eensydig is en nie sonder meer aanvaar kan word nie. Tog moet ons nie die waarde hiervan onderskat nie. Die artikels wat as ruilmiddel op internasionale gebied gebruik word, kan weer as betaling aan ander lande gebruik word. Verder is die goedere ook in die binneland as ruilmiddel bruikbaar.

e. Binnelandse handel:

Die buitelandse handel het waarskynlik 'n groter rol in die primitiewe lande vervul as die binnelandse handel wat die „systematic commercial exchange of goods“¹⁾ betref, want die binnelandse bydrae hiertoe was maar gering. Neem ons egter alle handel tussen individue, kry die saak 'n ander kleur. Norman Angell is van mening dat die handel eers tussen die verskillende stamme plaasgevind het en dat geld hiervoor nodig was omdat hulle mekaar nie vertrou het nie²⁾.

As die saak nou van nader beskou word, is dit duidelik dat geld makliker kon ontstaan deur die behoeftes van die binnelandse handel as deur die behoeftes van die buitelandse handel, want dit kan vir 'n individu moeiliker wees om sy behoeftes met binnelandse produksie te bevredig as wat dit is om 'n klomp goedere van die buiteland vir binnelandse goedere te ruil. By die buitelandse handel gaan die ruil om spesifieke goedere, d.w.s. een land ruil hierdie soort produk vir daardie van 'n ander land. By die binnelandse handel daarenteen, gaan dit slegs om die produk van die individu, d.w.s. die individu het slegs een produk wat hy van die hand wil sit en met die enkele produk kan hy nie juis voorwaardes stel nie. Daarom sou die binnelandse handel liever geld wou ontvang as vergoeding vir produkte om daarmee in sy behoeftes te kan voorsien.

f. Standaard van waarde of rekeneenheid:

Tot dusver het ons met die ruilmiddel as oorsaak vir die ontstaan van geld te doen gehad. Ruil het egter ook tot

die...../11

1) Einzig, P. Primitive money, p. 362.

2) Angell, N. The story of money, p. 51.

die ontstaan van 'n rekeneenheid gelyk. Verskeie ekonome glo dat hierdie funksie van geld aan dié van ruilmiddel ondergeskik is. Dit is die standpunte van bv. Helfferich en Menger. Keynes en Coulborn glo egter die teenoorgestelde. Die behoefte aan 'n rekeneenheid moet egter gekoppel word en gekoppel bly aan dié van 'n ruilmiddel, want dit is onmoontlik om 'n ruilmiddel te gebruik sonder om die waarde daarvan te bereken. In hierdie lig gesien, wil dit amper lyk of die ontstaan van geld by die rekeneenheid gesoek moet word. Waar daar vrye ruil toegelaat is, moes die behoefte aan 'n rekeneenheid gou ontstaan het, want elke individu sal die waarde van sy produkte in die ruil wil bepaal. Waar die handel en die hoeveelhede wat geproduseer kon word beperk was, sou die behoefte nie so gou ontwikkel het nie omdat net vaste hoeveelhede gesirkuleer het. So is die rekeneenheid soms gebruik om die waarde van iemand se eiendom te bepaal. Daar is baie ander gevalle waar 'n mens nie aan 'n rekeneenheid kan dink sonder om 'n ruilmiddel daarby te betrek nie. Soms geniet die funksie van die ruilmiddel selfs voorrang bo dié van rekeneenheid. Ons stel weereens dat dit feitlik onmoontlik is om uitspraak te gee oor die belangrikheid van hierdie funksies, maar ons sal later weer meer aandag hieraan gee¹⁾. Feit bly egter staan dat die behoefte aan 'n rekeneenheid as een van die grondoorsake vir die ontstaan van geld beskou kan word.

g. Oppottingsmiddel:

Dit is ook een van die belangrikste oorsake vir die ontstaan van geld. Jevons glo dat die behoefte aan 'n oppottingsmiddel belangriker is as enige van die voorgaande oorsake²⁾. Menger ondersteun hom in hierdie standpunt³⁾. Rist meen dat geld nog die funksie van oppottingsmiddel besit as versekering teen die onsekerhede van die toekoms en dat die ander oorsake vir die ontstaan van geld waarskynlik uit hierdie funksie voortvloei⁴⁾. Indien geld hierdie funksie sou verloor, sou dit dan minder geskik wees as waardemeter of ruilmiddel. Om dus aan sy doel te beantwoord, moet mense bereid wees om geld as 'n oppottingsmiddel te aanvaar. Hierdie oorsaak kan egter nie as so belangrik beskou word dat dit alleen tot die oorsprong van geld kon lei nie. Dit is wel 'n saak wat die waarde van geld kan verhoog omdat die geld dan meer

aanvaarbaar...../12

1) Sien paragraaf 4 van hierdie hoofstuk.

2) Einzig, P. Primitive money, p. 368.

3) Ibid.

4) Rist, C. History of monetary and credit theory from John Law to the present day. London, 1940, p. 325.

aanvaarbaar is. Dit is dan belangrik om hiervan te weet as nog n oorsaak vir die ontstaan van n monetêre eenheid.

h. Standaard van uitgestelde betalings:

Met bogenoemde opskrif word bedoel dat daar n middel moes wees om betalings later te doen. Gewoonweg kan ons van krediet praat. Daar is verskeie redes waarom krediet nodig was en hoe dit die voorloper van geld geword het¹⁾:

- (i) die waarde van goedere en dienste het nie dieselfde gebly nie. Daar moes dan vertrou word dat die verskil aangesuiwer sou word;
- (ii) aflewering en betaling is dikwels weens natuurlike oorsake uitgestel;
- (iii) dit was moontlik om sekere verpligtinge met beloftes van latere vergoeding te betaal;
- (iv) indien betaling van skuld later sou geskied, moes rente soms lank voor die tyd betaal word, en
- (v) lenings is benodig om sekere ruiltransaksies aan te gaan.

Hieruit is dit duidelik dat krediet al heel vroeg gebruik moes gewees het. Dit is selfs moontlik dat dit lank voor monetêre eenhede kon bestaan het. Krediet was ook nodig in die gewone ruil, want selfs hier was daar soms n tydverloop voordat die transaksies voltooi is. Daar moes dus n middel wees wat vir hierdie uitgestelde betalings diens doen wat terselfdertyd algemeen aanvaarbaar sou wees. Die middel is in geld gevind. Taylor glo dat die funksie van geld as middel vir uitgestelde betalings die belangrikste is²⁾. Met die moontlikheid dat krediet lank voor geld bestaan het, is dit moontlik dat dit tot gebruik van geld as monetêre eenheid kon lei.

i. n Middel benodig vir ornamente, godsdienstige en seremoniële funksies³⁾:

Ornamente is altyd skaars. In die skaarsheid word nog n oorsaak vir die ontstaan van die gebruik van geld gesoek. Ornamente word maklik as ruilmiddel en soms selfs as rekeneenheid aanvaar. Dit word veral gesien as daar teruggekyk word na n tyd toe geld en ornamente byna as identies

beskou...../13

1) Einzig, P. Primitive money, p. 372.

2) Taylor, F.M. Chapters of money. Michigan, 1906, p. 158.

3) Einzig, op. cit., p. 377.

beskou is. Ornamente is vroeër dikwels in seremonies gebruik. Daar was dus iets vir die seremonies nodig wat skaars was. Dit het moontlik ook aanleiding gegee tot die gebruik van geld. Dit is egter baie moeilik om die seremoniële gebruik van geld teenoor die handelsgebruik daarvan te bepaal en vas te stel of dit werklik 'n rol by die handelsgebruik sou speel.

Saam met die seremonies kan ook die godsdiens in verband gebring word. Sedert die vroegste dae vereis die geloof 'n sekere inkomste. Vroeër is dit in die vorm van goedere verskaf. Algaande het dit egter in die rigting van kosbaarhede beweeg, onder andere dan ook ornamente. Geld het toe nodig geword vir die religieuse gebruik, omdat¹⁾:

- (i) geld nodig was vir religieuse seremonies en uitgawes;
- (ii) skepping van geld aan bo-menslike magte toegeskrywe is;
- (iii) produsente van geld sekere religieuse rituele moes uitvoer;
- (iv) aan geld 'n magiese gebruik toegeken is en dit het gelei tot die gebruik daarvan;
- (v) geld vir sekere godsdienstige doeleindes gebruik is, en
- (vi) by boetedoening was dit nodig dat geld as betaalmiddel gebruik moes word.

Bernhard Laum was eintlik die voorstander van hierdie teorie²⁾ as reaksie teen die materialistiese benadering waar nuttigheid en handelseienskappe as die enigste oorsaak vir die gebruik van geld beskou is. Omdat geld dus in die godsdiens ook 'n oorsprong kon hê, is die teorie van die materialiste nie noodwendig heeltemal waar nie, maar miskien net gedeeltelik. Hier word dus eintlik op 'n saak gewys wat maklik verwaarloos word. In sommige volkshuishoudings sou hierdie saak 'n baie belangrike rol gespeel het, terwyl dit in ander weer van geringe betekenis sou gewees het.

j. Politieke oorsprong³⁾:

Enige organisasie benodig geld vir sy voortbestaan. Die politieke organisasies is geen uitsondering nie en daarom

het...../14

1) Einzig, P. Primitive money, p. 380.

2) Laum, B. Heiliges geld. Tübingen, 1924. In hierdie boek sit Laum uiteen wat die rol van religie by geld is.

3) Einzig, op. cit., p. 386.

het hulle ook inkomste vereis. Heelwat skrywers is oortuig daarvan dat politiek n rol by geld gespeel het nog voor daar enige handel gedryf is. Cassel is een van die voorstanders van hierdie idee, maar Knapp is in sy boek, „The state theory of money”(London, 1924), nog n groter ondersteuner hiervan¹⁾. In die vroegste tye, anders as vandag, het die politieke owerheid betalings gemaak aan die lede van sy organisasie en vir mense in diens geneem. Betalings is egter ook aan die politieke owerheid self gemaak en onderling tussen die lede van die organisasie²⁾.

Al hierdie verskillende vorms van politieke eise moes bygedra het tot die ontstaan van n monetêre eenheid. Dit kan egter ook maar as n neweskikkende oorsaak beskou word.

k. Huweliksoorsprong:

In die vroeër tye en selfs vandag nog by die ontwikkelende lande(en dan veral die nie-blanke state) vind ons dat die huwelik n baie belangrike gebeurtenis is. Die ouers van die bruid eis n vergoeding van die bruidegom vir die bruid. Hiervoor was n betaalmiddel nodig en dit kon aanleiding gegee het tot die gebruik van geld. Vandag word hierdie vergoeding in baie gevalle nog d.m.v. goedere betaal en nie noodwendig in geld nie.

l. Samevatting:

As ons nou al die bogenoemde faktore saamvat, sien ons dat n hele aantal faktore tot die ontstaan van die gebruik van n monetêre eenheid gelei het. Die belangrikste vind ons egter in dié van ruilmiddel en rekeneenheid. Ontwikkeling van die verdeling van arbeid, spesialisasie en private eienaarskap het gelei tot ruil. Hierin lê dan die oorsprong van geld - n medium tussen twee ruilende partye.

3. Eienskappe van geld:

Uit die oorsprong van geld is dit duidelik dat die ruilmiddel, rekeneenheid of enige ander naam waaronder dit bekend staan, aan sekere eienskappe moes voldoen. Die eienskappe kan ons uit die oorsprong aflei. Coulborn³⁾ onderskei die volgende...../15

1) Einzig, op. cit., p. 387.

2) Id., pp. 387 - 388.

3) Coulborn, W.A.L. A discussion of money. London, Longmans, Green & Co., 1950, p. 23.

volgende eienskappe: „money should be portable, durable, divisible and recognisable." Ons onderskei dan die volgende eienskappe¹⁾:

- a. aanvaarbaarheid,
- b. vervoerbaarheid,
- c. duursaamheid,
- d. homogeniteit,
- e. verdeelbaarheid,
- f. stabiele waarde,
- g. herkenbaarheid.

Geld moet algemeen aanvaarbaar wees en dus deur almal begeer word. Verder moet groot hoeveelhede daarvan maklik vervoerbaar wees. Met duursaamheid word bedoel dat die goed wat as geld gebruik word van so n aard moet wees dat dit feitlik onvernietigbaar is, d.w.s. die sekerheid moet bestaan dat na verloop van tyd die geld nog onveranderd sal wees in waarde. Indien dit nie die geval is nie, moet die middel wat as geld diens doen dikwels met groot koste vervang word.. Verder moet geld die eienskap van homogeniteit besit, aangesien dit baie moeilik is om n prys te bepaal indien daar verskillende middele is(nie homogeen) wat as geld gebruik word. Verdeelbaarheid staan hiermee in verband omdat geld, wat nie klein genoeg verdeelbaar is nie, baie moeilikheid kan lewer om klein betalings te doen. Die geld moet klein genoeg verdeelbaar wees sonder dat dit van sy waarde sal prysgee. Dit is wel die geval met goud waar die waarde van een ons goud presies gelyk is aan die waarde van een-twaalfde van n pond(gewig) goud.

Die belangrikste eienskap van geld is sonder twyfel dat die waarde daarvan stabiel moet wees. Anders gestel: geld moet waardevas wees. Tot dusver word aanvaar dat daar geen ander metaal is wat goud in waardevastheid oortref nie. Tog moet ook onthou word dat die waarde van goud selfs nie heeltemal stabiel is nie en dalk nog aansienlik sal fluktuëer in die toekoms ooreenkomstig die ekonomiese toestande²⁾. Die fluktuasie by goud is egter baie minder as by enige ander metaal. Kilborne sê: „gold comes nearer to being stable in value than any other commodity"³⁾.

Die laaste eienskap, herkenbaarheid, spreek vir homself. Indien die geld nie gou en maklik herkenbaar is nie,

sal...../16

1) Kilborne, R.D. Principles of money and banking; 2nd. ed. New York, McGraw-Hill Book Co. Ltd., 1929, pp. 8 - 10.

2) Id. p. 9.

3) Ibid.

sal dit nie deug nie, want waar geld 'n belangrike plek in die handelswêreld inneem, is daar nie veel tyd om aandag aan die waardevastheid en getrouheid van die ruilmiddel te skenk nie. Daarom moet die waarde van geld ook op offisiële wyse daarop aangedui word sodat die waarde daarvan onmiddellik bekend sal wees.

Die gevolgtrekking waartoe ons kom, is dan dat die belangrikste eienskappe van geld die volgende is: dit moet waardevas wees en relatief skaars. Met relatief skaars word bedoel dat die geld vir elke lid van die volkshuishouding aanvaarbaar moet wees. Dit geld ook op internasionale gebied. Dit moet ook so skaars wees dat daar nie te veel daarvan aangebied word nie. D.P. Erasmus sê: „dit(geld) moet waardevol, waardevas en skaars wees, maar tog ook nie so skaars dat daar nie voldoende hoeveelhede beskikbaar is om as ruilmiddel en as oppottingsmiddel te dien nie¹⁾).

Een saak wat dus ook onthou moet word, is dat daar voldoende hoeveelhede moet wees. Indien daar nie genoeg geld in omloop is nie, kan dit tot beperking van die handel lei en as oorsaak van deflasie dien. Te veel geld, aan die ander kant, sal weer tot inflasie lei.

4. Definisie en omskrywing van die begrip geld:

Die moderne ekonomie sonder die gebruik van geld is ondenkbaar. Stel ons ons so iets in gedagte dan sal die ondoeltreffendheid van die gewone ruiltransaksies gou blyk: die ruilproses sal bemoeilik word; berekening van waardes word feitlik onmoontlik weens die gebrek aan 'n homogene rekeneenheid en by produkte van bederfbare aard kan daar groot verliese intree. Die noodsaaklikheid van geld het ons alreeds onder die verskillende oorsake vir die ontstaan daarvan gesien, daarom wil ons nou die begrip geld aan die hand hiervan en volgens die eienskappe wat ons onderskei het, definieer.

Die woord geld of die Engelse woord „money” is oorspronklik gebruik om die verskillende middele te beskryf wat die funksie van sekere metale vervul het by die stigting van die Romeinse Munt, want „money” word afgelei van woorde soos

„monnaie”...../17

1) Erasmus, D.P. Die plek van goud in die huidige internasionale monetêre stelsel en die rol wat dit kan speel in die herstel van die internasionale monetêre orde. Koers, 32:100, 1964.

„monnaie", „moneda", „munde" en „münz" wat weer afgelei is van „moneta" in „Juno Maneta", die naam van die tempel van Juno, die vrou van Jupiter, n tempel in Rome waarin die Romeinse munt gevestig was¹⁾. Dit is dus duidelik dat geld na n middel verwys wat in n sekere gemeenskap gebruik is vir bepaalde doeleindes.

Voordat ons egter by die definisie kom, is dit nodig om eers vas te stel hoe verskillende skrywers die begrip geld definieer. Coulborn definieer geld as: „the means of valuation and of payment; as both the unit of account and the generally acceptable medium of exchange"²⁾.

Walker definieer geld weer as: „that which everyone receives without the slightest reference either to his own need or to the credit of the person who offers it"³⁾. Verder kan n mens die definisie probeer verbreed en met geld bedoel: „anything that is (1) passed from hand to hand in payment for commodities and service, and (2) regularly taken with the intention of offering it in payment to others, and (3) customarily received without assay or other special test to qualify or quantity, and (4) received without reference to our reliance upon the personal credit of the one who offers it"⁴⁾.

Geld kan ook gesien word as „some lasting thing that Men might keep without spoiling, and that by mutual consent Men would take in exchange for the truly useful but perishable Support of Life "⁵⁾, volgens Busschau.

Locke sê weer: „Money represents a pledge whereby men were assured of obtaining valuable things equal to those with which they parted"⁶⁾. Einzig definieer geld dan: „as a unit or object conforming to a reasonable degree to some standard of uniformity, which is employed for reckoning or for making a large proportion of the payments customary in the community concerned, and which is accepted in payment largely with the intention of employing it for making payments"⁷⁾. Korteweg en Keesing sê: „Alle goederen, die in een bepaalde gemeenskap algemeen...../18

- 1) Busschau, W. J. Gold and international liquidity. The S.A. Institute of international affairs, Johannesburg, 1961, p. 3.
- 2) Coulborn, W.A.L. A discussion of money, p. 2.
- 3) Angell, N. The story of money, p. 69.
- 4) Id., pp. 69 - 70.
- 5) Busschau, op. cit., p. 4.
- 6) Einzig, P. Primitive money, p. 322.
- 7) Id., p. 326.

algemeen als tussenschakel in het ruilverkeer, dus als ruilmiddel, worden aangewend, moeten zolang zij als zodanig worden aanvaard, in ekonomiese zin as geld worden beskouwd"¹⁾. In ooreenstemming hiermee is D.P. Erasmus se omskrywing van geld: „Alle middele wat in 'n bepaalde gemeenskap as algemeen aanneemlike tussenskakels in die ruilverkeer aanvaar word en wat terselfdertyd aan die eise van 'n gemeenskaplike reken-eenheid voldoen, moet solank as wat dit as sodanig aanvaar word in die ekonomiese sin as geld beskou word"²⁾.

Uit al hierdie verskillende omskrywings van geld word dit dan duidelik dat daar by geld twee afsonderlike aspekte onderskeibaar is, nl. 'n konkrete en abstrakte sy, waar e.g. die ruilmiddel is en lg. die rekeneenheid. Baie ekonome onderskryf net die abstrakte funksie terwyl ander weer die konkrete funksie wil benadruk. Omdat dit vir ons baie moeilik is om te besluit watter een van die twee aspekte die belangrikste is, sal ons lievers beide wil benadruk as belangrik. Hieroor meer by die bespreking van die funksies van geld. Behalwe hierdie twee belangrike funksies moet ons alle ander funksies ook in ag neem by die omskrywing van geld.

Dit blyk dus dat die mees algemene opvatting t.o.v. die definisie van geld soos volg gestel kan word: geld is 'n algemeen aanvaarbare ruilmiddel wat ook diens doen as 'n rekeneenheid, standaard van uitgestelde betalings, oppottingsmiddel, en is waardevas en relatief skaars. Noudat ons die begrip geld omskryf het, is dit moontlik om die funksies daarvan af te lei.

5. Die funksies van geld:

Om hier 'n volledige bespreking oor die funksies van geld te voer, is 'n onbegonne taak. Ons sal net kortliks daarby stilstaan in aansluiting by wat reeds in die vorige paragrafe van hierdie hoofstuk daaroor gesê is:

a. Ruilmiddel:

Uit die oorsprong van geld het ons gesien dat dit ontstaan...../ 19

-
- 1) Korteweg, S. en Keesing, F.A.G. Het moderne geldwezen; 8ste hersiene druk. Amsterdam, N.V. Noord-Hollandsche uitgevers maatschappij, 1961, p. 4.
 - 2) Erasmus, D.P. Die plek van goud in die huidige internasionale monetêre stelsel en die rol wat dit kan speel in die herstel van die internasionale monetêre orde. Koers, 32:99, 1964.

ontstaan het om diens te doen as ruilmiddel. Die handel moes dus vergemaklik word met hierdie ruilmiddel. Die geld moes as middel dien wat in ruil aanvaar sou word vir die aanbod van een of ander produk of diens. Ons het dan met twee partye te doen in hierdie funksie: die aanbod- en vraagpartye. Die ruilmiddel veralgemeen dan die koopkrag en probeer maksimum behoeftebevrediging in die ruil verkry. Met 'n ruilmiddel is dit duidelik dat daar groter behoeftebevrediging verkry sal word omdat in die eerste plek die probleem van tyd uitgeskakel word: elke persoon kan nou sy produkte gaan aanbied en daarvoor geld aanvaar as ruilmiddel omdat hy weet dat hy later sy behoeftes daarmee sal kan bevredig deur die benodigde produkte aan te koop. Verder stel die ruilmiddel die besitter daarvan in staat om produkte te gaan koop waar daar vroeër nie van sy produkte aanvaar sou word nie. Uit die voorgaande is die gevolgtrekking dat hierdie funksie een van die belangrikste is dus heeltemal gegrond.

b. Rekeneenheid.

Om te ruil is dit nodig dat die waarde van die goedere vir die ruil bepaal moet word. Dit alles moet uitgedruk word in terme van dieselfd homogene eenheid. Dit word en is onmoontlik om die waarde van produkte sommeer in die algemeen te vergelyk sonder dat die waarde in terme van dieselfde eenheid uitgedruk word, so kan die waarde van 'n huis nie sonder meer met dié van 'n skroefie vergelyk word nie. Daar moet dus 'n algemene eenheid wees en dit is die funksie wat geld hier vervul. Vir die wêreld as geheel is daar egter nie so 'n eenheid nie, maar die wisselkoersmarkte probeer hierdie probleem oorbrug deur die een land se geld se waarde in terme van dié van 'n ander land se uit te druk. Indien alle goedere in terme van een eenheid uitgedruk word, sou geld byna nie nodig gehad het om nog enige ander funksie behalwe die van rekeneenheid te vervul nie¹⁾. 'n Volkshuishouding sonder 'n uniforme rekeneenheid kan nouliks voorgestel word en indien daar so 'n ekonomie sou wees, sou dit ontelbare probleme lewer, want hoe sou die waarde van goedere vergelyk kon word soos in die voorbeeld hierbo genoem?

Sommige ekonome beskou hierdie funksie van geld as die belangrikste en dié van ruilmiddel as neweskikkend. Wat wel waar is, is dat geld as rekeneenheid kan diens doen

sonder...../20

1) Coulborn, W.A.L. A discussion of money, p. 32.

sonder dat dit noodwendig as ruilmiddel gebruik word. So word geld gebruik om die waarde van iemand se eiendom te bereken, maar dan slegs vir doeleindes van vergelyking en nie noodwendig vir ruil nie. Feit is egter dat die funksie van rekeneenheid as een van die belangrikste funksies van geld beskou kan word.

c. Standaard van uitgestelde betalings:

Soos in paragraaf 1 van hierdie hoofstuk uiteengesit, is daar reeds sedert die vroegste tye krediet verskaf en moes daar 'n middel gevind word waarin die betaling, wat dan êrens in die toekoms moes plaasvind, kon geskied. Hiervoor is dan geld gebruik. Hierdie kan egter as 'n afgeleide funksie van geld beskou word en hoort dus eintlik nie by geld tuis nie. Kilborne sê in dié verband: „money is the standard of deferred payments for money...“¹⁾. Dit is eintlik 'n tautologie. Die standaard vir uitgestelde betalings moet as funksie van 'n hele monetêre standaard en nie slegs as funksie van geld gesien word nie.

d. Oppottingsmiddel:

Geld dien ook die funksie van oppottingsmiddel. Dit gebeur dikwels dat iemand oor goedere beskik en dat hy die goedere eers later wil of kan gebruik. Omdat dit miskien moeilik is om die goed weens die grootte daarvan, opbergingsplekke, gevaar van diefstal, bederfbaarheid, of ander probleme op te pot, kan die goed in 'n oppottingsmiddel, nl. geld, omgesit word. Dit kan dan later gebruik word wanneer dit nodig is. 'n Skielike verandering in die waarde van goedere kan geld as oppottingsmiddel soms onveilig maak. Nou is dit kenmerkend dat veral in krisistye die neiging ontstaan om geld op te pot, omdat daar algemeen aanvaar word dat geld 'n hoë waarde het en ook maklik rondgedra kan word. Hierdie geld neem wat die monetêre owerhede betref, gewoonlik die vorm van goud aan. Die oppotting kan dan 'n groot invloed op die reserweposisie van die land uitoefen. Deurdat geld as oppottingsmiddel gebruik word, kan besparings en investeringe ook bevorder word - geld is baie meer beweeglik en kos dus minder om te spaar en te investeer.

e. Waarborg van solvensie:

Moderne ondernemings is hoofsaaklik gebaseer op die kredietwese. Hierdie hele basis is sielkundig van aard. Hierdie krediet word deur bankreserwes gedek wat gewoonlik in die reserwe- of sentrale bank gesentreer word. Die besitreg van geld dui dus op die reg tot verkryging van krediet. Geld is dan bewysmiddel dat die persoon vir sy verpligtinge kan borg. Hierdie is natuurlik ook eintlik 'n afgeleide funksie van geld.

f. Gevolgtrekking:

Geld word gebruik om waarde te meet en om mee te ruil. Dit is duidelik dat hierdie twee funksies wat geld vervul, interafhanklik is. Baie ekonome (soos reeds vroeër gestel) wil net aan een van hierdie twee funksies die hoofrol toeken. In werklikheid is dit onmoontlik om die een bo die ander uit te sonder, omdat nie gesê kan word watter een van die funksies eerste bestaan het nie. Ons voel tog dat die funksie van ruilmiddel effens bo dié van rekeneenheid gestel kan word indien ons 'n keuse wil maak. Die verklaring word daarin gesoek dat die teenparty eers bereid moet wees om geld as 'n middel te aanvaar voordat hy die waarde gaan bereken. 'n Skeiding van die twee funksies bly nietemin moeilik.

'n Tekortkoming wat wel genoem kan word, is dat die waarde van geld ook nie stabiel bly nie, maar met die loop van tyd verander. Gelukkig verander die waarde van geld stadiger as die van ander produkte, omdat dit 'n rekeneenheid is. Dit word ook as betaalmiddel algemeen aanvaar. Dit gee dus aan geld 'n likiditeit wat deur geen ander produk oortref word nie.

6. Slot:

In hierdie hoofstuk het ons nou gesien waar geld sy oorsprong vandaan gekry het, wat sy eienskappe is en watter funksies dit vervul. Om die funksies duideliker na vore te bring, is dit nodig dat ons vooraf moet let op die verskillende middele wat in verskillende lande as geld gebruik is. Daarna wend ons ons tot die geldstelsels op internasionale gebied.

HOOFSTUK III

VERSKILLENDE GELDSOORTE1. Inleiding:

Die behoefte aan 'n ruilmiddel en/of rekeneenheid is gou in die verskillende volkshuishoudings gevoel. Die lede van hierdie volkshuishoudings het toe na 'n middel begin soek wat aan die eienskappe van geld, soos in die vorige hoofstuk uiteengesit, sou voldoen. Om egter so 'n ruilmiddel te vind, is geen maklike taak nie, veral waar dit nog algemeen aanvaarbaar moes wees in vreemde lande.

In die uiteensetting van die verskillende middele wat as geld gebruik is, sal ons veral van Paul Einzig se indeling gebruik maak waar hy verskillende geldsoorte etnologies en histories besien¹⁾. Die ontwikkeling van die geldstelsels sal ook nagegaan word, en dit word aan die hand van die volgende indeling behandel:

- a. die tyd voor die Middeleeue,
- b. tydens die Middeleeue,
- c. die tyd na die Middeleeue.

2. Die tyd voor die Middeleeue:a. Prehistoriese geldsoorte:

Hierdie tydperk kan omskryf word as die tydperk waarin verskillende rasse ontwikkel het. Daar is geen direkte bewyse van die gebruik van geld nie. Dat geld gebruik is, moet afgelei word uit die argeologiese ontdekkings. So kan bv. deur opgrawings afgelei word watter vorm geldeenhede aangeneem het en uit watter soort materiaal dit bestaan het. Die aard van die materiaal is nie altyd maklik bepaalbaar nie en moet eintlik uit die omstandighede waarin dit gebruik is, bepaal word. Verder is dit ook nie so maklik om sommer te bepaal of 'n sekere middel wel as monetêre eenheid gebruik is nie²⁾.

Daar word gevind dat veral wapens en implemente

soos...../23

-
- 1) Einzig, P. Primitive money, pp. 41 - 315.
Sien ook Quiggin, A.H. A survey of primitive money. London, Methuen & Co., 1949. pp. 1 - 322.
 - 2) Einzig, op. cit., pp. 196 - 197.

soos bylvormige gereedskap¹⁾, in hierdie tydperke as geld gebruik is. Dit kan egter nie met sekerheid aanvaar word nie, maar slegs waar wapens en implemente aangetref is wat onprakties vir produktiewe aanwending was, kon sekerheid verkry word. In Serwië bv. is daar ses silwerstawe in die vorm van dubbele byle gevind, maar daar was nie gate in die byle vir stele nie.²⁾ In Frankryk weer is n aantal dubbele byle van koper gevind, maar die gate in hierdie byle was te klein om vir stele te gebruik³⁾. Dit wil dan lyk of hierdie objekte wel as eerste betaalmiddele of ruilmiddele gebruik kon gewees het. Dieselfde objekte word in Ciprus, Sardinië en Griekeland aangetref. Soortgelyke afbeeldings van byle is op n muur in Egipte gevind. Uit opgrawings wil dit ook voorkom asof dubbele byle in Duitsland n monetêre rol vervul het.

Ringe is nog n belangrike vorm van geld wat in die vroegste tye gebruik is. Dit kan miskien selfs die belangrikste wees, want dit is in Egipte, Kreta, Duitsland gebruik. Bronsringe is in Silesië, Switserland, die res van Europa en die Nabye Ooste gevind. Ook was brons- en koperringe wat in Hongarye en Bohemië gevind is, te groot vir praktiese gebruik. Baie mense wil egter beweer dat hierdie ringe slegs vir ornamente gebruik is. Tog is daar genoeg bewyse om die monetêre gebruik daarvan aan te dui. n Voorbeeld van so n bewys is waar daar groot hoeveelhede van die ringe bymekaar gevind is en waar dit blykbaar as oppottingsmiddel gedien het. In Ierland is weer goue ringe gevind. Hierdie ringe is ook dikwels saam met Romeinse munte gevind. In Swede is selfs gouddraad in die vorm van spirale gevind.

Dat ongemerkte metaalstawe ook in die vroeër dae as geld gebruik is, is heeltemal moontlik. In die ou Brittanje is stawe gevind wat uit die dae van Julius Caesar dateer⁴⁾. Hierdie stawe was in die vorm van onvoltooide swaarde. Ontdekkings in die Keltiese streke en Noord-Alpe asook Switserland sluit o.a. stukke goud in wat heel waarskynlik as geld gebruik is.

n Geldsoort wat miskien verder ontwikkel was, is die verskillende skywe en ronde voorwerpe wat in baie lande
aangetref...../24

-
- 1) Einzig, op. cit., p. 197.
 2) Id., p. 198.
 3) Ibid.
 4) Id., p. 200.

aangetref is. Dit dui daarop dat die voorwerpe gesirkuleer het tussen mense. Die eerste bewys dat hierdie voorwerpe as geld deur owerhede gewaarborg is, is in Lidië gevind. Die beskikbare inligting wat met die loop van die tyd deur opgrawings en ander middele beskikbaar geword het, is egter nog te min om die werking van al hierdie verskillende soorte geldstelsels aan te dui.

b. Vroeë Egipte:

In die vroeë Egiptiese tydperk het geld nie 'n baie belangrike rol gespeel nie. Die rede was dat Egipte 'n beplande ekonomie gehad het. Belasting is gehef en moes in geproduseerde ware betaal word. Hierdie ware is dan weer deur die staat onder die volk op een of ander wyse versprei. Geld was dus eintlik nie nodig nie.

Geld het egter tog wel ook 'n plek in hierdie volkshuishouding vervul. Daar is nog op 'n aansienlike skaal handel gedryf, hoofsaaklik om te voorsien in die daaglikse lewensbehoefte. Daar is 'n algemene ruilmiddel in die handel gebruik, nl. die „uten“, „utnu“, „deben“ of „tabnu“¹⁾ en sy kleiner verdelinge²⁾ „kit“, „chat“ of „kedet“. Skrywers verskil egter oor die gebruik van hierdie eenheid. Maspero sê dat goud en koperringe as handelsartikel gebruik is.³⁾ Hierdie lg. handelseenheid is slegs vir kleiner betalings in die handel gebruik. Vir groter betalings is ander middele soos byle, heuning en olie gebruik. Hierdie middele is dan almal volgens waarde in die „deben“ of „chat“ uitgedruk.

In die Egiptiese handel het die metaal egter wel 'n belangrike rol gespeel. Die munte wat hier gebruik is, was nie geslaan nie en is volgens gewig gebruik. Dit wil voorkom asof koper aan die begin die belangrikste metaal was. Die rede word gesoek in die feit dat koper op 'n tyd-stip in Egipte baie skaars was. Koper is waarskynlik grotendeels as rekeneenheid en maar selde as betaalmiddel gebruik, volgens sekere bewyse. Die vorm wat hierdie koper aangeneem het, was koperdraad in spiraalvorm gedraai. Die ringvorm was ook in omloop.

1) Einzig, op. cit., p. 203.
 2) Ibid.
 3) Ibid.

As daar na goud gekyk word, wil dit voorkom of die metaal weer meer as ruilmiddel gebruik is as koper. Egipte was die leidende goudprodusent in daardie dae en goud vir monetêre doeleindes dus nie so baie skaars nie. Die goud is ook vir ornamente gebruik, maar veral in die buitelandse handel as betaalmiddel. Dat die metale egter nie so 'n belangrike rol gespeel het nie, was hoofsaaklik te wyte aan die beplande aard van die volkshuishouding. In die buitelandse handel moes metale egter as betaalmiddels gebruik word.

c. Babilonië en Assirië:

Geld was in die vallei van die Tigris en Eufraat baie verder ontwikkel as in bogenoemde lande. Vryhandel is hier heelwat meer beoefen en daarom het 'n rekeneenheid al op 'n vroeë stadium ontwikkel.

In hierdie gebied (veral die Babiloniese gebied) was 'n dubbele stelsel: koper, soms silwer en later goud aan die een kant was die belangrikste handelsartikels wat metale betref, maar aan die ander kant het gars ook 'n belangrike rol as handelsartikel gespeel. Om die waarheid te sê, het dit as handelsartikel die metale selfs oorskadu. Hierdie metale en graan het dan langs mekaar as ruilmiddel en rekeneenheid diens gedoen. Silwer was in klein stafies gegiet en die name vir die rekeneenheid was die bekende „sikkel" en „talent"¹⁾. Metaal is gewoonlik as betaalmiddel in die dorpe gebruik, terwyl die graan weer veral op die platteland gebruik is. Omdat die prys van graan t.o.v. die silwer gefluktueer het, word die belangrikheid van silwer beklemtoon. Die stawe is toe later gestempel en dit het nog groter waarde aan die silwer as monetêre eenheid verleen. Die stawe is later in dieselfde vorms gegiet.

Hier is ook 'n ver gevorderde kredietstelsel aangetref. Allerhande voorbeelde van kredietverlening is ook beskikbaar. Rekenings is algemeen aangetref. Hierdie rekenings is gewoonlik op kleitafels geskryf.

In Assirië het lood die belangrikste rol in die monetêre stelsel gespeel. Rekenings wat op 'n kredietstelsel dui, is ook hier aangetref. By groot transaksies moes

eers...../26

1) Einzig, op. cit., p. 212.

eers deposito's gemaak word.

Babilonië en Assirië het met Egipte handel gedryf en het dus goud daarvandaan gekry, maar hierdie goud is nie vir monetêre doeleindes gebruik nie. Dit is slegs vir ornamente gebruik en in enkele gevalle by hoë uitsondering as betaalmiddel. Later het goud se belangrikheid egter ook toegeneem.

d. Kapadocië:

Dit is die land sover bekend wat eerste van stawe in sy handel gebruik gemaak het. Boonop is hierdie stawe deur die owerheid gestempel. Krediet is ook in hierdie land toegestaan. Die metale wat gebruik is, was hoofsaaklik silwer en koper. Handelseenhede wat gebruik is, het onder die naam „mina”¹⁾ bekend gestaan. Hierdie geldsoort is omtrent in die jaar 2,000 v.C. gebruik.

e. Die „Hittete Empire”²⁾:

Geld volgens gewig het hier die rol van monetêre eenheid gespeel. Die geldsoort was silwer en dit is naastenby in 1400 v.C. gebruik. Die eenheid se naam was ook die „sikkel”. Voor die silwer as rekeneenheid gebruik is, was skape die middel wat vir berekening en ruil gebruik is. By hierdie lys kan slawe en graan gevoeg word. Hier het ons te doen met ’n uitstekende voorbeeld van ’n meervoudige geldstelsel.

f. Die Israëliete:

Hierdie volk het skape as hulle eerste monetêre eenheid gebruik. Die benaming waaronder dit bekend was, was die „kesitah”³⁾. Reeds in die vroeëre periodes (ongeveer 2,000 v.C.) is daar in terme van ’n metaal as waardemeter gepraat. Volgens die wette van Moses moes al die goedere se waarde in silwer uitgedruk word. Silwer is algemeen gebruik in unilaterale betalings. Goud is hoofsaaklik as waardemeter en oppottingsmiddel gebruik. Toe het die monetêre eenheid bekend gestaan as die „sikkel” en „talent”. In die begin is die waarde van die metale volgens hulle gewig bepaal...../27

1) Einzig, op. cit., p. 218.

2) Ibid.

3) Id., p. 219.

paal. Munte het eers later in omloop gekom.

g. Venesië en Chartage:

Munte het hier eers in die vyfde eeu v.C.. in omloop gekom. Die aanduidings is dat goud gebruik is. Die meeste ekonome glo dat daar maar eers later aan die slaan van munte gedink is. Handel met ander lande is hoofsaaklik met behulp van seevervoer gedryf. Metale is in die binneland as geld gebruik deur die waarde volgens gewig te bepaal.

In Chartage is daar van n eienaardige soort leergeld gebruik gemaak.

In beide hierdie lande is handel met vreemde lande op n ruilbasis gedryf, want hierdie twee lande het nie vertroue in ander lande se geldstelsels gehad nie.

h. Lidië:

Meeste ekonome glo dat hierdie land die eerste was om munte te slaan en wel omtrent in die jaar 600 v.C.¹⁾ Dit was ook in hierdie land bekend hoe die kwaliteit van goud bepaal kon word. Die munte het die vorm van boontjies gehad. Dit was te groot vir gemaklike gebruik en daar was maar net n teken op gemaak om aan te dui dat dit n volwaardige munt is.

i. Ou Persië:

Hier was osse en skape die standaard van waarde en die ruilmiddel. Die "gold starter"²⁾ is as monetêre eenheid aangeneem en het die eerste goue munt op internasionale gebied geword.

j. Griekeland:

Koperstawe in die vorm van dubbele byle of osvelle is hier aangetref as die belangrikste geldsoorte. Na vee is ook orals verwys as n standaard van waarde. Osse is nie gereeld as ruilmiddel gebruik nie, maar wel baie lank as rekeningeenheid. Yster het ook n belangrike plek ingeneem - ysterstawe...../28

1) Angell, N. The story of money, p. 36.

2) Einzig, P. Primitive money, p. 227.

stawe is as geld gebruik. Dit is hoofsaaklik gedoen omdat daar yster geproduseer is. n Kredietstelsel is ook hier ontwikkel. Met die verloop van tyd het die Grieke egter die nut van munte ingesien omdat dit vryheid van beweging gee en gerieflik is¹⁾. Later is ook van silwer en goud as monetêre eenhede gebruik gemaak.

k. Ou Italië en Rome:

Vee was hier die eerste vorm van geld. Verder is „stamped leather“²⁾ ook in omtrent 700 v.C. gebruik. Ander nie-metale wat gebruik is, was klei, sout en hout, met sout as die algemeenste. Mettertyd is oorgegaan na die metaalstandaard, en toe is veral van koper en brons gebruik gemaak. Die stukke brons of koper was bekend as „aes rude“³⁾. Hierina was daar die aanname van „aes signatum“⁴⁾ -geldeenhede. Dit was taamlik reëlmatige koper- en bronsstawe met tak- of visbeenmerke daarop. Die geldeenheid het met die verloop van tyd nog verder ontwikkel. In baie gevalle is daar uitbeeldings van swaarde en driepote gemaak.

In die jare 578 - 534 v.C. is daar na die „aes grave“⁵⁾ -muntstelsel oorgeskakel. Dit het uit gegote koper-muntstukke bestaan en die muntstukke het elkeen een Romeinse pond geweeg, of die meervoud of onderdeel daarvan. Hierdie munte is ook definitief deur die staat uitgegee.

Die uitbreiding van die vreemde handel het gelei tot die gebruik van edelmetale vir monetêre doeleindes in die Romeinse Ryk. Dit het wel n hele tyd geneem, maar uiteindelik het die Romeine van n meer gemaklike geldvorm gebruik gemaak. In die jaar 269 v.C. is daar begin om van silwer as geld gebruik te maak. Die eenheid is die „denarii“⁶⁾ genoem. Dit was gelyk aan een-sesde van n Romeinse ons gewig. Dit het nie lank geneem nie of goud is ook as geld aangeneem. In die jare 250 en 216 v.C. is die silwer gedepresieer en het die belangrikheid van goud na vore gekom. In 207 v.C. het goudmunte in omloop gekom en is dit „scripulum“⁷⁾ genoem. Dit het in goud n gewig van 18.229167 grein gehad. Goud is egter ook nog volgens gewig gebruik en het nog lank

die...../29

-
- 1) Angell, N. The story of money, p. 92.
 - 2) Einzig, P. Primitive money, p. 234.
 - 3) Id., p. 235.
 - 4) Id., p. 236.
 - 5) Id., p. 237; Angell, op. cit., p. 106.
 - 6) Angell, op.cit., p. 108.
 - 7) Ibid.

die belangrikste vorm van ruilmiddel gebly. Die goudmunte se waarde was vir alledaagse transaksies te groot en toe is daar ook tot 'n kredietstelsel oorgegaan. Dit is dus duidelik dat die Romeinse muntstelsels heelwat probleme opgelewer het en met die verloop van tyd het die een standaard na die ander mekaar opgevolg. By die probleme wat die geld opgelewer het, sal ons egter nie stilstaan nie.

1. Gallië:

Byle van 'n besondere vorm het hier as geld gedien. Dit is soms van brons gemaak. Ook is hier van goud- en koperlinge gebruik gemaak. Die brons is soms in klein wietjies verander en so gebruik. Die geldeenheid met die naam „staters“¹⁾ is van die derde eeu v.C. gebruik.

m. Ou Duitsland:

Vee was hier die eerste vorm van geld. Metaalgeld was nie onbekend nie. Verder is ook ornamentele halsbande as betaalmiddel gebruik.

n. Brittanje:

In Wallis is slawe as ruilmiddel gebruik, bv. 'n jong slaaf van die manlike geslag was gelyk aan een „libra“²⁾ silwer. Dit lyk of ysterringe ook as geld gebruik is. Die eerste stawe wat gebruik is, was in die vorm van ou swaardlemme. Goue ringe is ook as 'n vorm van geld beskou. Die moontlikheid van leergeld is ook nie uitgesluit nie. Klein-koolskywe wat ook as geld gebruik is, is naby Dorset gevind³⁾. In Wallis is daar ook nog 'n moontlikheid dat koperstawe as monetêre eenheid kon gedien het.

o. Ierland:

Uitgegroeide beeste was vroeër baie bekend as waardestandaard. 'n Baie gewilde geldsoort was die jong slawemeisie. Hier is gepraat van die „humal“⁴⁾ as die geldeenheid. Hierdie benaming het later verdwyn. Sakke graan was ook gewild as betaalmiddel.

Dit...../30

-
- 1) Einzig, P. Primitive money, p. 240.
 - 2) Id., p. 242.
 - 3) Id., p. 245.
 - 4) Id., p. 248.

Dit wil lyk of goud en silwer van die vroegste dae as ruilmiddel gebruik is, gewoonlik in die vorm van ringe, halssnoere en ander ornamente. Soms is dit in staafvorm gebruik. Die waarde is volgens gewig en die kwaliteit van elke metaal bepaal.

p. Indië:

Vee was hier ook die eerste vorm van geld. Dit was die vernaamste bron van rykdom. Rys is ook n lang ruk as ruilmiddel en rekeneenheid gebruik. Daar is verskillende ander verbruiksgoedere as betaalmiddels ook gebruik.

In Indië tref ons metaalgeld van n baie vroeë stadium al aan. Goud het ook n belangrike rol gespeel. Koperstawe is egter nog voor goud gebruik. Verskillende vorms van geldvoorwerpe is reeds van vroeg af bekend. Hierdie voorwerpe is deur die staat uitgegee. Daaraan is name soos „purnas, tolas, panas, nishki“¹⁾ gegee. Die meeste handel is egter deur gewone ruil gedryf.

q. China:

Eers is tierskulpe as ruilmiddel gebruik²⁾. Ter aanvulling was edelstene, pêrels en tin as geld in omloop. Metaal, veral koper, is volgens gewig van vroeg af as betaalmiddel gebruik. Goud en silwer het eers heelwat later op die voorgrond getree. Goud is in die vorm van kubusse gebruik en brons in die vorm van ringe, stawe of plate. Hier is n bimetallistiese stelsel aangetref met die metale goud en silwer as basis³⁾. Eers is ru-metaal gebruik as betaalmiddel, maar later is landbou-implemente en ook ander middele as geld gebruik. Die stelsel het baie goed ontwikkel en die soort gereedskap wat gebruik is, is „adzes, bill-hooks, spades, chisels and planes“⁴⁾. Uiteindelik is messe ook gebruik⁵⁾.

Graan is nog n vorm van geld wat in die vroeë dae hier gebruik is, maar dit is deur metaalgeld vervang. Weens bedrog in die kwaliteit is die metaal weer deur graan vervang...../31

1) Einzig, P. Primitive money, p. 252.

2) Id., p. 253.

3) MacLeod, H.D. Bimetallism; 2nd. ed. London, Longmans, Green & Co., 1894, p. 4.

4) Angell, N. The story of money, p. 78.

5) Id., pp. 77 - 78.

vang, asook deur sy en skulpe. Dit het egter nie lank so voortgeduur nie. Die staat was naderhand verplig om in te gryp om 'n algemene geldstelsel te verkry. Sout is ook op 'n stadium gebruik. Die geldeenheid wat baie gewild geword het, was sy en dit het onder die naam „Pu“¹⁾ bekend gestaan. Krediet was in China ook hoogs ontwikkel.

3. Tydens die Middeleeue:

a. Die Britse Eilande:

Hier was munte in algemene omloop. Tog het daar allerhande vorme van primitiewe geld bly voortbestaan. Dit was die geval weens die gebrek aan munte en vertroue in die medemens. Leer, sowel as ringe, is as betaalmiddel gebruik. Metaal volgens gewig is ook as betaalmiddel ingespan. Later het 'n bimetallistiese stelsel in goud en silwer ontstaan²⁾. Eers is ongemunte edelmetaal as oppottingsmiddel gebruik.

Die woord „sjieling“ is afkomstig van die woord „scylan“³⁾. Dit beteken: om te verdeel. Die enigste gemunte geld was die silwer „penny“⁴⁾ wat in omloop was. Die sjieling het eintlik as waardemeter gedien.

In Skotland en Wallis is daar vroeër vee gebruik, maar later is na die gebruik van goud-„pellets“⁵⁾ oorgeskakel.

b. Ierland:

Vee het van die vroegste dae tot in hierdie tydperk as waarestandaard bly bestaan. Daar is ook nog steeds slawemeisies as geld gebruik. Mettertyd het die gebruik van edelmetale volgens gewig ook in swang gekom. So word daar geglo dat ringe as geld gesirkuleer het en as betaalmiddel gedien het.

c. Duitsland:

Stukkies materiaal en bronsringe is eers as monetêre eenheid hier gebruik. In 'n deel van Duitsland was die goud...../32

1) Einzig, P. Primitive money, p. 256; Angell, N. The story of money, p. 78.

2) MacLeod, H.D. Bimetallism, pp. 16-18.

3) Einzig, op.cit., p. 260.

4) Id., p. 261.

5) Ibid.

goud „solidus“¹⁾ en silwer „denar“²⁾ in omloop as geld. Vee is ook as algemene ruilmiddel gebruik. In sommige plekke was die rekeneenheid en ruilmiddel politoer, peper en kienkens. Ringe en metaalstawe volgens gewig is ook voortdurend as geld gebruik. Later is die wetlike kwaliteit van die silwer bepaal, maar die metaal is ook veel eerder as waarde-meter gebruik as wat dit as ruilmiddel diens gedoen het.

d. Italië en Frankryk:

Dieselfde geld van voor die Middeleeue het hier maar steeds in omloop gebly. Italië was een van die eerste lande wat n ontwikkelde monetêre stelsel gehad het. Gemunte monetêre eenhede is gebruik. Peper en goud was ook n standaard van waarde. Wanneer geld in die vorm van munte te skaars geword het, is leer dikwels as alternatief gebruik.

In Frankryk het die ontwikkeling van die geldwese min of meer dieselfde rigting as in Italië gevolg.

e. Ysland:

Die monetêre stelsel in Ysland was nogal goed ontwikkel. Hier was n vee-, materiaal- en visstandaard. Vee was die eerste middel wat as geld aanvaar is. Die monetêre eenheid was bekend onder die naam „kugildi“³⁾. Materiaal is egter ook voortdurend gebruik om die ruil te vergemaklik. Daar was dan ook n vaste verhouding tussen die vee en die materiaal se waarde. Graan en brood is ook as betaalmiddel gebruik, hoewel lg. eerder n ruilmiddel was.

Heel vroeg is hier ook al van goud en silwer in die vorm van ringe as geld gebruik gemaak. Edelmetale volgens gewig is ook as betaalmiddel gebruik. Gedurende die vyftiende eeu het Ysland gedroogde stokvis as rekeneenheid en ruilmiddel gebruik.

f. Denemarke:

Van die begin is hier ook van vee as geld gebruik gemaak. Goedereruil was eers algemeen, maar later is daar van goud- en silwerringe as betaalmiddel gebruik gemaak.

Graan...../33

1) Einzig, P. Primitive money, p. 265.

2) Ibid.

3) Id., p. 269.

Graan is hier ook as geld gebruik. Die eenhede van geld was bekend as „ore" of „mark"¹⁾.

g. Swede:

Tot die elfde eeu was vee en materiaal hier die algemene vorm van geld. Later is die waarde van vee en materiaal in silwer uitgedruk. Velle was nog n algemene betaalmiddel. Metale was ook bekend van die vroegste tye af. Gouddraad is in spiraalvorm as ruilmiddel gebruik.

h. Noorweë:

Hier was koeie die ruilmiddel. Ook is van slawe, materiaal en wapens as monetêre eenhede gebruik gemaak. Silwer is ook vir dieselfde doel aangewend. Botter was nog n middel wat gebruik kon word. Na die veertiende eeu is velle weer vir geld gebruik. In die Middeleeue het die Nore ook van ysterstawe as ruilmiddel gebruik gemaak. Edelmetale volgens kwaliteit en gewig is ook dikwels as ruilmiddel beskou.

i. Hongarye:

Vee en velle het hier as belangrikste ruilmiddels diens gedoen. Goud is ook reeds in n vroeë stadium aange-
neem. Die eenheid was die „pensa auri"²⁾. n Kalf se waarde was gelyk aan een van hierdie eenhede. In groot transaksies is silwer ook gebruik, veral in die vorm van stawe. Die kwaliteit van die silwer is gewoonlik aangedui wanneer dit volgens gewig as waardemeter en ruilmiddel gebruik is. Ongemunte geld was egter baie selde in omloop.

j. Rusland:

Soos in meeste ander lande was vee ook reeds van vroeg af een van die belangrikste vorms van geld in Rusland. Die oudste naam wat vir geld gebruik is, was „skot"³⁾, wat gelyktydig vee en skat beteken. Pelse is ook wel in monetêre hoedanigheid gebruik. Daar was dan ook n vaste verhouding tussen pels en silwer. Later was „kuna"⁴⁾, die naam wat gebruik is om geld aan te dui, in omloop. Omdat velle

nie...../34

1) Einzig, P. Primitive money, p. 273.

2) Id., p. 276.

3) Id., p. 277.

4) Id., p. 278.

nie in al die behoeftes van die handel kon voorsien nie, is ook van ander liggaamsdele van diere, soos kloutjies, kopbene, ens. gebruik gemaak. Later is die velle in reghoekige stukke verdeel en dit is toe as geld gebruik. Nog later word die stukke rond met die stempel van die staat daarop. Hierdie velstukke het in omloop gebly nog lank nadat metaalgeld reeds in omloop was. Bronsringe was een van die soorte metaalgeld. Daarna is silwerstawe, gemerk met arende of ander tekens, gebruik.

k. Ander Europese lande:

Fyn linne is in Bohemië gevind wat waarskynlik as geld diens gedoen het. Graan, perde, vee en sout het ook 'n monetêre rol vervul. In Poland is eekhorinkievelle, -bene en -kopbene as ruil- en betaalmiddel gebruik. Later het munte dit vervang.

Silwer is as betaalmiddel van Silesië tot aan die Baltiese kus gebruik. Baltiese slawe het ook stukke linne as geld gebruik. In Lithuana en Lyfland is weer eens van eekhorinkie- en jakkalsvelle vir geld gebruik gemaak. Dieselfde geld vir die Sweedse kolonies. Peper is ook as betaalmiddel in al hierdie lande aanvaar.

l. Indië:

Koring is hier as ruilmiddel gebruik, maar daarbenewens ook klei, vernis en tierskulpe. Tierskulpe is veral gebruik, hoewel daar heelwat goud, silwer en ander metale beskikbaar was. In sekere streke was 'n soort steen, „cat's eyes“¹⁾ die algemene geldsoort. Een van die metaalgeldsoorte was klein stukkies yster en dit was in die vorm van naalde wat te groot vir gebruik was. Verder was daar klein silwerstafies en ook groter goudstawe in omloop.

m. Mongolië:

Mongolië het eers van velle en materiale as geldsoort gebruik gemaak. Die belangrikste monetêre eenheid was egter lewende hawe, veral skape. Metaalgeld is wel vir handelsdoeleindes gebruik.

n. China:

Hier was rys eers die belangrikste ruilmiddel, maar sout het naderhand die plek daarvan ingeneem. Tier-skulpe is ook nog as ruilmiddel gebruik. In die jaar 702 is daar ook van yster- en tinstukkies gebruik gemaak om die tekort aan kopermuntstukke aan te vul. Die silwerstawe was, naas kopermuntstukke, die belangrikste metaalgeld. Alhoewel daar steeds meer en meer van metaalgeld gebruik gemaak is, is sy en koring ook nog as ruilmiddel aanvaar.

o. Japan:

Koperringe oorgetrek met goud of silwer was die eerste metaalgeldsoort. Verder is rys eintlik die enigste primitiewe geldsoort wat gebruik is. Metaalgeld in die vorm van goudstof was ook bekend. Die goud is later in stawe gesmelt toe daar ontdek is dat die stof maklik verlore gaan. Silwer in die vorm van stawe was ook in omloop.

4. Die tydperk na die Middeleeue:a. Die Verenigde State van Amerika:

In die verskillende state is net soveel verskillende ware as geld gebruik, nl.: pelse, tabak, rys, graan, vleis, meel, ertjies, hout, vis, teer, pik, suiwelprodukte, geweerkoeëls, ens. Hierdie goederegeld het ontwikkel a.g.v. 'n tekort aan munte. Hier was dus wel munte beskikbaar, maar weens die klein hoeveelheid, moes daar na ander middele gesoek word wat as aanvulling kon dien. „Wampun”¹⁾ (geld van die Indiane) is oral gebruik en was vir 'n lang tyd die belangrikste ruilmiddel. Daarna kom tabak na vore as ruilmiddel. Later is selfs note uitgegee met tabak as dekking. Hierdie note was sertifikate wat op sekere plekke vir tabak ingeruil kon word. Ons het hier dan alreeds die voorloper van die moderne bank. Die kwaliteit van die tabak het egter steeds agteruitgegaan. Dit het tot gevolg gehad dat daar weer 'n ander middel gebruik moes word. So is van die een na die ander middel beweeg. Elke staat het eintlik sy eie geld gehad. In Alaska, bv., is pels as geld gebruik, in Meksiko kakao en in Columbia was 'n veestandaard.

Die nadeel van hierdie goederestandaard is dat die goedere oorwaardeer raak en maklik vernietigbaar is. Daar is dus steeds na 'n middel gesoek wat beter aan die vereistes van geld sou voldoen. Uit die tabaknote kan afgelei word dat papiergeld in die V.S.A. taamlik ver ontwikkel was. Met die ontdekkings van goud, veral in Kalifornië, is daar ook van goudklonte en -stof gebruik gemaak. Hierna het munte en note met die verloop van tyd ontwikkel.

b. Die Britse Eilande:

Behalwe die middele wat tydens die Middeleeue as geld gebruik is, is leer, ysternaels, voëls en eiers selfs tot in die 19de eeu gebruik. Teen hierdie tyd het daar ook lankal 'n metaalstandaard bestaan, en het note en munte ook met die verloop van tyd in omloop gekom.

c. Ierland:

Vee was die belangrikste geld in hierdie streek, hoewel daar al 'n rekeneenheid in metaal was. Die metaalstandaard was dus ook hier al in gebruik.

d. Australië:

In hierdie land lei 'n skaarsheid aan die munte van die stelsel van die moederland, Engeland, ook tot die gebruik van allerhande ander artikels soos rum, koring, vleis en ander bemarkbare produkte. Metaalgeld is weer eens ingespan toe daar Spaanse dollars ingevoer is en later is stukke uit hierdie dollars gesny en het dié stukke diens gedoen as geld. Die hele proses was net bedoel om die hoeveelheid munte te vermeerder. Note is ook later, toe die munte skaars geword het, uitgegee.

e. Kanada:

Net soos in al die ander lande waarvan die volke in Engeland hulle oorsprong gehad het, was hier ook 'n skaarsheid aan voldoende munte. Hier is toe van graan as ruilmiddel gebruik gemaak. Later word skulpe, komberse, suiker en gedroogde kabeljou ook gebruik.

f. Die Wes-Indiese Eilande:

Skaars...../37

Skaarsheid aan munte lei hier tot die gebruik van tabak, katoen en later ook suiker. Daar was 'n vaste verhouding tussen die sterlinggeld en suiker. Teen die 17de eeu het munte al hierdie artikels in 'n groot mate vervang.

g. Bermuda:

In hierdie land het tabak baie lank die funksie van geld vervul. Later is ook daarvan afgestap en na ander standaarde gesoek.

h. „Leeward Islands“¹⁾:

Op hierdie eilande is ook van verskillende goedere as ruilmiddel gebruik gemaak en is waarde aan suiker, rum, katoen en tabak toegeken. Tabak was die belangrikste wat die geldeenhede betref en is later deur suiker opgevolg. Tot die 17de eeu was die goederegeld die belangrikste ruilmiddel en rekeneenheid. Daarna kom metaalgeld in omloop en teen die einde van die 18de eeu het munte al die artikels wat vroeër as geld gebruik was, vervang.

i. Britse Honduras:

Hier was natuurlik ook 'n skaarste aan munte. Toe is daar van mahonie-houtblokke as geld gebruik gemaak. Die Spaanse dollar is hier ook ingevoer. Stukkies is ook uitgesny en dit is dan as geld gebruik. Dit het bekend gestaan as „cut money“²⁾. Kleinhandelaars het verder ook nog van leë bottels en suiker gebruik gemaak.

j. Rusland:

Die gebruik van pelse as geld het nog maar steeds voortgegaan. Ook is kopbene van eekhorinkies en ander diere as monetêre eenhede gebruik. Vandag staan die Russiese geldstuk bekend as die „roebel“. Met die verloop van tyd het die gebruik van muntgeld in Rusland ook toegeneem. Silwer in ongemunte vorm het bv. 'n belangrike rol gespeel. Dit was in 'n langwerpige staaform. Oorskietsilwer, gedeeltes van ander munte en vormlose silwerstukke is ook gebruik.

k...../38

1) Einzig, P. Primitive money, p. 302.

2) Id., p. 304.

k. Frankryk:

Die monetêre eenheid „assignat“¹⁾ het teen 1795 sy waarde verloor en edelmetale het toe in omloop gekom. Die waarde van artikels is egter eers op graan gebaseer. Metaalgeld, soos naels, is ook gebruik. Koffie en sigarette was ook op 'n stadium die monetêre eenhede selfs tot gedurende die Tweede Wêreldoorlog.

l. Duitsland en Oostenryk:

Grond is hier as standaard van waarde beskou. Met die inflasie na die oorlog is verskeie goedere as ruilmiddel en rekeneenheid beskou, bv. botter, melk, meel, graan, rog, kole, hout, vlas, ens. In die oorlog het sigarette in belangrikheid as ruilmiddel toegeneem en wel in so 'n mate dat daar selfs note uitgegee is op basis van die sigarette. Die waarde van hierdie stelsel het gou gekwyn, hoofsaaklik omdat die sigarette volop geword het. Daarna verskyn seep as monetêre eenheid. Sulke verbruiksgoedere het mekaar bly opvolg omdat die stelsels nie vertrouwe ingeboesem het nie.

m. Ander Europese lande²⁾:

Met die Spaanse beleg van Lijden is leergeld in lg. dorp uitgegee. Daarna het tabak in belangrikheid toegeneem. Dit lei uiteindelik tot 'n sigaretstandaard.

In sommige lande is olyfolie en koring ook gebruik. In Lapland was kaas vir 'n lang tyd die belangrikste ruilmiddel. In Ysland het botter en wol vir 'n tyd as die monetêre standaard gedien.

n. Indië:

Tierskulpe is nog steeds baie in Indië gebruik, maar later is amandels nog meer gebruik. Tog is die metaalstandaarde hier nie te veel verwaarloos nie, want later was hier 'n bimetallistiese stelsel met goud en silwer as die metale³⁾.

o. China...../39

1) Einzig, P. Primitive money, p. 306.

2) Id., pp. 280 - 281.

3) MacLeod, H.D. Bimetallism, p. 62.

o. China:

In die 19de eeu is hier van opium gebruik gemaak. Verder was skoenvormige silwerstawe n belangrike ruilmiddel. Deur baie handel het daar verskillende vorms van die silwer wat in die handel gebruik is, ontstaan. Die baie verskillende vorms het tot verwarring gelei. Eers aan die begin van hierdie eeu met die uitgee van silwermunte deur die staat, het hierdie toestand verbeter. Ander goedere waarvan as ruilmiddel gebruik gemaak is, is sigarette. Later is note uitgegee op basis van die sigarette, asook verdowingsmiddels en bande. Die metaal het as rekeneenheid en ruilmiddel sy belangrikheid bly behou.

p. Japan:

Gedurende die 16de eeu het rys in Japan as betaalmiddel bly voortbestaan, terwyl metaalgeld stadig veld gewen het. Goud was baie skaars en daarom is rys gebruik. Later het note-uitgifte deur rys gewaarborg, ook begin ontwikkel. Die prys van rys is ook offisieel bepaal. Met die uitbreiding van die handel het die rys te veel ruimte in beslag geneem en is daar langamerhand na metaalgeld oorgeskakel. Op die platteland het die rys nog steeds n belangrike rol gespeel.

q. Brasilië en Paraguay:

Hierdie lande was nog nie ver ontwikkel nie en het van pyle en gewere as ruilmiddels gebruik gemaak. In Paraguay is selfs van slakskulpe as geld gebruik gemaak.

r. Verskeie ander lande¹⁾:

Vroeër het die meeste lande liever ornamente as ander artikels vir geld gebruik. Die tropiese lande is n voorbeeld hiervan, want hier is eerder van ornamente gebruik gemaak as klere. Klere was nie so n noodsaaklike lewensbehoefte nie. In Malaita is seevarktande vir geld gebruik, terwyl vere weer dieselfde rol in die Suidsee-eilande vervul het. In Ethiopië is stawe sout as geld gebruik. In Hebride is matjies as ruilmiddel beskou. In Fiji was walvis-tande op n stadium die standaard van waarde. Santa Cruz het weer vere as n kosbaarheid beskou. In Nieu-Guinea was wil-

devark...../40

1) Angell, N. The story of money, pp. 71 - 78.

devarktande die betaalmiddel. In die meeste Afrikalande het hulle maar dieselfde goedere as hierbo gebruik. Sekere ornamente, bv. krale in Tanganjika, is ook as geld gebruik. In sommige lande is klippe vir geld gebruik. In baie gevalle is die klippe slegs as waarborg gebruik omdat dit weens gewig en grootte nie vervoerbaar was nie. Op die Caroline-eilande is daar bv. van dik klipwiele as geld gebruik gemaak. Hierdie wiele was almal baie swaar en onbeweeglik met 'n deursnee van een tot twaalf voet¹⁾.

s. Suid-Afrika en Suidwes-Afrika:

Eers let ons op die ontwikkeling in Suidwes-Afrika. Vee en krale van verskillende soorte was hier die vernaamste ruilmiddel onder die verskillende nie-blankes in die 18de eeu. Die Namas het bv. ook van ivoor en volstruisvere as ruilmiddelle gebruik gemaak. Selfs dagga is soms gebruik. In die 19de eeu is gewere en ammunisie by die lys van ruilmiddels gevoeg. Tabak is ook algemeen aanvaar. Mettertyd het die Europese geld egter hier in omloop gekom en later is na die geldstelsel van die res van Suid-Afrika oorgeskakel.

Toe die blankes in die Kaap aangekom het, was vee die belangrikste ruilmiddel in Suid-Afrika. Dit was so belangrik dat dit selfs vandag nog in baie gevalle as ruilmiddel gebruik kan word. In die 17de eeu is ook van ander artikels soos koperpype, -draad, glaskrale en klei as ruilmiddels gebruik gemaak. Tabak, yster en gereedskap is ook in verskillende dele gebruik. Ander dele het weer van drank, gewere, ivoor, pylpunte en koper as ruilmiddels gebruik gemaak. Verder is kleipotte en graan soms ook as waarde-meter beskou.

Met die verloop van tyd het 'n munt- en nootstelsel ook in Suid-Afrika ontwikkel. Aan die Kaap was die eerste munte silwermunte, genoem „reaal van achten“²⁾ wat deur die V.O.C. na die Kaap gebring is. Verdere munte wat toe ook in omloop gekom het, was die riksdaler (omtrent 4/- sterling werd) en die stuiwer. Die eerste papiergeld was papierriksdalers, uitgegee toe die oorlog tussen Holland en Engeland uitbreek het. Weens vervalsing is hierdie note naderhand nie meer algemeen aanvaar nie.

Na...../41

1) Angell, N. The story of money, p. 78.

2) Arndt, E.H.D. Banking and currency development in South Africa (1652 - 1927). Cape Town, Juta & Co., Ltd., 1928, p. 2.

Na die besetting van die Kaap deur Brittanje het die riksdaler voorlopig in omloop gebly. In 1825 is daar oorgeskakel na sterling en teen 1841 was daar net sterling in omloop. Die riksdaler is terselfdertyd gedevalueer een sjieling en ses pennies. Hierna het silwer- en kopermunte in omloop gekom. Later is die note van Brittanje ook hier gebruik.

In Natal, wat vir die grootste tydperk onder Britse bewind was, het dieselfde geldstelsel gegeld as vir die Kaap. In die Vrystaat is ook note uitgegee, so ook in die Zuid-Afrikaanse Republiek. Hier is goue munte uitgegee, bekend as die Krugerponde. Met Uniewording het die hele Suid-Afrika toe 'n eenvormige noot- en muntstelsel gekry volgens die Britse monetêre eenheid. Tans besit die Republiek sy eie desimale monetêre stelsel waar note en munte van koper en nikkel in omloop is.

5. Slot:

Ons het nou reeds by Suid-Afrika gesien dat daar van 'n noot- en muntstelsel gebruik gemaak is. Hieruit kan afgelei word dat met die uitbreiding van die handelsbedrywighede die noodsaaklikheid van ander middele as verbruiks-goedere vir monetêre eenhede na vore gekom het. Daar is steeds na 'n waardevaste middel gesoek wat relatief skaars was. Uiteindelik het die geskiktheid van metale geblyk en is na edelmetale oorgeskakel omdat dit die minste risiko ingehou het. Verder is goud en silwer (in mindere mate) die enigste algemeen aanvaarde betaalmiddels op internasionale gebied. 'n Muntstelsel het toe ontwikkel uit die gebruik van hierdie metale. Maar aanmuntning kon nie sommer aan elke lid van die volkshuishouding oorgelaat word nie - korrupsie en bedrog sou hoogty vier. Die owerhede van die lande moes toe ingryp sodat daar wetlike voorskrifte vir aanmuntning bepaal is. Dit het toe meer orde in die volkshuishoudings se geldwese gebring.

Die vraag is nou: waar het hierdie muntstelsels ontstaan? Uit opgrawings wil dit voorkom of die eerste munte òf in Lidië òf „Aegina“¹⁾ geslaan is. Meeste ekonome voel dat dit wel in e.g. land was, en hierdie land het sy

eerste...../42

1) Angell, N. The story of money, p. 78.

eerste munte omtrent in 600 v.C. geslaan. Die munte was ovaalvormig, glad aan die een kant met drie figure op die ander kant. Omtrent 300 jaar later is een van die mooiste munte in die geskiedenis in Syracuse geslaan¹⁾. Op die voorkant was n afbeelding van die kop van Percephone omring deur afbeeldings van koringare en dolfyne. Op die agterkant was n „quadriga“²⁾ met die god van Oorwinning wat daarbo vlieg om die drywer te kroon. Hierdie munte is van goud en silwer gemaak. Omtrent dieselfde tyd het geslaande munte in Korinthe verskyn. Dit sal egter moeilik bly om vas te stel presies watter land die eerste was - dit bly eintlik maar net gissings.

In hierdie hoofstuk word dit duidelik dat verskillende verbruiksgoedere as geld diens gedoen het. In die meeste gevalle was dit artikels om in lewensbehoefte te voorsien, hoewel ornamente ook n rol gespeel het. Uit lg. het die verskillende muntstelsels ontwikkel. Die vroeëre stelsels was egter geensins n volwaardige standaard wat op internasionale gebied gegeld het nie. Wat met volwaardige standaard bedoel word, sal in die volgende hoofstuk bepaal word. Ons sal dus nagaan watter verskillende geldstandaarde in die verskillende volkshuishoudings gegeld het en nog steeds geld.

1) Angell, N. The story of money, p. 76.

2) Ibid.

AFDELING IIVERSKILLENDE INTERNASIONALE MONÊTERE STANDAARDEHOOFSTUK IVMONETÊRE STANDAARDE1. Inleiding:

In die vorige hoofstuk het ons gesien dat daar in elke land 'n eie ruilmiddel en rekeneenheid ontwikkel het. Eers is daar maar net voldoen aan die handelsvereistes van die volkshuishouding, maar later het die staat sy steun aan die ruilmiddel verleen en so 'n eie standaardgeld ontwikkel. Hierdie geld is deur almal in die land aanvaar. Alle lande het hierdie ontwikkeling op een of ander stadium ondergaan.

Maar wat word nou eintlik onder 'n monetêre standaard of standaardgeld verstaan? Kortliks kan dit beskryf word as 'n basis van vergelyking¹⁾, m.a.w. 'n monetêre standaard dui aan dat daar 'n middel in omloop is wat as basis van vergelyking dien. Die volgende vereistes word aan 'n monetêre standaard gestel²⁾:

- a. die produksie van die middel wat as standaard gebruik word, moet konstant wees;
- b. dit moet maklik die waarde van goedere van verskillende lande bepaal;
- c. dit moet bydra tot die ekonomiese stabiliteit van die land;
- d. dit moet ook bydra tot die stabiliteit in distribusie en inkome.

Die twee belangrikste funksies wat die standaardgeld moet vervul, is dan eerstens dat dit as vergelykingsbasis tussen goedere moet dien en tweedens dat dit vir die vereffening van internasionale verpligtinge moet kan gebruik word.

Ons maak ook 'n onderskeid tussen die standaarde; daar is nl. 'n volwaardige standaard en 'n nie-volwaardige standaard. Die e.g. standaard stel 'n middel as geld in omloop wat ten volle gedek is, m.a.w. die geld kan omgewissel word...../44

1) Halm, G.N. Economics of money and banking; rev.ed. Homewood, Illinois, Irwin, 1963, p. 59.

2) Peterson, J.M. & Cawthorne, D.R. Money and banking, rev. ed. New York, MacMillan, 1949, pp. 20 - 21.

word vir die middel waarmee dit gewaarborg word. Hierdie volwaardige standaard was die eerste wat gebruik is deur alle lande en die bekendste eksponente is die goud- en silwerstandaard. Ons sal veral aan die goudstandaard aandag skenk. Ons moet duidelik verstaan dat met goudstandaard ook die goudmunt- en goudsirkulasiestandaard bedoel word. n Ander standaard wat hieruit voortgevloei het en ook nog n redelike verband hiermee hou, is die goudkern- of goudstaafstandaard. Hierdie standaard word in n volgende paragraaf beskryf. Die vereistes van hierdie standarde het egter te groot geword vir die handel en daarom is daar langamerhand na n ander standaard gesoek. Die gevolg was die nie-volwaardige standaard. Wat veral ons aandag in die verband sal geniet, is die goudwisselstandaard of die oninwisselbare papierstandaard. Ook word die goudreserwestandaard in dieselfde verband bespreek. Omdat baie van hierdie standarde van een en twee metale gebruik maak, gee ons eers aandag aan mono- en bimetallisme.

2. Die bimetallistiese standaard:

a. Algemeen:

Dit is nodig dat ons eers net by monometallisme stil staan omdat dit die alombekende stelsel is wat deurgaans geld en in die meeste van ons besprekings gebruik word. Monometallisme hou in dat n land se monetêre eenheid slegs op een standaardmetaal gebaseer is. Sodra die hoeveelheid metale na twee vermeerder, het ons met bimetallisme te doen. Hierdie stelsel is redelik dikwels gebruik tot aan die einde van die 19de eeu.

b. Vereistes vir die bimetallistiese standaard:

Die volgende algemene vereistes geld indien n land n bimetallistiese standaard wil volg:

- (i) Daar moet vrye en onbeperkte aanmunting van die basismetale wees.
- (ii) Daar moet n vaste wetlike waardeverhouding tussen die twee basismetale wees.
- (iii) Beide metale sal aanvaar word as wetlike geld.
- (iv) Daar sal geen beperking op internasionale beweging van die metale wees nie.

c. Omskrywing en werking van die stelsel:

Bimetallisme kan omskryf word as 'n monetêre stelsel waar beide goud en silwer of 'n kombinasie van enige ander twee metale funksioneer. Daar is dan 'n wetlike verhouding tussen die twee metale. Dit hou in dat munte met dieselfde name van die twee soorte metale teen mekaar ingeruil kan word. Die muntstukke word dan altyd as „legal tender”¹⁾ aanvaar. Hierdie standaard waar daar 'n wetlike verhouding tussen die twee metale is, staan ook bekend as 'n dubbele standaard²⁾. Indien die twee metale net langs mekaar beweeg sonder 'n wetlike verhouding, staan dit bekend as 'n parallelle standaard³⁾. Wanneer die een metaal as amptelike metaal vir die monetêre stelsel beskou word en 'n ander metaal ook nog in omloop is, staan dit bekend as die hinkende standaard. 'n Land wat op die bimetallistiese standaard is, kan deur 'n tekort aan die een metaal gedwing word om op die hinkende standaard terug te val.

Dit mag gebeur dat die waardeverhouding in die geldmark van die offisiële waardeverhouding afwyk. Dit is gewoonlik die geval dat die metaal met die groter waarde mettertyd deur die metaal met die kleiner waarde vervang sal word. Hierdie verloop van sake staan bekend as die Wet van Gresham. Om die verloop verder te omskryf, die volgende: wanneer die een metaal in 'n bimetallistiese stelsel 'n laer waarde in die geldmark as die ander het, sal dit betaal om die goedkoper metaal te laat aanmunt. Dit word dan volgens die wetlike waardeverhouding verruil vir munte van die duurder metaal. Hierdie duurder munte word dan weer gesmelt en vir die goedkoper metaal verruil op die mark. Volgens dié metode kan 'n wins dan behaal word. Hierdie siklus sal voortduur totdat of al die munte van die duurder metaal uit die omloop verdwyn (want dit is wat gebeur), of totdat die markverhouding deur 'n skaarsheid aan die goedkoop metaal so verander dat dit gelyk is aan die amptelike waardeverhouding. Gewoonlik is dit die e.g. gevolg wat plaasvind, veral wanneer 'n hele aantal lande hulle eie markverhoudings het en daar vrye in- en uitvoer van die metale toegelaat word soos die bimetallistiese stelsel vereis. Wanneer die een metaal so uit die omloop verdwyn en net die ander een gebruik...../46

- 1) Met „legal tender” word bedoel dat die geld se waarde deur die owerheid bepaal is en deur almal so aanvaar word.
- 2) Verriyn Stuart, G.M. Geld en krediet, deel I; achtste druk. 's-Gravenhage, N.V. Uitgeversmpy., 1953, p. 30.
- 3) Ibid.

gebruik word, staan dit bekend as die alternerende standaard.

Dit is dan baie moeilik vir n enkele land om met n bimetallistiese stelsel voort te gaan. Die Wet van Gresham laat n bimetallistiese stelsel gewoonlik in n monometallistiese stelsel verander. Die markverhouding van die twee metale sal by voldoende aanbod van metale neig om ooreen te stem met die wetlike muntverhouding¹⁾. Hierdie is n voordeel waarby ons weer later stilstaan.

Dit is seker moontlik om die probleem van die Wet van Gresham uit te skakel deur van alle lande te verwag dat hulle dieselfde muntverhouding sal handhaaf. Met ons hedendaagse politieke toestand is dit egter onmoontlik om so iets te verwag.

Daar is verskeie lande wat alreeds van bimetallistiese stelsels gebruik gemaak het en ook daarvan afgesien het, nl. Engeland, Frankryk, Indië²⁾ en die V.S.A.³⁾ Die muntverhouding tussen goud en silwer wat gewoonlik gebruik word, is 16 eenhede silwer vir elke eenheid goud.

d. Moontlike voor- en nadele van bimetallisme:

Bimetallisme hou n paar moontlike voordele in, wat egter miskien nie werklik geldig is nie:

- (i) Indien daar n skaarshied aan die een metaal is, kan die probleem vermy word deur van twee metale gebruik te maak. Hierdie argument kan verwerp word deur slegs in ag te neem dat die hoeveelheid metaal in voorraad onder die huidige monetêre stelsels van oninwisselbare papier eintlik n baie klein rol speel.
- (ii) Die bimetallisme het n kompenserende werking. Wat eintlik bedoel word, is dat wanneer die een metaal skaars word, dit deur n styging in die markwaarde weer meer in omloop kom, m.a.w. die werking volgens die Wet van Gresham. Dat dit werklik n voordeel tot stabiliteit inhou, is moeilik om te glo, want daar moet gedurig eers n skommelinge wees.
- (iii) Bimetallisme kan weens die vereiste van internasionale samewerking dalk laasgenoemde saak bevorder...../47

1) Schumann, C.G.W., Franzsen, D.G. & De Kock, G. Ekonomie, n inleidende studie, p. 418.
 2) MacLeod, H.D. Bimetallism, pp. 4 - 73.
 3) Shukla, D.K. A textbook of monetary economics. Baroda, Ms. Shiv Pustakalaya, 1961, p. 55.

vorder. Soos teen die einde van die vorige paragraaf, c., genoem, is dit moeilik om so iets voor te stel onder die huidige stelsel.

- (iv) Daar sal relatief gesproke, klein hoeveelhede goud en silwer jaarliks tot die voorrade toegevoeg hoef te word. Dit is op die aanname van (ii) van hierdie paragraaf gebaseer, m.a.w. die stabiliteit van die stelsel. Alreeds met die kritiek op dié punt verval die voordeel.

Dit is n paar moontlike voordele. Die stelsel het natuurlik ook die probleem dat daar n wetlike verhouding tussen die twee metale vasgelê moet word. Verder ook die onstabiliteit by vrye in- en uitvoer van metale, dat lande met ander verhoudings t.o.v. die: ~~standaardmetale~~ n in- en uitvloei van die metale by n sekere land sal veroorsaak.

e. Slot:

Dat die standaard nie bly voortbestaan het nie, is dus nie moeilik te verstaan nie, want daar was te veel eise waaraan voldoen moes word, en daarby het die optrede van die Wet van Gresham eintlik onstabiliteit in die hand gewerk. Dat die bimetallisme wel as volwaardige standaard gegeld het, is heeltemal waar en op daardie stadium was dit ook maar net n moontlike uitweg waarna gesoek is om van die groot eise van die volwaardige monometallistiese standaard ontslae te raak.

3. Die goudstandaard:

a. Algemeen:

Die goudstandaard was die volwaardige standaard wat die meeste in gebruik was. Dit het internasionaal gegeld vir die 50 jaar 1914 voorafgaande en ook nog in die twintigerjare van hierdie eeu. Goud is weens sy buitengewone aard een van die mees begeerde artikels sedert die vroegste tye. Daarom was dit moontlik om dit as monetêre eenheid en as basis vir n monetêre standaard te gebruik. Afgesien van die ekonomiese mag wat goud in die hande van sy eienaar stel, kon dit ook nog sosiale en politieke mag aan die houer daarvan verleen. Goud is beskou as: „almost a global measure“¹⁾. Ons is oortuig daarvan dat goud selfs vandag nog niks van sy belangrikheid ingeboet het nie.

In...../48

1) Busschau, W.J. Gold and international liquidity, p. 12.

In hierdie paragraaf sal ons eerstens let op die omskrywing van die begrip goudstandaard. Daarna word die aandag op die funksie en werking van die stelsel gevestig. Nadat die voor- en nadele bespreek is, word n kort samevatting gegee.

b. Omskrywing van die begrip goudstandaard:

W.A.L. Coulborn omskryf die goudstandaard as: „an arrangement whereby the chief piece of money of a currency is exchangeable with a fixed quantity of gold of a specified quality“¹⁾. Daar word na die belangrikste soort geld verwys omdat elke land n bepaalde eenheid as sy standaardgeld gebruik. Die kwaliteit van die goud moet ook genoem word, want dit het al dikwels gebeur dat die kwaliteite verskil. Wanneer goudmunte ook nog in omloop is, moet die munte uit n allooi vervaardig word omdat goud self so sag is dat dit gou verslyt. Die noodsaaklikheid van n aanduiding van die hoeveelheid en kwaliteit van goud per geldeenheid spreek dus duidelik uit die voorgaande. Brittanje het bv. in 1870 bepaal dat daar 123.27447 grein goud in n pond(sterling) sou wees waar die allooi waarvan die munte gemaak is, elf-twaalfde suiwer was²⁾. Vandag word geld gewoonlik in suiwer goud gedefinieer.

Volgens Halm is n land op die goudstandaard as sy monetêre eenheid gelyk is aan n stuk goud van n sekere gewig en n sekere kwaliteit³⁾. Die monetêre eenhede het dan n naam en daar mag veelvoud of gedeeltes daarvan in omloop wees. Almal is vry om goud aan te munt in onbeperkte hoeveelhede. Enigiemand kan ook net soveel munte ontmunt as wat hy wil. Die gesmelte goud kan weer in stawe gegiet word. Die waarde van die stawe en dieselfde hoeveelheid goud in munte sal altyd ooreenstem. Hierdeur word die waarde van die munt as geld en as metaal gewaarborg. Halm noem dan hierdie stelsel ook die „gold-coin standard“⁴⁾. Dat die waarde van die metaal gehandhaaf sal bly, is n reëling wat die owerheid tref deur te onderneem dat hy onbeperkte hoeveelhede van die metaal teen n vaste prys sal koop of verkoop. Op dieselfde manier sal die munte se waarde gehandhaaf bly. Die goud kan ook vryelik in- en uitgevoer word...../49

1) Coulborn, W.A.L. A discussion of money, p. 117.

2) Ibid.

3) Halm, G.N. Economics of money and banking, p. 59.

4) Ibid.

word. Daar is dus geen beperkings op die handel van die binne- met die buiteland of andersom nie.

Verriijn Stuart sê weer dat 'n land op die goudstandaard is wanneer: „de Overheid gouden munten van vast gewig en vast gehalte vervaardig en uit al het goud, dat zij te dien einde voor eigen rekening of voor die harer onderdanen in haar muntfabriek laat werken”¹⁾. Gregory sê dat onder die goudstandaard elke eenheid gelyk is in waarde aan 'n vaste en onveranderlike hoeveelheid goud²⁾. Goud mag 'n aansienlike deel van die geld in omloop word. Belangrik is egter dat die verhouding wat tussen goud en geld aangegee word, deurgaans gehandhaaf moet word³⁾. Die goudstandaard is ook internasionaal, omdat binnelandse en buitelandse omwisselbaarheid van geld onder hierdie standaard van toepassing is⁴⁾. Dit beteken dat munte in die buiteland in goud omgewissel kan word of goud vir munte, terwyl dieselfde vir die binneland geld. Die geldwaarde van die een land kan dan maklik in dié van 'n ander land uitgedruk word. Dus, indien alle lande op die goudstandaard is, sal wisselkoerse maklik bepaalbaar wees. 'n Vereiste is dat lande wat op die goudstandaard is, hulle verpligtings sal nakom en geen veranderinge daaraan maak nie. Die sentrale bank van 'n land word gewoonlik met die taak om die vereistes van die standaard na te kom, belas. Die reeds gemelde vaste verhouding kom dan hier weer ter sprake: die sentrale bank sal toesien dat munte ingeruil word vir goud en goud vir munte teen 'n vaste verhouding, t.o.v. binne- en buiteland⁵⁾.

Binne die goudstandaard sal nuut geproduseerde goud soos enige ander produk verkoop word, maar die verkope is of 'n bygoeging tot die monetêre reserwes van die land, of tot die uitvoer van die land. Die uitvoer van goud sal vanselfsprekend slegs vir die voordeligste transaksies aangewend word.

Die goudstandaard staan ook bekend as 'n sterk dissiplinerende stelsel in die monetêre lewe van 'n land, en
die...../50

-
- 1) Verriijn Stuart, G.M. Geld en crediet, p. 30.
 - 2) Gregory, T.E. The return to gold. London, Benn, 1925, p. 10. (Hier kan ook genoem word dat die waarde van die Suid-Afrikaanse pond, toe S.A. nog op die goudstandaard was, was 7.3 gram(113 grein) fyn goud gelyk aan £1.)
 - 3) Ibid.
 - 4) Busschau, W.J. Gold and international liquidity, p. 13.
 - 5) Coulborn, W.A.L. A discussion of money, p. 117.

die bewys hiervan word in die geskiedenis gesien tot en met die Eerste Wêreldoorlog in 1914 toe daar van die goudstandaard afgestap is.

Aan die begin het die munte hulle waarde aan die waarde van goud ontleen, maar later het die funksie van ruilmiddel oorheers en het die waarde van goud met die waarde van geld verband gehou¹⁾. Die monetêre funksie van goud het al sy ander funksies op die agtergrond geskuif wat belangrikheid betref. Nege-tiendes van die wêreldgoudvoorraad word bv. tans vir monetêre doeleindes gebruik²⁾.

Onder die goudstandaard kan goud as betaling vir die vereffening van enige skuld geëis word. Die hele proses word meganies, want die aanbod van geld is ook die aanbod van goud. Eintlik behoort die prys van goud ook deur die vrye werking van vraag en aanbod bepaal te word, maar dit sou te veel skommelinge in die ekonomiese lewe van die volkshuishoudings veroorsaak. Daarom is die prys van goud vasgestel. Hawtrey sê dan ook: „the essence of the gold standard is that the price of gold, the value of gold in monetary units, is fixed by law, and this determines the value of the monetary unit itself“³⁾.

Goudmunte hoef egter nie die enigste betaalmiddel te wees nie. Daar kan ook van note gebruik gemaak word. Oor die ontwikkeling van die gebruik van note sal meer gesê word onder die goudwisselstandaard⁴⁾. Die note kan in die goudstandaard gebruik word solank dit vryelik omwisselbaar is in goud, d.w.s. die note moet ten volle deur goud gedek word - gewoonlik word die goud deur die sentrale bank bewaar.

Die wese van die goudstandaard kan ons dan saam met Wijnholds so omskryf: die waarde van die geldeenheid moet vasgekoppel wees aan n sekere hoeveelheid fyn goud⁵⁾. In die algemeen kan die goudstandaard omskryf word as n monetêre stelsel waar goud vryelik in omloop is, vryelik aan- en ontmunt kan word en wat vryelik in- en uitvoer kan word.

c...../51

-
- 1) Wijnholds, H.W.J. Geld, goud en goedere; 2de bygewerkte druk. Unie Boekhandel, 1960, p. 100.
 - 2) Id., p. 101.
 - 3) Hawtrey, R.G. The gold standard in theory and practice; 3rd ed. London, Longmans, Green & Co., 1933, p. 20.
 - 4) Sien paragraaf 5 van hierdie hoofstuk.
 - 5) Wijnholds, op.cit., p. 101.

c. Die funksie en werking van die goudstandaard:

Die belangrikste doeleindes van die goudstandaard is om binne- en buitelandse stabiliteit in die volkshuishouding te verkry. Ook dien dit as 'n hulpmiddel op die wisselkoersmark om stabiliteit op die buitelandse gebied te verkry¹⁾. Die goudstandaard wil dan veral die internasionale handel stabiliseer. Coulborn stel die doeleindes van die goudstandaard as: „to maintain the value of the currency in terms of foreign currencies and to maintain it in terms of purchasing power within the country”²⁾. Die waarde van goudmunte was bv. so groot dat 'n reisiger slegs met goudmunte as geld kon gaan reis en hy sou oral geholpe raak.

Die goudstandaard bied ook die funksie van note-uitgifte aan. Wat is die doel hiervan? Note word uitgegee om die handel te vergemaklik. Dit kan beskou word as „near money”³⁾. Die lande was egter verplig om die uitgifte van note te bepaal volgens die aanbod van bestaande goudreserwes en -produksie en die vloei van goud tussen die verskillende lande. Nuut gemynde goud beïnvloed pryse in dié sin dat die mense gemoeid by die produksie van goud, daarvan bestee. Die reeds bestaande reserwes beïnvloed egter ook die pryse⁴⁾.

Deurdat die goudstandaard op die metaal goud gebaseer is, beskou Kilborne die funksies van goud as ook dié van die goudstandaard, nl. dat goud 'n medium vir internasionale betalings en 'n basis vir die piramide van bankkrediet is⁵⁾. Die beperktheid van dié beskikbare goudvoorrade is eintlik die oorsaak van nog 'n funksie van goud, want onder die goudstandaard is die aanbod van geld beperk ooreenkomstig die aanbod van goud. Dit dien dan as middel om oormatige uitbreiding of inkrimping te beheer.

Die belangrikste funksie van die goudstandaard is egter die dissipline wat die stelsel uitoefen. Dit vervul 'n dissiplinêre funksie in die volkshuishouding. Hierdie funksie kon tot dusver deur geen ander stelsel geëwenaar word nie. Die vraag ontstaan egter hoe die goudstandaard hierdie besondere funksie vervul. In die volgende paragra-

we...../52

- 1) Coulborn, W.A.L. A discussion of money, p. 117.
- 2) Id., p. 118.
- 3) Busschau, W.J. Gold and international liquidity, p. 12.
- 4) Id., p. 13.
- 5) Kilborne, R.D. Principles of money and banking, p. 117.

we sal ons probeer om hierdie vraag te beantwoord, en in die eerste plek let ons op hoe die goudstandaard binnelandse stabiliteit handhaaf. Daarna word die verkryging en handhawing van buitelandse stabiliteit deur die goudstandaard onder oë geneem. Omdat die gedrag van die goudstandaard op die wisselkoersmark verband hou met die buitelandse stabiliteit, sal hieraan ook aandag geskenk word.

(i) Binnelandse stabiliteit:

Binnelandse stabiliteit in die volkshuishouding word verkry wanneer die waarde van die geld in omloop stabiel bly, d.w.s. wanneer daar nie veranderings in die waarde van die geld plaasvind nie. Die goudstandaard verseker dat die geldeenheid sy waarde in die binneland sal behou deurdat die lede van die volkshuishouding toegelaat word om soveel goud as wat hulle wil te bekom in ruil vir geld by die sentrale bank. Aan die begin het die vryheid selfs nog verder gestrek. Elke persoon kon self sy goud laat munt of sy munte laat ontmunt. Ook kon ornamente van goud vir geld verruil word¹⁾. Die vrye aan- en ontmunting het egter maklik tot probleme soos bedrog aanleiding gegee, want die kwaliteit van die goud was maklik vervalsbaar. Om hierdie probleem te vermy het die owerheid van sy mag gebruik gemaak en 'n wetlike bepaling daargestel dat vrye inwisseling van goud en munte alleen by die sentrale bank of die staatsmunt sal bestaan. Hierdie instelling of instellings sal die alleenreg hê op die aan- en ontmunting van geldstukke. Dieselfde beleid is met die uitgifte van note gevolg. Note het gou in omloop gekom omdat dit soveel makliker hanteerbaar is as goud en die verlies aan waarde weens slytasie is minder. Daar het egter 'n taamlike warboel ontstaan toe elke eienaar van goud note met hierdie goud as waarborg in omloop gebring het, sodat daar 'n hele verskeidenheid soorte note in omloop gekom het. Die staat het weer eens ingegryp en hierdie probleem uitgestryk deur die uitgifte van note aan een instansie toe te vertrou. Hierdie instansie het uiteindelik die sentrale bank geword en die verantwoordelikheid het by die bank berus om te sorg dat geld ten volle gedek is onder die goudstandaard. Die sentrale bank moes dan 'n voldoende voorraad goud hê om te enige tyd aan al sy eise te voldoen.

Die vryheid van omskakeling van munte en note in
goud...../53

1) Coulborn, W.A.L. A discussion of money, p. 119.

goud en goud in munte en note by die sentrale bank sal dan die genoemde stabiliteit lewer. Sodra die sigwaarde van die munt bokant die waarde van die metaal goud styg, lei dit tot 'n afname in die hoeveelheid gemunte geld. Dit bring mee dat die munte ingeruil word vir goud omdat meer goud vir dieselfde munte verkry word. Sodra die munte egter ingeruil is en die goud begin skaars word, begin die intrinsieke waarde van die munte styg a.g.v. die skaarsheid van die metaal, gevolglik word die munte gesmelt en die aanbod van die metaal verhoog. Dus kan beweer word dat 'n styging in die sigwaarde van die geld (in terme van goud) lei tot 'n toename in die gemunte hoeveelheid goud¹⁾. Op die manier sal die stelsel altyd na 'n ewewig gedwing word by enige afwyking van die stabiele posisie, hoe dit ookal mag plaasvind. Die vereiste wat hier geld, is dat die prys van goud deurgaans stabiel moet bly. Dit is egter 'n vereiste wat nie altyd geldig is nie, hoewel dit algemeen aanvaar word²⁾.

Die vertroue bestaan dus in hierdie stelsel dat geld sy waarde sal behou weens die sekuriteit wat daar gestel word, nl. dat daar altyd 'n sekere hoeveelheid goud verkrygbaar is vir 'n sekere hoeveelheid geld. Dit is die stelsel wat deur die wêreld beskou is as: „right and proper during the latter part of the last century and the early years of the present one“³⁾. Hierdie standaard is al baie lank in gebruik, want die gebruik van goud as geld tussen mense is al 'n baie ou gebruik⁴⁾. Die dissipline van die stelsel sien ons daarin dat dit altyd die ekonomie by versteuring van die ewewig weer in 'n stabiele posisie terugdwing.

(ii) Buitelandse stabiliteit: *AW*

In enige ekonomie is die oogmerk die bereiking van buitelandse stabiliteit, d.w.s. stabiliteit van enige land se ekonomiese verhouding met die buiteland. Die vraag is: wat hou dit in? Die antwoord is voor die hand liggend, nl. die handhawing van 'n ewewigtige betalingsbalans. Dit is heeltemal natuurlik dat daar in die wêreld na 'n monetêre stelsel gesoek sal word wat hierdie ewewig sal bewerkstellig. Die vereistes wat hier geld, is dat die stelsel die ewewig op 'n outomatiese manier moet verkry of met so min moontlik inmenging deur die staat of monetêre owerhede.

Die...../54

-
- 1) Gregory, T.E. The return to gold, p. 12.
 - 2) Coulborn, W.A.L. A discussion of money, p. 119.
 - 3) Ibid.
 - 4) Id., p. 120.

Die goudstandaard is die stelsel wat hierdie vereistes die beste nakom. Hier moet die tekortkominge van die goudstandaard egter nie buite rekening gelaat word nie. Ondanks die tekortkominge was daar tot dusver geen ander stelsel wat met dieselfde doeltreffendheid gefunksioneer het nie. In die gebruik van die goudstandaard as die stelsel wat 'n ewewigtige betalingsbalans moet bewerkstellig en handhaaf, is dit vir die stelsel nodig om op internasionale gebied die wisselkoersmark te betree.

By enige betalingsbalans moet daar met die vloei van verskeie soorte kapitaalbewegings rekening gehou word. Die volgende word onderskei¹⁾:

(a) Normale beweginge:

Dit is bewegings in die goudvoorraad a.g.v. te veel goud. 'n Land se goudvoorraad kan so vergroot deur bv. 'n toename in goudproduksie. Die land voer dan goud uit as 'n gewone uitvoerproduk.

(b) Spesiale beweginge:

Hier neem die owerheid spesiale stappe om bewegings in die goudvloei te verkry.

(c) Ruilbewegings:

Hierdie beweging vloei voort uit (a) hierbo genoem en ook indien dit as noodsaaklik beskou word om goud in en uit te voer. Hoofsaaklik gaan dit om die nakoming van internasionale verpligtinge.

Wanneer die goudstandaard 'n land se monetêre stelsel is (sulke lande heet goudstandaardlande), geld in die eerste plek wat reeds genoem is vir die binneland. Vir die buiteland egter geld nog verder dat goud vryelik in- en uitgevoer kan word. Verder bepaal die owerhede ook die waarde van die land se monetêre eenheid in terme van goud, soos waar die pond sterling in 1870 gelyk was aan 123 grein standaardgoud, wat elf-twaalfde suiwer was²⁾. Lande waar die geld inwisselbaar is vir goud, kan ook mekaar se geld inwissel.

Die vloei van goud word eintlik deur twee faktore veroorsaak. In die eerste plek kan daar tekorte ontstaan

op...../55

1) Kilborne, R.D. Principles of money and banking, pp. 105 - 109.

2) Coulborn, W.A.L. A discussion of money, p. 117.

op die betalingsbalans weens die monetêre beleid. Dieselfde geld t.o.v. die oorskotte. Ten tweede kan die voorwaardes vir in- en uitvoere na gelang van die konjunktuur verander¹⁾. Uit die bespreking verderaan sal dit duidelik blyk dat goud na die plekke sal beweeg waar die koopkrag daarvan die hoogste is. Hierdie uitvloei van goud uit die een land sal pryse daarvan verlaag²⁾.

Laat ons egter die werking van die goudstandaard stap vir stap volg en sien hoe by al die gevolgtrekkings hierbo gekom is. Gestel n land toon n tekort op sy betalingsbalans t.o.v. n ander land weens n oormaat invoere. Vir hierdie invoere moet nou deur die e.g. land betaal word. Onder die goudstandaard beteken dit dat goud die land moet uitvloei. Wat gebeur nou in die binneland? Sodra die hoeveelheid goud van die land verminder, kom daar minder geld in omloop (weens die 100 persent dekking van geld deur goud). Die verminderde voorraad geld beteken n vermindering in die aankope van goedere. Dit beteken noodwendig n vermindering in die hoeveelheid invoergoedere. Sodra die invoergoedere verminder, word die tekort op die betalingsbalans verminder of miskien selfs heeltemal reggestel, deurdat die verpligtinge teenoor die buiteland dan kleiner is. By n oorskot op die betalingsbalans word dieselfde proses in omgekeerde rigting herhaal, sodat waar daar by die tekort goud uitgevoer moet word, by die oorskot goud ingevoer word. Daardeur word die binnelandse goudvoorraad verhoog, wat terselfdertyd n verhoging in die aanbod van geld beteken. Sodra daar nou weer meer geld beskikbaar is, kan weer meer ingevoer word. Dit verminder die oorskot en bring die betalingsbalans weer in ewewig. So geskied die dissiplinêre werking van die goudstandaard op n onewewigtige betalingsbalans deur die in- en uitvoer van goud.

Nou gebeur dit, aangesien alle lande hulle geldwaarde handhaaf t.o.v. n sekere hoeveelheid goud (onder die veronderstelling dat alle lande op die goudstandaard is), dat die geldeenheid van die verskillende lande as n betaalmiddel in die wedersydse transaksies gebruik word. Indien n land nou baie geld van n ander land invoer deurdat daar miskien baie uitvoere na lg. land was, sal die geldeenheid van lg. land skaars word. Die gevolg is hier, net soos by n oortollige aanvraag van enige ander produk, dat die prys

van...../56

1) Gregory, T.E. The return to gold, p. 15.

2) Verrijn Stuart, G.M. Geld en crediet, pp. 129 - 131.

van die geld moet styg, m.a.w. die geld depesieer t.o.v. die goudwaarde. Vir die land wat dan geld uitvoer en waarvan die geldwaarde daal, sal dit dus op 'n sekere stadium betaal om liewers maar goud uit te voer omdat dié goud dan 'n hoër waarde sal hê as die geld. Daar is groter onkoste aan verbode om goud uit te voer as wat die geval met geldeenheide is, want daar is groter risiko en goud neem ook meer ruimte in beslag. Sodra die uitvoer van goud na aftrek van onkoste 'n groter inkomste lewer as die uitvoer van geldeenheide, sal goud eerder uitgevoer word. Hierdie punt waar oorgeskakel word van geld- na gouduitvoer staan bekend as die gouduitvoerpunt. Aan die ander kant, sodra dit 'n land betaal om liewers goud in te voer, na aftrekking van onkoste, as om geld in te voer, sal goud ingevoer word en dit staan bekend as die goudinvoerpunt. Die goudstandaard oefen sy dissiplinêre invloed uit deurdat hierdie twee punte, die goudin- en gouduitvoerpunt, inherent in die stelsel is. Die aanbod van vreemde valuta word volkome elasties by die gouduitvoerpunt en die vraag na vreemde valuta volkome elasties by die goudinvoerpunt¹⁾. Ons vind dat die goudstandaard altyd die waarde van een land se geld t.o.v. 'n ander land en tussen die goudin- en gouduitvoerpunt sal laat skommel, maar nooit buite hierdie twee punte laat beweeg nie. Die dissiplinêre invloed spreek vanself uit die stabiliteit wat in die waarde van lande se geld en op hulle betalingsbalanse gebring word deur die goudstandaard. Dit is van toepassing op alle lande wat op die goudstandaard is. So ontstaan daar dan internasionale ekonomiese stabiliteit.

Optrede op die wisselkoersmark hou egter hiermee verband. 'n Noodsaaklike vereiste vir die geslaagde werking van die wisselkoersmark, d.i. die mark waar binne- en buitelandse valuta verhandel word, is internasionale monetêre samewerking. M.a.w. by 'n goudstandaardstelsel moet alle lande op die goudstandaard bly om die wisselkoersmark goed te laat funksioneer. Wat egter wel die werking van die wisselkoersmark en daardeur die internasionale ekonomiese stabiliteit beïnvloed, is die optrede van spekulante. Hierdie persone se uitgangspunte is slegs wins en valuta van een land word slegs met die doel aangekoop om dit teen 'n wins in 'n ander land te gaan verkoop. Solank die goudstandaard geld, is die invloed van die spekulante gelukkig redelik beperk.

Indien...../57

1) Halm, G.N. Economics of money and banking, p. 432.

Indien die goudstandaardlande hulle verpligtinge wel nakom en hulle geldwaarde konstant hou in terme van goud, het die standaard baie min nadele of veranderinge meegebring¹⁾. Tot 1914 was die stelsel dan ook likied genoeg om sonder enige probleme te funksioneer²⁾.

Waar goud die land uitvloei, word die land verplig om stappe te neem om die probleem wat die uitvloei veroorsaak uit die weg te ruim. Die semi-outomatiese karakter van die goudstandaard staan hom by in die taak, so dat daar nie veel optrede vereis word nie. Die sentrale bank kan bv. van die diskontokoers gebruik maak om die hulpmiddel te wees vir die korrektiewe stappe³⁾. Naas die bankkoers word opemarktransaksies ook as hulpmiddel gebruik⁴⁾. Indien die goudstandaard goed wil funksioneer, is dit ook nodig dat daar nie steurende kapitaalbewegings moet wees nie. Ook moet daar 'n hoë mate van pryselastisiteit bestaan, terwyl die buitelandse aanvraag se pryselastisiteit relatief hoog moet wees⁵⁾. Vryhandel is nie 'n vereiste nie; hoe meer beperkings op die handel geplaas word, hoe moeiliker gaan die goudstandaard sy taak volvoer. Of 'n land goed voorsien word van standaardmunte hang van sy aanbod van goud af. Dit hang weer van twee faktore af, nl. die goudproduksie in die land en die in- en uitvoer van goud. Die hoeveelheid munte en note in omloop speel ook hier 'n belangrike rol.

Daar is nog een saak wat die aandag moet geniet en dit is devaluasie. In hierdie geval sal die goudmunte wat in omloop was, verdwyn. Die rede is dat die intrinsieke goudwaarde van die munte meer werd is as die sigwaarde daarvan. Die metaal sal gesmelt en dan verkoop word⁶⁾. Sommige lande soos bv. Engeland het die probleem uitgeskakel: Engeland het bepaal dat munte voor en na devaluasie presies dieselfde waarde sal hê en dat ont- en aanmuntning slegs deur die sentrale bank mag geskied. Op die manier kon die munte dan nie gesmelt en die goud nie verkoop word nie.

In...../58

-
- 1) Busschau, W.J. Gold and international liquidity, p. 14.
Sien ook paragraaf 3.b. van hierdie hoofstuk.
 - 2) Id., p. 25.
 - 3) Die diskontokoers is die amptelike rentekoers van die sentrale bank wat op effekte betaal of op die algemene banke deur hulle gehef word.
 - 4) Gregory, T.E. The return to gold, p. 17.
 - 5) Halm, G.N. Economics of money and banking, p. 436.
 - 6) Wijnholds, H.W.J. Geld, goud en goedere, pp. 102 - 103.

In die voorgaande het ons nou daarop gelet hoe daar onder n goudstandaard te werk gegaan word. Die vereistes daarvoor is ook genoem. Aan hierdie vereistes moet voldoen word om n sukses van die goudstandaard te maak. Daar moet dus aan „de spelregels van die gouden standaard“¹⁾ voldoen word. In Engels heet dit „the rules of the game“. Laat ons nou nagaan hoe die goudstandaard n volkshuishouding kan bevoor- of benadeel.

d. Die voor- en nadele van die goudstandaard:

Bg. voor- en nadele is reeds bekend, maar dit sal heelwat duideliker wees as dit meer sistematies uiteengesit word. Ons sal veral gebruik maak van die indeling van Halm²⁾.

(i) Voordele:

(a) Stabiliteit van wisselkoerse:

Deur die goudvloeiemechanisme word die wisselkoerse tussen lande gestabiliseer indien hierdie lande almal op die goudstandaard is. Goud word dan as internasionale rekeneenheid aanvaar en wisselkoerse fluktueer net binne die goudin- en gouduitvoerpunt. Stabiele wisselkoerse lei tot die stabilisering van die ekonomie en so ook tot verhoging van die lewenstandaard. Ons vind dus n hoë mate van stabiliteit in die wisselkoerse³⁾. Sonder die goudstandaard sal die wisselkoersmark ook nie volledig kan funksioneer nie⁴⁾.

(b) Stabiliteit van die goudwaarde:

Goud het n stabiele koopkrag deur al die eeue vertoon soos duidelik uit hierdie en die vorige hoofstuk blyk. Die ruilverhoudings tussen lande, sowel as die wêreldpryspeil, het in n mate stabiel gebly deur die gebondenheid aan goud, want dit was die geval tot met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog⁵⁾. Goud se waarde fluktueer minder as dié van ander goedere weens die skaarsheid, waardevastheid en die reeds opgegaarde voorrade daarvan⁶⁾. Dit bring mee dat die waarde van goedere volgens die goudwaarde sal fluktueer⁷⁾. Daar is gevind dat die pryse van goedere baie minder varieer waar die land op die goudstandaard is as waar dit nie die geval is nie. Goud se intrinsieke waarde bly onbetwisbaar. Goud dra sy waarde met hom saam waar dit ook al mag wees en sal feitlik...../59

-
- 1) Korteweg, S. & Keesing, F.A.G. Het moderne geldwezen, p. 130.
 - 2) Halm, G.N. Economics of money and banking, pp. 438 - 445.
 - 3) Gregory, T.E. The return to gold, p. 23.
 - 4) Id., pp. 21 - 23.
 - 5) Halm, op.cit., p. 439.
 - 6) Ibid.
 - 7) Withers, H. The meaning of money, 3rd ed. London, Murray, 1909, p. 16.

feitlik oral aanvaar word. Hierdeur het goud dan ook 'n groot sielkundige waarde.

(c) Die rem van die goudstandaard:

Die goudvloeiemeganisme bring mee dat die goudstandaard as 'n rem optree op die gebied van likiditeit. Ons kyk na die meer moderne tyd: krediet word beperk deur die goudstandaard. Kyk ons egter verder terug, sien ons dat sodra 'n land 'n tekort ontwikkel op sy betalingsbalans, hierdie tekort deur die goudstandaard beperk en uitgewis word. Aan die ander kant, sodra daar 'n oorskot op die betalingsbalans is, is die goudstandaard weer die rem op die uitbreiding van die handel om inflasie te verhoed. Gregory sê nl.: „any single country or any minority group of countries in which commodity prices are inflated or deflated more than the average are soon forced into line by international gold movements“¹⁾.

(d) Beskerming teen onverantwoordelike regerings:

Die goudstandaard dien as waarborg teen onverantwoordelike optrede op ekonomiese gebied deur monetêre owerhede of regerings. Dit sluit aan by die vorige voordeel, aangesien sodanige optrede tot verdere versteurings in die stabiele posisie van die ekonomie lei, en dit moet reggestel word. Dit is hier waar die dissipline van die goudstandaard onverantwoordelike optrede van owerhede verhoed.

(e) Handhawing van soewereiniteit:

Alle lande moet hulle aan die gedragskode van die goudstandaard hou sonder dat hulle onderworpe sal wees aan 'n internasionale monetêre organisasie. Elke land is dus vry om na eie goeddunke op te tree en hoef nie in ooreenstemming met 'n ander land of groep lande te handel nie.

(f) Semi-outomatiese en eenvoudige werking:

„The gold mechanism works semi-automatically, is not complicated, and require few restrictions“²⁾. Dit is Halm se oortuiging. Die goudstandaard is oral bekend en daar is net een soort optrede in elke situasie moontlik. Voorspelling van optrede is dan ook maklik om te doen. Dit dra by tot 'n meer stabiele ekonomiese politiek. Die eenvoudige werking is reeds in die voorgaande bespreking gesien. Daaruit het die outomatiese reaksie van die standaard ook duidelik geblyk.

(g) Voordeel vir goudprodusente:

Daar word baie gebruik gemaak van goud in die goudstandaard, en lande wat dié edelmetaal produseer, het in die eerste plek al die voordeel van politieke mag. Sodra 'n land soveel goud produseer dat dit uitgevoer kan word, is die land nie meer van vreemde valutas afhanklik nie. Dit

bring...../60

1) Gregory, T.E. The return to gold, p. 19.

2) Halm, G.N. Economics of money and banking, p. 440.

Korteweg, S. & Keesing, F.A.G. Het moderne geldwezen, p. 131.

bring n ekonomiese voordeel wat die politieke mag ook versterk. Die groot voordeel in die produksie van goud lê dan daarin dat die goud teen n vaste prys in onbeperkte hoeveelhede oor die hele wêreld verkoop kan word.

(h) Aanvaarbaarheid:

Ofskoon hierdie saak meer n voordeel van goud self is, geld dit ook vir die goudstandaard, want die waarde van die goudstandaard word daardeur verhoog. Goud word algemeen aanvaar, soos alreeds telkemale na verwys is: "And the fact cannot be gainsaid that gold is the one commodity which is universally and at all times acceptable in all civilized communities"¹⁾. Oral waar die goud aanvaar word, kom dan n pryspeil tot stand. Die goudstandaard bring dan n internasionale pryspeil tot stand²⁾.

(ii) Nadele:

(a) Voorspoedtye:

Die stelsel werk net goed solank daar nie ernstige ekonomiese en politieke versteurings in n volkshuishouding kom nie. Die stelsel het ook n baie groter invloed op die binnelandse as op die buitelandse pryse³⁾.

(b) Groot spanninge:

Baie lande is onwillig om hulle aan die dissipline van die goudstandaard te onderwerp, aangesien dit hom in die verantwoordelike posisie stel om by die reëls van die spel te bly. As lande die verantwoordelikheid ontduik, kan spanninge ontstaan, veral t.o.v. die buitelandse verhoudinge. Ook in die binneland word die hantering van die stelsel dan moeiliker.

(c) Volle indiensname:

Deurdat lande nie by die goudstandaard wil en kan bly nie, veroorsaak dit ook n probleem aangaande indiensname, want die indiensnamepeil verlaag. Daar moet van alle ander middele gebruik gemaak word om dan die volle indiensnamepeil te handhaaf - daar word bv. van n kredietbeleid gebruik gemaak.

(d) Inkrimping:

Die goudstandaard gaan onder n inherente las van deflasie gebuk, sê Robinson⁴⁾. Daar moet n vermindering in fondse plaasvind om die geldvoorraad in ooreenstemming met die voorraad goud te bring en dit veroorsaak n inkrimping in die volkshuishouding. Halm beweer dan dat sentrale banke groter mag as die goudstandaard het om...../61

1) Withers, H. The meaning of money, p. 17.

2) Gregory, T.E. The return to gold, p. 22.

3) Id., p. 16.

4) Halm, G.N. Economics of money and banking, p. 442.

om inkrimping te bewerkstellig.

(e) Werkloosheid:

Die goudstandaard en sekere arbeidsbe-
leide kan nie met mekaar vereenselwig word nie.
Die goudstandaard beperk 'n styging in lone en sa-
lariesse deurdat die hoeveelheid geld in omloop
verband moet hou met die goudvoorraad. Indien
lone en salariesse verhoog word, beteken dit dat
daar minder mense in diens genceem kan word.

(f) Kredietkontrole:

Waar krediet op goud gebaseer is, word
deur sommige ekonome gevoel dat dit nie 'n baie
veilige basis is nie. Die rede word daarin ge-
soek dat die goudstandaard gewoonlik tot dieself-
de neiging in alle lande lei, d.w.s. as daar 'n
uitbreiding in die ekonomie van een land ont-
staan, beïnvloed dit die ander lande so dat hul-
le ook uitbrei. Dit kan dan tot 'n hiperinflasie
of 'n depressie lei na gelang daar uitbreiding of
inkrimping is.

(g) Beheer van geld:

Die goudstandaard in sy vroegste vorm
het al 'n mate van kontrole meegebring, want die
prys van goud t.o.v. die geldeenhede moes deur
die wet vasgelê word. Die meer resente vorme van
die goudstandaard is nog onder groter beheer en
daar sal moeilik van so 'n beheerde stelsel afge-
sien word¹⁾. Groter lande sal egter meer vryheid
in hierdie geval hê.

Verder kan die tuisbeleid en die inter-
nasionale beleid bots: die een beleid mag hom
toespits op uitbreiding, terwyl daar by die ander
op inkrimping gemik word.

(h) Vermorsing van reserwes:

Onder die goudstandaard is dit nodig
dat daar altyd groot reserwes moet wees om as
dekking van die geld in omloop te dien. Dit bring
mee dat goud gemyn moet word om dan weer op 'n an-
der plek bewaar te word. Triffin sê dat goud 'n
een gat gegrawe word om weer in 'n ander gat begra-
we te word. Hierin word dan 'n nutteloosheid ge-
sien, en daarom wil sommige ekonome nie die goud-
standaard aanvaar nie.

(i) Skaarsheid van goud:

Daar die goudstandaard op goud gebaseer
is, is dit van die grootste belang hoe skaars die
goud werklik is. Dit is baie duidelik dat teen
die heersende goudprys die monetêre voorrade ver-
tekort skiet om aan die vereiste van volle dekking
van alle geld te voldoen²⁾. Aangesien die voor-
raad beperk is, bly pryse nie altyd konstant nie -
dit...../62

1) Halm, G.N. Economics of money and banking, p. 442.

2) Erasmus, D.P. Die plek van goud in die huidige interna-
sionale monetêre stelsel en die rol wat dit kan speel
in die herstel van die monetêre orde. Koers, 1964,
32:105 - 107.

dit kan die goudstandaard onprakties maak¹⁾.

e. Slot:

Nadat ons nou die belangrikste voor- en nadele kortliks bespreek het, wil dit voorkom asof die ekonome wat so teen die goudstandaard gekant is, slegs die nadele raak gesien het en die voordele met swak argumente probeer verdoesel het. Dit vind nog daagliks plaas. Daarom word daar na ander stelsels gesoek om die huidige monetêre probleme op te los, maar dit het baie gou aan die lig gekom dat die probleme eerder vergroot as verminder is. Met die nodige aanpassings en opofferings sou die goudstandaard waarskynlik kon werk. Hieroor sal egter later heelwat meer gesê word²⁾. Feit bly staan dat die goudstandaard 'n monetêre stelsel is wat goeie resultate kan lewer en nog steeds 'n stelsel is wat in die toekoms gebruik kan word indien die wêreldlande bereid is om die nodige aanpassings te maak.

4. Die goudstaafstandaard:

a. Algemeen:

In die vorige paragrafe het ons nou kortliks gesien hoe die mono- en bimetallistiese stelsels en die goudstandaard werk. Die e.g. twee stelsels was die voorlopers van die goudstandaard, terwyl die goudstandaard weer die voorloper is van die goudstaafstandaard wat ons in hierdie paragraaf gaan bespreek. Die goudstaafstandaard is die laaste volwaardige standaard waaraan ons aandag sal skenk.

Die goudstandaard het tot 1914 sonder veel probleme gefunksioneer. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het daar egter moeilikheid gekom. Die probleme wat die goudstandaard ondervind het, het veral duidelik gedurende die tydperk 1914 - 1931 geblyk toe sommige lande weer teruggekeer het na die goudstandaard. Een saak van groot belang wat in gedagte gehou moet word, is dat hierdie probleem nie aan die goudstandaard self te wyte was nie, maar veel eerder aan die omstandighede waarin dit toegepas is.

Toe daar nie aan al die vereistes van die goudstandaard...../63

1) Hawtrey, R.G. The gold standard in theory and practice, p. 79.

2) Sien hoofstuk IX van hierdie skripsie.

standaard voldoen kon word nie, moes na n ander uitweg gesoek word. Daar het ander bepalings by die goudstandaard gekom wat die standaard heeltemal verander het. Dit was die ontstaan van die goudstaafstandaard wat ook bekend staan as die goudkernstandaard. Ons kan die goudstaafstandaard as basis beskou vir al die ander standaarde(waarby ons in die volgende paragrawe kom) wat nog ontwikkel het.

Daar die goudstaafstandaard baie ooreenstem met die goudstandaard, word hierop nie so breedvoerig ingegaan nie. In hierdie paragraaf sal ons veral let op die afwyking van die goudstaafstandaard van die goudstandaard. Die uiteensetting sal dieselfde patroon as dié in die vorige paragraaf volg: eers word die stelsel beskryf, daarna die werking en funksies en ten slotte die voor- en nadele van die stelsel.

b. Omskrywing van die goudstaafstandaard:

Hierdie stelsel staan in Engels bekend as die "gold bullion standard" en dit was die skepping van Ricardo¹⁾. Dit is n tipiese standaard vir die tydperk na die Eerste Wêreldoorlog toe daar gepoog is om na die goudstandaard terug te keer²⁾.

Met die goudstaaf- of goudkernstandaard geld nog dieselfde vereistes as by die goudstandaard, nl. dat goud vryelik in omloop is en vryelik in- en uitgevoer kan word, maar die goud wat vryelik in omloop is, is nie meer in die vorm van goudmunte of stukke goud nie, maar in goudstawe. Alle munte is nog inwisselbaar in goud. Die aan- en ontmunting word dus nou in n mate beperk want slegs die hoeveelheid goud van n hele staaf kan op n keer aan- of ontmunt word. Wanneer daar van geld onder die goudkernstandaard gepraat word, word alle munte of note in omloop bedoel en dit kan by die sentrale bank vir staafgoud ingewissel word. Die munte en note is dus nog ten volle gedek, maar die goud is nou net meer gesentreer en word veiliger bewaar. Hierdeur word die probleme van sowel klein voorrade goud as die slytasie op goue munte beperk of heeltemal uitgeskakel. Dit is ook baie makliker om goudstawe op te berg as om munte te bewaar. Dit is sulke praktiese probleme wat die goudstandaard laat ontstaan het. Weens praktiese oorwegings

sal...../64

1) Hawtrey, R.G. The gold standard in theory and practice, p. 110.

2) Coulborn, W.A.L. A discussion of money, p. 120.

sal die goudstawe ook nie as betaalmiddel in die gewone handel sirkuleer nie¹⁾. Goudmunte wat nog in omloop was, sal van die toneel verdwyn omdat die owerhede gewoonlik aan sulke munte dieselfde waarde sal toeken as aan die ekwivalente in ander metale of papier²⁾. Die regering is nogtans in staat om sy verpligtinge na te kom omdat inwisselbaarheid nog steeds bestaan. Die idee met hierdie standaard was aan die een kant ook dat geld meer bruikbaar sou wees as dit in die hande van die sentrale bank gekonsentreerd is³⁾.

As voorbeeld beskou ons die goudstaafstandaard soos dit in Engeland toegepas is⁴⁾: goudstawe kan slegs deur die Bank van Engeland na die munt geneem word om dit te laat aanmunt. Onbeperkte hoeveelhede kon deur die Bank aangebied word. Die Bank hoef ook nie meer sy verpligtinge in „legal coin“⁵⁾ te betaal het nie, maar kon dit in goudstawe betaal indien die aanvraag soveel beloop het. Uitvoer van goud was verbode, maar in 1928 is die Bank van Engeland toegelaat om weer met die buiteland in dié verband handel te dryf. Goudmunte het wettige geld gebly, maar kon nie omsit word in goud nie en het dieselfde waarde as die papiergeld gehad. Note het dus meer in omloop gekom omdat dit soveel makliker hanteerbaar was en makliker bewaar kon word. Daar is ook 'n mate van vertrouensgeld toegelaat.

Party lande het egter weer met die herstelling van die goudstandaard goudmunte in gebruik geneem, maar dit was nie eintlik geslaagd nie, soos in Switserland en Holland ondervind is⁶⁾. Suid-Afrika was ook een van die weinige lande wat nog wel van 'n goudmunt in sy muntstelsel gebruik gemaak het.

c. Werking en funksie:

By die goudkernstandaard stem die werking en funksies ooreen met dié van die goudstandaard, veral t.o.v. die buiteland. In die binneland sal die stelsel nie meer so vinnig en outomaties reageer as wat dit onder die goudstandaard gedoen het nie. Waar 'n persoon vroeër sy goudmunte in goud kon omsit, moet hy nou eers 'n groot hoeveelheid munte...../65

1) Halm, G.N. Economics of money and banking, p. 59.

2) Gregory, T.E. The return to gold, p. 30.

3) Coulborn, W.A.L. A discussion of money, p. 120.

4) Gregory, op.cit., p. 43.

5) Ibid.

6) Hawtrey, R.G. The gold standard in theory and practice, p. 95.

te en note bymekaar hê voordat dit ingewissel kan word vir 'n staaf goud. Met die „Gold Standard Act" van 1925 in Engeland sien ons dat die sentrale bank verplig was om goud te verkoop teen £3-17-10½ per standaardons, maar dan nie in hoeveelhede kleiner as 400 fyn onse per geleentheid nie¹⁾.

Deur hierdie stelsel kon meer geld in omloop kom, want die goue munte het van die toneel verdwyn en hierdie goue munte kon dan ook as reserwe vir ander geld in omloop dien. Dit het die handel aansienlik laat uitbrei, veral waar dit gekortwiek was deur te klein goudvoorraade. Aan die ander kant kan dit ook tot oormatige uitbreiding lei, omdat daar dan meer geld in omloop kan kom as wat die handel benodig. Die uiterste gevolg kan inflasie wees.

d. Voor- en nadele van die goudkernstandaard:

Dieselfde voor- en nadele van die goudstandaard geld ook vir die goudstaafstandaard, maar daar is tog 'n paar aspekte wat hier afsonderlik geld, nl.

(i) Voordele:

- (a) Deurdat goudmunte uit sirkulasie verdwyn, verdwyn die probleem van depresiasie van die munte ook. Die goudmunte was veral onderhevig aan slytasie weens die sagtheid van die metaal. Die munte se intrinsieke waarde het dus mettertyd minder as die sigwaarde geword. Met die goudstaafstandaard is daar slegs stawe wat gebruik word en dit is nie in die gewone omloop nie.
- (b) Dit is baie makliker om goudstawe te bewaar as verskillende soorte, groottes en groot hoeveelhede munte. Die stawe kan weens hulle vorm baie makliker weggepak word. Daarby verg dit minder moeite en onkoste om goud in stawe te giet as om dit in verskillende soorte munte te slaan.
- (c) Daar is 'n baie kleiner reserwe nodig by die goudkernstandaard as by die volle goudstandaard as dekking van geld in omloop. Vroeër is baie munte van goud gemaak. Hierdie munte dien ook as reserwe in die vorm van goud en daar kan dus geld met hierdie goud as dekking uitgereik word.
- (d) 'n Voordeel wat by die vorige aansluit, is dat die handel vinniger uitbrei deur die vergrote goudvoorraade wat beskikbaar is om as reserwe vir die dekking van geld te dien. Sodra daar
meer...../66

1) Hawtrey, R.G. The gold standard in theory and practice p. 110.

meer geld beskikbaar is om handel te dryf, word daar meer geld aangevra. Hierdeur word die vraag na goedere verhoog wat weer aanleiding gee tot 'n verhoging in die produksie van goedere. Dit geld vir die binne- sowel as die buiteland.

(ii) Nadele:

Wat die nadele betref, is daar ook 'n paar wat afsonderlik genoem behoort te word, afgesien van dié wat ook vir die goudstandaard geld. Hulle is die volgende:

- (a) Die goudstandaard het 'n groot sielkundige waarde asook sekuriteit verleen aan die besitter van enige soort geld. Heelwat van hierdie sekuriteit en vertroue word egter met die goudkernstandaard ingeboet, want dit is nie meer vir die individu moontlik om dadelik die metaal wat as simbool van alle waardes staan, nl. goud, te bekom nie.
- (b) Die outomatiese meganisme van die goudstandaard geld nog vir die goudkernstandaard, hoewel dit taamlik bemoeilik word. Daar moes eers groot hoeveelhede munte en note bymekaar gemaak word, nl. omtrent R3,400 in die geval van Engeland¹⁾, voordat die geld ingewissel kon word vir 'n goudstaaf by die sentrale bank. Hierdie nadeel sluit ook aan by die vorige, deurdat die geld nie so maklik inwisselbaar is nie.
- (c) Waar die voordeel van handelsuitbreiding genoem is, moet in dieselfde verband genoem word: oormatige handelsuitbreiding. Deur die groter reserwes wat beskikbaar gestel word, is dit moontlik om meer geld in omloop te bring. Sodra die geld in die geld-goedere-kringloop vermeerder, moet die goedere ook vermeerder. Dit kan alles tot 'n oormatige vermeerdering lei wat uiteindelik kan hande uitruk, en dit hou 'n gevaar in vir die ekonomiese ontwikkeling van enige volkshuishouding.

e. Slot:

Dit is nou vir ons duidelik hoekom die goudkernstandaard uit die volle goudstandaard ontwikkel het. Sekere vereistes kon nie almal nagekom word onder die goudstandaard nie en toe het die goudkernstandaard die plek van die goudstandaard ingeneem. E.g. sou wel as 'n goeie plaasvervanger kon dien omdat die dissipline van die volle goudstandaard ook nog daarin gesien kon word: goud kon nog in onbeperkte hoeveelhede...../67

1) Schumann, C.G.W., Franzsen, D.G. & De Kock, G. *Ekonomie*, 'n inleidende studie, p. 415.

veelhede bekom word deur groot genoeg hoeveelhede geld in te ruil by die sentrale bank. Ook kon die goud vryelik in- en uitvoer word. Dit is verder ook duidelik dat die goudkernstandaard ook sy tekortkominge gehad het en toe nie gelewer het wat verwag is nie. Met die finale afstap van die goudstandaard in die dertigerjare is daar ook afgesien van die goudkernstandaard en moes daar plek gemaak word vir die volgende plaasvervanger: die goudwisselstandaard en daarmee saam die goudreserwestandaard. In die volgende twee paragrawe is dit nou ons taak om ons aandag aan dié stelsels te wy.

5. Die goudwisselstandaard:

a. Algemeen:

Die probleme van die goudstandaard en die goudkernstandaard het nou reeds duidelik geblyk. Die stelsel wat in hierdie twee standarde se plek gekom en dié probleme uit die weg probeer ruim het, was die goudwisselstandaard. Sedert die dertigerjare was lg. die stelsel wat oor die algemeen aanvaar is. Die V.S.A. is egter 'n uitsondering op hierdie gebied, want nadat die dollar gedevalueer is, is in 1934 voortgegaan met die goudstandaard in die V.S.A. as monetêre stelsel. Of hy hom wel by al die vereistes van dié standaard hou, is 'n ope vraag.

Die goudwisselstandaard, wat ons as so nou aan die oninwisselbare papierstandaard beskou dat ons dit as een stelsel bespreek, is 'n stelsel wat ontwikkel het a.g.v. die ekonomiese behoeftes na die Groot Depressie aan die einde van die twintigerjare en die begin van die dertigerjare. Met hierdie standaard is daar 'n nuwe fase betree in die monetêre geskiedenis van die wêreld. Maar soos gewoonlik met die ontwikkeling van iets nuuts die geval is, het hierdie stelsel ook nie foutloos gewerk nie. Die probleme wat die stelsel opgelewer het, het talryk geword - miskien selfs meer as wat die geval met die goudstandaard was.

In hierdie paragraaf sal die bespreking weer eens dieselfde patroon volg as in die paragrawe waar ons die goud- en die goudkernstandarde bespreek het, nl. eers word 'n omskrywing van die begrip goudwisselstandaard gegee; die werking en funksie word dan bespreek en die probleme van die stelsel is die volgende saak wat aandag geniet nadat die ver-

skil t.o.v. die goudstandaard aangedui is. Uit die voor- en nadele van die goudwisselstandaard kom ons dan tot die gevolgtrekking dat ons vandag met 'n likiditeitsprobleem te doen het. Aan lg. skenk ons aandag in hoofstuk V. By die bespreking van die goudwisselstandaard is dit nodig dat daar ook kortliks na die ontwikkeling van tjeks en note gekyk word, omdat dit so 'n belangrike deel van die stelsel se werking vervul. Wissels en bewyse van betaling moet natuurlik ook hierby ingesluit word.

b. Die ontstaan en ontwikkeling van papiergeld:

Hier let ons slegs baie kortliks op die ontstaan en ontwikkeling van papiergeld ten einde die belangrike rol daarvan in die goudwisselstandaard te begryp. Toe die handel se omvang nog van huishoudelike aard en dus baie klein was, kon die bestaande hoeveelhede metaal in die vorm van munte nog aan die vereistes van die handel voldoen. Met spesialisasie, d.w.s. met die verdeling van arbeid, het die behoeftes van handel egter soveel uitgebrei dat die hoeveelheid metaal in besit van elke land net nie meer voldoende was daarvoor nie. Die verskuiwing en uitbreiding van die handel na die internasionale gebied het die probleem nog verder benadruk. Daar moes toe 'n metode gevind word om die metaalgebruik te verminder. Dit kon gedoen word deur van geskrewe beloftes of bewyse van betaling wat sal geskied of wat verkry kon word wanneer die bepaalde papierbewys getoon word, gebruik te maak. Dit was dan die ontstaan van die bekende papiergeld van vandag. Maar wanneer betaling nie onmiddellik geskied nie en dit tot 'n later datum uitgestel word, het ons met krediet te doen. Hierdie kredietgeld vorm vandag 'n integrale deel van enige ekonomie. Die vraag ontstaan onwillekeurig: waar het hierdie bewyse vir die eerste maal in omloop gekom en hoe het dit gebeur dat dit as betalingsmiddel aanvaar word?

Daar word beweer dat die eerste note wat vir geld gebruik is deur China in die jaar 177 v.C. gebruik is¹⁾. Dit was eintlik net papieragtige stukke materiaal wat hiervoor moes diens doen. Die papiergeld is dan heelwaarskynlik deur Asiate na Europa gebring²⁾. Waar die ontwikkeling van note egter die beste gevolg kon word, is in Engeland. Hier is die belangrike rol natuurlik deur die goudsmide ver-

vul...../69

1) Angell, N. The story of money, p. 228.

2) Id., p. 229.

vul. Dit het reeds telkemale geblyk dat goud die eintlike metaal is wat as oppottingsmiddel gebruik is. Daar moes dus n veilige plek as bewaarplek vir die goud verkry word. Die „Tower of London" het n tyd lank as amptelike bewaarplek gedien, maar Karel I het in 1640 op dié goud beslag gelê, waarop die mense besluit het om liewers hulle goud by die goudsmide te laat bewaar¹⁾. Die goudsmide het gewoonlik oor groot voorrade goud beskik waarvoor daar n veilige bewaarplek moes wees. Daarom kon goud met vertroue by hulle bewaar word. Dit is vanselfsprekend dat die goudsmid bewyse moes uitreik vir hierdie goud wat hy in bewaring geneem het. Die goudsmid kon egter nie hierdie goud verniet bewaar nie en het dan n vergoeding daarvoor ontvang, net soos die geval by die lewering van enige ander diens sal wees.

Wanneer n persoon dan goedere wou koop, moes hy sy bewys by die goudsmid toon voordat hy sy goud kon ontvang om die betaling te doen. Dit het toe gou. duidelik geword dat dit onnodige moeite en risiko meebring om elke keer die goud te gaan haal, terwyl dit op die ou end ná die betaling gedoen is, tog weer na die goudsmid geneem is. Die gevolg was dat die houer van n bewys van goud net die bewys aan die persoon wat hy moes betaal, gegee het, en dié kon die goud gaan opeis by die goudsmid. Hierdie bewys wat so as betaalmiddel gesirkuleer het, kan as die eerste note wat in Engeland bestaan het, beskou word. Dit kan as volwaardige betaalmiddel gesien word, omdat die eienaar van so n bewys die sekerheid gehad het dat hy die goud by die goudsmid kon gaan haal sodra hy dit benodig. Mettertyd het hierdie gebruik landswyd geword en het sekere goudsmide bekendheid verwerf as veilige bewaarders van goud.

Hierby het dit egter nie gebly nie, want weldra het die goudsmid gesien dat die houters van bewyse nooit almal gelyktydig hulle goud kom opeis nie. Daar was dan altyd nog n groter goudvoorraad in sy bewaarkamer as wat opge-eis word. Die goudsmide het toe gesien dat hulle meer bewyse kan uitreik as wat deur die goud tot hulle beskikking gedek word. Daar word n sekere vergoeding geëis vir die uitreiking van hierdie bewyse en hierdeur kon die goudsmid ook n inkome verdien. Hier is dus n baie goeie voorbeeld van hoe krediet toegestaan word.

By...../70

1) Schumann, C.G.W., Franzsen, D.G. & De Kock, G. Ekonomie, n inleidende studie, p. 417.

By hierdie ontwikkeling sien ons dan die twee basiese funksies van die bankwese, nl.: bemiddelaar en kredietverlener. Gou het dit duidelik geword dat die goudsmiede nie alleen kon voortgaan nie en het hulle begin saamsmelt. Mettertyd is note gedruk en aan die publiek uitgereik. Hierdie note is in gerieflike eenhede gedruk om die betaling te vergemaklik. Daar moes egter gewaak word teen die uitreiking van te veel note. Indien te veel note uitgereik word en die reserwe goud wat agtergehou word, is nie groot genoeg nie, sou so 'n bank by 'n groot opvraging van goud ten onder gaan. Dit sou die ekonomiese lewe ontwrig. Die beginsels wat dus vir die goudsmiede gegeld het en wat selfs vir die moderne banke nog geld, is dié van likiditeit, solvabiliteit en rentabiliteit.

Hier het die papiergeld egter nie opgehou nie. Met die ontwikkeling van die geld- en bankwese het die banke naderhand rekenings vir die verskillende deponeerders aangehou. Die deponeerder kon dan net 'n bewys aan sy krediteur gee dat daar van sy geld opgeëis kon word. Die krediteur kon die bewys toon en dan sou sy rekening met die bedrag gekrediteer word. Hierdie bewyse staan vandag bekend as tjeks en hier het ons te doen met giralegeld, d.w.s. geld wat in 'n groot mate op vertrouwe berus. Die tjeks is nie wettige betaalmiddel voordat . . . die toonder nie bevestiging kry dat die trekker oor die vereiste skuldbedrag beskik nie. Hierdie tipe geld staan ook bekend as „near money" of „kwasie-geld". Die funksie lê veral in die veilige bewaring van deponeerders se geld deur die banke, en dat betalings in spesifieke bedrae gedoen kan word. Hierdeur is banke in die posisie gestel om groot bedrae krediet te skep. In die vroeër jare kon dit wel byna onbeperk plaasgevind het, maar die owerhede het gou gesien dat daar 'n groot gevaar dreig en het toe wetlike verpligtinge vir die banke daargestel t.o.v. 'n minimum reserwe wat aangehou moes word. Mettertyd het die owerheid ook die uitreiking van note aan slegs een bank opgedra.

c. Omskrywing van die goudwisselstandaard:

Holland was die eerste land wat alreeds in 1877 van hierdie stelsel gebruik gemaak het¹⁾. Met die Genoa Konferensie in 1922 het die stelsel weer amptelik geword²⁾.

Die...../71

1) Kilborne, R.D. Principles of money and banking, p. 42.
2) Halm, G.N. Economics of money and banking, p. 485.

Die tekort aan goud het die gevaar van beperking op die handel ingehou. Die goudproduksie het weens die sterk inflasie na die Eerste Wêreldoorlog baie verslap, want die prys van goud het konstant gebly te midde van 'n styging in pryse van alle ander goedere.

Die goudwisselstandaard verskil van die goudstandaard slegs daarin dat die papiergeld en munte inwisselbaar is in valuta van 'n ander land wat wel op die goudstandaard is. Dit beteken noodwendig dat daar 'n streng beheer oor die hoeveelheid geld wat uitgegee word, gehandhaaf moet word om 'n sekere verhouding teenoor die goudstandaardland te handhaaf. Verder moet die goudstandaardland se reserwe van so 'n aard wees dat hy aan hierdie ekstra las ook reg kan laat geskied. Indië het bv. vir baie jare die silwer rupee op 'n vaste koers een-kwart van die Britse pond sterling gehandhaaf¹⁾.

Kilborne beskou die goudwisselstandaard as 'n standaard wat die gebruik van eie geld toelaat, „silver or paper, for domestic purposes but supplies gold or claims to gold for foreign transactions“²⁾. Nou word dit duidelik dat die oninwisselbare papierstandaard op dieselfde neerkom as die goudwisselstandaard, want, sê Kilborne: „the gold exchange standard can be applied just as well in a country on a paper standard“³⁾.

In die eerste plek moet die goudwisselstandaard op direkte of indirekte wyse 'n sekere hoeveelheid goud as sy uiteindelijke monetêre standaard daarstel⁴⁾. Dit is baie belangrik dat so 'n goudvoorraad gehou sal word, veral met die oog op internasionale transaksies. Verder word die plaaslike geldeenheid vasgepen aan die teoretiese goudeenheid op verskillende maniere. Die goudwisselstandaardland benodig dan ook natuurlik 'n reserwe wat as finansiële kapitaal vir 'n goudfonds dien. Dit geld ook vir die ander lande waarmee hierdie land handel dryf. Wissels moet op hierdie goudreserwes verkoop word teen 'n koers so laag as wat die verskeppingskoste van goud na 'n ander land of na die land self sal wees⁵⁾. Indien dit nie die geval is nie, sal dit goedkoper wees...../72

1) Schumann, C.G.W., Franzsen, D.G. & De Kock, G. *Ekonomie, 'n inleidende studie*, p. 415.

2) Kilborne, R.D. *Principles of money and banking*, p. 42.

3) Id., p. 43.

4) Id., p. 48.

5) Id., p. 49.

wees om die goud uit of in te voer, wat n leegloop of n oormaat van reserwes meebring. In hierdie goudwisselstandaard is daar weinig speling in die wisselkoers omdat die waarde van die geldeenheid vas bepaal word t.o.v. die goudstandaardlande. Hier is dus nie sprake van vrye wisselkoerse nie.

Coulborn beskryf die goudwisselstandaard weer as: „the currency of a country possessing this sort of standard (goudwisselstandaard) is convertible not directly into gold, but into the currency of some other which does possess a Gold Standard”¹⁾. Baie lande het veral van hierdie standaard gebruik gemaak omdat hulle nog graag wou terugkeer na die goudstandaard. Halm is weer die mening toegedaan dat die goudwisselstandaard n standaard is waar lande n soort goudstandaard aanneem deur hulle geldeenhede te verbind aan lande wat wel op n goudstandaard is²⁾. Die geldeenhede is dan nie inwisselbaar in goud nie, maar in vreemde valuta wat dan weer in goud omgewissel kan word³⁾. Die belangrikheid van hierdie goudwisselstandaard het na die Eerste Wêreldoorlog steeds toegeneem.

Hawtrey beskou die goudwisselstandaard as n praktiese metode „for economising the use of gold in the application of the gold standard”⁴⁾. Goud word dan internasionaal as ruilmiddel tussen verskillende geldsoorte gebruik en nie soseer tussen verskillende goedere nie⁵⁾. So is die stelsel toe algemeen gebruik. Dit bring mee dat lande n reserwe van vreemde valuta opbou en die goudvoorraad dus nie alleen die reserwe is nie. Dikwels word die goudvoorraad nog vermindert ook.

Onder hierdie goudwisselstandaard verstaan Korteweg en Keesing twee standarde. In die eerste plek word dan van n „goudwisselpolitiek”⁶⁾ gepraat. In hierdie geval word n deel van die goudvoorraad van n land in wissels omgesit. Die waarde word uitgedruk in buitelandse valuta, maar hierdie valuta moet te enige tyd inwisselbaar wees teen goud. Die sentrale bank moet in hierdie geval die pariteit handhaaf...../73

1) Coulborn, W.A.L. A discussion of money, p. 120.

2) Halm, G.N. International monetary cooperation, 2nd ed. University of North Carolina Press, 1945, p. 156.

3) Ibid.

4) Hawtrey, R.G. The gold standard in theory and practice, p. 56.

5) Ibid.

6) Korteweg, S. & Keesing, F.A.G. Het moderne geldwezen, pp. 224 - 225.

haaf. Daar bly dus n deel van die goudvoorraad behoue. In die tweede plek praat die genoemde skrywers van n „goudwisselstandaard“. In hierdie geval is daar geen goudvoorraad nie, maar net wissels wat as reserwe diens doen.

Uit voorgaande behoort die aard van die goudwisselstandaard duidelik te blyk. Volledigheidshalwe is dit nodig dat ons net moet let op die verskillende soorte geld wat onder hierdie standaard gebruik is en dit kortliks omskryf.

Een van die mees algemene geldsoorte onder die goudwisselstandaard is note. Hieraan het ons reeds aandag geskenk. Die voordele wat note inhou is dié van kleiner gewig, makliker bewaring en kleiner volume as wat die geval met munte is. Met hierdie voordele moes die handel dus vergemaklik word. Hiermee is ook afgestap van die goudkernstandaard en is daar dan by n oninwisselbare papierstandaard gekom. Dit was egter nie die geval in die begin nie, omdat note toe nog ten volle gedek was deur goud - hier was dus nog n goudstandaard. Note is met die verloop van tyd sommer deur elke bank uitgegee sodat daar gou nie meer volle dekking vir note was nie. Die groot verskeidenheid note het vanselfsprekend tot heelwat verwarring gelei. Die owerheid was dan verplig om die uitgifte van note aan n enkele bank, gewoonlik die sentrale bank, op te dra. Dit was dan makliker om die juiste verhouding tussen uitgifte van note en reserwes in goud of ander valuta te handhaaf, veral waar hierdie bank dan die steun van die owerheid geniet.

Met die verskyning van so n bank kon daar weer volle dekking aan note verleen word, maar met die relatiewe vermindering van die goudvoorrade t.o.v. die handel, is lg. naderhand beperk deur te min note in omloop. Die vraag na note het dus uiteindelik die aanbod daarvan oorskrei. Volle dekking van note is gehandhaaf tot 1914 en weer met die terugkeer na die goudstandaard in die twintigerjare, hoewel die inwisseling eintlik net in goudstawe was. Die maatreëls wat in hierdie tydperk gegeld het, was ook nie voldoende nie en dus moes daar ook van afgesien word. Die grootste fout wat by die maatreëls begaan is, was dat die geld in omloop oorwaardeer is sodat daar eintlik te min geld in die omloop was om aan die vereistes te voldoen.

vroeër gestel) opgelos deur die oninwisselbare papierstandaard of die goudwisselstandaard te gebruik. Inwisseling van geldeenhede teen goud was nie meer moontlik of nodig nie. Kilborne stel die belangrikste kenmerke: „the lack of the convertibility of such money into gold instantly upon demand by the holder of money”¹⁾. Hierdie stelsel het ook veral sy oorsprong in die oorloë gehad waar owerhede maklik sulke papiergeld kon laat druk om sy verpligtinge teenoor die binneland na te kom. Die groot uitgawes van die oorloë het dit noodsaaklik gemaak dat daar selfs van hierdie soort geld tot na die oorlog gebruik moes word. Die beginsels vir die uitreiking van note is die volgende: pariteit, sekuriteit en elasticiteit. Die note moet hulle waarde behou, dit moet waarde verleen en terselfdertyd gedek wees en laastens moet dit so by die handel aangepas word dat daar nooit n oormaat of tekort daarvan sal wees nie. Withers sê: „The value of the bank-note arises from the belief that it can be converted into gold and will be accepted as payment for goods”²⁾. Die uitgifte van note verhoog die aanbod van geld sonder dat die volume verklein, hoewel die reserwe tog verklein t.o.v. die totale uitgifte van note, relatief gesproke³⁾. Die praktiese vereistes wat vir banknote geld, stem ooreen met dié wat vir munte geld, nl. draagbaarheid, duursaamheid, verdeelbaarheid en herkenbaarheid. Aan al hierdie vereistes kan note gewoonlik maklik voldoen, behalwe dié van verdeelbaarheid, want note word in vaste eenhede uitgereik. Verder besit banknote die kredieteienskap, omdat op die banknoot n belofte van betaling by inlewering by die sentrale bank gemaak is.

Die owerhede het gesien dat die uitgifte van note nie sommer net aan die behoefte van elke individu moet voldoen nie. Oormatige note-uitgifte het n sterk inflasionistiese invloed, deurdat die hoeveelheid geld in omloop verhoog en die aanvraag sodoende ook aansienlik styg. Uitgifte van note wat weer te klein is om met die handel tred te hou, het die teenoorgestelde invloed. In sulke gevalle(nl. die twee voorafgaande gevalle) verloor die publiek vertroue in die note en wil daarvan ontslae raak, en dit lei tot n oormatige uitbreiding of inkrimping. So het Duitsland in 1923 n hiperinflasie beleef toe daar n oormaat papiergeld

uitgegee...../75

1) Kilborne, R.D. Principles of money and banking, p. 59.

2) Withers, H. The meaning of money, p. 29.

3) Hawtrey, R.G. The gold standard in theory and practice, p. 29.

uitgegee is. Dit het sulke afmetings aangeneem dat die papier van die papiergeld later meer werd was as die geld self. Die owerhede moes dus reëlings tref vir sekere minimumvereistes waaraan voldoen moes word by die uitgifte van note. Die verantwoordelikheid van die note-uitgifte en die handhawing van dekking en minimumvereistes het toe by die sentrale bank berus.

Note kan self dus eintlik as 'n monetêre standaard beskou word. Daar is baie meer van note gebruik gemaak waar dit goedkoper was om die note te druk as om munte te slaan. Die sukses van note berus egter eintlik op die algemene aanvaarding daarvan deur die volkshuishouding. Die publiek sal bereid wees om die geld te eniger tyd te aanvaar as dit as wettige betaalmiddel deur die owerheid verklaar word. Dit spreek vanself dat note wat nie ten volle gedek is nie, nie sonder meer op die internasionale terrein aanvaar sal word nie. Hier sal van wissels gebruik gemaak moet word.

Saam met die oninwisselbare papierstandaard het nog 'n ander vorm van geld ontwikkel, nl. krediet. Ons moet egter hier 'n regstelling maak: krediet was nie iets wat toe eers ontstaan het nie, maar dit was al van die vroegste tyd bekend. Die belofte om later vir goedere of dienste reeds gelewer te betaal, is lank reeds in gebruik. Die betaling geskied dan teen 'n vergoeding. Met die ontwikkeling van die papierstandaard, veral toe dit oninwisselbaar geword het, is daar baie meer van krediet gebruik gemaak en het dit vinnig uitgebrei.

Die kredietwese is veral toegepas deur die banke. Hier het die depositorekenings ontstaan waar krediet geskep kon word deur slegs inskrywings in die boeke van die bank te doen. Die betaling geskied in dié gevalle per tjek. Banke mag egter nie onbeperk hierdie soort krediet skep nie, aangesien hulle wetlik verbind is aan sekere minimumvereistes van 'n sekere persentasie wat tussen bates en laste gehandhaaf moet word, d.w.s. die depositoverpligtinge mag nie 'n sekere persentasie van die banke se bates oorskrei nie. In Suid-Afrika moet die banke volgens die jongste bankwetgewing¹⁾ die volgende in likwiede bates in stand hou:

- (i) 30 persent van sy korttermynverpligtings;
- (ii)...../76

1) Republiek van Suid-Afrika. Verslag van die Tegnieese komitee oor bank- en bouverenigingwetgewing. Pretoria, Staatsdrukker, 1964, p. 45.

- (ii) 20 persent van sy middeltermynverpligtings;
- (iii) 5 persent van sy langtermynverpligtings;
- (iv) 10 persent van sy verpligtings uit hoofde van aksepte en
- (v) n reserwesaldo van 8 persent by die Reserwebank in stand hou.

Hier kan dan gesien word dat die banke nie sommer in die moeilikheid kan raak nie, want die persentasies is na lange ondervinding op n veilige grens vasgestel. Hierdie geld het baie meer vertroue vereis as wat die geval met note is. Daarom is dit nog dat hierdie vertroue bewaar moet word. Deur n oormatige uitbreiding van krediet kan daar ook sterk inflasie ontstaan. Dit is hierdie sake wat sulke maatreëls soos hierbo genoem, vereis het.

Ons het nou kortliks gesien wat die goudwisselstandaard inhou. Dit word net weer genoem dat die standaard eintlik ontstaan het a.g.v. die tekortkominge van die gouden goudkernstandaard en dit was hoofsaaklik n tekort aan genoegsame betaalmiddele. Die vraag is nou: hoe funksioneer die goudwisselstandaard om bg. probleme te bekamp?

d. Die werking en funksie van die goudwisselstandaard:

Die grootste probleem van die goudwisselstandaard wat nie by die goudstandaard geld nie, is die fluktuasie in wisselkoerse. Die e.g. land se stelsel is gewoonlik gebaseer op die lg. stelsel, maar nou word wisselkoerse onder die goudwisselstandaard vas bepaal t.o.v. die goudstandaard en enige fluktuasie van lg. word vanselfsprekend weerspieël in die goudwisselstandaardland. Dit kan tot groot winste of verliese in hierdie land lei. Hierdie onstabiliteit moet dan as addisionele las deur die twee betrokke lande se in- en uitvoerders gedra word¹⁾. Die probleem word dan nog verder vergroot as die goudwisselstandaardland afhanklik is van n ander land, bv. soos die Britse kolonies afhanklik was van Brittanje²⁾. Ons kan dus sê dat solank die een land se geld op die goudstandaard gebaseer is, sal die ander land op die goudwisselstandaard sy geld ook laat bind deur die verhouding in die goudstandaardland³⁾.

Die belangrikste vereiste wat nagekom moet word,
is...../77

1) Kilborne, R.D. Principles of money and banking, p. 46.

2) Ibid.

3) Hawtrey, R.G. The gold standard in theory and practice, p. 99.

is dat daar n goudreserwe gehou moet word, hetsy in die binne-, buiteland of albei. Dit dien dan as sekuriteit op die land se note-uitgifte. Ons het reeds gesien dat hierdie goud deur die sentrale bank bewaar word en dat n sekere persentasie t.o.v. die uitgifte volgens wet gehandhaaf moet word. Dit is egter nie al waarvoor die goud gebruik word nie - dit word ook gebruik om invoere mee te betaal en dan word daar weer goud ontvang as betaling vir uitvoere.

Die vraag is nou: hoe geskied die betalings en ontvangstes onder die goudwisselstandaard? Indien n land met hierdie standaard nie oor n eie goudvoorraad beskik nie, sal die volgende plaasvind waar daar geld op invoere geskuld word: daar word n wissel aan die skuldeiser uitgereik. Hierdie wissel kan dan by die goudstandaardland teen goud ingewissel word indien die betrokke land dit wil doen. Baie keer word dieselfde wissel deur die betrokke land aan n ander gegee wat weer miskien uitvoere van die goudwisselstandaardland moet betaal. Die hele internasionale betalingsverkeer verander dan na slegs die gebruik van bewyse. Dit vereis in die eerste plek n goeie mark waar hierdie verhandelbare papier ver- of aangekoop kan word. Verder is dit ook noodsaaklik dat die wisselkoerse vasgestel moet wees. Hierdie vaste wisselkoerse bring mee dat beplanning aangaande toekomstige betalings en ontvangstes gedoen kan word. Hier word dan glad nie goud van een land na n ander verskeep nie. Dit beteken dat die verskillende sentrale banke bereid moet wees om die vreemde valuta aan te koop of te verkoop teen so n koers dat dit nie sal betaal om goud in of uit te voer nie¹⁾. Selfs indien die land wel in besit van n goudvoorraad is, sal daar heelwaarskynlik nog van wissels gebruik gemaak word, omdat verskeping van goud eintlik n verkleining van reserwes kan meebring. Ook belangrik is dat wissels soms maklik aanvaarbaar is, omdat daar n sekere rente op verdien kan word. Wissels hou dus die moontlikheid in dat dit betalend kan wees.

Die goudwisselstandaard is egter n stelsel wat heeltemal goed werk, maar net solank toestande in die goudstandaardlande normaal is²⁾. Verder sal baie lande verkies om in elk geval maar n reserwe aan te hou omdat die afhanklikheid van die goudstandaardland dan minder gevoel word.

Die...../78

1) Kilborne, R.D. Principles of money and banking, p. 53.

2) Hawtrey, R.G. The gold standard in theory and practice, p. 104.

Die land op die goudwisselstandaard probeer dan om die voordeel van die goudstandaard te behou sonder dat die bestaan van 'n voldoende reserwe essensieel is. Dit is wel moontlik¹⁾. Die sentrale bank moet egter sorg dat die pariteit van die geldeenheid gehandhaaf word. Hierdeur word die wisselkoerse dan vasgepen.

Wat die binnelandse funksie en werking van die goudwisselstandaard betref, is dit nodig dat ons meer op die soorte geld in die binneland moet let. Die eerste waarna ons weer eens verwys, is die gebruik van note. Daar die vereiste van volle dekking van note nie meer geld nie, kan dus meer note uitgereik word as wat die goudvoorraad kan dek. Die note doen dan dieselfde diens as die goudmunte vroeër. Omdat die owerhede die note as wettige betaalmiddel verklaar, is dit maklik aanvaarbaar. Naderhand word die note egter meer uit gewoonte as iets anders aanvaar. Dit het wel al gebeur dat die publiek geweier het om die oninwisselbare papier as geld te aanvaar, bv. in Kalifornië²⁾. Sulke geld wat die owerheid as wettige betaalmiddel beskou, word chartaalgeld genoem. Die eenhede van uitgifte word gerieflik gekies om betaling te vergemaklik. Die funksies van die note is reeds genoem, nl. dit is makliker vervoerbaar as goudmunte weens die vorm en gewig, en die bewaring en verpakking is om dieselfde rede ook makliker. Die belangrikste funksie van die papiergeld lê egter daarin dat dit die munte in omloop so aanvul dat daar aan die vereistes van die handel voldoen kan word. Op die gevaar van note-uitgifte is reeds gewys: oormatige uitreiking kan tot inflasie lei wat ekonomies erg nadelig vir enige volkshuishouding sal wees.

Maar in die binneland was die note nie die enigste vorm van papiergeld nie. Hier is ook gebruik gemaak van die giralegeld - dit is geld wat grotendeels op vertroue berus³⁾. Die geld is selfs internasionaal gebruik.

Hierbo is net die bemiddelaarsfunksie van die banke beskryf, maar giralegeld het nog 'n ander vorm aangeneem waarby die banke ook 'n belangrike rol vervul en wat ook reeds genoem is: krediet. Dit is veral op hierdie gebied waar die internasionale terrein betree word. Waar daar

reeds...../79

1) Korteweg, S. & Keesing, F.A.G. Het moderne geldwezen, p. 225.

2) Kilborne, R.D. Principles of money and banking, p. 60.

3) Vir vollediger bespreking van giralegeld in die vorm van depositorekeninge sien hierdie hoofstuk paragraaf 5.b., p. 70.

reeds van vertroue sprake was by die depositorekeninge, is hierdie geldvorm nog meer op vertroue gebaseer. Dit is bekend as 'n baie ou gebruik. Hier gee die bank bv. die reg aan 'n persoon om meer te betaal aan skuldeisers as waaroor sy rekening in die bank beskik. Op internasionale gebied word daar gewoonlik 'n wissel (met die belofte van latere betaling) uitgereik. Dit is moontlik dat die land wat die wissel uitgereik het by die vervaldatum 'n wissel van sy skuldeisers ontvang, en dan kan die twee wissels teen mekaar afgewees word. Op die manier hoef daar nie van geld gebruik gemaak te word nie. In die gewone handel tref ons weer ander vorme van krediet aan: daar word aan die verbruiker die reg gegee om goedere te koop en dan 'n maand, drie maande, 'n jaar of selfs nog langer, later te betaal. Dit is hierby dat die huurkoopstelsel aansluit. Ons moet egter in aanmerking neem dat alle kredietverlening nie geldskepping is nie, soos waar kredietverlening nie meer koopkrag in die geldstroom verteenwoordig nie, bv. wanneer een lening teruggetrek word vir 'n ander. Die omgekeerde is natuurlik ook waar: alle geldskepping is nie kredietverlening nie, bv. die nuwe munte en note wat in omloop gebring word. 'n Saak van uiterste belang is dat krediet eers na bewys van voldoende sekuriteit verleen behoort te word. Die krediet word ook gewoonlik teen 'n sekere vergoeding verleen.

Ons moderne wêreld is ondenkbaar sonder krediet, maar die inherente gevaar van so 'n stelsel is baie groot, want die beheer van krediet is uiters moeilik. Oormatige kredietverlening is byna 'n direkte oorsaak van inflasie. Hierdeur kom onbeperkte koopkrag in die hande van aanvraers en dit verhoog die aanvraag sodanig dat die aanbod net nie kan tred hou nie. Dit bring 'n stygende prystendens met groot onstabiliteit in die ekonomie mee. Die stygende neiging kan baie skerp wees (as daar geweldig baie krediet beskikbaar is) en byna net so vinnig omslaan in 'n dalende neiging (as daar baie min betaalmiddele is). Hawtrey se idee van bankkrediet is: "bank credit has become the principal medium of payment"¹⁾. Hier moet ons dit weer beklemtoon: die belangrikheid van krediet kan nie buite rekening gelaat word nie, maar 'n goeie beheer daarvan is uiters noodsaaklik.

Die outoriteit wat 'n baie belangrike rol in die
beheer...../80

1) Hawtrey, R.G. The gold standard in theory in practice, p. 7.

beheer van 'n land se geld- en kredietwese speel, is die sentrale bank. Deur wetgewing word die mag aan die sentrale bank gegee om die minimum reserwe-vereistes t.o.v. die uitgifte van note te handhaaf. Die verpligtinge van die banke is ook reeds genoem in dié verband¹⁾. Die sentrale bank moet toesig hou oor die stabiliteit van die ekonomie van die land. In tye van uitbreiding moet daar sulke reëlins getref word dat die uitbreiding nie te vinnig geskied nie, terwyl die teenoorgestelde politiek in tye van inkrumping gevolg word. Middels wat die sentrale bank gebruik om die handelsbanke en ander finansiële instellings te beheer, is o.a. die diskontokoersbeleid, opemarktransaksies, direkte beheer van krediet, direkte optrede, morele invloed, publisiteit en wysiginge in minimum reserwe-vereistes. Indien die sentrale bank dan 'n goeie beleid volg van 'n redelike groeikoers, maar nie oormatige uitbreiding nie, kan die krediet 'n goeie doel dien.

'n Belangrike deel van die sentrale bank se taak lê veral in sy optrede in die internasionale politiek t.o.v. die ekonomie opgesluit. Dit is sy taak om die vaste wisselkoers te handhaaf onder die goudwisselstandaard en toe te sien dat alle verpligtings nagekom word; dat die buitelandse goud- en valuta-reserwes nie benede die minimumpeil daal nie en dat die nodige in- en uitvoere van goud kan geskied. Die belangrike rol van die sentrale bank in die goudwisselstandaard kan dus nie oorbeklemtoon word nie en die suksesvolle gebruik van die standaard is veral gebaseer op die gesonde beleid en toesig van die sentrale bank.

e. Die voor- en nadele van die goudwisselstandaard:

Die vernaamste voor- en nadele van hierdie standaard kan soos volg saamgevat word:

(i) Voordele:

(a) Ideaal:

Die goudwisselstandaard het 'n ideale funksie vervul vir die lande wat nie aan al die vereistes van die goudstandaard kon voldoen nie. So bv. het baie lande nie 'n genoegsame goudvoorraad gehad vir monetêre doeleindes nie.

(b)...../81

1) Vir vollediger beskrywing sien hierdie hoofstuk, paragraaf 5.c., pp. 75 - 76.

(b) Wisselkoerse:

Hierdie word as n belangrike voordeel beskou, omdat daar n vermindering of n algehele verdwyning in die wisselkoersfluktuasies tussen lande op die goudwissel- en goudstandaard plaasvind¹⁾. Enige bedryf hou n mate van risiko in wat net baie meer beklemtoon word deur fluktuierende wisselkoerse. Dit bring groot koste mee om voorsiening te maak vir die risiko deur hierdie fluktuasies. Indien die wisselkoerse nou vasgepen is soos onder die goudwisselstandaard, kan buitelandse handel gestabiliseer word²⁾.

(c) Ekonomiese voordeel:

Eie munte en note word hoofsaaklik net vir huishoudelike gebruik aangewend, terwyl die goud dan uitsluitlik vir die internasionale handels- en betalingsverkeer gebruik kan word. Dit hou ook die ekonomiese voordeel in dat daar nie soveel onkoste is as by die geval waar goudmunte sirkuleer nie, omdat lg. duur is om te slaan. Goud is ook n baie sagte metaal. Dit bring n groot mate van slytasie by hantering van die munte mee. Die goudmunte se waarde sal dan gedurig depresieer en soms nogal vinnig ook. Onder die goudwisselstandaard verdwyn die goudmunte heeltemal van die toneel. Dit hou dan ook die voordeel in dat daar meer goudreserwes beskikbaar is vir internasionale handel.

In goudstandaardlande vind daar n oop-
potting van goud plaas sodra daar enige skommelinge in die ekonomie teenwoordig is. Dit is baie duur om sulke goudreserwes te bewaar omdat dit dan nie produktief aangewend kan word nie. Dit verminder ook die monetêre reserwe, soms in so n mate dat die reserwe aangevul moet word. By die goudwisselstandaard word die probleem uitgeskakel, omdat die goud glad nie in die gewone omloop aangetref word nie.

(d) Reserwes:

Hierdie voordeel sluit aan by die vorige. Deurdat daar minder goud in omloop is, is daar meer goud beskikbaar vir monetêre reserwes. Die ongebruikte reserwes (wat as dekking vir munte en note in omloop gedien het) kan nou meer produktief aangewend word, sê maar in hates wat inkomste kan verdien³⁾. Vandag is die wetlike minimum goud wat sentrale banke as reserwe moet aanhou betreklik klein, bv. in Oostenryk was dit nodig dat slegs 5 persent reserwe in verhouding tot verpligtinge van die sentrale bank in goud gehou word⁴⁾.

Dit...../82

1) Kilborne, R.D. Principles of money and banking, p. 53.

2) Ibid.

3) Korteweg, S. & Keesing, F.A.G. Het moderne geldwezen, p. 224.

4) Kilborne, op.cit., p. 54.

Dit is vandag die algemene gebruik dat die reserwe goud vir internasionale transaksies op so 'n peil gehou word dat slegs die lopende transaksies nagekom kan word sonder dat die minimum reserwe as dekking vir munte en note te klein word. Sommige ekonome beweër dat die produksie van goud ook sal afneem as daar minder gebruik van gemaak word sodat die produksiemiddele wat hier aangewend is in ander produktiewe rigtings gestuur kan word¹⁾.

(e) Stabiliteit:

Die goudwisselstandaard neig tot meer stabiliteit as baie ander stelsels²⁾. Dit word verklaar deur die feit dat goud nog as basis vir die ekonomiese lewe dien en dat die goudwisselstandaard wêreldwyd toegepas word. Daardeur kan miskien 'n redelike eenvormigheid op die wêreldpryspeil verwag word.

(f) Geldwaarde:

Die waarde van geld kan op die peil gebring word waar pryse en koste in ewewig is³⁾. Hierdeur kan werkloosheid beperk word. Die waarde word dan t.o.v. goedere en nie goud nie, bepaal. Die groot probleem is egter om so 'n pryspeil vas te stel - dit is byna 'n onbegonne taak.

(g) Hanteerbaarheid:

Die wissels, skatkis papier, note en tjeks is baie makliker hanteerbaar as wat die geval ooit met munte was⁴⁾. Dit vermindert die koste van vervoer. Die probleem van bewaring word ook ver-

(ii) Nadele:

(a) Waardevermindering:

In baie lande waar 'n silwerstandaard was en dié standaard gekoppel is aan die goudstandaard van 'n ander land, het daar 'n geweldige styging in die prys van silwer plaasgevind. Dit was dan gewoonlik die oorsaak vir die gebruik van silwer as oppottingsmiddel in dié land. Silwer munte het dan heeltemal van die toneel verdwyn, soos die geval in Indië was⁵⁾.

Verder word daar steeds 'n waardevermindering in geldwaarde ondervind deur die goudwisselstandaard. Hierdie depresiasie word op omtrent 2 persent jaarliks geskat. Die oorsaak daarvan word by die oninwisselbaarheid van...../83

1) Kilborne, R.D. Principles of money and banking, p. 54.

2) Id., p. 55.

3) Hawtrey, R.G. The gold standard in theory and practice, p. 208.

4) Korteweg, S. & Keesing, F.A.G. Het moderne geldwezen, p. 224.

5) Kilborne, op.cit., p. 55.

Dit beteken dat krediet wat deur die een land toegestaan word weer in dieselfde land aangewend om goedere te koop. Dan word die krediet eintlik twee maal gebruik en sodoende word krediet „n magtige instrument van wêreldwye inflasie wanneer daar groot internasionale kapitaallyoci van die land met „sleutelvalutas' voorkom" ¹⁾. Hiermee stem ons volkome saam - die goudwisselstandaard hou n inflasie-gevaar in. Om bg. dubbele struktuur van krediet duideliker te illustreer: geld wat deur n goudstandaardland aan n land op die goudwisselstandaard geleen word, sal uiteindelik weer na die goudstandaardland terugvloei. Die ontvangs van hierdie valuta sal nie so n groot uitbreidende gevolg vir die goudstandaardland hê as wat die geval met die ontvangs van goud sou wees nie. In die goudwisselstandaardland sal die uitvloei van die vreemde valuta ook nie dieselfde inkrimpande gevolg hê as wat ²⁾ die uitvoer van goud sou meebring het nie ²⁾.

(f) Beleid:

Goudstandaardlande moet gedurig daarmee rekening hou dat daar lande is wat hulle geldstelsels aan die goudstandaard gekoppel het. Dit bring n mate van verpligting mee vir die goudstandaardland, want sy beleid moet altyd so bepaal word dat dié van die goudwisselstandaardland in ag geneem word. Want word daar bv. in e.g. land n uitbreidingspolitiek gevolg, sal dit tot dieselfde gevolg lei in lg. land.

(g) Samewerking:

Die goudwisselstandaard lei tot blokvorming ³⁾, soos bv. die sterlingblok. Hierdie blok het met die afstap van die goudstandaard onder Brittanje ontwikkel. Hoewel dit voordele vir die groep lande wat daaraan behoort inhou, word vryhandel in n groot mate beperk. Die nadele wat hiermee gepaard gaan, oorskadu die enkele voordele. n Enkele voorbeeld is dat die toegewings wat t.o.v. sekere lande gemaak moet word, n ontwikkelende land baie swaar kan tref.

(h) Outomatiese werking:

Waar betalingsbalanstekorte en -oorskotte by die goudstandaard deur die goudvloeimeganisme op semi-outomatiese wyse reggestel is deurdat die interne koopkrag vermeerder of verminder het, geld dit glad nie vir die goudwisselstandaard nie. By lg. stelsel moet allerhande beperkingsmaatreëls toegepas word om regstellings te doen. Hier is dus glad nie sprake van n outomatiese werking nie.

f. Slot:

Dit...../85

- 1) Erasmus, D.P. Die plek van goud in die huidige internasionale monetêre stelsel en die rol wat dit kan speel in die herstel van die internasionale monetêre orde. Koers, 1964, 32:114.
- 2) Halm, G.N. Economics of money and banking, p. 486.
- 3) Ibid.

Dit het nou duidelik geword hoe die goudwisselstandaard met sy oninwisselbare papier en sy krediet fungeer. Ons kry ook 'n idee van die rigting waarin die stelsel ontwikkel. Die goudwisselstandaard het in baie gevalle 'n mededinging tussen die metaalstandaarde, nl. goud en silwer, veroorsaak. Hoewel papiergeld heeltemal algemeen gebruik word, is daar eintlik nog nie groot gevaar dat dit as 'n moontlike permanente standaard beskou kan word nie, volgens Hawtrey¹⁾. Hierdie papierstandaard het alreeds probleme gelewer en die vraag bestaan of dit in die snelle ekonomiese lewe van vandag nog sal standhou²⁾.

Deur die kredietskeppende vermoë van die goudwisselstandaard, het ons vandag met 'n heel nuwe probleem te doen, nl. die likiditeit op die gebied van internasionale en nasionale reserwes. Die lande het al soveel krediet verleen, binne- sowel as buitelands, dat die voorraad reserwes ontoereikend geword het en dit op een of ander manier aangevul moet word. Voorlopig sal ons hierdie probleem daar laat, aangesien dit in hoofstuk V volledig bespreek sal word. Dit was egter nodig om die goudwisselstandaard te bespreek om te sien hoe hierdie likiditeitsprobleem ontstaan het en watter gevaar dit deur die bedreiging van die internasionale betalingsverkeer vir die internasionale betalingsverkeer inhou. Tog vind ons dat sommige ekonome by die likiditeit glad nie 'n probleem sien nie. Daaroor ook later meer.

Voordat ons nou kan afstap van die verskillende standaarde, is dit nodig dat ons in die volgende paragraaf kortliks aandag gee aan die laaste van die standaarde, nl. die goudreserwestandaard. Dit hou ook nou verband met die voorafgaande paragrawe en behoort vir ons aan te dui hoe daar gepoog is om 'n stelsel te vind wat werklik aan alle behoeftes sal voldoen, plaaslik en internasionaal.

6. Die goudreserwestandaard:

a. Algemeen:

Ofskoon hierdie standaard nie so bekend was soos die voriges nie, is dit tog van belang om dit van nader te besien, omdat dit 'n beginsel in die internasionale betalingsverkeer...../86

1) Hawtrey, R.G. The gold standard in theory and practice, p. 74.

2) Tew, B. International monetary co-operation; 5th rev. ed. Hutchinson University Library, 1960, p. 179.

verkeer gestel het wat selfs vandag nog in gebruik is. Met hierdie stelsel is ook gepoog om die probleme van voriges uit te skakel. Hierdie stelsel het in dieselfde tydperk as die goudwisselstandaard ontwikkel. Die goudwisselstandaard het egter bly voortbestaan, terwyl die goudreserwestandaard heeltemal op die agtergrond geskuif is. Omdat die stelsel so n kort bestaan gehad het, is die gegewens daaroor taamlik beperk. Ons beskou die stelsel slegs in die algemeen.

b. Die goudreserwestandaard¹⁾:

Die goudreserwestandaard het in 1936 tot stand gekom en het na n kort lewe aan die begin van die Tweede Wêreldoorlog verdwyn. Tot 1936, na die afstap van die goudstandaard, het die beweging van monetêre goud tussen die „Exchange Equalization Funds“²⁾ (voortaan valuta-vereffeningsfondse) van die verskillende lande plaasgevind. Dit was die taak van elkeen van hierdie fondse om die buitelandse betaal- en ontvangstransaksies te doen en te sorg dat die land se reserwes steeds likied bly. Om hierdie taak te volvoer is aan elke fonds sy eie bates gegee waarmee valuta van ander lande en goud aangekoop kon word, d.w.s. hiermee kon op die valutamark opgetree word.

In September 1936 het Frankryk, Brittanje en die V.S.A. die „Tripartite Monetary Agreement“³⁾ gesluit. Dit was eintlik die ontstaan van die goudreserwestandaard. In November 1936 het België, Holland en Switserland hulle by die oorspronklike drie lande aangesluit. Hierdie stelsel sou dan met die valutavereffeningsfondse as basis fungeer. Dit sou ook met sukses uitgevoer kon word solank as wat die verskillende fondse se reserwes aan n sekere valuta nie uitgeput raak nie, m.a.w. sodra n fonds nie meer sy eie land se valuta kan voorsien nie, sou daar n verandering in die stelsel moes kom.

Die goudreserwestandaard werk kortliks soos volg: Sodra daar te veel valuta in besit van een van hierdie fondse kom deur bv. betaling vir meer uit- as invoere, kan die fonds van die besondere land aan wie uitgevoer word, eis dat van die valuta in goud omgesit word. Dié goud kan dan makliker as betaalmiddel aangewend word as wat die besondere

valuta...../87

1) Coulborn, W.A.L. A discussion of money, pp. 121 - 122.

2) Id., p. 121.

3) Ibid.

valuta gebruik sou kon word. Indien daar ncu soveel valuta aangebied word dat die besondere land nie al die valuta in goud kan omsit nie weens 'n te klein reserwe, sal die land weier om die valuta in goud om te sit. Sodra dit gebeur weier ander lande om nog van die valuta aan te koop en is die land dan verplig om sy geldwaarde te laat daal.

Hierdie valutavereffeningsfondse het afsonderlik opgetree. Verder is dit geheim gehou wat in die internasionale mark aangekoop of verkoop word. Daar is dus geen beleid van publisiteit gevolg nie. Ofskoon baie mense teen hierdie geheimhouding beswaar gehad het omdat dit maklik ongerymdhede in die hand werk, het dit tog die voordeel gehad dat dit bygedra het tot die doeltreffendheid van die stelsel, want dit skakel 'n sekere element van onsekerheid uit deurdat spekulante nie juis gegewens gehad het waarop hulle hulle verwagtings kon baseer nie. Mettertyd het 'n meerderheid lande van die goudreserwestandaard gebruik gemaak.

Die uiteindelijke doel van die stelsel was gerig op stabilisasie, nie net van die internasionale betalingsverkeer nie, maar ook van die binnelandse¹⁾. By 'n oormaat invoere het die goudvoorraad verminder met die gevolg dat die koopkrag ook verminder het, en dit het noodwendig 'n vermindering in die invoere gebring. Op internasionale gebied het die stelsel die wisselkoerse gestabiliseer sonder dat daar groot skommeling in die rentekoerse voorgekom het. Ofskoon die grense van skommeling vir die wisselkoerse nie so vas gestaan het soos die geval met die goudstandaard was nie, het die goudreserwestandaard darem tog verhoad dat daar 'n skielike groot verandering in die wisselkoerse plaasvind. Die stelsel het ook die probleem wat soms by die goudstandaard voorgekom het, uitgeskakel, nl. styging in pryse, want Coulborn sê dat daar by die goudreserwestandaard nie so 'n groot probleem is om pryse laag te hou soos by die goudstandaard nie²⁾. Devaluasie kon ook onder die goudreserwestandaard plaasvind sonder dat 'n aantal lande noodwendig dieselfde stap sal neem³⁾.

Gedurende die tydperk van die goudreserwestandaard
was...../88

-
- 1) Williams, J.H. Postwar monetary plans and other essays; 3rd ed, rev. and enlarged. New York, Knopf, 1947, p. 209.
 - 2) Coulborn, W.A.L. A discussion of money, p. 122.
 - 3) Williams, op.cit., p. 220.

was die goudprys in die meeste van die lande nie vasgestel nie. Hier het n mate van elastisiteit in die stelsel gekom wat selfs onder die goudstandaard sou wees¹⁾.

Die stelsel het met redelike sukses gewerk tot met die begin van die Tweede Wêreldoorlog. Daarna is al-
lerhande kontroles toegepas wat die vloei van valuta en goud tussen lande byna onmoontlik gemaak het.

Ons kan die goudreserwestandaard kortliks so be-
skou: dit is n reserwe wat elke land aanhou in die vorm van valuta en goud van sy eie en van ander lande. Hierdie re-
serwe kan dan gebruik word om skulde deur die betaling van vreemde valuta te vereffen. Word die reserwe ontoereikend, moet die waarde van die geldeenheid daal. Dit is duidelik dat elke land se geldeenheid nog aan een of ander waarde-
maatstaf gekoppel moes wees. Verder het die stelsel ook die voordeel ingehou dat daar nie soveel goud nodig was om as re-
serwe te dien soos die geval by die goudwissel- en goudstan-
daard was nie. Die nadeel was dat die stelsel tog maar on-
stabiel was deurdat daar maklik tot devaluasie oorgegaan kon word. Verder was alle lande ook nie by hierdie stel-
sel ingesluit nie en was voordele dus beperk tot sekere ge-
biede.

c. Slot:

Die groot waarde van die goudreserwestandaard lê vir ons daarin dat dit alreeds die rigting aangedui het wat in die toekoms gevolg sou word: dié van monetêre samewerking. Die ooreenkoms tussen die verskeie lande in 1936, al was dit net vir n kort tydperk, was die begin van nog baie soortgelyke ooreenkomste op internasionale monetêre gebied.

7. Samevatting:

In hierdie hoofstuk het ons by al die verskillende internasionale monetêre standarde stilgestaan. In die eerste plek was daar die goudstandaard wat met sy semi-
outomatiese herstellingsproses die ekonomie stabiliseer. In dieselfde verband is daar die bimetallisme wat dieselfde doeleindes as die goudstandaard bereik deur van twee metale gebruik te maak. Die eise word egter te straf en daar moet na n ander stelsel gesoek word. Die eerste oplossing is

dan...../89

1) Coulborn, W.A.L. A discussion of money, p. 122.

dan die goudkernstandaard, maar die stelsel was ook nog te na aan die goudstandaard. Daarom word uiteindelik oorgeskakel na die goudwisselstandaard waar daar geen inwisselbaarheid in goud van munte en note bestaan nie - dit is die stelsel wat ons vandag ken. In dieselfde tyd het egter ook 'n ander stelsel in werking gekom, nl. die goudreserwestandaard. Hierdie stelsel wat hoofsaaklik op 'n klein goudreserwe gebaseer is, het egter net kon voortbestaan tot die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog.

Hiermee het ons nou aan die einde van die tweede afdeling en eerste deel van die skripsie gekom, waar ons eers kon sien wat geld is, waaruit dit bestaan en hoe dit internasionaal gebruik word. Wat veral uit die tweede afdeling geblyk het, was dat daar 'n internasionale likiditeitsprobleem t.o.v. reserwes bestaan - dit blyk duidelik uit die verskillende monetêre standarde wat mekaar opgevolg het. Hierby hou dit egter nie op nie, want nadat die „Tripartite Monetary Agreement" in 1936 en die Internasionale Bank vir Rekonstruksie en Ontwikkeling in 1930 tot stand gekom het, het al hoe meer planne vir ekonomiese samewerking na vore gekom. Hierdie planne was en is hoofsaaklik op 'n verbetering van die internasionale likiditeitsposisie gemik. Die vraag is egter: hoe word die likiditeitsposisie bepaal en wat hou dit in? Op hierdie vrae en die moontlike oplossings daarvoor sal ons in Deel II let.

DEEL II

DIE VERSKILLENDE

PLANNE VIR DIE

HERSTEL VAN DIE MONETÊRE ORDE

HOOFSTUK VLIKIDITEIT1. Inleiding:

Tot dusver was ons gemoeid met die ontstaan en ontwikkeling van geld en die verskillende soorte geldstelsels wat op internasionale gebied gebruik is. Dit het duidelik geblyk dat al die geldstelsels, internasionaal en plaaslik, ontstaan het om aan sekere behoeftes van die handel te voldoen waarvoor daar vroeër nog nie 'n middel gevind is nie. Dit bring mee dat die antwoord op die vraag hoekom daar nie by 'n enkele stelsel gebly is nie, voor die hand liggend is: met die uitbreiding van die handel het daar altyd nuwe behoeftes ontstaan wat die bestaande stelsels bemoeilik en onprakties gemaak het. Daarom dat ons so 'n verskeidenheid van geldsoorte en -stelsels met die verloop van tyd gekry het. Sommige van die stelsels het byna aan al die vereistes voldoen, of selfs vir 'n tyd heeltemal die bestaande behoeftes bevredig. Dit het egter nie algemeen gegeld nie en daar is steeds ruimte vir verbetering op die stelsels gevind.

Dit bring ons by die tweede deel van hierdie skripsie, waar ons ons toespits op die huidige monetêre probleme. In ons tyd word besonder baie aandag bestee aan die verbetering van die monetêre toestand en heelwat planne daarvoor is reeds aan die hand gedoen. Baie van die planne beoog ook 'n oplossing op die langtermyn. Ander is weer daarop gemik om die „sleutelvalutas" te beskerm of te versterk. Wat ook al die planne se doeleindes is, kom dit in hoofsaak by almal op dieselfde vraagstuk neer, nl. likiditeit op nasionale en internasionale gebied.

Nou is dit duidelik dat ons eers aandag aan die begrip „likiditeit" moet skenk voordat ons die verskillende monetêre planne kan bespreek. Die probleem kom kortliks daarop neer dat lande vandag makliker by mekaar in die skuld raak deur wedersydse invoere, as 'n aantal jare gelede. Dit word natuurlik meegebring deurdat vervoer en ander kommunikasiemiddels soveel verbeter het. Elke land moet egter in staat wees of oor die vermoë beskik om sy verpligtinge na te kom. Die meeste ekonome stel hierdie vermoë

van lande as likiditeit. Kan lande nou werklik hulle verpligtinge nakom, m.a.w. is daar wel n likiditeitsvraagstuk? Vir n antwoord op hierdie vraag is dit nodig dat ons eers presies weet wat met likiditeit bedoel word.

2. Omskrywing van likiditeit:

Om die begrip sonder meer te omskryf, is werklik moeilik. Dit wil voorkom asof die begrip „likiditeit“ vir die eerste keer deur Keynes gebruik is. Dit is egter gou deur die wêreld aanvaar en binnelands sowel as internasionaal dikwels gebruik. Ey die omskrywing van die begrip is dit dan nodig om eers die betekenis wat binnelands daaraan geheg word te beskou om daarna weer meer aandag aan die internasionale aspek daarvan te gee. Ons sal eers op verskillende skrywers se beskouings let.

Volgens Keynes beteken likiditeit die besit van bates wat maklik realiseerbaar is in betaalmiddele sonder enige verlies¹⁾. Harrod stem egter nie heeltemal hiermee saam nie en beskou so n bate slegs as bemarkbaar en wil likiditeit dan omskryf as „characteristic which is only possessed by perfectly marketable assets; but that they do not possess that characteristic to the same extent“²⁾. Verder kan die balansstaat ook likied wees: „it is a judgement of the adequacy of the liquid assets that are compromised in it to meet the claims, of whatever kinds, that may be made of them“³⁾. In dieselfde verband beskryf Benjamin Cohen likiditeit in die algemeen as n begrip „to describe the balance sheet and income position of an economic unit“⁴⁾. Die likiditeit hang hier nie net van die bates af nie, maar veel eerder van die verhouding van die bates tot die laste. Likiditeit kan ons dan beskryf as die vermoë van enige ekonomiese eenheid om sy verpligtinge na te kom, of om middele onmiddellik te bekom om sy verpligtinge na te kom. Enige persoon sal dus sy geldelike posisie so wil handhaaf dat sy bates so maklik moontlik realiseerbaar is en dat hy steeds in genoegsame mate oor sodanige middele sal beskik. Indien dit wel geld, is die persoon se finansiële posisie likied. Likiditeit soos hierbo gestel, lewer dan eintlik geen probleem...../93

1) Hicks, J.R. Liquidity. The Economic Journal, 72:789, 1962.

2) Ibid.

3) Ibid.

4) Cohen, B.J. A note on the definition of international liquidity. Economica Internazionale, 17:492, 1964.

bleem nie, maar sodra ons die mark en veral die internasionale mark betree, verhoog die moeilikheid aansienlik. Dan ontstaan sulke vrae soos: Watter bates is maklik realiseerbaar? Watter betaalmiddele is algemeen aanvaarbaar? Nog talle vrae kan opduik en daarom word dit steeds moeiliker om internasionale likiditeit te definieer, ofskoon feitlik elke skrywer n definisie daarvoor beskikbaar het.

Vir die individuele land kan internasionale likiditeit gestel word as: „the command of its monetary authority over foreign exchange for use in intervening in the foreign exchange market to support the value of its currency”¹⁾. Enige monetêre owerheid sal tussenbeide tree om sy land se geld te beskerm of om sy ekonomiese beleid t.o.v. die binneland ten uitvoer te bring. Die uitvoering van ekonomiese beleid kan versnel of vertraag word deur bv. die betalingsbalans te beïnvloed. Hierdeur word die wisselkoerse beïnvloed wat weer die land se reserweposisie raak. Vir baie ekonome gaan dit by likiditeit egter slegs om die reserweposisie. n Aantal ekonome het bv. ooreengekom om die begrip internasionale likiditeit van n land tot die volgende te beperk: „the sum of owned reserves and unconditional drawing rights”²⁾. Grubel sê weer dat die meeste skrywers met likiditeit die internasionaal aanvaarbare voorraad betaalmiddele wat n stabiele en voorspelbare waarde het, bedoel³⁾. So n voorraad vorm dan die land se reserwes. Die reserwes bepaal dus die likiditeit. Volgens die Radcliffe Rapport word geld as deel van die wyer struktuur van likiditeit gesien, waar alle betalingsbesluite aan likiditeit verbonde is, want die besluit tot besteding hang af van die hoeveelheid fondse beskikbaar en die moontlikheid van die verkryging daarvan⁴⁾. Die fondse en die verkryging hang weer van die soorte bates af. Likiditeit hang dus af van die toegang tot fondse deur die aangaan van lenings of die verkoop van bates. Dit dui dan weer op twee aspekte by likiditeit: aan die een kant is daar n voorraad en aan die ander kant is daar vloeibare fondse⁵⁾. Daarom is die soort bate van groot belang. In hierdie verband is daar weer

twee...../94

- 1) Anon. Report on the deliberations of an international study group of 32 economists. International monetary arrangements: the problem of choice. Princeton University, 1964, p. 3.
- 2) Id., p. 31.
- 3) Grubel, H.G., red. World monetary reform. Stanford, University Press, 1963, p. 3.
- 4) Gaskin, M. Liquidity and the monetary mechanism. Oxford Economic Papers, 12:267, 1960.
- 5) Id., p. 276.

twee faktore van belang, nl. die tydspanne en die konvertibiliteit.

Cohen sê dat waar daar in die gewone handel in die binneland gelet word op die behoefte aan geldvoorraad en die hoeveelheid volgens vraag en aanbod bepaal word, moet die vraag en aanbod van reserwes op internasionale gebied ook vergelyk word om die mate van likiditeit te bepaal¹⁾. Die aanbod van internasionale reserwes kan beskou word as die som van die offisiële saldo's van 'n land se goud en buitelandse valuta. Die internasionale likiditeit word dan aangedui deur die behoefte aan betalingsmiddele te vergelyk met bestaande reserwes. Die behoefte aan internasionale likiditeit kan beskou word as die som van alle lande se vraag na likiede fondse²⁾.

Horsefield het ook amper dieselfde siening van internasionale likiditeit: „international liquidity' is the term given to the world supply of reserves of gold or of currencies which are freely usable internationally, such as dollars or sterling, plus facilities for borrowing these"³⁾. Die likiditeit bestaan dan in die eerste plek uit geldsoorte van ander lande en ook goud, omdat die goud maklik in enige valuta omgesit kan word, terwyl dit in die tweede plek bestaan uit die vermoë om te leen.

Ons kan so voortgaan om definisies van likiditeit te gee en sal steeds min of meer dieselfde omskrywing kry. Dit sal miskien goed wees om nog op Busschau⁴⁾ se omskrywing te let. Hy beskou 'n onderneming as likied wanneer die konstantposisie van die onderneming so is dat dit op die huidige oomblik al sy verpligtinge teenoor sy skuldeisers in aanvaarbare betaalmiddele kan nakom. Tussen verskillende lande verander die toestand egter, omdat lande nie mekaar se geldsoorte sonder meer wil aanvaar nie. Goud kan as betaalmiddel gevra word; daar dit die „only completely acceptable international money"⁵⁾ is. Daarom was daar onder die goudstandaard nie 'n verskil tussen nasionale en internasionale geld...../95

- 1) Cohen, B.J. A note on the definition of international liquidity. Economica Internazionale, 17:492, 1964.
- 2) Id., p. 494.
- 3) Horsefield, J.K. The functions and problems of international liquidity. S.A. Mining and Engineering Journal, 76:368, 1965.
- 4) Busschau, W.J. International liquidity. Commercial Opinion, 39:11, 1961.
- 5) Ibid.

geld nie. Is die geldsoort egter sonder twyfel en sonder onkoste omwisselbaar in goud, is dit net soos die gebruik van goud self. Dit was die geval met die dollar tot onlangs. Busschau sê dan ook: „the overall international liquidity depends on the relationship between the gold stock and the aggregate of the national money supply of the countries expressed in gold”¹⁾.

Op grond van die voorafgaande definisies kan likiditeit oor die algemeen besê word as die beskikkingsmag oor die nodig fondse, of die mag om sodanige fondse te bekom deur die aangaan van lenings of verkoop van bates om verpligtinge teenoor skuldeisers na te kom. Die fondse moet in sulke betaalmiddele gerealiseer word wat maklik deur die skuldeisers aanvaar sal word. Op internasionale gebied is hierdie fondse dan uitsluitlik die goud en buitelandse valutareserwes van offisiële aard. Die privaatkapitaal moet baie versigtig gehanteer word, aangesien dit meestal vir spekulatiewe doeleindes gebruik word. Die vermoë van ’n monetêre owerheid om fondse(goud of buitelandse valuta) te bekom, dra dan ook by tot sy likiede posisie. Die groot saak vir ’n monetêre owerheid is egter die handhawing van ’n reserwe om as waarborg vir sy likiditeitsposisie te dien.

3. Bestaan daar ’n likiditeitsprobleem?

a. Reserwes:

In die vorige paragraaf het ons telkens na „buitelandse valutareserwes, goud en ander bates” verwys. By die bespreking van die likiditeitsprobleem is dit wel nodig dat daar eers ten volle aandag gegee moet word aan wat hierdie reserwes, goud en al die verskillende bates is, aangesien die hele probleem om die reserweposisie van elke land en die wêreld as geheel draai.

Wanneer die goudreserwes van ’n land ontleed word, word nie net die goud wat in sy sentrale bank bewaar word in aanmerking geneem nie, maar ook die goud wat in ander lande se sentrale banke vir die eerste land bewaar word. In baie gevalle vereis lande dat hulle uitvoere in goud betaal moet word. Hierdie goud word nie noodwendig na die skuldeisende land gestuur nie, maar word dikwels in die skuldbetalende land se sentrale bank bewaar. Daar kan verskeie re-

des...../96

1) Busschau, W.J. Gold and international liquidity, p. 21.

des voor wees, dit is bv. goedkoper om die goud liewer daar te bewaar as wat dit versend moet word na waar daar groot risiko van diefstal of beskadiging teenwoordig is. Ook kan die goud daar bewaar word om dit gereed te hou vir toekomstige betalings. Saam met al hierdie goud word ook nog die „gold tranche“ van die IMF as deel van n land se goudreserwes in berekening gebring.

n Verdere deel van n land se bates is die buitelandse valutareserwes. Dit is al die deposito's wat n land in die sentrale bank of die handelsbanke van n vreemde land in die vorm van daardie land se valuta of selfs enige ander soort valuta besit. Hier kan nog bygevoeg word al die „foreign-currency obligations of foreign governments“¹⁾. Dit mag ook gebeur dat n land nie tevrede is om n deel van sy bates in die vorm van sulke bates te wil hou nie en vereis dat al die vreemde valuta moet omgesit word in goud. n Voorbeeld hiervan in die jongste tyd is Frankryk, wat vereis dat alle uitstaande balanse in goud vereffen moet word.

Al hierdie reserwes en bates vorm dan deel van n land se totale reserwes. Die beskikbaarheid van die reserwes bepaal die likiditeitsposisie van die land. Daar is egter nog n belangrike saak wat ook die likiditeitsposisie beïnvloed en dit is die vermoë van die land om reserwes te bekom. Dit is n saak wat natuurlik grootliks om die kredietwese van n land draai en dan in n wyer verband die hele wêreld se kredietwese daarby betrek. Hier kan krediet wat beskikbaar is om geleen te word, soos „stand-by credit“²⁾ van die IMF, ook bygereken word.

Nadat die verskillende soorte bates aangedui is, kan daar nou n onderskeid gemaak word tussen bruto en netto reserwes. Die bruto reserwes is dan al die bates ~~aan~~trekkings wat n land besit. Die netto reserwes is dan alles wat ingesluit is by die bruto reserwes minus die lopende verpligtinge aan ander monetêre outoriteite. Die reserwes kan ook verdeel word in eie, geleende en leenbare reserwes³⁾. Die eie en geleende reserwes is die reserwes waaroor die land reeds beskikkingsmag het. Die geleende en leenbare fondse word weer ingedeel volgens beskikbaarheid van sulke

fondse...../97

1) Anon. Report on the deliberations of an international study group of 32 economists. International monetary arrangements: the problem of choice, p. 30.

2) Ibid.

3) Ibid.

fondse en die termyns waarvoor beskikbaar. Reserwes kan ook deur spesiale lenings verkry word of verhoog word deur 'n beperkende monêre beleid te volg¹⁾. 'n Gebrek aan voldoende reserwes beteken 'n gebrek aan likiditeit, en hierdeur word die vrye vloei van transaksies tussen lande baie beperk.

Dit is wel nodig om die funksies wat hierdie reserwes vervul, nader te omskryf, sodat die behoefte aan reserwes in enige land duideliker kan word. Meeste ekonome voel dat dit nodig is om reserwes aan te hou om die ewewig op die betalingsbalans teen die heersende wisselkoers te handhaaf²⁾. Lande hou egter ook om dieselfde rede as privaat persone reserwes aan, nl. om likied te wees. Is daar 'n tekort op die betalingsbalans, kan die wisselkoerse verlaag word, die rentekoerse verhoog en lenings aangegaan word. Daar is nog talle ander stappe wat geneem kan word, maar hierdie is belangrik omdat dit direk betrekking het op reserwes. Verlaging van wisselkoers beteken duurder invoere en goedkoper uitvoere, waardeur invoere beperk en uitvoere uitgebrei word; verhoging van rentekoerse trek meer kapitaal aan en lenings wat aangegaan word laat kapitaal ook die land binnevloei. Die belangrikste rede vir die hou van reserwes kan dan daarin gesien word dat dit lande in staat stel om hulle wisselkoerse te reguleer³⁾. Daardeur word die vertroue in die geld van 'n land gehandhaaf en dit is baie belangrik vir die ekonomiese ontwikkeling van enige land dat sy geldwaarde stabiel moet bly. Die reserwes sal dan ook op 'n redelike peil gehandhaaf moet word. Alle lande sal graag internasionale reserwes wil besit en in so 'n mate dat die land se internasionale posisie steeds solvent is. Reserwes vervul van verskeie funksies⁴⁾:

- (i) Die reserwes word gebruik as 'n buffer om hoogkonjunktuur en depressie sover moontlik uit te skakel of so gelykmatig moontlik te laat verloop. Die reserwes word veral gebruik om konjunktorele invloede van die buiteland te beperk.
- (ii) Reserwes stel 'n land in staat om sy verpligtinge op die korttermyn by enige verandering in invoere na te kom.
- (iii) In aansluiting by (i) kan reserwes gebruik word...../98

1) Anon. Report on the deliberations of an international study group of 32 economists. International monetary arrangements: a problem of choice, p. 31.
 2) Shannon, I. The economic functions of gold. Melbourne, Cheshire, 1962, p. 43.
 3) Id., p. 46.
 4) Id., pp. 46 - 47.

word die konjunktuur in die binneland meer gelykmatig te laat verloop. Dit kom dus weer neer op die buffereffek.

Die buffereffek van reserwes is baie belangrik, omdat die groot lande 'n groot invloed uitoefen op die ekonomiese aktiwiteite van kleiner lande. Deur hierdie buffereffek kan die kleiner lande dan meer stabiliteit bereik, want enige skielike verandering by die groot land, natuurrampe of ander onverwagte faktore wat die ekonomie kan beïnvloed, kan met die reserwes beperk word. Dit geld dan nie net alleen invloede van buite nie, maar ook die van die binneland self.

Tot dusver het ons nou gesien waaruit die reserwes van 'n land bestaan en waarvoor hierdie reserwes gebruik word. Een funksie van die reserwes het egter nog nie ter sprake gekom nie: die reserwes dien ook as waarborg vir die sentrale bank op al die note en munte wat hy uitgee. In hierdie opsig mag die reserwes ook nie benede 'n sekere minimum daal nie. Hierdie verpligting moet steeds in berekening gebring word wanneer die likiditeitsposisie van 'n land bepaal word. Daar moet genoegsame reserwes beskikbaar wees om die internasionale reserweposisie likied te maak. Daarom sal dit nodig word dat ons die posisie van die wêreld statisties moet besien om vas te stel in watter mate daar wel aan behoeftes voldoen word, maar vooraf eers verskillende standpunte oor likiditeit.

Saam met Kane¹⁾ wil ons nou sê dat daar een of ander likiditeitsprobleem bestaan en selfs die meeste ekonome voel dit hieroor eens. Ons kan dit egter hier stel dat daar wel ekonome is wat op die oomblik geen tekort in likiditeit sien nie en ook nie 'n tekort in die nabye toekoms verwag nie. Manne soos Jacobsson, Bernstein, Zolotas, Wallich en Roosa stem hiermee saam. Ander voel egter glad nie gerus oor die huidige stelsel nie en voel bekommerd wanneer daar aan die toekoms gedink word. In hierdie verband kan die name van Harrod, Rueff, Heilperin, Busschau, ens. genoem word.

Om die likiede posisie van die wêreld te bepaal, is geen maklike taak nie en in die praktyk lewer dit talryke probleme. Triffin doen sy berekening van likiditeit deur die monetêre reserwes met die wêreldhandel te vergelyk²⁾.

Daar...../99

1) Kane, E.J. International liquidity: a probabilistic approach. Kyklos, 8:27, 1965.

2) Grubel, H.G., red. World monetary reform, p. 4.

Daardeur kom hy ook tot die gevolgtrekking dat daar wel 'n groot tekort op die likiditeitsfront bestaan.

Vervolgens bepaal ons die aandag by die goudvoorrade, -produksie en die posisie van die V.S.A. om te bepaal of reserwes wel voldoende is.

b. Goudproduksie en -voorrade:

'n Redelike duidelike beeld van die likiditeitsprobleem word verkry wanneer die toename in die goudproduksie vergelyk word met die toename in die internasionale handel. Vir die afgelope 20 jaar toon die wêreldhandel 'n toename van ongeveer 4 persent per jaar, terwyl dit vroeër in die omgewing van 2 persent was¹⁾. Vir die snelle vooruitgang van die handel op internasionale gebied, beteken dit dat daar 'n toename in reserwes in dieselfde verhouding moet wees as wat dit in die wêreldhandel is. Dit is egter duidelik nie die geval nie, want die jaarlikse toevoeging van goud tot wêreldvoorrade beloop omtrent 2 persent²⁾. Waar goud bestaan uit opgegaarde goud in industrieë of ornamente, monetêre voorrade en goud in sy natuurlike vorm³⁾, is dit nodig om na die hoeveelhede goud in die wêreldproduksie te kyk. Die wêreldproduksie van goud toon 'n geleidelike styging tot 1940 toe dit 1.3 biljoen dollar was⁴⁾. Na Wêreldoorlog II het die neiging voortgeduur met die uitsonderinge van die jare 1951 en 1953, sodat die peil weer in 1963 op 1.3 biljoen dollar te staan gekom het. Die toename in goudproduksie was hoofsaaklik aan die toename in die produksie van Suid-Afrikaanse goud toe te skryf. Die toename van goudvoorrade sou miskien nog nie so 'n groot probleem gewees het as al die goudproduksie vir monetêre doeleindes aangewend word nie. Ongelukkig gebeur dit dan ook dat uiters 70 persent van die jaarlikse goudproduksie tot monetêre reserwes toegevoeg word⁵⁾. Altman skat die hoeveelheid tussen 50 en 70 persent⁶⁾. Dit beteken 'n jaarlikse toevoeging van omtrent 600 miljoen dollar. Dit is nie eers voldoende om in die jaarlikse behoefte op monetêre gebied van die V.S.A. te voorsien nie, en dan bly die res van die wêreld nog oor⁷⁾.

Dit...../100

1) Busschau, W.J. Gold and international liquidity, pp. 47-8.

2) Erasmus, D.P. Die plek van goud in die huidige internasionale monetêre stelsel en die rol wat dit kan speel in die herstel van die monetêre orde. Koers, 32:107, 1964.

3) Id., p. 106.

4) Ibid. "

5) Id., p. 107.

6) Ibid.

7) Ibid.

Dit is dus heeltemal duidelik dat die jaarlikse toevoeging van goud tot monetêre voorrade heeltemal te min is om aan die uitbreiding van die wêreldhandel te voldoen. Hierdie feit word nog sterker beklemtoon wanneer daar na die groot hoeveelheid private oppottings gekyk word wat tans omtrent een biljoen dollar per jaar beloop, terwyl die totale oppotting in die omgewing van 20 biljoen dollar geskat word¹⁾. Dit is interessant om in die volgende tabel te sien hoe die goudvoorrade van die handeldrywende lande daar uitsien²⁾:

Goudposisie van die wêreld, Desember 1964, in biljoen dollars

Totale offisiële goudvoorrade van die vrye wêreld	41.5
Ongepubliseerde Franse goud	.2
U.S.S.R. en Europese staelliete	10.8
Private opgepote goud	<u>19.0</u>
Totaal	71.5

Hiervan besit die V.S.A. 20. persent teenoor die meer as 40 persent wat hy in 1947 besit het. As ons nou nog verder die verskil van wêreldreserwes vir die jare 1938 en 1952 vergelyk, sien ons dat ofskoon die wêreldreserwes vir die tydperk van 25 tot 36 biljoen dollar gestyg het, die styging in vreemde valuta vir dieselfde tydperk van 2 tot 18 biljoen dollar gestyg het³⁾. Dit is dus heeltemal duidelik dat die goudtoevoeging tot reserwes nie heeltemal verband gehou het met die toename in giralegeld nie.

Dit is ook te betwyfel of daar 'n toename in die goudproduksie verwag kan word solank die goudprys op die huidige peil vasgepen is, want ofskoon daar 'n steeds stygende produksiekoste was, het die goudprys geen verandering vir die afgelope 30 jaar ondergaan nie. Daar is dus geen stimulus hoegenaamd vir verhoogde produktiwiteit nie, terwyl die private oppottings ook op dieselfde manier aangemoedig word. Die likiditeitsprobleem kom weer eens duidelik na vore as daar blyk hoe die huidige toestand reeds om 'n vermeerdering van reserwes vra en hoe dit nie van die toekoms verwag kan word nie, omdat daar self 'n tekort sal wees.

c. Die posisie van die V.S.A.:

Die...../101

- 1) Anon. International gold markets. Pick's World Currency Report, 20(1);15, 1965.
- 2) Anon. America's gold problem. Pick's World Currency Report, 20(3):3, 1965.
- 3) Busschau, W.J. Gold and international liquidity, p. 97.

Die likiditeitsprobleem dui op 'n gebrek aan vertroue. Van die dollar en sterling word in 'n groot mate gebruik gemaak om as internasionale reserwemiddel diens te doen. Deur die aanhoudende tekorte op die betalingsbalans van die V.S.A. en die stryd van Engeland om 'n devaluasie van die pond sterling te vermy, het die vertroue in hierdie sg. „sleutelvalutas" vinnig verdwyn en landeis nie meer so begerig om hulle reserwes sonder voorbehoud in dollar of sterling aan te hou nie. Hierdeur word die reserwemiddele van die wêreld aansienlik verminder en bring dit wel 'n likiditeitstekort mee. Net soos daar by die gewone volkshuishouding na die geldige waarborg gesoek word dat munte en note volwaardige geld is, en dat in tye van krisis die geld nog sy waarde sal behou, is 'n soortgelyke vereiste op internasionale gebied nodig. Sodra die vertroue geskok raak in een of ander stelsel deur bv. 'n devaluasie, sal daar onmiddellik 'n behoefte wees om oor te skakel na 'n ander vorm van betaalmiddel, en die enigste onvoorwaardelik aanvaarbare middel hier is goud. Net soos sentrale banke die finansiële probleme van die volkshuishouding moes oplos, is gepoog om deur instansies soos die IMF die vraagstuk van internasionale likiditeit op te los. Dit was egter nie altyd heeltemal geslaagd nie en ook nie altyd effektief nie¹⁾. Solank die lande met sleutelvalutas tekorte op hulle betalingsbalanse laat voortduur, sal die aanbod van internasionale reserwes hoog wees. Hierin kan mens miskien 'n verklaring sien waarom sommige ekonome nie 'n likiditeitsprobleem erken nie. Ons voel ook dat as die V.S.A. wat sedert 1950, behalwe 1957²⁾, aanhoudende tekorte op sy betalingsbalans het en ook die Verenigde Koninkryk, waar dit nie beter gaan nie, hulle betalingsbalanse in ewewig moet bring, daar sommer 'n aansienlike tekort aan wêreldreserwes sal wees. Die verklaring word daarin gesoek dat by so 'n omsetting alle valuta in goud omgewissel sal word wat die goudreserwes van die lande dan heeltemal sal uitput. Op die 17de Kongres van die Internasionale Kamers van Koophandel in April 1959 is daar groot kommer uitgespreek oor die oorwaardasie van die dollar en die wantroue wat daarin bestaan³⁾. Dit alles lei tot likwidasië van die besondere valuta. Dus neem die vertroue in goud steeds toe. Ook Gregory sê: „the recent crisis has been concerned with

the...../102

-
- 1) Busschau, W.J. Gold and international liquidity, p. 57.
 - 2) Shannon, I. International liquidity. A study in the economic functions of gold; reprinted. Melbourne, Cheshire, 1965, p. 55.
 - 3) Marais, M.D. Internasionale handel, internasionale likiditeit en die prys van goud. Volkshandel, 20:10, 1959.

the consequences of renewed lack of confidence in the dollar and in sterling"¹⁾. Verdere krisis is in 1960 en 1961 ondervind en gedurende die verloop van hierdie jaar was die sterling steeds onder druk. Hierdie krisis en die „large-scale conversions of dollars or sterling into gold could easily demolish the present international monetary system"²⁾. Ons het reeds gesien hoe inflasionisties die goudwisselstandaard is deur die uitbreiding van krediet, maar indien gebeur wat hierbo gestel is, kan die stelsel erg deflasionisties word. Die lande met die sleutelvalutas het egter nog 'n taak en dit is dat hulle steeds moet rekening hou met ander lande wat van hulle valutas gebruik maak. Die beleid van die land word dus hierdeur beïnvloed. Dit bring ons by die politiek en ofskoon ons nie daarby stilstaan nie, moet daar tog met die belangrike rol daarvan in die ekonomiese lewe rekening gehou word, want dit is grootliks die politiek wat die V.S.A. tot op hierdie stadium van devaluasie weerhou het.

Om die tekort aan goudreserwes op die oomblik nog verder te beklemtoon, lê ons net nadruk op die posisie van die V.S.A. se reserwes op die huidige oomblik. Ons let op die posisie vir die afgelope 16 jaar. In 1949 het die V.S.A. 'n besit van 24,691 miljoen dollar in goud gehad teenoor die 14,563 miljoen vanjaar³⁾. Tans besit die V.S.A. omtrent 20 persent (sien ook vorige paragraaf) van die wêreld se goudvoorraad teenoor die 74 persent in 1949⁴⁾. Die afname in reserwes is hoofsaaklik toe te skryf aan die reeds genoemde tekorte, tekorte teweeggebring deur 'n oormaat militêre uitgawes en finansiële hulp aan ontwikkelende lande. Ons voel egter dat die probleem nie net hierin geleë is nie, maar dat die V.S.A. sy hand in eie boesem sal moet steek en sy finansiële struktuur ondersoek, want meeste van die uitgeleende geld kom weer terug na die V.S.A. in die vorm van uitvoergoedere, wat die leners by hom koop.

Dat die V.S.A. in moeilikheid verkeer t.o.v. die handhawing van sy dollar se waarde, het in Februarie vanjaar baie duidelik na vore gekom toe die 25 persent dekking van...../103

-
- 1) Gregory, T. Recent monetary disorganization and monetary controversies. The South African Bankers Journal, 58:257, 1961.
 - 2) Anon. Report on the deliberations of an international study group of 32 economists. International monetary arrangements: the problem of choice, p. 35.
 - 3) Spahr, W.E. Monetary Notes, 25(5):3, 1965.
 - 4) Busschau, W.J. Gold and international liquidity, p. 40.

van Federale reserwedeposito's weggeneem is. Hierdie optrede het die versigtigheid, wat alreeds bestaan het t.o.v. die dollar, aansienlik verhoog. Die versigtigheid is in die eerste plek deur die bg. posisie van die V.S.A. se reserwes veroorsaak. Veral toe Frankryk aan die begin van hierdie jaar ook nog die saak bemoeilik het deur sy dollars in goud te verwissel, het die V.S.A. ernstige probleme in die gesig gestaar. Ofskoon Frankryk nou n ander beleid oor die goudprys mag huldig as toe, het dit op daardie tydstip baie bygedra om die monetêre stelsel nog meer wanordelik te laat voorkom. Dit het dus geensins gelei tot n versterking van die vertroue in die geld van die V.S.A. of die Verenigde Koninkryk wat hierdie hele jaar nog onder sterk druk probeer om sy geldwaarde te handhaaf nie. Die wantroue het steeds verhoog, want Spahr sê: „The distrust abroad of the future value of our dollar is widespread”¹⁾. Hierdie wantroue bring mee dat die twee lande met sleutelvalutas steeds maatreëls moet tref wat die vertroue sal herstel en dit kom hierdie lande, wat finansiële voordeel en prestige betref, baie duur te staan.

d. Die toereikendheid van reserwes:

n Faktor wat verband hou met die vertroue, is die snelheid en toereikendheid van betalings. Indien die betalings gou en in die regte hoeveelhede gedoen word, krimp die grootte van die benodigde reserwes aansienlik. Dit hang egter af van die grootte en beskikbaarheid van die reserwes. Die grootte van die reserwes hang weer af van die koste om so n reserwe aan te hou, al dan nie. In e.g. geval is daar altyd koste aan verbonde om n reserwe aan te hou. In lg. geval mag dit weer moeilik wees om reserwes te bekom, wat ook koste meebring. Die regstelling van die betalingsbalans het ook betrekking op die likiditeit deurdat reserwes en hulle grootte hier n rol speel. Internasionale reserwes mag bv. vermeerder word deur n groot tekort op die betalingsbalans van n reserweland aan te hou soos in die geval van die V.S.A., maar dit gaan gewoonlik gepaard met n verlies aan vertroue in die monetêre eenheid van die reserweland. Enige uitbreiding van krediet in een land verhoog die likiditeit van die ontvanger en verminder dié van die verlener. By betaling vind natuurlik die omgekeerde plaas. Die steeds toenemende krediet van die V.S.A. en Brittanje het die groot tekorte op hulle betalingsbalanse...../104

1) Spahr, W.E. Monetary Notes, 25(5):3, 1965.

se meegebring.

Nou bepaal ons ons by die mate waarin die reserwes aan die bestaande behoeftes voldoen. Soos reeds geblyk het, is daar groot onenigheid oor hierdie onderwerp, hoewel die meeste ekonome voel dat soos reserwes groei, daar baie min versekering is dat dit aan al die behoeftes van die handel sal kan bly voorsien. Die basis van alle reserwes bly maar steeds die onvernietigbare metaal, goud, en ofskoon Keynes goud heeltemal oorboord wou gooi en 'n internasionale geldsoort in die plek daarvan stel, sou die waarde van die geld tog gekoppel gewees het aan goud om die goud dan uiteindeelik steeds as waardebepaler te gebruik. Goud se waarde kan dus nie betwis word nie. Roy Harrod sê: „Now gold is the only medium yet known to us of net liquidity”¹⁾.

Busschau is van mening dat likiditeit afgeneem het. Hy beweer: „there is no doubt that there has arisen a serious decrease of international liquidity”²⁾. Hy motiveer dit soos volg: „in the ,world of the I.C.C.”³⁾ the total money supply(measured in dollars) since 1939 has increased by over 300% while monetary gold reserves(expressed in dollars) have risen by only 70%”⁴⁾. Hierdie toename in geldaanbod kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die kredietbeleid van die lande met sleutelvalutas en die groot tekorte wat hulle dus daardeur op hulle betalingsbalanse ondervind het. Dit het nie noodwendig die likiditeit verhoog nie, maar „merely temporarily and in undesirable fashion, redistribute international illiquidity among nations”⁵⁾. Die volgende persentasies dui die verhouding tussen goud enersyds en note saam met onmiddellik opvraagbare deposito's andersyds aan en wys op die verandering in die verhouding wat met die verloop van tyd ingetree het⁶⁾: (persentasie goud t.o.v. note en deposito's)

Jaar	Persentasie
1913	83.9
1925	45.6
1927	44.0
1928	43.7
1937	71.5
1948	37.6
1950	41.2
1959	36.2

Die...../105

- 1) Cohen, B.J. A note on the definition of international liquidity. Economica Internazionale, 17:500, 1964.
- 2) Busschau, W.J. International liquidity. Commercial Opinion, 39:13, 1961.
- 3) „I.C.C.” beteken International Chamber of Commerce.
- 4) Busschau, op. cit., p. 13.
- 5) Ibid.
- 6) Busschau, W.J. Gold and international liquidity, p. 13.

Die daling in likiditeit is uit bostaande vir ons heeltemal duidelik, want die waarborg vir krediet het steeds kleiner geword. Die likiditeit het selfs benede die lae peil van 1928 net voor die groot depressie van die dertigerjare gedaal. Daar was toe 'n algemene devaluasie en 'n verhoging in die goudprys. Dit het die styging tot die hoër peil van 1937 meegebring. Daarna dual die verhouding weer eens tot 1950 toe dit gestyg het en daar weer eens 'n algemene devaluasie was in 1949. Die geldaanbod was in hierdie tydperk omtrent $4\frac{1}{2}$ keer groter as voor Wêreldoorlog I, terwyl goudreserwes slegs $1\frac{1}{4}$ keer toegeneem het¹⁾. Die goudreserwes, in die jare 1938 tot 1952, het van omtrent 20 biljoen dollar tot naasteby 35 biljoen dollar toegeneem. Hierteenoor het vreemde valuta-reserwes van omtrent 2 biljoen dollar tot 18 biljoen dollar toegeneem. Dit dui alreeds op die tekort aan likiditeit wat begin ontwikkel het. Dit is belangrik om hierin ag te neem hoe die struktuur van die reserwes mettertyd verander het. In 1913 is 90 persent van die reserwes in goud gehou en van die res byna alles in sterling²⁾. In 1960 het die wêreldreserwes uit omtrent 40,523 miljoen dollar in goud bestaan en nog verder 21,319 miljoen dollar ander valutas, grotendeels dollar³⁾. Die hoeveelheid dollar in die wêreldreserwes het dus aansienlik toegeneem. Horsefield sê dat die totale reserwes in 1963 69.2 biljoen dollar beloop het, wat 'n toename van omtrent 16 persent sedert 1958 is⁴⁾. Hiervan het goud omtrent 40.2 biljoen dollar uitgemaak; likiede eise op die V.S.A. was omtrent 13.7 biljoen dollar; op die Verenigde Koninkryk omtrent 4.0 biljoen dollar en ander valutas was omtrent 4.8 biljoen dollar⁵⁾. In hierdie tydperk het die goudreserwes met 2,100 miljoen dollar toegeneem; eise op die V.S.A. het met omtrent 5,100 miljoen dollar toegeneem, die van die Verenigde Koninkryk het met 200 miljoen dollar gedaal; die goud-"tranche" posisie van die IMF het met oor die 1,400 miljoen dollar toegeneem en dan was daar nog ander wat met sowat 800 miljoen dollar toegeneem het. Dus was omtrent 60 persent in die toename van reserwes in dollars⁶⁾. Horsefield skat ook

verder...../106

- 1) Busschau, W.J. Gold and international liquidity, p. 85.
- 2) Erasmus, D.P. Die plek van goud in die huidige internasionale monetêre stelsel en die rol wat dit kan speel in die herstel van die monetêre orde. Koers, 32:104, 1964.
- 3) Ibid.
- 4) Horsefield, J.K. The functions and problems of international liquidity. S.A. Mining and Engineering Journal, 76:370, 1965.
- 5) Ibid.
- 6) Ibid.

verder dat omtrent die helfte van 910 miljoen dollar se goudproduksie in hierdie tydperk vir die gebruik van monetêre reserwes aangewend is¹⁾. Om die tekort verder te illustreer word nog statistiese gegewens bestudeer: Sommige ekonome is van mening dat die fondse van die IMF voldoende is vir die wêreldlikiditeit, maar dit is tog te betwyfel en iets wat hierdie vertwyfeling versterk, is die feit dat dit nodig was om die kwotas van die IMF te verhoog²⁾. Harrod toon aan met gegewens van die IMF dat in die jare 1937 tot 1957 die dollar-voorraad omtrent $4\frac{1}{2}$ keer vergroot het, terwyl die goud en ander valuta maar omtrent verdubbel het. Goudreserwes was in 1937 omtrent 25,300 miljoen dollar. As dit met die hoeveelheid dollar moes tred hou, moes dit in 1957 op 115,100 miljoen dollar te staan gekom het, i.p.v. die 38,550 miljoen dollar waarop dit toe wel gestaan het³⁾. Die vreemde valuta het in hierdie tydperk van $8\frac{1}{2}$ persent tot 29 persent van die totale reserwes toegeneem. Dit verskaf 'n ekstra 5,000 miljoen dollar aan die internasionale likiditeit waarmee die groot tekort van 76,550 dollar bekamp moet word. Dit is dus maar 'n baie klein deeltjie van die totale hoeveelheid. Die kwotas van die IMF verskaf omtrent nog 'n 14,400 miljoen dollar, sodat die totaal van al hierdie reserwes nog ver tekort skiet. Dit wil dus nie lyk of die IMF die probleem kan oplos nie, want die huidige monetêre goudvoorrade sal ten minste verdubbel moet word om die tekort wat nou bestaan aan te vul.

Ons kom nou tot die gevolgtrekking dat daar reeds 'n tekort in die wêreldreserwes is, maar wat sal in die toekoms gebeur? Hier lyk sake selfs nog duisterder as die huidige toestande nog gaan voortduur. Die goudproduksie kan nie tred hou met die uitbreiding van die internasionale handel nie. Dit was die vernaamste rede vir die toename in die gebruik van sleutelvalutas. Daarby was die voordeel dat inkomste met hierdie valuta verdien kon word. Ons vind dat steeds meer en meer ekonome hierdie mening toegedaan raak.

Uit die voorgaande paragrawe blyk duidelik die ontoereikendheid van die goudvoorraad en -produksie om in
die...../107

- 1) Horsefield, J.K. The functions and problems of international liquidity. S.A. Mining and Engineering Journal, 76:370, 1965.
- 2) Jones, C.C.W. Monetary reserves and international liquidity. The South African Bankers Journal, 55:255, 1958.
- 3) Ibid.

die huidige en toekomstige behoeftes van die internasionale handel te voorsien. Weer eens kom ons tot die gevolgtrekking dat daar 'n wesenlike likiditeitsprobleem bestaan wat so gou moontlik ernstige aandag moet geniet.

4. Slot:

Die gevolgtrekking waartoe ons aan die einde van die vorige paragraaf gekom het, is dus heeltemal logies uit die beskikbare gegewens af te lei. Die vergelyking van reserwes in goud met die hoeveelheid kredietgeld dui heeltemal duidelik op die probleem wat bestaan. Dit dui ook op die inflasionistiese karakter van die huidige stelsel en indien daar 'n ineenstorting van die stelsel sou kom, hoe dit 'n sterk deflasionistiese invloed sal hê. Die ineenstorting sal hoofsaaklik die gevolg wees van 'n gebrek aan vertroue - vertroue wat ontbreek in die bestaande sleutelvalutas weens aanhoudende tekorte. Waar die internasionale likiditeit daarop gerig is om die vloei van die internasionale handel te vergemaklik en waar die internasionale handel van 1959 tot 1963 met 40 persent van 107 biljoen dollar tot 155 biljoen dollar toegeneem het, sedert 1950 verdriedubbel het¹⁾, is dit duidelik dat die reserwes nie hiermee tred gehou het nie en dat die handel aansienlik gekortwiek gaan word as die bestaande toestand sonder verbeteringe voortduur.

Die vertroue waarvan reeds melding gemaak is, is weens die tekorte op die V.S.A. se betalingsbalans besig om vinnig te kwyn. Hierdie tekorte is moontlik die oorsaak dat 'n likiditeitstekort nog nie deur sommige ekonome onderskei word nie, maar die probleem is reeds aanwesig - die skepping van hierdie sleutelvalutas kan nie onbeperk voortgaan nie en by likwidasië van die valuta sal die V.S.A. en die Verenigde Koninkryk se goudreserwes aansienlik verminder.

Verder is daar met die byeenkoms te Bretton Woods met die totstandkoming van die IMF, deur verskillende lande op internasionale gebied na 'n oplossing gesoek vir die monetêre probleme van daardie tyd, en dit is nou byna twintig jaar gelede²⁾. Waar daar toe gevoel is dat

die...../108

1) Horsefield, J.K. The functions and problems of international liquidity. S.A. Mining and Engineering Journal, 76:368, 1965.

2) Ibid.

dat die monetêre orde bespreek moet word en dat dit so vermoontlik herstel moet word, voel ons dat dit nou nie minder nodig is nie. Hiermee stem talle ekonome saam. Horsefield beweer: „Similarly, even though there is not at this time a general shortage of international liquidity, the reserves of many countries are nevertheless woefully inadequate“¹⁾. Selfs die 32 ekonome wat internasionale likiditeit bespreek het, sê: „In the post war period, the supply of additional international reserves in the form of gold has not kept pace with the growth of international trade and payments and of central-bank demand for international reserves“²⁾. Hieruit blyk dit steeds duideliker dat daar ondersoek ingestel moet word na die verskillende planne vir die verbetering van die geldwese.

Hiermee kom ons by die volgende onderwerp van bespreking, nl. die talle monetêre planne wat aan die hand gedoen is. Ons bepaal ons veral by die indeling van Grubel³⁾. Die indeling is soos volg:

- a. Die sentralisasie van reserwes, waar dit hoofsaaklik om die planne gaan wat die reserwes van die verskillende lande en internasionale instansies soos die IMF wil versterk.
- b. Die verbetering van die goudwisselstandaard, waar daar gepoog word om die sleutelvalutas te versterk deur die samewerking tussen sentrale banke.
- c. Veranderinge in die prys van goud asook vrye wisselkoerse, waar die internasionale reserwes dan versterk sal word deur 'n verhoging in die goudprys om die waarde van reserwes te verhoog.

Hierdie indeling stem ook baie ooreen met die wat die studiegroep van 32 ekonome gemaak het⁴⁾.

-
- 1) Horsefield, J.K. The functions and problems of international liquidity. S.A. Mining and Engineering Journal, 76:372, 1965.
 - 2) Anon. Report on the deliberations of an international study group of 32 economists. International monetary arrangements: the problem of choice, p. 31.
 - 3) Grubel, H.G., red. World monetary reform, pp. 15 - 440.
 - 4) Anon. Report on the deliberations of an international study group of 32 economists. International monetary arrangements: the problem of choice, p. 70.

HOOFSTUK VIDIE SENTRALISASIE VAN RESERWES1. Inleiding:

Nadat die groot tekort aan wêreldlikiditeit en die dreigende gevaar daarvan geblyk het, het dit nou nodig geword om n eerste groep planne te betrag, nl. dié wat daarop gerig is om internasionale reserwes te vergroot of te versterk. Dit sluit egter nie net toekomsplanne in nie, maar ook die planne wat reeds ten uitvoer gebring is om die monetêre orde te herstel of te stabiliseer. Hierdie laaste opmerking geld egter ook die groepe planne wat later volg.

Keynes was een van die eerste persone om n belangrike bydrae in hierdie verband te lewer. Met sy plan wou hy die betalingsbalans en veral die probleme daaromtrent vergemaklik. Die bydrae van White wat eintlik die steun van die Amerikaners geniet het, moet ook beklemtoon word. Die meeste van die planne wat later ontstaan het, het hieruit voortgevloei. Dit het gelei tot die ontstaan van instansies soos die Internasionale Monetêre Fonds(IMF) en die Bank vir Rekonstruksie en Ontwikkeling(IBRD). Lg. heet ook die Wêreldbank. Dit bring ons by die verskillende planne wat daar in Europa bestaan het om die internasionale betalingsverkeer te vergemaklik. Daarna word die aandag meer gevestig op die moderne planne soos bv. dié van Triffin. Hy poog om sekere besware wat teen Keynes se plan ingebring is, uit die weg te ruim; sy plan stem dus baie ooreen met dié van Keynes. Ander persone wat hulle ook met hierdie soorte planne besig hou, is Angell en Yeager wat die beperkte konvertibiliteit van geld in goud kritiseer. Bernstein en Harrod beweeg dan meer op die langtermynegroei van likiditeit wat volgens hulle deur ope-marktransaksies verkry moet word. Stamp soek, saam met Triffin, n noue samewerking tussen die sentrale houer van die reserwes en die instellings wat geld verleen aan die ontwikkelende lande. Rockefeller is weer bevrees dat die plan van Triffin die belangrikheid van die V.S.A. in die wêreld op finansiële gebied sal laat kwyn. Harrod stem in n mate saam.

Uit hierdie kort oorsig is dit duidelik dat die bespreking...../110.

bespreking histories benader sal word. Daar word ook gepoog om die verskillende soorte planne wat in 'n groot mate ooreenstem in 'n hoofstuk bymekaar te hou. Dit word gedoen sodat die verskillende planne maklik met mekaar vergelyk kan word. Dit is egter nodig om net vooraf op te merk dat hierdie organisasies miskien nie almal direk met likiditeit te doen het nie, maar indirek wel. 'n Verdere saak van groot belang is dat ons geensins hier sal probeer om al die verskillende instansies en organisasies sowel as planne volledig te bespreek nie, maar slegs die belangrikste na vore sal bring.

2. Die Bank vir Internasionale Betalinge (BIS)¹⁾:

Nadat vrede gesluit is na die Eerste Wêreldoorlog, is daar besluit om sekere herstelbetalinge aan en van Duitsland te doen. Die verkryging van die fondse en die distribusie daarvan het oneindige probleme opgelewer, maar die verskillende owerhede het afsonderlik voortgegaan tot die begin van die Groot Depressie. Daar is toe in 1928 'n komitee, - die Young-komitee - benoem om aanbevelings te doen oor hoe die herstelbetalings gedoen moet word. Die voorstel van die komitee het toe uitgeloop op die „Bank for International Settlements“.

Hierdie Bank het in Mei 1930 te Basel, Switzerland, begin werk, omdat die plek taamlik sentraal geleë was. Die hoop het begin ontstaan dat hierdie Bank tot iets sal groei waar dit as sentrale bank vir alle sentrale banke kon dien. Dit was egter meer 'n administratiewe eenheid as wat dit 'n afsonderlike instelling was. Kapitaal is deur België, Frankryk, Duitsland, Brittanje, Italië en twee groepe handelsbanke in Japan en die V.S.A. voorsien.

Die lede wat van die Bank gebruik het, was hoofsaaklik sentrale banke. Die Bank kon verskeie transaksies uitvoer: in goud handel, voorskotte maak, in korttermyn-sekuriteite van goeie likiditeit handel, asook in vreemde valuta, lopende depositorekening-transaksies is gevoer en die Bank kon as agent optree. Die besondere funksie van die Bank was om internasionale vereffening te doen, soos sy naam dan ook aandui. Die Bank kon egter nie note uitgee, voorskotte aan regerings maak, sake-belange bekom of meer

eiendomme...../111

1) Coulborn, W.A.L. A discussion of money, pp. 315 - 319.

eiendomme besit as wat nodig was om sy taak uit te voer nie.

Die BIS het 'n moeilike bestaan gevoer. Die eerste probleem waarmee die Bank te kampe gehad het, was die reeks devaluasies wat vanaf 1931 plaasgevind het. Daarna kom die Tweede Wêreldoorlog en ofskoon die Bank hom neutraal verklaar het, was dit moeilik om nie ten onder te gaan nie. Met die konferensie te Bretton Woods het die liggaam byna opgehou om te bestaan, maar na herooring is die likwidasië toe nie vereis nie. Teen 1948 was die Bank se bates redelik likied, behalwe vir die bates in Duitsland. Die Bank het ook nou kontak met die IMF en IBRD gehad. 'n Verdere liggaam waarmee die Bank saamgewerk het, was die EPU onder die OEEC. Al hierdie liggame het 'n agent nodig gehad om hul sake te behartig. Die agent is in die BIS gevind. Die Bank se eie aktiwiteite het nie juis deur hierdie dienste uitgebrei nie, en wanneer dit miskien beëindig word, sal die Bank se aktiwiteite ook afneem.

Die Bank alleen oefen nie so 'n groot invloed uit op die monetêre orde nie, maar in kombinasie met die ander instellings is die moontlikheid op sukses heelwat groter. Die voortbestaan van die Bank dui dan ook daarop dat die behoefte daaraan steeds bly bestaan. Die Bank het ook gehelp om die orde op monetêre gebied te handhaaf deur die betalings te doen na die verskillende Wêreldoorloë en steeds neutraal te staan. Die Bank se invloed alleen is egter te gering om die likiditeit van die wêreldreserwes genoegsaam te verbeter. Hierdie was een van die eerste georganiseerde instellings op monetêre gebied.

3. Die Sterlinggebied¹⁾:

Dit het eintlik met die devaluasie van die pond sterling in 1931 ontstaan. Die lande wat hulle geld aan die pond, het toe bekend geword as die sterlingblok. Die samewerking het deur die jare baie verander. So was dit hoofsaaklik beperk tot reëling van betalings tussen lede met baie min ander beheermaatreëls. Gedurende en na die Tweede Wêreldoorlog het die beheer heelwat strenger geword. Toe is die dollarpoel gestig waar dollars inbetaal is vir sterling. Die bedrag wat uit die poel getrek kon word,

was...../112

1) Schumann, C.G.W., Franzsen, D.G. & De Kock, G. *Ekonomie, 'n inleidende studie*, pp. 580 - 582.
Scammel, W.M. *International monetary policy*; 2nd ed. London, MacMillan & Co., 1962, pp. 244 - 257.
Tew, B. *International monetary co-operation*, pp.120 - 40.

was afhanklik van die mate van invoerbeheer wat ledelande teenoor dollarlande gehandhaaf het.

Vanaf die einde van 1958 is besluit om sterling vryelik inwisselbaar te maak. Dit het 'n minder streng beheer tussen die ledelande meegebring. Die meeste ledelande het die grootste gedeelte van hulle buitelandse reserwes in sterling gehou. Dit is in die Londonse geldmark belê vanwaar dit maklik onttrek kon word. Brittanje hou 'n reserwe van goud en ander inwisselbare valuta waarmee daar in die behoeftes van lede voorsien kan word. Sterling is die belangrikste internasionale betaalmiddel tussen ledelande en word in 'n groot mate as dekking van geld-uitgifte deur ledelande gebruik. Brittanje voorsien in 'n groot mate aan die kapitaalbehoefte van die meerderheid ledelande en plaas geen beperkings op kapitaalsvloei nie. Suid-Afrika beklee 'n besondere posisie in die sterlinggebied, daar ons meeste reserwes in goud gehou word. 'n Beswaar teen die sterlinggebied is dat dit, net soos die Europese instansies, ook net sekere lande bevoordeel en die betalings tussen hierdie lande vergemaklik.

4. Die „Tripartite Monetary Agreement“¹⁾:

Hierdie ooreenkoms is in 1936 tussen die V.S.A., Brittanje en Frankryk gesluit. Die primêre doel was die verkryging van groter monetêre samewerking, om daardeur groter stabiliteit op die gebied van internasionale betalings te kry. Die ooreenkoms het egter met heelwat probleme te kampe gehad, veral dié wat voortgespruit het uit die Eerste Wêreldoorlog en die Groot Depressie van die dertigerjare. Die vernaamste metode wat gebruik is om betalings te beheer, was die wisselkoerse. Die ooreenkoms het ook sekere riglyne neergelê waarvolgens die wisselkoerse bepaal kon word. Daar is hoofsaaklik van die vereffeningsfondse van die verskillende lande gebruik gemaak om die ooreenkoms ten uitvoer te bring. Dit is waarskynlik ook die vereffeningsfondse wat tot die ontstaan van die ooreenkoms gelei het. In die verskillende fondse is vreemde valuta en goud in voorraad aangehou om abnormale veranderinge teen te werk. Met hierdie ooreenkoms het die moontlikheid

om...../113

1) Scammel, W.M. International monetary policy, pp. 4, 53, 86, 122.
 Halm, G.N. Economics of money and banking, pp. 491 - 2.
 Williams, J.H. Postwar monetary plans and other essays, pp. 209, 220 - 222.
 Coulborn, W.A.L. A discussion of money, pp. 121, 300.

om 'n algehele devaluasie te bekamp ook verbeter, want devaluasie kon nou plaasvind sonder dat die ander lede hulle onmiddellik verplig voel om te volg.

Die ooreenkoms was nie baie bindend nie en dié feit het dit meer aanvaarbaar gemaak, maar tog sy swakheid openbaar: lande het nie so 'n groot verantwoordelikheid teenoor mekaar geopenbaar as wat die geval onder 'n meer bindende stelsel sou wees nie. Dit was dan ook nie vreemd dat hierdie ooreenkoms tydens die Tweede Wêreldoorlog van die toneel verdwyn het nie. Tog was hiermee reeds 'n goeie basis vir monetêre samewerking gelê en het dit vir baie van die latere planne as grondslag gedien. Die ondersteuning wat die ooreenkoms wel geniet het, spreek uit die feit dat België, Nederland en Switserland ook in November 1936 toegetree het. Die goudreserwestandaard was eintlik die standaard wat na vore getree het onder hierdie ooreenkoms. Die beswaar wat deur meeste van die kleiner lande teen hierdie ooreenkoms aangevoer is, was dat dit hoofsaaklik tot die voordeel van die paar groot lande wat daarvan gebruik maak, aangewend sou word. Met die Tweede Wêreldoorlog het egter ook nuwe planne gekom om die monetêre lewe te stabiliseer.

5. Die Keynes-plan¹⁾:

Keynes was een van die eerste ekonome wat hom toegelê het op die probleem van monetêre orde en met 'n definitiewe plan na vore gekom het. Met die publikasie van sy plan in April 1943 het dit tot heelwat bespreking gelei, asook tot verdere planne. Keynes se standpunt oor monetêre samewerking het natuurlik die steun van Engeland geniet. Die plan hou kortliks die volgende in:

a. Uitgangspunt:

Keynes sien 4 metodes waarmee daar met die na-oorlogse...../114

-
- 1) Halm, G.N. International monetary co-operation, pp. 79 - 85, 224 - 253.
 Id., Economics of money and banking, pp. 496 - 497.
 Grubel, H.G., red. World monetary reform, pp. 55 - 79.
 Horie, S. The International Monetary Fund. London, MacMillan, 1964, pp. 62 - 78.
 Tew, B. International monetary co-operation, pp. 76 - 7, 104, 102.
 Scammel, W.M. International monetary policy, pp. 128 - 132.
 Williams, J.H. Postwar monetary plans, pp. 3 - 21.

oorlogse ekonomiese probleem gewerk kan word:

- (i) Die gebruik van die meganisme van valuta en ruil. Met lg. word nie net goedereruil nie, maar verskillende valutatransaksies bedoel.
- (ii) Die raamwerk van die handelsbeleid wat alle fasette van die handel bepaal.
- (iii) Ordelyke handhawing van pryse, distribusie en pryse van primêre produkte.
- (iv) Investeringshulp van kort- en langtermyn aan lande wat dit mag benodig.

Keynes se plan handel hoofsaaklik oor die eerste saak, nl. die meganisme van valuta en ruil in die internasionale handel. Die volgende basiese toestande is nodig in 'n ekonomiese instansie wat van hierdie meganisme wil gebruik maak:

- (i) Daar moet so min moontlik met die binnelandse beleid van nasies ingemeng word en hierdie beginsel moet in alle lande toegepas word, afgesien van hulle politieke beleide.
- (ii) Die bestuur van die voorgestelde instansie moet op 'n internasionale grondslag berus, sodat dit sowel groot as klein lande beskerm.
- (iii) Die instansie moet ook die reg hê om af te wyk van die neergelegde plan indien dit nodig blyk te wees.
- (iv) Die plan moet tot die voordeel van alle lede gesamentlik en elke lid afsonderlik strek.

b. Doeleindes van die plan:

- (i) Daar is 'n stelsel van internasionale valuta nodig met 'n algehele aanvaarbaarheid vir alle nasies, en wat as betaalmiddel gebruik sal word tussen die nasies.
- (ii) Daar is 'n instansie nodig om die verskillende nasionale valutas se waardes te bepaal.
- (iii) 'n Hoeveelheid internasionale valuta wat nie van enige ander faktore afhanklik is nie, word benodig.
- (iv) 'n Stelsel is nodig wat sy eie stabilisasie-meganisme bevat. Dit is nodig om lede te verplig om ewewig in hulle betalingsbalanse te handhaaf.
- (v) 'n Plan is nodig om elke land weer aan die gang te kry na 'n oorlog. Hiervoor is reserwes natuurlik nodig.
- (vi) 'n Liggaam is nodig om ander internasionale instellings te help sonder dat dit hom aan die politiek steur.
- (vii) Om te veralgemeen: daar is "a means of re-assurance to a troubled world"¹⁾ nodig om die monetêre...../115

1) Halm, G.N. International monetary co-operation, p. 227.

monetêre lewe op internasionale gebied te stabiliseer.

Om die doelstellings saam te vat: daar moet n valuta-unie in die lewe geroep word, genoem die „International Clearing Union". Hierdie Unie sal sy eie geldeenheid „bancor" hê wat in terme van goud gedefinieer word, en internasionaal aanvaar word. Die sentrale banke van alle ledelande(en ook nie-ledelande) sal rekenings by die Unie hou waarmee hulle hulle skulde aan mekaar kan vereffen in terme van bancor. Die wat n gunstige balans het, verkry n kredietbalans by die Unie en die omgekeerde n debietbalans. Maatreëls is nodig om te verhoed-dat debiet- en kredietbalanse te hoog styg. Die hele beginsel van die stelsel is om van die gewone bankbeginsel uit te gaan soos dit in enige bank toegepas word, nl. die gelykheid van debiete en krediete.

c. Werking van die Unie:

Al die lande van die V.V.O. sal uitgenooi word om lede van die Unie te word. Die besturende raad sal deur ledelande gekies word, sodat die lede van die raad van 12 tot 15 in getal is. Die ledelande sal tussen hulleself die waarde van hulle valuta in terme van bancor bepaal. Elke lid sal n kwota by die Unie hê wat sy aandeel in die bestuur bepaal. Die kwota kan bv. bepaal word deur die vorige drie jaar se in- en uitvoere van die land te sommeer. Die lede sal ook instem om betalings in bancor van enige ander lid te aanvaar. Die Unie kan n klein vergoeding vir transaksies vra ten einde sy koste te verhaal.

Aan alle ledelande sal die versekering gegee word dat hulle nie in n posisie van bilateralisme of direkte kontroles gedwing sal word nie. Daarom moet die stelsel

- (i) inflasie en deflasie teenwerk;
- (ii) lande wat onderworpe is aan verteurings, oorreed om die onewewig reg te stel;
- (iii) alle geldsoorte probeer stabiliseer; en
- (iv) reserwefondse verkry om voorsiening te maak vir n toename in internasionale likiditeit. Hierdie reserwefonds word opgebou deurdat lede verplig is om n heffing van 1 persent op hulle gemiddelde bedrag in bancor per jaar te betaal, indien dit meer as $\frac{1}{4}$ van sy kwota is, en n verdere 1 persent heffing indien dit meer as n half van sy kwota is. Indien

lg. geld vir n lid, moet die lid sy binne-landse en buitelandse ekonomiese beleid met die besturende raad bespreek om weer ewewig te kry. Al hierdie maatreëls is natuurlik daargestel uit vrees dat die lande te veel debiet of krediet sal verkry. Die bestuur besit egter die mag om kwotas te verminder. Die meeste beperkende maatreëls word egter eintlik aangetref indien die lid n debiet-balans het. Vir die kredietbalanse is die maatreëls minder streng, want die gevaar van n te groot kredietbalans is taamlik gering, omdat geen land oormatige reserwes by die Unie sal wil hou as dit nog produktief aangewend kan word nie. n Kredietbalans word verkry deurdat n ander land sy skulde vereffen of deurdat die land goud in sy rekening inbetaal.

Die besturende raad kan van enige lid volledige statistieke vereis oor die land se ekonomiese toestand. Die kantore vir uitvoering sal in London en New York geleë wees, met New York en Washington as vergaderplekke. Lede kan hulle op n jaar se kennisgewing van die Unie onttrek indien die nodige reëlins eers getref is vir die regstellings van rekenings. Daar sal jaarliks verslag gelewer word.

d. Gevolgtrekking en enkele voor- en nadele:

Die plan kan beskou word as n algemene ooreenkoms om multilaterale betalings te doen. Die hele stelsel van die Unie berus op iets soortgelyks as die goudstandaard. Sentrale banke mag nie in goud handel bokant die parawaarde nie. Die goud sal egter sy psigologiese waarde behou. Hierdie feit het Keynes sy idee van die algehele verwydering van goud uit die internasionale monetêre stelsel laat vaar, want hy het besef dat so iets nie sonder meer kon plaasvind nie. Verder wil die Unie met bestaande instansies saamwerk om groter stabiliteit te verkry. Die Unie is egter eintlik net n instansie vir korttermynlenings; vir lang- en mediumtermynlenings is n ander instelling nodig.

Wat die voordele betref, het die plan eerder n uitbreidende as n beperkende invloed. Dit word deur die oortrokke fasiliteite van die Unie verkry. Die fasiliteite wat hierdie Unie bied, is van groot belang vir die periode van verandering net na die oorlog. Die Unie plaas ook die eis van regstelling op beide die debiteur- en krediteurland. Verder dra die konsentrasie van handel in valuta

deur n sentrale internasionale instansie by tot die orde en dissipline van die internasionale betalingstransaksies. Sentrale banke se rolle in die monetêre lewe van n land word steeds groter, wat natuurlik daartoe lei dat valuta-blokke se invloed sal kwyn.

By hierdie plan bly die nadele egter nie uit nie. Die uitbreidende karakter van die plan kan maklik tot inflasie lei. Met die verloop van tyd sal hierdie posisie miskien verbeter wanneer die geweldige eise wat a.g.v. die oorlog ontstaan het, afneem. Verder sal die aktiewe beweging van kapitaal vir spekulاسie nog steeds bly voortduur. Ook sal abnormale groot balanse in lande n probleem bly wat nie deur die Unie opgelos kan word nie. Die groot nadeel van bancor is dat dit dieselfde uitwerking het as wat die uitgifte van note het in die geslote ekonomie. Geen lid kan ook goud in ruil vir bancor van die Unie verwag nie, sodat daar tussen bancor en goud n eenrigting-konvertibiliteit bestaan. Al hierdie nadele en veral dié van die inflasionistiese karakter, maak die plan taamlik onaanvaarbaar. Vir die groter lande is dit ook nadelig omdat die sleutelvalutas dan van die toneel sal verdwyn en daarmee saam heelwat prestige.

Tog het die Unie die weg vir verdere planne in die toekoms gebaan en het dit gehelp om die regte atmosfeer vir die komende voorstelle te skep. Dit het saam met die White-plan as basis vir die IMF gedien.

6. Die White-plan¹⁾:

As inleiding moet ons net kortliks die aandag bepaal by die Feisplan wat in Januarie 1942 deur Herbert Feis²⁾ voorgestel is. Volgens hierdie plan moet die V.S.A. n krediet ten gunste van verskillende lande en ten bedrae van 3 tot 4 biljoen dollar skep. Die krediet sal dan die lande in staat stel om hulle verpligtinge na te kom. Hierdie lande moes dan terselfdertyd rekenings open in hulle onderskeie valutas...../118

-
- 1) Halm, G.N. International monetary co-operation, pp. 143 - 144, 205 - 223.
 Id., Economics of money and banking, p. 496.
 Tew, B. International monetary co-operation, p. 161.
 Horie, S. The International Monetary Fund, pp. 44 - 52.
 Scammel, W.M. International monetary policy, pp. 132 - 136.
- 2) Horie, op.cit., p. 44.

valutas of in die valuta van n derde land wat aanvaarbaar is. Die balanse van die krediet en die rekenings wat geopen word, sal dan teen mekaar vereffen word. Hierdie plan en dié van Keynes toon baie ooreenkoms, want in albei word daar eers „krediet" geskep, maar in hierdie plan word die plan aan die V.S.A. opgedra. Dit het die aanvaarbaarheid verminder, maar dit het bygedra tot die lewering van n goeie plan deur een van die V.S.A. se bekende ekonome, White.

Daar was 3 uitgawes van die White-plan met die laaste uitgawe in Julie 1943. Die uitgawes was in elke geval n verbetering op die vorige. Die plan gaan van verskeie standpunte uit, o.a. dat die verskillende nasies sal saamwerk om mekaar se ekonomiese probleme te help bekamp en uit die weg te ruim; daar sal nie mededingende depresiasie van geldsoorte wees nie en dit sal nie net vir enkele lande geld nie, maar alle lande wat daaraan wil deelneem. Die voorstel hou in die stigting van n internasionale stabilisasiefonds wat moet dien as die permanente instelling vir internasionale monetêre samewerking. Hierdie stabilisasiefonds is n instelling van die „United and Associated Nations"¹⁾. Die fonds sal slegs met die fiskale owerhede van die ledelande onderhandel. Die Fonds het ook sy doelstellings neergelê.

a. Doelstellings van die Fonds:

Dit kan kortliks soos volg saamgevat word:

- (i) Die Fonds wil die wisselkoerse van alle valutas verbonde aan die V.V.O. stabiliseer.
- (ii) Verder sal daar gepoog word om die periodes en die graad van onewewigtigheid op die internasionale betalingsbalanse van lede te verminder.
- (iii) Die Fonds wil toestande skep wat sal help om die vloei van produktiewe kapitaal en internasionale handel aan te help en dit meer gelukmatig te laat plaasvind.
- (iv) Die Fonds wil ook die grootste nut bewerkstellig wat uit geblokkeerde kapitaal verkry kan word.
- (v) Daar sal ook gepoog word om alle beperkings m.b.t. valuta en internasionale handel so gou moontlik uit die weg te ruim.

Vir die uitvoering van hierdie doelstellings was

daar...../119

1) Halm, G.N. International monetary co-operation, p. 205.

daar egter verskeie belangrike maatreëls nodig.

b. Maatreëls van die Fonds:

Die Fonds sal uit goud, valuta en sekuriteite van ledelande bestaan. Elke lid sal aanteken as lid vir 'n sekere bedrag, genoem die kwota van die lid. Die gesamentlike kwotas moet nie minder as 5 biljoen dollar beloop nie. Oor die algemeen geld dat lede 30 persent van hulle kwotas in goud moet betaal. Die res kan in eie valuta betaal word of 50 persent daarvan kan in regeringsobligasies betaal word. Die omvang van die kwota word volgens 'n vooraf bepaalde formule bereken waar die goud- en valutareserwes, buitelandse handel, grootte van veranderinge in die betalingsbalans, nasionale inkome, ens. in aanmerking geneem word. Die kwotas word aangepas 3 jaar na die totstandkoming van die Fonds en daarna elke 5 jaar. Die middele van die Fonds sal uitsluitlik tot voordeel van ledelande aangewend word. Die monetêre eenheid wat die Fonds sal gebruik, sal „unitas” heet en sal 'n goudwaarde van 137 grein fyn goud hê, d.w.s. gelyk aan 10 dollar. Die rekenings van die Fonds sal ook in terme van die unitas gehou word. Alle lande se valuta-waarde sal in terme van die unitas gehou en uitgedruk word. Daar sal nie direk in goud handel gedryf word nie. By enige waardeverandering van die geldeenheid van 'n land moet daarvoor gekompenseer word, hetsy deur die lid self, hetsy deur die Fonds. So 'n verandering word oorweeg indien daar ernstige gebrek aan ewewig in die ekonomie bestaan. Verder het die Fonds die mag om die grense waarbinne die wisselkoerse van lede mag fluktueer te bepaal.

Die Fonds het die mag om goud te koop, verkoop en te bewaar. Dieselfde geld t.o.v. valutas en regeringsekuriteite. Ook kan die Fonds obligasies uitreik. By al hierdie transaksies is daar spesiale voorsorgmaatreëls getref¹⁾. Die Fonds mag natuurlik met enige lid handel dryf. By 'n sekere valuta wat mag skaars raak, sal die Fonds reëlings tref om die tekort teen te werk en die hoeveelheid daarvan te vermeerder. Elke lid van die Fonds onderneem om te enige tyd met die Fonds handel te dryf; om alle beperkings betreffende kapitaalbeweginge en handel af te las; om sover moontlik samewerking op die monetêre gebied te verleen en om geen nuwe bilaterale ooreenkomste te sluit nie. Lede

sal...../120

1) Horie, S. The International Monetary Fund, pp. 47 - 48. Volle besonderhede oor die maatreëls verskyn op die genoemde bladsye.

sal ook alle beskikbare inligting aan die Fonds verskaf.

Die bestuur bestaan uit n raad van direkteure en elke regering sal n lid benoem met n secundus. Die hoeveelheid stemme van elke lid word volgens die grootte van die kwotas bepaal. Alle besluite word deur meerderheid van stemme aanvaar. Daar sal n besturende direkteur wees met verskeie assistente. Komitees vir sake wat hulle mag voor- doen, sal deur die raad van direkteure aangewys word. Die raad van direkteure sal die regulasies bepaal en jaarliks vergader. Hierdie raad sal ook n lid wat nie sy verplig- tinge nakom nie, uit die Fonds kan sit. Winste sal soos volg verdeel word: 50 persent gaan na reserwes en die ander 50 persent word pro rata onder die lede versprei.

c. Slot en kritiek:

Hierdie Fonds was die direkte voorloper van die IMF waarby ons later kom. Dit was n baie lofwaardige po- ging om die internasionale betalings meer te sistematiseer en was ook vir lande meer aanvaarbaar as wat die plan van Keynes was. As aansporing vir ewewigtige beleide skenk die Fonds ook heelwat aandag aan die betalingsbalans van elke lid.

Die probleem is egter dat goudbetalings n groot deel van die Fonds se reserwes uitmaak wat in terme van die „unitas" en in die naam van lede gehou word. Dit kan tot n afhanklikheid van die dollar lei, daar die V.S.A. die grootste kredietland is. n Voordeel is dat ledelande hulle kwota as deel van hulle reserwes mag reken, maar die kwotas moet steeds op die regte peil gehou word. Verder word hier nie juis n nuwe geldeenheid vasgestel nie, maar net n ander manier vir die uitdrukking van die waarde van 10 dollar. Met die kwotas wat gehandhaaf moet word, kan die stelsel miskien n deflasionistiese invloed op die wêreldhandel hê deurdat daar n deel van die reserwes hier bewaar moet word. Iets moes egter aan die internasionale posisie gedoen word en dit het tot die ooreenkoms te Bretton Woods gelei.

Dit is egter belangrik dat ons vooraf eers die aandag bepaal by die ooreenkoms tussen die Keynes- en White- plan. Albei planne stel 'n internasionale agentskapkontrole oor wisselkoerse voor; albei maak voorsiening vir n toename in likiditeit en nasionale reserwes; albei plaas bestuurs-
mag...../121

mag in die hande van die instelling om internasionale ewewig te bewerkstellig, en albei voorsien multilaterale vereffening. Verder is dit belangrik dat hierdie planne die monetêre samewerking voortsit van waar dit voor die oorlog gelaat is. Hoewel die doeleindes van die twee planne taamlik ooreenkom, verskil die elemente daarvan heelwat. n Samevoeging van die twee planne is egter baie interessant.

7. Die Internasionale Monetêre Fonds(IMF)¹⁾:

Nadat hierdie laaste twee planne bekend geword het, het verskeie lande besluit om die sake te bespreek en is daar n konferensie te Bretton Woods in Julie 1944 belê wat deur 44 lande van die V.V.O. bygewoon is. Die samesprekings wat hier gevoer is, het gelei tot die besluit dat daar n fonds in die lewe geroep is, hoofsaaklik op die lees van die White-plan geskoei. Die fonds het bekend gestaan as die Internasionale monetêre Fonds en bestaan eintlik uit twee instellings, nl. aan die een kant n internasionale stabilisasiefonds en aan die ander kant n investeringsoutoriteit. Die Fonds het op 1 Maart 1947, toe 30 lande die ooreenkoms onderteken het²⁾ in werking getree, en hierdie getal het gou uitgebrei tot 35. In 1960 was die getal reeds 70. Die basiese beginsels van die Fonds was baie belangrik vir monetêre stabiliteit.

a. Die basiese beginsels:

- (i) Wisselkoerse moet gestabiliseer word, want dit is n saak van internasionale belang. Dit kan die beste verkry word deur n vaste koers op die korttermyn te bepaal wat van tyd tot tyd hersien sal word.
- (ii) Daar moet n hoeveelheid goud- en valutareserwes beskikbaar wees om skielike veranderinge die hoof te bied.
- (iii) Politieke samewerking en ekonomiese welvaart moet aangehelp word deur n stelsel van onbelemmerde multilaterale handel en omwisselbare geldsoorte.

(iv)...../122

-
- 1) Halm, G.N. International monetary co-operation, pp. 62 - 78, 262 - 309.
 Id. Economics of money and banking, pp. 497 - 508.
 Scammel, W.M. International monetary policy, pp. 154 - 225.
 Horie, S. The International Monetary Fund, pp. 67 - 151.
 Anon. Report on the deliberations of an international study group of 32 economists. International monetary arrangements: the problem of choice, pp. 84 - 86.
- 2) Halm, G.N. Economics of money and banking, p. 497.

- (iv) Betalingsbalansonewewigtighede moet reggestel word deur surplus- en tekortlande. Dit is dus albei lande se verantwoordelikheid.
- (v) Internasionale samewerking sal die beste op monetêre gebied verkry en bevorder word deur 'n stelsel met duidelik omskryfde funksies.
- (vi) Die Fonds moet naas ander instellings bestaan en selfs samewerking verkry sover moontlik.
- (vii) Daar moet gepoog word om 'n hoë peil van internasionale investering te handhaaf.

Die basiese beginsels dui vir ons die rigting aan waarheen die Fonds gemik het. Dit is dus nou nodig om die verskillende aspekte van die Fonds in oënskou te neem.

b. Die ledelande en hulle bydrae:

(i) Ledelande:

Die Fonds bestaan uit ledelande en ander lande wat daaraan wil deelneem of daarvan gebruik wil maak. In Mei 1962 was daar 39 ledelande en ook 39 ander lande waarvan een hom onttrek het en een hom moes onttrek¹⁾. Dit het die totaal op 76 te staan gebring. Lede moet aansoek doen by die raad van goewerneurs vir toelating. Die raad besluit dan oor die toelating en die vereistes daaraan verbonde. Indien hulle toegelaat word, moet die lede die ooreenkoms van die Fonds onderteken. Dit is enige tyd moontlik vir lede om hulle van die Fonds te onttrek en 'n onttrekking is geldig vanaf die oomblik van kennisgewing. Lede kan egter ook versoek word om hulle te onttrek indien hulle nie hulle verpligtinge nakom nie.

(ii) Kwotas:

Lede moet 'n bepaalde som van sy reserwes by die IMF in 'n gesamentlike fonds stort. Oorspronklik het hierdie fonds 11,000 miljoen dollar beloop, waarvan 8,500 miljoen deur die oorspronklike lede bygedra is en die res deur die ander. Die grootte van die kwotas beïnvloed die regte en posisie van die lede: dit dui nl. op die gebruik wat die lid van die Fonds kan maak en bepaal sy stemreg. Die kwotas word bereken op grond van 'n lid se monetêre reserwes, volume internasionale handel, nasionale inkome en selfs die politiek verdien ook aandag.

1) Horie, S. The International Monetary Fund, p. 97.

Die kwotas kan ook verander word. Indien n lid dit versoek, sal die IMF n verandering oorweeg. Die kwotas word in elk geval elke 5 jaar hersien. Die kwotas is op 1 Januarie 1959 met 50 persent verhoog nadat daar n ernstige tekort aan fondse ondervind is met die Suez-krisis van 1957. Sommige lande soos Kanada, Wes-Duitsland en Japan is toegelaat om hulle kwotas met meer as 50 persent te verhoog, terwyl kleiner lande dit kon nalaat. Aan die einde van Mei 1958 het die totale kwotas gestyg van 9,193 miljoen dollar tot 15,056 miljoen dollar.

Die kwotas moet ook op eie besondere wyse betaal word. Op die betaaldatum wat die Fonds vasstel, moet elke lid minstens òf 25 persent van sy kwota, òf 10 persent van sy netto offisiële besit in goud of V.S.A.-dollars betaal. Dieselfde vereistes geld waar die kwota verhoog is. By uitrede uit die Fonds word volle vereffening van die debiteure geëis.

c. Geldwaarde:

Die waarde van die verskillende valutas is almal aan goud gekoppel en geen verandering mag daarin teweeg gebring word sonder die IMF se medewete nie. Die lede sal in samewerking met die IMF die pariwaarde van sy geldeenheid bepaal. Die waarde word uitgedruk in gewig goud teen 35 dollar per fyn ons. Hierdeur behou goud sy waarde as internasionale betaalmiddel en rekeneenheid. Indien daar geen beswaar gemaak word teen die waarde wat n lid aan sy geldeenheid koppel nie, kan die lid daarin begin onderhandel. Indien goud aangekoop word, moet dit teen pariwaarde wees en dit mag slegs afwyk binne die grens wat die IMF vasstel¹⁾. Verskille in die wisselkoerswaardes mag ook nie met meer afwyk as wat die Fonds as redelik beskou nie. Met hierdie bepaling word lede eintlik verplig tot samewerking vir stabilisasie van wisselkoerse.

Lede kan voorstel dat daar n verandering in die pariwaarde van sy geldeenheid gemaak word om fundamentele onewewigtigheid in sy betalingsbalans reg te stel. Die verandering sal dan slegs in samewerking met die Fonds oorweeg word. Onewewigtigheid is egter nie suiwer gedefinieer nie en die IMF heg sy eie betekenis daaraan. Veranderings is

egter...../124

1) Vir volledige besonderhede oor die afwykingsgrens sien Horie, S. The International Monetary Fund, pp. 103 - 104.

egter aan taamlike streng eise onderworpe¹⁾. Daar word twee uitsonderinge gemaak by die verandering van die geld-eenheid se waarde, nl.: eerstens moet die verandering van waarde geen invloed op die internasionale transaksies van lede hê nie en tweedens moet daar n eenvormige verandering plaasvind. Lg. beteken dat by n meerderheid van die totale stemreg en met die goedkeuring van elke lid wat meer as 10 persent van die totale kwotas besit, kan die pariwaardes eenvormig en outomaties verander word. Van die IMF word verwag dat hy al sy bates teen die regte goudwaarde sal handhaaf. Dit bring mee dat by enige re- of devaluasie van n geldeenheid daar n regstelling gedoen sal moet word. In die eerste geval sal die IMF aan die lid n betaling moet doen en in die laaste geval geld die omgekeerde.

d. Wisselkoerse:

Soos reeds herhaaldelik geblyk het, is een van die oogmerke van die IMF om wisselkoersbeperkings soveel as moontlik te verminder of te beperk. Die hele doel is net om n vry, stabiele, multilaterale en nie-diskriminerende stelsel van betalings op die internasionale gebied te verkry. Verskeie metodes word hiervoor aangewend:

(i) Vermyding van beperkings op lopende transaksies:

Lede moet geen beperkings plaas op die lopende internasionale transaksies nie. Hierdie bepaling kan vertolk word as n verpligting om omwisselbaarheid van n lopende rekening in n land te handhaaf. Hierdie verwydering van beperkings geld eintlik meer die betalings wat gedoen moet word en nie so seer die transaksies nie. Langtermyn kapitaaltransaksies is dan nie noodwendig aan die verwydering van beperkings onderworpe nie, daar dit eintlik net die lopende rekening aangaan.

(ii) Vermyding van diskriminerende geldpraktyke:

Hierdie saak is van groot belang, want die uiteindelijke gevolg van sulke gevalle van diskriminasie is gewoonlik n skerp afname in internasionale handel. Sodra sulke praktyk toegelaat word, lei dit tot die ontstaan van

soort...../125

1) Die vereistes kan volledig nagegaan word in Horie, S. The International Monetary Fund, pp. 105 - 107.

soortgelyke optredes in ander lande. As voorbeeld kan die geval genoem word waar sekere lande se valuta nie algemeen aanvaar word nie.

(iii) Omwisselbaarheid van vreemde valuta:

Dat vreemde valuta omwisselbaar moet wees, is nodig om die Fonds se beleid van multilateralisme ten uitvoer te bring. Weereens word daar 'n aantal uitsonderinge gemaak waarvan die belangrikste vir ons die verklaring van 'n land se valuta tot „skaars-valuta” is¹⁾. Met „skaars-valuta” word bedoel dat die besondere land se valuta so skaars geword het dat daar nie genoeg van bekom kan word om die internasionale handel sy gewone gang te laat gaan nie. Daarom moet alle pogings in werking gestel word om so 'n probleem te probeer oplos. 'n Verdere uitsondering wat toegelaat word, is wanneer lande in 'n oorgangsperiode verkeer, soos dit na die Tweede Wêreldoorlog die geval was met 'n hele aantal lande. Dit is vanselfsprekend dat hierdie twee uitsonderinge geld sodat daar wel van beperkings gebruik gemaak kan word. Die doel is dan om die onstabiele lande tot stabiliteit aan te help.

e. Maatreëls om tydelik onewewigtige betalingsbalanse te herstel:

Alle lede mag van die IMF se fondse gebruik maak om tydelike onewewigtigheid in sy betalingsbalans uit te skakel. Die beginsel spruit uit van die idee dat surpluslande hul fondse moet aanwend om lande met tekorte te hulp te kom. Die Fonds maak dan gebruik van 'n depositostelsel, in teenstelling met Keynes se idee van kredietverlening. Die fondse wat van die IMF gekry word, word hoofsaaklik deur die fiskale owerhede van die lede gehanteer. Die aanbod van die fondse kom neer op 'n soort uitlening aan die betrokke lid wat hulp nodig het. Vir die verkryging van valuta van ander lande moet daar goud aan die IMF verkoop word. Daar word egter 'n aantal beperkende maatreëls getref m.b.t. die aanbod van fondse:

- (i) Die gebruik van vreemde valuta word tot lopende transaksies beperk. Dit kan egter ook vir kapitaal gebruik word in die volgende gevalle: wanneer geld in redelike mate benodig word vir die uitbreiding van die handel...../126

1) Die uitsonderinge word volledig bespreek in Horie, S. The International Monetary Fund, p. 113.

del, banke of industrieë en wanneer dit nodig is vir kapitaaloordragte van lede.

- (ii) In die geval van skaars-valuta word dit beperk tot die bedrag waaroor die IMF beskik.
- (iii) Die hoeveelheid fondse wat 'n lid mag gebruik, word bepaal deur sy kwota: hy mag nie meer as dubbel die hoeveelheid van sy kwota aan fondse van die IMF gebruik nie.
- (iv) In sommige gevalle word daar wel voorsiening gemaak vir die verligting van die beperkings. Daarom is dit nou makliker om bv. lenings te kry tot 50 persent van 'n lid se kwota.
- (v) Die fondse van die IMF kan gebruik word sodra die pariwaarde van die lid se geldeenheid vasgestel is, maar indien daar verandering in geldwaarde kom sonder die toestemming van die IMF, word daar weer eens beperkings op die gebruik van fondse geplaas¹⁾.

Bg. is die maatreëls wat getref word by 'n onewewigtige betalingsbalans. Die Fonds het van sy kant ook sekere maatreëls wat help om die lid se sake te stabiliseer. So word daar boetes gehef sodra die lid 'n oorskot op sy kwota het. By die koop van ander valuta moet die lid 'n heffing van 'n half persent betaal vir die diens gelewer. 'n Lid mag ook sy eie valuta in goud of in omwisselbare valuta terugkoop. Dit hou egter die gevaar in dat die lid te veel valuta terugkoop en die IMF besit dan al die goud, soos die geval met Frankryk was in November 1960. Ons het reeds die kwessie van skaars-valuta genoem. Dit is die uiterste maatreël wat die Fonds toepas om ewewig in 'n lid se betalingsbalans te verkry. In so 'n geval vind daar dan 'n proporsionele verdeling van beskikbare valuta onder lede plaas. Die IMF kan dan die geld direk van die betrokke land kry, of van 'n ander land met e.g. se toestemming.

f. Die toekoms van die IMF²⁾:

Dat die IMF reeds 'n groot diens aan die wêreld bewys het, is onbetwisbaar. Tog het dit al herhaaldelik geblyk dat daar talle probleme opduik wat vir die Fonds haas onoorkomelik is, soos bv. die gebrek aan genoegsame fondse om as voldoende vir die wêreldhandel beskou te word. Dit is dus interessant om op 'n paar gedagtes te let wat betrekking het op wat die toekoms moontlik vir die IMF inhou.

(i)...../127

1) Die beperkings word meer volledig aangetref in Horie, S. The International Monetary Fund, p. 121.

2) Scammel, W.M. International monetary policy, pp. 222 - 225.

- (i) Die IMF het samewerking op monetêre gebied gebring en indien dit nou of in die toekoms ontbind gaan word, sal dit 'n agteruitgang op hierdie gebied beteken.
- (ii) Hervorming van die IMF of enige verandering sal moeilik bly solank as wat die V.S.A. so 'n oorweldigende rol in die Fonds speel.
- (iii) Vir 'n hele aantal jare na sy stigting was die aktiwiteite van die IMF aansienlik gekortwiek, maar sedert 1956 het dit vinnig uitgebrei.
- (iv) Daar is vaste wisselkoerse onder die beleid van die IMF, maar dit sou miskien goed wees as vrye wisselkoerse toegelaat word. Vrye wisselkoerse het die voordeel van 'n soort outomatiese regstellingsmeganisme, maar weer die nadeel van die spekulاسie.
- (v) Uitbreiding van die IMF se fondse sal die Fonds in staat stel om beter diens te kan lewer aan sy lede.
- (vi) Daar kan meer klem gelê word op die aanbeveling van die aankoop van valuta.
- (vii) Die houding teenoor beheer, betalings, diskriminasie en stremmende maatreëls moet herformuleer word.
- (viii) Goud se intrinsieke waarde bly steeds bestaan en sal seker aanhou bestaan. Daarom is goud tot op hede gebruik en sal dit waarskynlik ook in die toekoms as waardebepaler gebruik word.
- (ix) Die IMF is egter nie volmaak nie en die verskillende wysiginge wat daar al voorgekom het, soos die verandering in kwotas, dui op heelwat tekortkominge.
- (x) Die probleme wat deur die oorgangsperiode na die oorlog ondervind is, was baie groter as wat verwag is. Die gevolg was dat die Fonds se invloed aan die begin maar gering was. Die posisie het nou egter al ietwat verander.
- (xi) Die grootste punt van kritiek teen die IMF is dat, ofskoon dit al meer as 20 jaar in werking is, dit nog nie so 'n belangrike rol vervul as wat beoog is nie. Volgens vroeëre statistieke kan presies gesien word waar tekorte ondervind word en die gebrek aan reserwes by die IMF kan duidelik onderskei word, daar die vraag die aanbod oorskry.

Die hoofdoel van al die nuwere planne is om die probleem van die tekort aan reserwes uit die weg te probeer ruim. Indien die Fonds egter self in hierdie behoeftes kan voorsien, sal hierdie planne natuurlik nie nodig wees nie. Die waarde van die IMF lê daarin dat dit alreeds bestaan en 'n lang geskiedenis agter hom het - sy bydrae tot monetêre samewerking is dus konkreet en kan steeds vergroot.

8. Die Internasionale Bank vir Rekonstruksie en Ontwikkeling (IBRD)¹⁾:

Te Bretton Woods is in 1944 ook besluit om hierdie Bank in die lewe te roep. Dit het miskien nie so 'n direkte invloed op die reserwes as van die ander instellings nie, maar waarmee dit wel deeglik te doen het, is die monetêre orde soos uit die doel blyk.

a. Doel:

Waar die IMF hoofsaaklik korttermynlenings verskaf, is hierdie Bank daarop ingestel om langtermynlenings te verskaf. Die uitsluitlike doel is om rekonstruksie en ontwikkelingsprojekte te finansier, d.w.s. om vreemde investering aan te help. Dit sal dus help met die langtermynegroei van die internasionale handel. Die Bank help ook om lenings te sluit tussen verskillende partye. Die Bank sal sy handelswyse altyd so rig dat hy internasionale investering in ag neem.

b. Lidmaatskap en kapitaal:

Al die lede van die IMF kan ook lede wees van die IBRD. Die kapitaal is 10 biljoen dollar en kan ook vermeerder word. Elke lid sal van die aandele neem en by uitbreiding van die kapitaal sal die lid voorkeur hê om verdere aandele op te neem, maar dit is nie verpligtend nie. Die aandele word uitgegee teen pari. 20 persent van die aandeelprys sal onmiddellik betaal word en die res wanneer dit opgeroep word. Die aanspreeklikheid van lede is beperk tot die onopbetaalde deel van die aandele. Die betaling geskied in goud of dollar en die valuta van die lid, waar 2 persent van die prys van die aandeel in goud en die res in eie valuta moet wees. By oproeping word dit in goud, dollar of die benodigde valuta betaal. By waardedaling van valuta sal die lid die Bank moet kompenseer. Die omgekeerde geld by 'n waardestyging in valutawaarde. Die aandele is slegs oordraagbaar aan die Bank.

Die middele van die Bank word uitsluitlik gebruik
tot...../129

1) Halm, G.N. International monetary co-operation, pp. 181 - 196, 310 - 343.
Id. Economics of money and banking, pp. 511 - 520.
Scammel, W.M. International monetary policy, pp. 226 - 242.

tot hulp van lede waar dit ontwikkeling en rekonstruksie aangaan. Daar word slegs deur fiskale owerhede onderhandel. Totale lenings sal nie maklik verhoog word indien dit 100 persent van die kapitaal oorskry nie. Die Bank kan aan enige instansie lenings verskaf, onderworpe aan sekere vereistes¹⁾. Daar moet egter sorg gedra word dat die lenings slegs vir die doel waarvoor dit aangevra is, aangewend word.

c. Werking:

Lenings kan direk uit die Bank se fondse gemaak word, uit gelde verkry uit die mark van 'n lid of deur waarborg aan privaat leners. By lg. twee gevalle is die toestemming van die lid nodig. Omwisseling van geld geskied ook net met die lede se goedkeuring. Al sy fondse sal die Bank self bewaar en gebruik. Die voorwaardes, rentekoerse en afbetalings sal deur die Bank bepaal word. Dit sluit in die soort bate wat gebruik word. Op versoek kan die maatreëls vir enige lid verslap word. By borgstelling vereis die Bank 'n kommissie teen 'n koers deur die Bank self vasgestel. Dit moet direk aan die Bank betaal word. Deur sy inkome sal die Bank 'n spesiale reserwe skep om te help met die nakoming van verpligtinge. Die Bank het die reg om sekuriteite te koop of te verkoop. Waarborg van die Bank kompromiteer geen owerheid nie en die Bank volg 'n beleid om buite die politiek te bly.

d. Onttrekking:

Enige lid mag hom onttrek en die onttrekking word van krag op die dag van die ontvangs van die kennisgewing. Die Bank kan self ook die lidmaatskap beëindig. Beëindiging van lidmaatskap van die IMF beteken die beëindiging van die lidmaatskap van die Bank. By beëindiging van lidmaatskap sal die owerheid egter aanspreeklik gehou word vir sy verpligtinge. Die Bank sal reëlins tref vir die terugkoop van aandele wat dan gebruik sal word vir die vereffening van enige skulde.

e. Slot:

Hierdie Bank is ook op die multilaterale beginsel gebaseer. Die Bank se belangrikste doel is die voorkoming van verliese. Sommige skrywers, soos Harold Fleming²⁾, reken...../130

1) Halm, G.N. International monetary co-operation, pp. 317-8.
2) Id. Economics of money and Banking, p. 194.

ken dat die probleme van die hede slegs in die toekoms geprojekteer word, m.a.w. die probleme word vir die huidige afgeweer, maar wat sal in die toekoms gebeur - sal dieselfde probleme weer kop uitsteek? Ander persone is weer bang dat die Bank op moeilik uitvoerbare beginsels berus. Die Bank se aktiwiteite het egter langsamerhand uitgebrei en sy rekord dui op een van 'n stilswyende sukses. Die groot rede waarom die Bank egter nog nie 'n belangrike rol in die ontwikkeling van baie lande gespeel het nie, is die gebrek aan voldoende fondse. Dieselfde vrees wat by die IMF aangetrof word, nl. dat sekere lande die instelling tot eie voordeel gebruik, geld vir hierdie Bank ook, want die besondere lande is ook bang dat hulle prestige sal daal indien die Bank sy eie gang gaan. Die gewilligheid van hierdie Bank om met ander instansies saam te werk, bring ons by die volgende instellings vir samewerking, nl. die wat hulle grotendeels op die Europese bodem begewe het. Die IBRD het natuurlik ook baie in Europa opgetree, veral na die Tweede Wêreldoorlog.

9. Die samewerking op monetêre gebied in Europa¹⁾:

In Europa het verskeie instansies ontstaan om ekonomiese samewerking te bevorder. Ons kan egter nie by almal stilstaan nie en sal slegs aandag gee aan die wat hoofsaaklik te doen het met die vloei van valuta om kapitaalbeweginge te vergemaklik. Een saak van belang dien nog hier genoem te word: die samewerking in Europa is 'n tipiese voorbeeld van samewerking in bepaalde streke. Dit is 'n neiging wat reeds vroeg ontstaan het en die verklaring is heeltemal logies: gebiede in dieselfde streek se behoeftes stem baie ooreen en samewerking tussen hulle is dus maklik te bewerkstellig.

a. Die Organisasie vir Europese Ekonomiese Samewerking(OEEC):

Na die Tweede Wêreldoorlog was dit nodig dat daar

n...../131

- 1) Scammel, W.M. International monetary policy, pp. 288 - 316, 279 - 287.
- Halm, G.N. Economics of money and banking, pp. 528 - 530.
- Tew, B. International monetary co-operation, pp. 93 - 117.
- Coulborn, W.A.L. A discussion of money, pp. 311 - 318.
- Schumann, C.G.W., Franzsen, D.G. & De Kock, G. Ekonomie, 'n inleidende studie, pp. 585 - 591.

n sentrale instansie moes bestaan om die Marshallplan ten uitvoer te bring. Eers was daar net n komitee (CEEC), maar in 1948 het dit die Organisasie vir Europese Ekonomiese Samewerking geword. Die organisasie het uit die volgende lede bestaan¹⁾: België, Luxoumburg, Frankryk, Italië, Nederland, Oostenryk, Denemarke, Griekeland, Noorweë, Portugal, Swede, Brittanje en Wes-Duitsland. Die Organisasie het nie soseer reserwes gesentraliseer nie, maar met die doel van samewerking is betalings vergemaklik en op die manier kon dit bydra om meer stabiliteit in die monetêre orde te verkry. Soos reeds geblyk, was die Organisasie slegs beperk tot Europese gebiede en het sy invloedsfeer dus in n groot mate beperk. Die OEEC was egter verantwoordelik vir die stigting van baie van die instellings in Europa wat te doen gehad het met monetêre samewerking. So is bv. "Agreement on Multilateral Monetary Co-operation" in November 1947 in die lewe geroep, hoofsaaklik a.g.v. die werk van die CEEC. Die doel van hierdie organisasie was om groter rekbaarheid in die heersende betalingstelsel te verkry. Weens die beperktheid van die betaalmiddele wat die Ooreenkoms gebruik het, is dit in Oktober 1948 vervang deur die Intra-Europese Betalingsooreenkomste.

b. Intra-Europese Betalingsooreenkomste(IEPA):

Die eerste ooreenkoms is in Oktober 1948 gesluit en was geldig tot Junie 1949. Al die lande van die OEEC was hierby betrokke. Hier is gebruik gemaak van "first and second category compensations"²⁾ waar die eerste direkte vereffening van verpligtinge eis en die tweede daarop dui dat daar van n derde land gebruik gemaak word. In Junie 1949 is die ooreenkoms verleng tot Junie 1950. Albei die ooreenkomste het oor n sekere hoeveelheid trekmagte beskik, met meer magte by die laaste ooreenkoms. Tog blyk dit uit statistiese gegewens dat die fondse van die ooreenkoms nie kon voorsien in die aanvraag daarna nie. Die twee ooreenkomste was hulpprogramme, maar daar is tog ook nie ten volle daarvan gebruik gemaak nie. Om hierdie tekortkominge te probeer bekamp, het die Europese Betalingsunie in 1950 tot stand gekom.

c. Die Europese Betalingsunie(EPU):

1) Tew, B. International monetary co-operation, p. 94.
2) Id., pp. 94 - 96.

Die funksie van die Europese Betalingsunie kom ooreen met dié van die IMF, selfs meer as enige van die vorige instellings. Die belangrikste strewe van hierdie Unie was om ewewig in Europa te bewerkstellig. Dit funksioneer kortliks soos volg:

Elke maand neem die Unie bilaterale surplusse en tekorte van die lede oor. Vir die verrekening word die BIS as agent gebruik. Die maandelikse posisie van elke lid word aangeteken sodat daar aan die einde van elke maand 'n netto posisie verkry word. Die balans moet dan aan die einde van elke maand reggestel word. Die metode van vereffening hou nie verband met die oorsaak van verandering nie. Die ver- naamste middele wat gebruik word, is goud en die sg. „credits“¹⁾, waar lg. maar eintlik die lid se eie valuta is. Die EPU verskil van die IMF in die sin dat in e.g. geen gesamentlike poel is soos die geval met lg. is nie. Die rekeneenheid van die Unie dien as rekeneenheid van die lede se netto posisies en die rekeneenheid wat algemeen gebruik word, is die dollar. Die ECA (Economic Co-operation Administration) het 350 miljoen dollar tot die fondse van die Unie bygedra om 'n moontlike tekort aan fondse te probeer voorkom.

Die EPU was in werking vanaf 1950 tot 1958, waartydens dikwels veranderinge in bepalings gemaak is om uitstaande krediet te verminder, om die maandelikse vereffening te vereenvoudig en om die geldeenhede „harder“²⁾ te maak in terme van goud en dollars. Die EPU het gedurende hierdie tydperk 'n baie belangriker rol as enige voorgaande organisasie in die monetêre lewe van Europa vervul. Die EPU het gepoog om onewewigtigheid in onderskeie volkshuishoudings uit te skakel. Eerstens het die goud en dollars as aansporing vir die onderskeie lede gedien om verpligtinge na te kom. Verder moes beperkings op die handel sover moontlik verwyder word. Deur die multilateralisme het diskriminasie wat invoere betref, onnodig geword. Diskriminasie is wel toegelaat by die lande wat 'n erg nadelige krediteursposisie bereik het. Aan die ander kant moes daar ook by 'n oormatige debietposisie opgetree word. Daar is dus 'n vrystelling van die handel vereis.

Daar was ook 'n aantal bepalings oor likwidasië
van...../133

1) Tew, B. International monetary co-operation, p. 103.
2) Id., p. 109.

van die Unie. Die bates van die Unie sou in so n geval eers proporsioneel onder die krediteurlande versprei word. Die eise sou dan proporsioneel onder die debiteure verdeel word. Hierdie bepalings was veral nuttig toe die EPU op 27 Desember 1958 oorgeneem is deur die EMA (European Monetary Agreement).

d. Die Europese Monetêre Ooreenkoms:

Die EMA het twee hoofkenmerke: Daar was ^{a)} n Europese Fonds en ^{b)} multilaterale vereffening tussen verskillende ledelande. Die Fonds het n kapitaal van 600 miljoen dollar gehad. Die belangrikste doel van die Fonds was die verskaffing van korttermynkrediet vir die bekamping van korttermynveranderinge in ledelande se ekonomiese posisie. Die vereffeningstelsel aan die ander kant, verskaf fasiliteite vir multilaterale vereffening indien dit benodig word. Daar word nou geen krediet toegestaan soos in die geval van die EPU nie. Verder word die bedrae waarin onderhandel is nie meer volgens dollar nie, maar volgens die offisiële koop- en verkoopwaardes gegee.

Soos duidelik uit n kort oorsig van die paar Europese instellings blyk, was geeneen van soveel belang dat dit n groot invloed op die likiditeitsposisie van die wêreld kon uitoefen nie. Die stelling word gestaaf deur die feit dat die meeste van die instellings deur nuweres opgevolg is. In die meeste gevalle hou dit wel verbeteringe in, soos die inflasionistiese karakter wat ~~weg~~geneem is met die totstandkoming van die EMA, aangesien daar toe nie meer krediet verleen is soos onder die EPU nie. In die meeste gevalle was die probleem verbonde aan die instellings die gebrek aan fondse wat hulle ondervind het. Net soos party lande bevrees is dat so n oorkoepelende instelling soos die IMF te groot invloed op die wêreldhandel kan uitoefen, is baie lande bevrees vir te groot mag vir die Europese instellings en om die rede word steun soms teruggehou.

10. Die Triffinplan¹⁾:

Triffin...../134

- 1) Busschau, W.J. Gold and international liquidity, p. 60.
 Grubel, H.G., red. World monetary reform, pp. 15 - 54.
 Shannon, I. International liquidity, pp. 11, 113, 133.
 Scammel, W.M. International monetary policy, pp. 406 - 412.
 Tew, B. International monetary co-operation, pp. 181 - 185.
 Halm, G.N. Economics of money and banking, pp. 471 - 472.

Triffin het in 1947 met 'n eenvoudige plan na vore gekom waarmee hy probeer het om diskriminasie te beperk. Die plan was hoofsaaklik daarop gerig om die tekorte van die IMF uit die weg te ruim.

Triffin wys eers op die tekort aan wêreldreserwes en die probleem van internasionale likiditeit wat daar op die huidige oomblik bestaan. Hy gebruik van die IMF se statistiese gegewens en dui daarop dat met 'n groeikoers van 3 persent per jaar in die wêreldhandel die reserwes vir die 10 jaar 1958 tot 1967 met 19 biljoen dollar behoort toe te neem, waar slegs 7 biljoen dollar verwag word. Dit laat hom tot die gevolgtrekking kom dat die IMF nie geslaagd is nie, maar hy dui daarop dat die moontlikheid wel bestaan om hierdie tekort grootliks te verhaal. Hy wys ook op die veranderde struktuur van reserwes: waar daar in 1913 91 persent goud en 9 persent valuta as reserwes gebruik is, is in 1959 slegs 49 persent en 51 persent valuta(hoofsaaklik dollar en sterling) gebruik. Die wêreld is tans dus baie afhanklik van 'n reserwe-aanbod wat taamlik wankelmoe-dig is. Die goudproduksie het in die laaste halwe eeu minder as die helfte van die toename in wêreldreserwes bygedra, terwyl die verhouding na minder as een-derde verminder het in die laaste dekade. Die rede hiervoor word hoofsaaklik in die afstap van die goudstandaard asook die devaluasies gesien. Triffin kom dan tot die gevolgtrekking dat die probleem van die huidige stelsel geleë is: „in the fact that it leaves the satisfactory development of world monetary liquidity primarily dependent upon an admittedly insufficient supply of new gold and an admittedly dangerous and haphazard expansion in the short-term indebtedness of the key currency countries"¹⁾.

Voordat hy by sy eie plan kom, verwerp Triffin eers die idee van 'n revaluasie van goud of van die moontlikheid van 'n vrye wisselkoersstelsel.

Sy teorie oor die tekortkominge van die huidige stelsel kom op die volgende neer²⁾:

- a. Daar is 'n te klein voorraad goud wat as monetêre reserwe...../135

-
- 1) Erasmus, D.P. Die plek van goud in die huidige internasionale monetêre stelsel en die rol wat dit kan speel in die herstel van die monetêre orde. Koers, 32:110, 1964.
 2) Scammel, W.M. International monetary policy, p. 409.

reserwe dien.

- b. Die huidige stelsel berus op 'n gevaarlike en on-sistematiese uitbreiding van korttermynverpligtinge van die sleutelvalutalande.
- c. Die IMF bekamp hierdie twee genoemde probleme nie na behore nie, daar die IMF ook maar van die sleutelvalutas gebruik maak.

Hiervoor het Triffin net een oplossing: „the IMF must become the repository of national currency reserves and the resulting balances in the Fund must take the place of national currencies in member countries' reserves”¹⁾. Die idee kan ook so beskryf word: die IMF, soos deur Triffin voorgestel, hierna genoem die XIMF, sal as 'n soort sentrale bank van sentrale banke beskou kan word²⁾, d.w.s. dit sal soos 'n vereffeningsfonds werk. Die surpluslande sal dan die tekortlande tegemoet kom. Aan die tekortlande sal daar dan volgens die diskresie van die IMF regte om fondse te trek, verskaf word. Dit bring mee dat daar geen verlies aan likiditeit sal wees nie, terwyl ongewenste valuta ook nie hoef aangehou te word nie. Dit stem baie ooreen met Keynes se „Clearing Union”. Triffin stel dan ook voor dat daar 'n internasionale geldeenheid, noem dit weer „bancor”, inwisselbaar teen goud, by die XIMF in die lewe geroep moet word, want soos reeds geblyk het, sal 'n verdere gebruik van dollar en sterling uiters gevaarlik wees.

Volgens Triffin moet die ooreenkoms van die IMF kortliks soos volg verander word om die gestelde probleme op te los:

- a. Die monetêre reserwes van elke land moet internasionaal in goud of internasionale deposito's gehou word. Alle internasionale rekenings moet op multilaterale wyse vereffen word. Hiervoor moet goud of bancor gebruik word.
- b. Die uitleenkapasiteit van die XIMF moet op die beginsel van oortrokke rekenings gebaseer word, terwyl daar van deposito's gebruik gemaak word, m.a.w. die lande met die oorskotte leen d.m.v. hierdie Fonds aan die lande met die tekorte.
- c. Die XIMF se leenkapasiteit moet beperk word, asook die opstapeling van surplusse deur lande. Die beperking van die Fonds se reserwes word gedoen om sorg te dra dat die wêreldreserwes altyd met 'n koers van tussen 3 en 5 persent groei.
- d. Die XIMF se balanse moet waardevas wees sodat lande hulle reserwes daar kan hou. Verder moet die reserwes te alle tye inwisselbaar wees in enige soort valuta. Die bancor van die XIMF moet dieselfde...../136

1) Scammel, W.M. International monetary policy, p. 409.

2) Tew, B. International monetary co-operation, p. 182.

selfde voordele lewer as enige ander soort valuta sonder dat dit egter enige risiko meebring. Inkomste wat verdien word deur deposito-houers, moet op die rekenings van die houers gekrediteer word. Die deposito's moet 'n goudwaarborg hê, asook 'n waarborg dat geen verlies deur die optrede van enige land veroorsaak sal word nie.

- e. Lande sal 'n deel van hulle bruto reserwes by die XIMF moet hou, asook enige betaling van die XIMF sonder beperking moet aanvaar. 'n Styging in bruto reserwes het dus die effek van 'n verhoging van krediet by die Fonds. Die leenkrag verhoog dus ook.
- f. Die minimum depositovereistes vir ledelande is oorspronklik 20 persent van die land se bruto reserwes. Die bates wat oorgedra word, moet bestaan uit:
 - (i) vooraf verkrygte kredietreise van die XIMF;
 - (ii) likiede of semi-likiede vreemde valuta, soos dollar en sterling en
 - (iii) goud.
- g. Lede kan geld onttrek uit die XIMF in die vorm van bancor, goud of in sy eie valuta indien dit die goedkeuring van die Fonds wegdra.
- h. Triffin voorsien dat alle reserwes uiteindelik as deposito's by die XIMF gehou sal word, behalwe miskien 'n klein werkende saldo.

As die plan van Triffin uitvoerbaar was, sou dit seker 'n goeie oplossing vir heelwat van die bestaande probleme gebring het. Die stelsel is egter nie iets heel nuuts nie, maar slegs 'n ander benadering van reeds bestaande instellings en planne. So 'n Fonds sou sekerlik kon bydra tot die monetêre orde, want dit sou baie meer buigbaar wees as wat die geval met die bestaande stelsel is. Ook sou sy invloed oor 'n baie wyer sfeer gestrek het. Hierdie plan van Triffin dek dus hoofsaaklik twee sake: in die eerste geval bestaan daar 'n internasionale vereffeningsunie met sy eie geldsoort en in die tweede geval het die unie die reg om krediet uit te brei deur lenings aan lede te maak.

Hierdie plan is egter ook onderhewig aan 'n paar probleme. In die eerste geval moet die politiek nie uit die oog verloor word nie en moet die vraag gestel word of so 'n plan onder die huidige politiek wel uitvoerbaar is. Indien dit wel uitvoerbaar is, kan dit dalk tot 'n eie ekonomiese wêreldregering lei waarvoor die volkere natuurlik baie bang is. Veral die sleutelvalutalande sal nie maklik van die belangrikheid van hulle valutas wil afsien nie. Tweedens hou Triffin hom veral besig met die likiditeitsprobleem en laat die regstellingsproses ietwat buite rekening. Sommige ander planne neem wel van lg. ook kennis.

Derdens wil hy nie aan goud n werklike rol toeken in die internasionale reserwes nie, want hy glo nie aan die verhoging van die goudprys nie. Dit bly vir hom n rekeneenheid en n betaalmiddel vir bancor of enige ander nasionale geldeenheid. Vierdens en seker een van die belangrikste punte van kritiek, is die inflasionistiese karakter wat in hierdie plan van Triffin opgesluit lê. Triffin erken self dat sy plan so n gevaar insluit, maar meen dat dit tog beperk kan word deur bv. die jaarlikse leenkrag van die XIMF te beperk. Laastens maak Triffin nie onderskeid tussen omwisselbare en nie-omwisselbare geld nie.

Ofskoon Triffin se plan sekere voordele inhou en redelik eenvoudig is, is dit tog onprakties. Met inflasie kan daar ook deflasie gepaard gaan as daar gedink word aan al die dollar- en sterlingbalanse wat verminder sal word. Opemarktransaksies sal neig om net in een rigting plaas te vind en kan slegs in enkele lande deurgevoer word. Al hierdie probleme maak die plan eintlik baie meer gekompliseerd as wat dit met die eerste oogopslag lyk, en dus baie moeilik aanvaarbaar.

11. Die Stamp-plan:

Die Stamp-plan het twee uitgawes geken, waarvan Maxwell Stamp die laaste in 1962 die lig laat sien het. Kortliks lyk die planne soos volg:

a. Die oorspronklike plan:

Stamp dui aan dat daar steeds n behoefte aan reserwes sal bestaan, aangesien lande graag so n veilige posisie moontlik wil bereik. Dit geld egter eintlik net die ontwikkelde lande. Die ontwikkelende lande sal die reserwes liewers gebruik. Stamp grond dan sy idee dat reserwes vergroot moet word op die volgende veronderstellings:

- (i) Alle uitvoerlande sal graag n surplus wil verkry of vergroot.
- (ii) Daar is nie so baie nuwe middele nodig om meer te produseer in die wêreld nie, maar die ontwikkelende lande benodig beslis hierdie vergrote produksie.
- (iii) Om hierdie groter produksie te absorbeer, is groter reserwes nodig.

Die plan om hierdie reserwes te voorsien hou dan die volgende in: Die raad van goewerneurs van die IMF moet sertifikate uitreik ten bedrae van 3,000 miljoen dollar wat in terme van goud uitgedruk is. Elke lid sal instem om dit te aanvaar wanneer dit in ruil vir valuta aangebied word. Die houer van sulke sertifikate kan dit dan inruil vir enige valuta solank die land lid is van die IMF. Die sertifikate word dan aan 'n koördinerende liggaam gegee om hulle uit te deel aan die ontwikkelende lande wat die sertifikate gebruik om goedere mee aan te koop. Op die ou end gaan die sertifikate by die surpluslande beland, sodat lg. dan indirek aan die tekortlande van sy oorskotfondse leen. Hierdie plan het as basis gedien vir die hersiening van die Stamp-plan in 1962.

b. Die nuwe Stamp-plan:

Stamp het gesien dat sy eerste plan mank gaan aan 'n aantal tekortkominge, daarom het hy dit probeer uitskakel. Die grootste verandering wat hy voorstel is dat die IMF nog krediet kan skep, maar dat dit beperk sal word tot sowat 2 biljoen dollar. Verder word daar weer eens sertifikate uitgereik, hoofsaaklik in terme van dollar. Die sertifikate is inwisselbaar in enige ledeland van die IMF se valuta. Lede stem weer in om die sertifikate aan te neem ter vereffening van skulde. Die Fonds sal die sertifikate vir 50 jaar teen 'n rentekoers aan die IDA (International Development Association) leen. Sodra dit benodig word, sal die IDA dit weer uitleen. Die Fonds waarborg die sertifikate. By oorversadigde indiensname kan lande versoek dat die sertifikate nie by hulle gebruik word nie, aangesien dit uitvoere verder sal stimuleer, maar tog sal die land vir sy kwota sertifikate verantwoordelik bly. Selfs sonder die ondersteuning van al die lede kan die stelsel nog gebruik word. Deurdat hier nou altyd 'n bate teenoor die laste is (al is dit nie-likied) tesame met die beperking op die kredietskeppende vermoë van die Fonds word die bruikbaarheid van die plan verhoog. Stamp glo dat die plan sal werk. Ons het egter ons bedenkinge en voel dat die inflasionistiese karakter van die hele stelsel gevaarlik bly, want met 'n addisionele 2 biljoen dollar kan daar 'n aansienlike invloed op die reserwes van sommige lande uitgeoefen word. Waar die sertifikate deur die IDA in ruil vir valuta uitgeleen word, bring dit eintlik nie veel voordeel aan die betrokke land nie - sy netto reserwes sal nog dieselfde bly.

12. James Angell se alternatiewe benadering vir reorganisasie:

Angell het waardering vir die plan van Triffin en dui op die verstaanbaarheid daarvan. Hy voel egter dat die Triffinplan, selfs met verbeterings, moeilik uitvoerbaar sou wees. Angell sien ook nie die oplossing by ander planne nie, maar wys op twee moontlikhede: eerstens moet goud slegs as betaalmiddel gebruik word en laat vaar word as reserwe - en dit is moontlik; tweedens moet daar van 'n depositobalans gebruik gemaak word by die IMF (soos Triffin tereg voorgestel het). So kom Angell uiteindelik met 'n plan voor die dag wat hoofsaaklik gebaseer is op die plan van Triffin.

In die eerste geval moet die IMF volgens die Triffinplan met 'n aantal wysiginge gereorganiseer word. Hy (Angell) wil egter meer van goud gebruik maak. Sy voorstel kom kortliks op die volgende neer:

- a. Lede van die IMF is vry om goud te koop.
- b. Geen lid sal goud as betaling vereis nie.
- c. Die IMF sal nie goud van lede eis nie.
- d. Die IMF of lede sal nie goud verkoop aan individue of nie-lede nie.
- e. Die IMF is vry om goud te koop.

Ten gunste van elke lid, sal die IMF ook sy eie depositobalanse in terme van goud skep. Elke lid is vry om die deposito vir betaling te gebruik. Geen deposito's word in goud gemaak nie en die deposito's sal 'n renteverpligting dra. Elke lid moet instem om hierdie deposito's te aanvaar en kan 'n deel daarvan as monetêre reserwes reken. Die deposito's kan vergroot word deur die vrywillige verkoop van goud aan die IMF, die verkoop van vreemde valuta aan die IMF of die verkoop van eie geld aan die IMF. Die omwisselbaarheid of nie-omwisselbaarheid van die verskillende valutas moet goed onderskei word. Angell meen dat die toename van 3 tot 5 persent (volgens Triffin) in deposito's van die IMF, heeltemal voldoende is.

Die IMF behoort egter sekere magte te hê:

- a. IMF kan oorleg pleeg met lede en aanbevelings maak.
- b. IMF kan rente verskuldig deur lede, opskort.

- c. Boetes kan op enige geld wat die IMF van die lid besit, geëis word.
- d. Die IMF kan van die lid verwag om die oormatige deel van sy valuta terug te koop.
- e. By enige probleem kan n verbod op die lid se valuta verklaar word totdat die saak reggestel is.
- f. Die IMF kan n deel of die geheel van n lid se valuta op die opemark verkoop.
- g. Die IMF kan n lid skors.

Die IMF is vry om oormaat geld van lede in dié lede se regerings of obligasies te investeer, maar oor die algemeen moet die IMF nie aan aktiewe investering deelneem nie. Die investerings behoort egter korttermyn te wees. Die IMF moenie hulp verleen wat die grense oorskry nie.

Daar is tog enkele probleme. Party lande het betalingsbalansprobleme van so n aard dat die IMF moeilik daarvoor n oplossing sal kry. Die grootste gevaar is egter dat die IMF deur swak bestuur tot niet kan gaan. Verder is die Verenigde Koninkryk nie so n gewysigde IMF baie toegeneë nie; hy is bevrees vir nadelige invloede op die sterlinggebied. Baie Europese lande is ook die mening toegedaan dat hierdie stelsel net die ryk lande sal bevoordeel en daarby voel meeste lande bekommerd oor die groot rol wat die V.S.A. waarskynlik in so n IMF kan speel. Die inflasiekarakter verdwyn nog nie - daar is nie n reserwe wat die deposito's waarborg nie en by enige wantroue kan maklik paniek ontstaan wat die ondergang van so n instelling kan beteken. Wat wel duidelik blyk uit Angell se plan, is dat daar beslis behoefte is aan die reorganisasie van die huidige monetêre stelsel.

13. Leland B. Yeager en die Triffinplan met moontlike alternatiewe:

Yeager voel dat die Triffinplan nie die regte oplossing vir die monetêre probleme bied nie. Hy sê dat Triffin se plan nie veel doen om internasionale ekonomiese betrekkings te bevorder nie. So n koördinasie is moeilik tesame met die regte beheer van bancor. Die vernaamste probleme waarop hy verder wys, is:

- a. Indien Triffin se plan sou misluk, moet dit vervang word en is dit geen maklike taak nie.
- b. Yeager kritiseer die betekenis wat Triffin aan goud koppel.

- c. Daar moet steeds voorsiening gemaak word vir nuwe betalingsbalansprobleme, omdat geen middel aanhoudend gebruik mag word nie.
- d. Lande se valutas is van mekaar afhanklik en gevolglik word invloede na al die ledelande uitgebrei by onewewigtigheid in een land.
- e. Internasionale oordragte vloei voort uit die skeping van krediet.

Yeager sê dat die aanvaarding of verwerping van die Triffinplan uit sy alternatiewe voorstelle afgelei moet word:

As eerste alternatief stel hy dat die IMF gehandhaaf moet word soos hy vandag is met slegs 'n verbetering in die leen- en trekmag van lede. Daar moet dan periodieke toenames van kwotas wees. Die probleem is weer eens die gebrek aan 'n outomatiese balanseringsmeganisme. In tye van nood is lenings ook nie so aanvaarbaar soos goud nie.

Die V.S.A. kan miskien die verhouding tussen goud en dollar opskort sodat die dollar sonder dekking gebruik word. In die plek van goud kan dan goedere gestel word. Ook is hier dan nie die behoefte aan vrye wisselkoerse nie. Die probleem met hierdie metode is dat 'n goederewaarborg vir geld alreeds as onvoldoende bewys is en dat daar ook maar tekorte sal ontstaan.

Indien alle owerhede die gebruik van reserwes uitskakel, kan daar ook 'n oplossing wees. Daar sal dan geen tekort aan internasionale reserwes wees nie. Vaste wisselkoerse bly nog steeds staan met periodieke regstelling. Die vreemde valuta sal dan slegs deur individue gehou word. Die probleem is dat die valutas wat die meeste gebruik word, slegs aan 'n paar lande behoort en dus sal probleme wat hulle ondervind outomaties oorgedra word na die lande wat van die valuta gebruik maak. Ook is uit die ondervinding geleer dat reserwes steeds 'n vereiste bly, want geen land ter wêreld kan so 'n stabiele ekonomiese peil handhaaf dat geen reserwes ter dekking en veiligheid gehou hoef te word nie.

14. Frankryk se huidige standpunt¹⁾:

Nadat...../142

1) Anon. France's about-turn on gold. Financial Mail, Jul. 2, 1965, p. 18.

Nadat Frankryk nog aan die begin van hierdie jaar oënskynlik die goudstandaard gesteun het, het hy nou omgeswaai en is hy gekant teen 'n terugkeer tot die goudstandaard en 'n revaluasie van goud. Van die argumente wat aangevoer word, is dat baie van die groot ondernemings in die binne-land teen so 'n stap gekant is. Die vernaamste rede is egter dat 'n revaluasie van die goudprys die Amerikaanse posisie, veral dié van die dollar, sal versterk.

Frankryk se minister van finansies, Giscard d'Estaing stel 'n drieledige plan voor vir die herstel van die monetêre orde. Hiermee het hy dan eintlik geseëvier oor Rueff.

- a. Die leenregte van die IMF moet uitgebrei en meer elasties gemaak word.
- b. Daar moet meer gedoen word om beskikbare reserwes te distribueer.
- c. d'Estaing wil dan groot vryheid aan die wisselkoerse gee. Lande met groot surplusse moet die buiteland toelaat om by hulle te leen. Hierdie surpluslande moet dan ook meer invoer.
- c. Daar moet 'n saamgestelde reserwe-eenheid („CRU - composite reserve unit") in die lewe geroep word. Die eenheid sal dan addisionele internasionale likiditeit volgens behoefte bevredig. Dit moet egter meer op 'n globale bevrediging gerig word as op die bevrediging van individuele lande.

Die plan van d'Estaing lyk baie soos die Triffin-plan en sal dus met dieselfde probleme te doen kry.

15. Slot:

In hierdie hoofstuk het ons eers aandag gegee aan instellings wat bestaan het en nog steeds bestaan met die doel om die internasionale monetêre orde te stabiliseer of te verbeter. By al hierdie instellings kon ons egter geen- een kry wat volkome in die doel kon slaag nie. Die IMF is seker die belangrikste van al die instellings en as sodanig lewer dit seker dan ook die grootste bydrae tot die versterking van die internasionale monetêre posisie. Die ondoeltreffendheid en gebrek aan voldoende fondse het egter ook duidelik na vore gekom. Daarom het die verdere planne ook nie uitgebly nie.

Die res van die hoofstuk is gewy aan 'n paar planne wat geformuleer is en ook gerig is op die sentralisasie van...../143

HOOFSTUK VII

DIE VERBETERING VAN DIE GOUDWISSELSTANDAARD1. Inleiding:

Die vernaamste probleem waarmee die goudwisselstandaard te doen het, is die opgeblase kredietstruktuur. Hierdie stelling word bewys deur wat reeds in hoofstuk IV¹⁾ oor die goudwisselstandaard gesê is en blyk ook uit die beskrywing van die heersende likiditeitsprobleem in hoofstuk V. Uit hierdie twee genoemde hoofstukke het die groot gebruik van dollar en sterling in internasionale reserwes geblyk. Die probleem het eintlik ontstaan a.g.v. 'n gebrek aan vertroue in hierdie sg. „sleutelvalutas“. Dit is veroorsaak deurdat die uitgewers van die sleutelvalutas, nl. die V.S.A. en Engeland, soveel valuta beskikbaar kon stel deur tekorte op hulle betalingsbalanse te handhaaf. Die V.S.A. was veral skuldig hieraan. Die kwynende vertroue in hierdie valutas is die oorsaak van 'n vermindering in internasionale likiditeit, want die lande is nie meer begerig om in besit te wees van die „gesogte“ valutas nie en vereis liever goud. Dit bring weer 'n verdere verswakte posisie van die sleutelvalutas. Die oomblik as daar geen vertroue in hierdie valutas is nie, kan dit tot paniek en die ineenstorting van die Westerse geldstelsel lei.

Sommige skrywers soos Bernstein, Machlup, Jacobson, Roosa, Zolotas, e.a. het toe verskillende planne aan die hand gedoen om die probleem hierbo gestel te bekamp. In hierdie hoofstuk is ons doel dan om op verskeie van die skrywers se sienswyse oor die moontlike verbetering van die goudwisselstandaard of die huidige geldstelsel te let. Hierdie skrywers wil dan deur verskeie maatreëls die goudwisselstandaard verbeter, sodat daar nie so 'n radikale verandering in die geldstelsel op internasionale gebied sal kom nie.

Nog een opmerking i.v.m. die huidige stelsel moet gemaak word: dit wil voorkom asof daar 'n redelike hoë graad van internasionale samewerking op monetêre gebied bestaan. Tog word daar by die geringste ontevredenheid alreëls boikot en ander beperkende maatreëls toegepas. Die

skrywers...../145

1) Vir die volledige omskrywing sien: die goudwisselstandaard, pp. 67 - 86.

skrywers wat hierdie toestand dan wil verbeter, het miskien met 'n groter probleem te doen as wat besef word. Om 'n plan aan die hand te doen wat internasionaal aanvaarbaar en regverdig sou wees, sal fyn beplanning vereis.

2. Bernstein: voorgestelde hervormings in die internasionale monetêre stelsel:

Hy dui eers daarop dat die groot tekorte van die V.S.A. 'n daling van 6.9 biljoen dollar in sy reserwes veroorsaak het van 1958 tot 1963. Die enigste manier om die tekorte te bekamp, was deur goudverkope. Beter georganiseerde instellings sal dit vir die land makliker maak om die tekorte te bekamp. Die internasionale betalingstelsel eis egter dat daar steeds balans moet wees. Bernstein onderskei drie probleme in die internasionale monetêre stelsel wat hy agtereenvolgens probeer oplos:

- a. Die beskerming van finansiële sentra teen groot kapitaalbeweginge.
- b. Hoe die reserwebehoefte van die ontwikkelende lande bevredig word.
- c. Hoe aan die ordelike groei van die monetêre reserwes voorsien word.

Wat die eerste saak betref, voel Bernstein dat die lande reeds genoem, reëlings getref het om skielike korttermynkapitaalbeweginge te bekamp. Hy sê dan dat die lande liever nie sulke groot reserwes in goud moet hou nie, sodat hulle nie so afhanklik van die goud is nie. Daarom noem hy die Posthuma-plan waar elke land wat 'n groot besitter is van goud, 'n deel van sy reserwes in vreemde valuta hou. Op die manier sal die lande dan hulle goudreserwes verminder sodat daar voldoende oor die hele wêreld beskikbaar is.

Let ons op die tweede probleem, dan is die eerste saak wat opval die gedurige tekort aan voldoende reserwes by die ontwikkelende lande. Daar is 'n plan opgestel om hierdie probleem te probeer bekamp wat nog deur die V.V.O. ondersoek word. Volgens die plan sal 'n uitvoer-ontvangstefonds gestig word as deel van die IMF of as onafhanklike instelling. Die fonds kry dan sy middele van alle lande, terwyl net die lande met die laer inkomste die reg het om van die fonds gebruik te maak. So 'n fonds mag van groot hulp wees. Dit leer die ontwikkelende lande 'n verantwoor-

delikheidsin omdat die geleende fondse na 'n tydperk terugbetaal moet word.

Die saak wat egter die meeste aandag verdien, is hoe daar in die behoefte aan die ordelike groei van die reserwes voorsien kan word. Hier word die nadruk dan weer op die IMF gelê. Bernstein beskou die Fonds as die beste instelling om te help met die ordelike groei van reserwes. Die rede word gesoek in die lang ondervinding wat die IMF reeds het. Die eerste voorstel is dat die kwota van elke lid as deel van sy reserwes gereken kan word. Om hierdie saak aan te help, moet lede toegelaat word om vryelik op hulle kwotas te trek tot die voorgeskrewe maksimum. Verder moet lede toegelaat word om 'n gelyke deel op hulle kwotas te trek plus die eerste 25 persent van hulle krediettrekkings binne die eerste twaalf maande. So 'n trekking van 25 persent moet elke jaar toegelaat word tot 'n maksimum van 200 persent van die lid se kwota. Verder moet lede enige tyd op die IMF kan trek as hy sy eie middele gebruik. Die bestaande kwotas van die lede sal onder hierdie voorgestelde skema lei tot genoegsame reserwevoorsiening vir die wêreld.

Bernstein sê dat waar die Triffinplan monetêre reserwes wil skep deur die uitbreiding van krediet, hierdie idees van hom heeltemal iets anders beoog. 'n Probleem wat by die idees van Bernstein opduik, is dat sy voorstelle deur 'n wêreldliggaam met so 'n groot moontlike omsigtigheid gehanteer moet word. Ons kan egter nie baie gelukkig voel oor die idee van Bernstein om die reserwes in die vorm van goud te verminder nie. Valuta lewer wel enkele voordele, maar die nadele van moontlike waardevermindering bly steeds staan. Dit maak enige reserwe in dié vorm baie riskant. Die hulp aan die ontwikkelende lande verdien wel lof, maar daar bestaan twyfel of alle lande hulle verpligtinge teenoor so 'n fonds sal nakom. Die verbetering van die IMF hou egter nog steeds gevaar van inflasie in deur die vrye trekregte van lede. Die lenings moet wel terugbetaal word, maar teen die datum van terugbetaling kan inflasie dalk al klaar ontstaan het.

3. Harrod oor likiditeit:

Harrod verklaar eers wat hy onder binne- en buitelandse likiditeit verstaan. Dit kom neer op die begrippe
wat...../147

wat in hoofstuk V bespreek is. Harrod wys daarop dat Keynes reeds voor die oorlog oortuig was dat die wêreldlikiditeit veel te wense oorlaat. Die moontlike oplossing noem Harrod die verhoging in die goudprys waarby ons weer in hoofstuk VIII kom. Dit is vir Harrod die maklikste metode, maar die vermyding daarvan is hoofsaaklik die gevolg van die invloed van die V.S.A. en die IMF. Die V.S.A. se reserwes sal wel uitbrei by so 'n stap. Harrod se eintlike aanbeveling vir die verbetering van die huidige stelsel is dat die IMF 'n wêreldbuffervoorraad reserwes moet vorm. Die probleem hieraan verbonde is duidelik: 'n voorraad sal net tydelike verligting bring en die groot vraag is: wie gaan oorspronklik vir die voorrade betaal? Om 'n oplossing vir hierdie probleme te vind, sal geen maklike taak wees nie.

4. Lutz oor die internasionale likiditeit en 'n veelvoudige geldstandaard:

Wat die internasionale likiditeitsprobleem betref, wys Lutz hoofsaaklik daarop dat die goudproduksie ver tekort skiet om aan die wêreld se monetêre vraag te voldoen. Daar is wel vir Lutz 'n paar moontlike oplossings vir die probleem, nl. vrye wisselkoerse, wat deur die onwilligheid van lande om daaraan deel te neem, gedoem is, die verhoging van die goudprys wat ook vir hom geen verbetering inhou nie omdat die delwery na goud steeds sal toeneem en daar ook 'n gevaar van inflasie bestaan, en 'n uitbreiding van die moontlikheid om by vreemde lande te leen. Hierdie laaste metode bepaal dat lande met surplusse voorsiening moet maak om van die fondse aan lande met tekorte te leen. Die IMF moet sulke fondse reguleer. Die kapasiteit van die land om uit te leen, moet beskou word as 'n deel van sy reserwes. Lutz voel ook dat hierdie plan nie veel om die lyf het nie, want dit kan meebring dat lande met betalingsbalanstekorte nie veel inspanning aan die dag sal lê om hulle eie posisie reg te stel nie. Op die manier sal daar nie meer waarde aan likiede reserwes geheg word nie.

Lutz se eintlike voorstel gaan egter oor 'n veelvoudige geldstandaard. Hiervolgens moet lande hulle reserwes nie net in een valuta hou nie, maar in soveel moontlik. Hy voel ook dat die dollarbalanse wat tans deur so baie lande gehou word, nie sommer so verminder kan word nie, maar dat dit geleidelik moet geskied. Op hierdie manier sal daar uitbreiding van die wêreldreserwe plaasvind, i.p.v. die reserwes...../148

serwes wat nou net van die een land na die ander verskuif word. Lande moet egter nie verplig word om hulle reserwes in valutas te hou waarin hulle nie belangstel nie. Dit moet egter duidelik verstaan word dat sulke valutas wat deur lande aangehou sal word, ook die vorm van sleutelvalutas moet aanneem. Sulke sleutelvalutalande moet bereid wees om goud teen 'n vaste prys vir valuta aan te bied. Dit hou dus in dat sleutelvalutalande hulle valuta moet waarborg. Afwesigheid van so 'n waarborg sal lande in geen ander valuta as dollar laat belangstel nie. So 'n waarborg hou naantal voordele in, o.a. sal die probleem van die groei van reserwes verdwyn; handel is onmiddellik moontlik; geen nuwe internasionale instellings is nodig nie en dit verhoog monetêre orde - alles volgens Lutz. Of ons met Lutz se plan kan saamstem, is nie moeilik om vas te stel nie. Hierdie stelsel vereis wel nog 'n groot hoeveelheid goud om vir die lande met sleutelvalutas as waarborg te dien. Waar slegs die V.S.A. nou met die probleem worstel om sy reserwes op die vereiste peil te hou, sal dit dan 'n probleem wees wat ook na ander lande uitbrei.

5. Per Jacobsson oor likiditeit en stabiliteit:

Likiditeit en stabiliteit word deur Jacobsson as die twee funksies van die internasionale monetêre standaard beskryf. Volgens hom is daar verskeie metodes om hierdie twee funksies te verkry, alhoewel almal nie so ewe aanvaarbaar is nie.

As eerste metode noem hy groter kredietverleningsmag van die IMF. Die IMF word dan in die posisie gestel om sy lede te help. Jacobsson beweer dat die stabiliteit goed deur hierdie metode aangehelp word en dat hy nog geen likiditeitsprobleem sedert die laaste oorlog kan sien nie - selfs op die oomblik lyk die reserwes nie vir hom onvoldoende nie.

'n Ander moontlikheid wat hy noem en sommer dadelik verwerp, soos meeste skrywers in hierdie kategorie, is die herstel van die goudstandaard. Dit lyk vir hom na 'n droom. Hy kan nie die groot tekort aan goudreserwe insien nie - selfs nie in die toekoms nie. Jacobsson is dus nie 'n voorstander van die verhoging in die goudprys nie.

kan bydra tot die stabiliteit en likiditeit in die internasionale monetêre stelsel. Dit is reeds baie in die V.S.A. gebruik en brei steeds na ander lande uit. Dit beperk inflasie omdat lande hulle betalingsbalanse in ag neem, en sodoende sorg dat die ewewig daarin gehandhaaf word. 'n Ewewigtige ekonomie beteken ook die benodiging van kleiner reserwes. Daarom word die likiditeitsprobleem tesame met die stabiliteit op die rekening van die groter lande geplaas, aangesien hulle oor die algemeen oor beter markte beskik waar hulle van sulke transaksies gebruik kan maak. Die kleiner lande moet ook gewoonlik van hierdie markte gebruik maak.

Die laaste saak wat Jacobsson noem, is dat daar na groter samewerking met die IMF gesoek moet word. Sedert die ontstaan van die IMF het die neiging al dikwels voorgekom dat monetêre owerhede met mekaar wil saamwerk. Die IMF se plig word dan om transaksies in dieselfde rigting te stuur as die algemene monetêre neiging. Verder versterk die IMF 'n land se likiede posisie waar die versekering daar is dat daar om hulp by die Fonds aangeklop kan word. Die IMF word dan beskou as 'n sentrum waar gemeenskaplike belange op die hart gedra word.

Jacobsson kom dan tot die gevolgtrekking dat daar in die rigting van stabiliteit reeds groot vordering gemaak is, maar dat nie heeltemal dieselfde van likiditeit gesê kan word nie. Die laaste saak, voel hy, kan reggestel word deur kragtiger gemeenskaplike optrede op die monetêre gebied. Ons kan egter nie heeltemal met Jacobsson saamstem nie. Ten eerste het alreeds uit voorgaande hoofstukke¹⁾ die onvermoë van die IMF om aan alle behoeftes te voorsien, geblyk. Selfs met die uitgebreide kwotas kan die IMF nie bybly nie. Ten tweede het ons ook reeds gewys op die tekort aan die wêreldvoorraad van goud. Ten derde ofskoon, opemarktransaksies 'n meer prominente rol in die hedendaagse monetêre lewe geniet as vroeër, kan dit nie as die alfa en die omega beskou word nie. Die kleiner lande, en veral ontwikkelende lande, vind dit baie moeilik om op die hoogs ontwikkelde markte van die industriële lande mee te ding.

6. Fritz Machlup oor die hervorming van die internasionale monetêre stelsel:

Hy...../150

1) Sien hoofstuk V, paragraaf 3.d.

Hy stel dat ons vandag met drie soorte geld in internasionale transaksies te doen het, nl. goud, dollar en die pond sterling. Daar vind gereeld 'n verskuiwing van die een na die ander plaas. Sommige ekonome wil meer internasionale soorte geld hê, wat alleen kan werk indien daar 'n goeie dissipline gehandhaaf en geld skaars gehou word. Dit kan uiteindelik tot 'n sentrale bank van die wêreld lei - wat egter baie onwaarskynlik is met al die politieke wrywinge wat ons in die jongste tye beleef.

Machlup onderskei 'n paar probleme wat die huidige stelsel ondervind en wat geen plan nog almal gelyktydig kon oorbrug nie. Die probleme is:

- a. fundamentele betalingsbalansprobleme,
- b. massabewegings van korttermynfondse en
- c. die langtermyn-aanbod van monetêre reserwes.

Ofskoon Machlup hier geen definitiewe plan aan die hand gee nie, noem hy tog verskeie moontlike oplossings, nl. (i) die uitbreiding van die goudwisselstandaard tot verskeie reserwegelde wat reeds onder bespreking was; (ii) groter en wedersydse ondersteuning tussen sentrale banke; (iii) die reeds besproke sentralisering van reserwes; (iv) verhoging in die goudprys word ook as 'n moontlikheid gesien; en (v) vrye wisselkoerse. (i) en (ii) hou glad nie rekening met die tekorte van die V.S.A. se betalingsbalans nie. (iii) en (iv) gee 'n tydperk van uitstel, terwyl (v) wel met die betalingsbalans tekorte rekening hou, maar tog betalings bemoeilik. (iii), (iv) en (v) benader die probleme goed, behalwe dat daar die vrees vir inflasie bestaan. Dit gaan egter nie heeltemal op nie, want by 'n wêreldbank is die inflasie wel beperkbaar; die verhoging in die goudprys hoef nie noodwendig inflasie te beteken nie en dieselfde geld vir die vrye wisselkoerse. Machlup se aanbeveling is dan dat die mense met meer geduld en aandag hierdie planne moet bespreek as wat tot dusver gedoen is. Hy voel ook dat die persentasie toevoeging van goud tot die wêreldreserwes afneem, maar beskou goud as 'n prys-ondersteunde middel waarvan mense glo dat dit 'n intrinsieke waarde het.

Al wat ons teen Machlup hier aan te merk het, is dat hy die belangrikheid van goud in die internasionale monetêre stelsel onderskat.

7. Roosa oor die versekering van die vrye wêreld se likiditeit:

Roosa sien ook drie moontlike oplossings vir die herstel van die monetêre orde, nl.

- a. die devaluasie van die dollar;
- b. die waarborg van die dollar se huidige prys en
- c. planne vir 'n poel van internasionale reserwes.

Roosa voel dat daar voldoende likiditeit in die internasionale reserwes moet wees. Dit sal die betalings tussen lande vergemaklik, en hier is die volgende drie vraagstukke van belang, nl. (i) beskik lande oor genoegsame toegang tot reserwes? (ii) is die reserwes in tye van nood genoegsaam? en (iii) groei die reserwes voldoende? Ons let vervolgens op Roosa se uiteensetting van die voorgenoemde drie oplossings en hoe dit kan bydra tot 'n orde-like monetêre stelsel.

Wat die devaluasie van die dollar betref, voel hy dat alle ander lande die V.S.A. in so 'n stap sal volg. Dit sal dan geen verandering in die betalingsbalans teweegbring nie, maar dit sal wel die reserwes verhoog. Die moontlikheid van vernietiging van likiditeit is dus 'n waarskynlike gevolg. Dit kan lei tot die verdwyning van die dollar. Ons voel egter nie geneë om hier heeltemal saam te stem nie, want alhoewel 'n waarskynlikheid bestaan, is daar geen versekering dat ander lande die V.S.A. wel met devaluasie sal volg nie. Inteendeel, as so iets sou gebeur, kan sulke lande hulle reserweposisie t.o.v. die V.S.A. versterk.

Met die waarborg van die dollar se waarde word daar gepoog om ander lande daarvan gebruik te laat maak sonder dat daar 'n moontlikheid van verlies sal wees. Die V.S.A. kan dan die likiditeit volgens eie oordeel beheer. Die nadeel van hierdie idee blyk onmiddellik. Meeste lande sal nie die mag om likiede fondse na eie wil te reguleer, in die hande van die V.S.A. wil plaas nie. Ook sal die V.S.A. sy eie aktiwiteit beperk deurdat hy sy betalingsbalans in ewewig sal moet hou.

Die wêreldbank beteken die gesamentlike dra van 'n las. Goud sal hier nie so 'n belangrike rol speel nie.

Met n bestendige groei van reserwes kan in die behoefte ook voorsien word. Geld deur so n instelling in omloop gebring, sal baie sterk wees, maar geen regering sal dit wil waarborg nie. Soos reeds geblyk het, maak die verskille tussen lande die stigting van so n instansie feitlik onmoontlik.

Roosa maak dan n paar voorstelle wat tot monetêre orde kan bydra. Ekonomies sterk lande moet ekonomies swak lande help, indien e.g. oor surplusse beskik. Die gemeenskapsmark bied sekere voordele in hierdie rigting. Die OECD¹⁾ is nog n organisasie wat in dieselfde rigting neig. Daar sal egter nog nie in die behoeftes van ontwikkelende lande voorsien kan word nie. Die dollar sal egter die ver- naamste valuta bly. Die vraag wat ontstaan, is of die dol- lar met die omwisselbaarheid in goud, enige druk sal kan weerstaan. Die V.S.A. moes alreeds sekere stappe neem om die skokke van te veel kapitaalvloei te versag. Die struk- tuur van so n poging bestaan dus reeds en sodra die V.S.A. meer ewewig in sy betalingsbalans het, kan hy seker meer aandag aan sy bydrae tot internasionale likiditeit lewer. Hierdie gebruik van die dollar is egter juis die probleem, want lande voel nie meer lus om van n valuta gebruik te maak nie wat aan allerhande risiko's onderworpe is nie.

8. Wallich wil die goudprobleem deur samewerking oplos:

Die eerste saak wat Wallich onder oënskou neem, is die tekorte op die betalingsbalans van die V.S.A. Voor 1957 word die tekorte aan hulpverlening toegeskrywe, maar daarna aan dalende uitvoere, stygende invoere en die uit- vloei van korttermynkapitaal. Die V.S.A. sal sy verantwoor- delikheid nou moet begin besef om dissipline in sy betalings- balans te kry en homself dus begin beperk. Die tekorte het wel afgeneem, maar die probleem is nog geensins opgelos nie. Dit kan ook nie net aan sikliese of buitengewone faktore toegeskrywe word nie. Daar word n toename in die V.S.A. se uitvoerpryse bemerk. Ook is daar heelwat hulp aan ander lande verleen, maar hiervan word weer n groot deel in die V.S.A. bestee. Toenemende mededinging veroorsaak egter ook n kleiner uitvoer.

Daar is verskeie metodes om die tekorte te ver- minder. Daar kan bv. gepoog word om die mededinging in die V.S.A. te verhoog; handelsbeperkings kan verwyder word; uitvoere...../153

1) OECD - Organization for Economic Cooperation and Develop- ment.

uitvoere moet vermeerder word; hulp aan ander lande en militêre uitgawes moet besnoei word en belastingbeperkings moet verslap word.

n Onopgeloste probleem wat nog bly staan, is die van likiditeit. Die V.S.A. is die bankier van die wêreld en die houer van baie deposito's. Die grootste probleem is seker dat die V.S.A. op die korttermyn uitleen, maar self op die langtermyn moet leen. Die dollar help dus baie om die wêreldlikiditeit te behou deur die groot hoeveelheid geld wat op die manier in omloop kom, maar die dollar help om vir die res van die wêreld reserwes te skep. Die dollar se waarde begin egter ietwat twyfelagtig word. Vir n toename in vertroue in die dollar moet die betalingsbalans van die V.S.A. en die wêreld se betalingsmeganisme verbeter word.

Die voorstelle wat hiervoor aan die hand gedoen word is:

- a. n sleutelvalutabenadering;
- b. verbreding van die huidige IMF en
- c. nverandering van die huidige IMF in n wêreld sentrale bank.

Wat die eerste voorstel betref, moet lande ooreenkom oor beleide op verskeie terreine; rentekoerse binne sekere grense vasstel; maatreëls om betalingsbalans tekorte teen te werk, koördineer; die sametrekking van goud beperk en die moontlikheid van waarborg vir goud en sterlingbalanse oorweeg. Dit kan, in hierdie raamwerk, vir die V.S.A. miskien kleiner tekorte beteken.

n Uitbreiding van die IMF is alreeds bespreek en is eintlik meer van toepassing onder die vorige hoofstuk. Dit is egter wel interessant om te let hoe Wallich die moontlikheid van n wêreldsentralebank sien. Dit moet omtrent net soos die Federale reserwebank in die V.S.A. wees. Die voordeel sal wees dat dit die dollar deurentyd in ag sal neem en oormatige omsette van dollar in goud sal voorkom. Die Bank sal ook die reg hê om te investeer, maar lg. sal ook sy probleme hê, nl. (i) die V.S.A. se betalingsbalans; (ii) die las van n goudwaarborg en (iii) verdere tegniese en politieke probleme. Die wêreld as geheel is egter nog nie ryp vir die ontvangs van so n bank nie, want...../154

want die groot en sterk banke bied heelwat verset teen die idee.

Die slotsom waartoe Wallich kom, is dat die beste oplossing by die sleutelvaluta of die uitbreiding van die IMF gevind kan word. Die eerste is egter slegs 'n tydelike oplossing en die probleme wat daar by die ander ondervind word, is net so baie. Weliswaar sien Wallich die probleme duidelik, maar sy oplossings is nie altyd aanvaarbaar nie.

9. Zolotas wil die goudwisselstandaard versterk:

Hy sien ook dat die huidige tempo van goudtoename nie in die behoeftes van die handel kan voorsien nie. Daarom wil hy die goudwisselstandaard verbeter. Reserwes kan onder hierdie stelsel slegs verhoog word indien die reserwes van die sleutelvalutas verlaag word, maar dit bied net 'n tydelike oplossing. Zolotas bly egter oortuig daarvan dat die standaard kan werk en wil die volgende maatreëls tref:

- a. Wederkerige versameling van valuta by die hoofhandelslande.
- b. Voorsorg vir 'n goudwaarborg van vreemde offisiële deposito's.
- c. 'n Voorkeurrentekoers en belastingbehandeling van vreemde deposito's.

Hierdie maatreëls vul mekaar aan. Dit bring mee dat eie stelsels nie tot niet hoef gemaak te word nie en dat daar 'n veelvoudige geldstandaard tot stand sal kom. In hierdie stelsel sal die verantwoordelikheid vir stabiliteit en likiditeit dus nie net op een land rus nie. Of so 'n stelsel genoegsame likiditeit oor die langtermyn sal voorsien, is egter te betwyfel.

Wat ook miskien gedoen kan word om die stelsel te bevorder, is om die IMF se aktiwiteite te beperk tot dié van depositonemer alleen. Zolotas voel dat in hierdie rigting 'n sterk middel vir die herstel van monetêre orde lê. Wat baie belangrik is, is dat die pariwaardes van valutas stabiel gehou moet word. Dit verseker stabiliteit in die handel en vrye geldomwisseling. Daar moet ook 'n genoegsame hoeveelheid ontwikkelingskapitaal beskikbaar wees.

lewer op hierdie idees van Zolotas nie, daar dit baie nou aansluit by van die vorige planne wat reeds gekritiseer is. Ons noem slegs dit: die waarborg van 'n valuta sal steeds baie moeilik bly en dit sal die vertroue in die besondere valuta ondermyn.

10. D. Rockefeller en internasionale monetêre herstel:

Vir Rockefeller gaan die probleem eintlik om die V.S.A. Hy dui op twee probleme vir die V.S.A.: die tekorte op sy betalingsbalans en die rol in die internasionale likiditeit. Hy sien 4 metodes wat die likiditeitsprobleem kan bekamp nadat hy tot die gevolgtrekking gekom het dat 'n verbetering van die korttermyn-likiditeitsprobleem ook die langtermyn-probleem sal bevoordeel. Die metodes is:

- a. Verhoging in die goudprys.
- b. Versterking van die huidige meganisme deur interne maatreëls.
- c. Uitbreiding van die IMF se gebied en funksie.
- d. Stigting van 'n internasionale sentrale bank.

Die enigste van die 4 metodes wat Rockefeller as goed beskou, is die tweede een. Waar die dollar 'n sleutelvaluta is, wil hy die dollar se posisie deur verskeie metodes versterk, hy wil bv. die dollar nie meer as dekking vir verpligtinge van die Federale Reserwebank gebruik nie. Verder wil hy 'n styging in die goudprys voorkom, maar wel spekulasie op die Londonse mark aanmoedig; hy wil die winsgewendheid van korttermyntransaksies verminder.

Rockefeller kritiseer ook Triffin se plan en weereens gaan dit om die V.S.A., want hy sê die plan van Triffin sal die V.S.A. te duur te staan kom deur hoër finansieringskoste van tekorte. Ons voel dan ook dat Rockefeller miskien nuttige voorstelle vir die probleme van die V.S.A. se likiditeit aan die hand doen, maar dat dit dan die hele wêreld se reserweposisie sal verbeter, is te betwyfel. Ook sal 'n verwydering van waarborge vir uitgifte deur die Federale Reserwebank taamlik riskant wees, terwyl 'n verhoging van goudspekulasie miskien groot druk op die goudprys kan meebring.

11. Slot:

As ons al hierdie planne wil saamvat, kom dit in hoofsaak neer op die invoer van n veelvoudige geldstandaard. Baie van die planne bespreek ook die moontlikheid van die stigting van n wêreldbank en sommige wil die IMF verbeter. Die argument vir die verhoging van die goudprys word dikwels genoem, maar gou op die agtergrond geskuif. Wanneer Amerikaners dit doen, is dit verstaanbaar, want die V.S.A. se grootste vrees is n verlies aan prestige indien die goudprys verhoog moet word. Dit bring ons dan ook by die volgende hoofstuk waar dit hoofsaaklik gaan om die verhoging van die goudprys, oftewel n devaluasie van die dollar.

Wat by die bestudering van die verskillende planne baie opvallend is, is die beklemtoning van die tekorte van die V.S.A. se betalingsbalans en die invloed daarvan op die internasionale likiditeit. Hierdie saak bly vir ons van groot belang, want in die volgende hoofstukke sal ons telkens op hierdie probleem terugkom. Ook word die IMF se ondoeltreffendheid aangedui deurdat daar herhaaldelik op die uitbreiding van die IMF gedui word.

HOOFSTUK VIII

DIE INSTELLING VAN VRYE WISSELKOERSE EN DIE TERUGKEER NA
DIE GOUDSTANDAARD1. Inleiding:

In hierdie hoofstuk word nou die laaste groep planne waarby ons ons bespreking wil bepaal, van nader beskou. Reeds is daar in die vorige hoofstukke verwys na hierdie planne as n oplossing van die huidige internasionale monetêre probleem en was die tekorte op die betalingsbalans van die V.S.A. telkemale onder bespreking. In hierdie hoofstuk word dit ook weer as argument vir die terugkeer na die goudstandaard gebruik.

Dit is egter nodig dat ons eers moet let op die betekenis van die woorde „terugkeer na die goudstandaard”. Uit die bespreking van die goudstandaard in n vorige hoofstuk¹⁾ is dit duidelik dat die goudstandaard as sodanig dieselfde betekenis behou as wat dit voor 1914 gehad het. Tog hou dit ook in dat daar n verhoging in die goudprys moet wees. Voordat die goudprys nie verhoog word nie, is n terugkeer na die goudstandaard onder die huidige omstandighede onmoontlik. Ook beteken n devaluasie van die dollar dieselfde as n verhoging in die goudprys. Dus, by n devaluasie van die dollar, of anders gestel, n verhoging in die goudprys, is die terugkeer na die goudstandaard met sy vrye wisselkoerse(omdat dit vanself bepaal word) weer moontlik.

Die sentrale gedagte in hierdie hoofstuk is dus die goudprys. In al die verskillende skrywers se standpunte wat hier kortliks saamgevat word, word die likiditeitsprobleem van die internasionale reserwes telkens weer aangedui(en die rol van die V.S.A. hierin). Dan probeer ons bewys dat n verhoging in die goudprys die beste oplossing sal wees vir die herstel van monetêre orde en dat die voordele van so n plan die nadele verreweg oortref. n Paar van die skrywers wat veral dié mening toegedaan is, is Harrod, Heilperin, Rueff en meer bekend in ons eie midde, W.J. Busschau. Ons bepaal ons aandag egter meer by die idees van e.g. drie.

Vooraf...../158

1) Volledige bespreking van die goudstandaard verskyn in hoofstuk IV, paragraaf 3.

Vooraf moet die planne vir die instelling van vrye wisselkoerse as oplossing van die huidige monetêre probleem ook eers bespreek word. Een van die skrywers wat veral hier op die voorgrond tree, is Meade. Hier word beoog om met vrye wisselkoerse valutas se waardes te stabiliseer deurdat die wisselkoerse sal fluktueer ooreenkomstig die betalingsbalansposisie van 'n land.

Aangesien hierdie hoofstuk by hoofstuk IX aansluit, sal hier meer op die planne gekonsentreer word as wat kritiek aandag sal geniet.

2. Vrye wisselkoerse:

a. Meade en vrye wisselkoerse¹⁾

Meade steur hom nie soveel aan die goudstandaard nie, maar wil liever vrye wisselkoerse ingestel sien. Vir hom moet enige plan om die monetêre wese te verbeter die volgende elemente bevat: vryhandel, groter hulp op alle gebiede aan lande wat dit mag benodig en 'n hoër koers van ontwikkeling vir die land self. Die Westerse lande moet dan afsien van eie belang en meer wedersydse hulp verskaf. Meade wys eers op die algemene plan wat bestaan oor vrye wisselkoerse en lewer kritiek daarop voordat hy by sy eintlike voorstel kom.

Die algemene plan hou in dat daar 'n vrye fluktuasie in die wisselkoerse moet wees. Dit sal dan 'n revaluasie in die land met die gunstige betalingsbalans en 'n devaluasie in die land met die ongunstige betalingsbalans veroorsaak. Daar vind dan 'n dubbele meganisme plaas net soos in die geval van die goudstandaard: daar sal minder deur die land met die gerevalueerde geldeenheid uitgevoer word en meer deur die land met die gedevalueerde geldeenheid. Vir Meade moet 'n regstellingsproses op monetêre gebied aan twee vereistes voldoen: in die eerste plek moet dit likiditeit meebring op die korttermyn om te voorsien in die tydelike behoeftes van veral die land met die ongunstige betalingsbalans. In die tweede plek moet daar 'n regstelling van die betalingsbalans op die langtermyn onafhanklik kan word. Vir hom voldoen die vrye wisselkoerse wel aan hierdie eise. Wat die eerste eis betref, kry

die...../159

die land met die gedevalueerde geldeenheid kapitaal op die korttermyn deur spekulاسie en in die tweede geval word die betalingsbalans op die langtermyn reggestel deur die verhoogde uitvoere van dieselfde land.

Hierdie stelsel gaan egter mank aan n aantal nadele. Eerstens is die werking van die besondere stelsel nie altyd onmiddellik nie. Tweedens, sal dit alleen geslaagd wees tussen lande waarvan die produkte mededingend is. Derdens is een van die eienskappe van die stelsel die spekulاسie wat daar plaasvind om die regstellingsproses te doen. Hierdie element bevoordeel die spekulant in die besonder.

Vierdens kan dit wees dat die spekulant nie reg optree nie, of selfs in die verkeerde rigting optree a.g.v. n foutiewe verwagting. Sodanige optrede kan die bestaande toestand dan nog verder versleg. n Laaste gevaar is dat daar n kostestygning in die land met die gedepresieerde geldeenheid kan intree en wel in so n mate dat dit die voordeel van die devaluاسie heeltemal oorskadu. Nadat Meade al die gevare ingesien het, kom hy tot die gevolgtrekking dat n stelsel van algehele vrye wisselkoerse onder die bestaande stelsel vir die Westerse wêreld onaanvaarbaar is. Daarom dat hy dan weer aandag aan die probleem gee en n meer spesifieke plan voorlê.

Hierdie spesifieke plan van Meade kan selfs ook as n plan vir die verbetering van die IMF gesien word. Hy voel dat die Westerse lande van n stelsel gebruik moet maak waar fluktuierende wisselkoerse steeds n belangrike plek vervul. Daar moet egter wel n mate van kontrole wees, en onstabiliteit by individuele geldeenhede, soos sterling en dollar, moet vermy word. Meade sê dan dat alle Westerse lande hulle geld vir monetêre reserwes by n hervormde IMF moet inbetaal, waarvoor hulle dan goudsertifikate sal ontvang. In die toekoms moet dan slegs hierdie sertifikate aangehou word. Lande sal dan hulle geldwaarde laat fluktrueer ooreenkomstig die vraag en aanbod van die sertifikate in wisselkoersmakrte. Die IMF sal dan ook in goud en ander valuta handel in toestande van onewewigtigheid. Met al hierdie reëlings sal die IMF in besit wees van n groot fonds deur al die valutas wat lande inbetaal het. Hierdeur kan die IMF dan n groter rol in die internasionale betalingsverkeer speel. Meade voel ook dat die IMF sekere verbeteringsmaatreëls sal moet tref om in te pas by hierdie stelsel...../160

sel¹⁾.

Ons sal nie veel kritiek op hierdie stelsel uitspreek nie, behalwe dat dit baie ooreenstem met Triffin en ook S amp se plan oor die verbetering van die IMF deur die daarstelling van 'n sekere internasionale betaalmiddel. Die hele stelsel kan as idealisties beskou word. Meade is ook nie bekommerd oor die goudprys nie.

b. H.G. Johnson en internasionale likiditeit²⁾:

Johnson sien twee probleme in die huidige goudwisselstandaard: eerstens die afhanklikheid van die sleutelvalutas en tweedens die goudvoorrade wat moet toeneem om te voorsien in die huidige monetêre vraag. Johnson onderskei dan drie probleme wat onder die huidige stelsel bekamp moet word, nl. (i) die kwesbaarheid van die huidige monetêre stelsel deur die groot gebruik wat van sleutelvalutas gemaak word, (ii) die tekort van die huidige reserwes en (iii) hoe hierdie reserwes op die vereiste groeipeil gehou kan word.

Om hierdie probleem uit die weg te ruim, bespreek Johnson 'n aantal moontlike oplossings. Die eerste plan wat hy bespreek, is die instel van vrye wisselkoerse. Hy voel egter dat dit geweldige institusionele veranderinge vereis. Daarna kom hy by 'n verhoging in die goudprys. Dit kan al drie die genoemde probleme oplos. Daar is egter ook 'n aantal besware, nl. (i) die verhoging sal dalk herhaal moet word, (ii) Rusland en Suid-Afrika sal bevoordeel word, (iii) die goudvoorrade is ongelyk verdeel en (iv) goud sal dan weer 'n belangrike rol speel en as die enigste internasionale geldsoort beskou word.

Ook gee Johnson aandag aan die kwessie van toenemende samewerking tussen sentrale banke; kritiseer die Stamp-, Zolotas-, Bernstein- en Triffin-plan en om dan in die laaste instansie stil te staan by die kwessie van 'n internasionale sentrale bank. Dit bied nogal vir hom 'n oplossing. Verder maak nie een van die ander planne 'n besondere gunstige indruk op Johnson nie.

c. Die Brookings-komitee se aanbevelings:

Hierdie...../161

1) Grubel, H.G., red. World monetary reform, pp, 318 - 319.

2) Ibid., pp. 372 - 390.

Hierdie komitee vind dat 'n hervorming in die internasionale monetêre stelsel dringend nodig is. Die groot nadeel van die vaste wisselkoerse word gesien in die tyd wat dit neem voordat daar enige regstellingsreaksie is. Hierdie komitee stel die volgende vereistes aan 'n goeie internasionale stelsel: genoegsame likiditeit; onmiddellik beskikbare addisionele likiditeit; stabiliteit van reserwes, ook t.o.v. die besitters daarvan, en koördinasie tussen lande - veral die vernaamste finansiële en industriële lande.

'n Moontlikheid vir die verkryging van so 'n stelsel word deur die komitee by vrye wisselkoerse gesoek. Dit bied die volgende voordele: die V.S.A. sal nie veel benadeel word nie; daar sal groter outomatiese gebruik van fiskale beleid gemaak word en dit verminder die belangrikheid van internasionale reserwes. Die belangrikste beswaar is dat die goudpariteit van die dollar behoue sal moet bly, wat die huidige stelsel se nadele dan in 'n groot mate laat voortbestaan. Ook is dit moontlik dat handel sal afneem. Die komitee voel egter oortuig dat daar met vaste wisselkoerse gewerk kan word, of dan net vrye wisselkoerse van 'n geringe aard. Ons kan ons egter nie hiermee vereenselwig nie - die huidige stelsel het reeds sy probleme aangedui. Vir ons doel dui die komitee dan wel daarop hoe vrye wisselkoerse in die internasionale monetêre stelsel gebruik kan word.

3. Die terugkeer na die goudstandaard:

a. Harrod en die verhoging van die goudprys¹⁾

In hoofstuk VII het ons reeds by die standpunt van Harrod stilgestaan. Die nadruk sal hier egter meer op die verhoging van die goudprys val.

Nadat Harrod die likiditeitsprobleem aangedui het, is die verhoging van die goudprys vir hom die aanneemlikste oplossing. Dit is vir Harrod 'n baie eenvoudige metode wat nog net nie toegepas is nie, omdat dit algemeen aanvaar word dat goud 'n vaste prys moet hê. Hy sien geen moontlikheid van 'n substituuat vir goud nie. Hy voel die grootste teenstand van die V.S.A. en IMF se kant, maar hy weerlê hulle argumente teen 'n verhoging van die goudprys:

(1)...../162

1) Grubel, H.G., red. World Monetary reform, pp.

- (i) Die eerste argument is dat ander lande ook ook sal devalueer indien die V.S.A. so 'n stap neem. Dit is hoogs te betwyfel, want die meeste ontwikkelde lande sal nie daartoe bereid wees nie omdat dit tot groot onewegtigheid in hulle volkshuishoudings kan lei.
- (ii) Die argument dat die V.S.A. lande sal moet vergoed indien hy devalueer, gaan nie op nie, want die V.S.A. het nie so 'n waarborg verstrekk by die uitreiking van sy dollars nie. Morcel mag hy egter die verpligting voel.
- (iii) Die voortdurende tekorte van die V.S.A. se betalingsbalans sal uitgeskakel word. Ook sal die V.S.A. nie verplig word om alrehande beperkings op die internasionale handel te plaas nie. Kapitaalvloei sal dan meer gematig wees.
- (iv) Die V.S.A. sal ook onmiddellike voordeel trek wat sy uitvoere betref. Die V.S.A. moet nie devaluasie as 'n laaste en uiteindelijke noodmaatreël beskou nie, maar as 'n middel wat op die regte tyd gebruik moet word, omdat dit die beste oplossing bied.

Kortom kom die hele probleem van die V.S.A. se traagheid om aan hierdie oplossing te dink vir Harrod daarop neer dat die V.S.A. bevrees is dat sy goeie naam by die ander lande sal skade ly.

Harrod voel ook dat die Triffinplan nie maklik uitvoerbaar is nie. In die eerste plek is daar die vrees by al die volkere om soveel mag aan 'n internasionale organisasie toe te ken. Verder sal die opemarktransaksies net deur sekere lande volgehou kan word. Daarby sal dit nog slegs in een rigting plaasvind weens die abnormaliteit van verkope. Ook sal die V.S.A. nie die bancor wil aanvaar as internasionale betaalmiddel nie, want dit beteken die verdwyning van die dollar uit die internasionale betalingsverkeer. Dit kom daarop neer dat Harrod nie Triffin se plan kan aanvaar nie en gevolglik volstaan hy met die voorstel vir die verhoging van die goudprys, m.a.w. 'n devaluasie in die waarde van die dollar.

b. Die gevaar van die goudwisselstandaard vir die Weste volgens Rueff¹⁾:

Dit is belangrik dat die Weste die gevaar van sy huidige monetêre stelsel insien en dat daar iets gedoen moet word om 'n stelsel te vind wat van stabiliteit en ewewig spreek. Vir die afgelope veertig jaar al word daar 'n

monetêre...../163

1) Grubel, H.G., red. World monetary reform, chapter 18.

monetêre politiek van uitbreiding gevolg. Die presiese werking van hierdie goudwisselstandaard het ons reeds volledig in hoofstuk IV behandel. Om weer die uitbreidende karakter te beklemtoon, moet daar op die verloop van die V.S.A. se betalingsbalans sedert 1951 gelet word. Sedert 1951 tot einde 1960 toon die V.S.A. se betalingsbalans 'n totale tekort van 18,100 miljoen dollar, terwyl die goudreserwe slegs afgeneem het van 22,800 miljoen na 17,500 miljoen dollar. Die verklaring hiervoor lê in die uitreiking van die krediet deur banke. Dit is wel waar dat die tekorte van die V.S.A. voordele gebring het wat miskien die nadele daarvan kan oortref, maar die metode was heeltemal verkeerd, want die V.S.A. was nou nie meer bekommerd oor sy tekorte nie en het maar voortgegaan met dieselfde politiek. Die goudwisselstandaard het volgens Rueff die volgende gevolge meegebring:

- (i) Onder die goudstandaard het tekorte op die betalingsbalans 'n vermindering in die koopkrag van die land meegebring, wat nie die geval is onder die goudwisselstandaard nie.
- (ii) Die goudwisselstandaard het 'n dubbelslagtige aard. 'n Land gebruik dikwels die krediet wat hy aan 'n ander land toegestaan en terug ontvang het, weer self. Die krediet skep dan 'n proses van kumulatiewe uitbreiding.
- (iii) Die gevaarlikste gevolg van die stelsel is die valsheid daarvan. Solank die vertroue in die geldeenheid behoue bly, is daar geen probleme nie, maar sodra al die krediet in goud omgesit moet word, soos by die V.S.A. geëis kan word, sal daar weer 'n ineenstorting plaasvind, want die 17,500 miljoen dollar goud vir dekking is ver te min om die korttermynse van 20 miljoen dollar en 11,500 miljoen dollar dekking van interne geldeenhe-
de te dek.

Dieselfde eienskappe wat teenwoordig was met die Groot Depressie, is nou ook aanwesig. Die gevolge kan slegs vermy word indien daar ernstige aandag aan die huidige probleem gegee word.

Volgens Rueff is daar twee vereistes vir 'n moontlike oplossing. Daar moet 'n stelsel ingevoer word wat tekorte of oorskotte verbode sal maak en terselfdertyd sal wegdoen met die duplisering van krediet. Rueff sien die enigste oplossing in die herinstelling van die goudstandaard. Hoewel daar ander stelsels is wat moontlik ook aan die vereistes kan voldoen, sal geeneen dit so semi-outomaties kan

vermag nie. Die goudstandaard het sy eie inherente dissipline. Die grootste probleem by hierdie stelsel is die skielike tekort wat daar gaan ontstaan met die wegdoen van die dubbele kredietstruktuur. Rueff voel dat daar geen ander oplossing is as dat die Weste maar die verliese deur die krediete moet vergoed nie. In elk geval hoef die verwydering van die goudwisselstandaard nie algeheel en oombliklik te wees nie, sodat daar 'n geleidelike aanpassing kan plaasvind. Rueff sê dat die vrees vir inflasie Keynes se plan laat misluk het. Daar bestaan gevolglik geen rede waarom Triffin se plan aanvaar moet word nie weens die groot ooreenkoms met dié van Keynes. Die verhoging van die goudprys word dan ook 'n vereiste om die herstel van die goudstandaard te bespoedig. Daar kan ook nie meer getalm word met die probleem nie, maar dit moet so spoedig moontlik opgelos word.

c. Heilperin en die terugkeer na die goudstandaard¹⁾:

Michael A. Heilperin stel die monetêre ordevereistes soos volg:

- (i) Daar moet 'n waarborg van algehele vryheid in internasionale betalings wees.
- (ii) Daar moet 'n vaste verhouding tussen verskillende geldsoorte wees sodat ondernemers beplanning kan doen sonder die risiko van die verandering van geldwaarde.
- (iii) 'n Metode moet gevind word om die onewewigtige betalingsbalanse gou in ewewig te bring, d.w.s. betalingsbalanse moet verhoed word om kroniese tekorte of surplusse aan te toon.

Heilperin sê dat monetêre orde in hierdie verband slegs deur die goudstandaard verkry kan word. Dit sal gepaard moet gaan met 'n verhoging in die prys van goud. Al die ontwikkelde Westerse lande sal moet saamwerk om so 'n toestand te verkry. Die swakheid en nadele van die huidige goudwisselstandaard het reeds duidelik geblyk. Die gevaar word weer eens beklemtoon - die verkrummeling van die opgeblase kredietstruktuur. Die goudstandaard bring 'n baie meer stabiele struktuur as die goudwisselstandaard. Hiermee word bedoel dat die V.S.A. nie onderworpe is aan die vlae van gouduitvoer onder die goudstandaard nie, maar dat die vloei van goud 'n meer eweredige vorm sal aanneem. By die goudwisselstandaard geld net die teenoorgestelde, want

sodra...../165

1) Grubel, H.G., red. World monetary reform, pp. 331 - 342.

sodra daar na goud gevra word, word dit baie gou n algemene aanvraag.

Uit die geskiedenis blyk dit heeltemal duidelik dat die hele gebied wat op die goudstandaard was, gebonde was om dieselfde internasionale betalingsbeleid te volg. Dit het die internasionale betalings dan op n eenvormige en stabiele basis geplaas. Die sentrale banke se vernaamste pligte was die verhoging of verlaging van die amptelike diskontokoers asook die beheer van die opemarktransaksies. Die sentrale bank moes dan sorg dat hierdie maatreëls op die regte tyd en in die vereiste mate toegepas word. Ewig het deur korttermynkapitaalbeweginge in die praktyk tot stand gekom. Daar is egter van die goudstandaard afgesien omdat die goud meer ekonomies moes aangewend word, en het verder tot n hele reeks devaluasies gelei. Die V.S.A. het die goudprys in Januarie 1934 op 35 dollar per fyn ons vasgestel en dit is vandag nog die prys. Nou is die vraag: wat hou die huidige toestand in?

Sedert die Tweede Wêreldoorlog is die monetêre toestand van die wêreld taamlik deurmekaar. Net na die oorlog het die V.S.A. omtrent 60 persent van die wêreld se goudreserwes besit. A.g.v. dié toestand het baie lande streng kontrole toegepas om die dollartekort teen te werk. Gou is die internasionale konferensie te Genoa belê en is die IMF gestig wat die goudwisselstandaard met die dollar en sterling weer stewig op sy voete geplaas het. Deur die IMF is toe gepoog om toestande na normaal te laat terugkeer.

Vir Heilperin is die terugkeer na die goudstandaard egter die enigste bevredigende oplossing. Dit sal nie maklik wees nie, maar sal die nouste monetêre samewerking tussen lande verg. Vir Heilperin is die Monetêre Subkomitee van die Ekonomiese Beplanningskomitee van die OECD die ideale liggaam om deur te werk wanneer daar tot die goudstandaard oorgegaan word. Die volgende lande is hierby betrokke: die V.S.A., Kanada, Brittanje, Frankryk, Wes-Duitsland, Italië, Nederland, Swede, Switserland en Oostenryk. Die doel van die komitee gaan hoofsaaklik om monetêre samewerking.

Heilperin wil die herstel van die goudstandaard dan in twee fases bereik. In die eerste fase wil hy slegs die lande in die groep hierbo genoem sover kry om alle betalings...../166

talings te doen. Dit sal die V.S.A. verplig om sy tekorte so gou moontlik uit te wis of goud die land te laat uitvloeï. Die tweede fase bestaan dan uit n aantal stappe: die V.S.A. moet korttermynskulde in goud betaal; dit sal spekulاسie beëindig. Verder moet al die lande betrokke by die komitee hierbo genoem, besluit om hulle geldeenhede ten volle in goud inwisselbaar te maak. Hierdie groep moet hulle dan gesamentlik beywer om die goudprys te verdubbel. Dit gaan nie vir Heilperin om die likiditeit op die oomblik te verhoog nie, maar om n tekort in die toekoms te voorkom. Die vaste goudprys het juis gesorg dat die goudproduksie nie na behore toeneem nie. Daar is egter n aantal besware teen die verhoging van die goudprys:

- (i) Sommige mense sal dit beskou as slegs n devaluasie van die dollar. Daar is egter heelwat verskil tussen n devaluasie van die dollar as n laaste noodmaatreël en die tydig regstelling van n goudprys.
- (ii) n Tweede groot beswaar is dat n verhoging in die goudprys n inflasionistiese neiging sal veroorsaak. Die konvertibiliteit van geldeenhede in goud sal egter die gevaar oorbrug.
- (iii) Die Amerikaanse regering sal moet toestem tot die verhoging in die goudprys en dit kan n lang tyd neem voordat so n besluit geneem word. Dit is n grondige beswaar wat egter nie onoorkomelik is nie, veral wanneer lande saamstaan om so n besluit deurgevoer te kry.
- (iv) n Vierde en eintlik die belangrikste beswaar wat teen n herinstelling van die goudstandaard geopper word, is dat dit owerhede aansienlike vryhede ontnem om sikliese tendense en werkloosheid mee teen te werk. Feit is egter dat selfs onder die goudstandaard daar tog heelwat vryheid vir owerhede is om op te tree - die instrumente word slegs verminder.

Internasionale betalingsverkeer gebaseer op die voorgaande sal kan lei tot algemene vryhandel onder n stelsel met stabiele geldeenhede. Daar kan dan op die sukses van die vroeëre goudstandaard voortgebou word, terwyl die nadele bekend is en uit die weg geruim kan word.

d. Thomas Balogh oor internasionale reserwes en likiditeit¹⁾:

Volgens Balogh het reserwes n direkte invloed op die ekonomiese aktiwiteit. Likiditeit het dan te stadig toegeneem in verhouding met die handel. n Bewys is dat die IMF sy kwotas moes verhoog om meer fondse te verkry om aan

die...../167

1) Grubel, H.G., red. World monetary reform, pp. 345 - 367.

die eise van die handel te voldoen. Die vraag was egter: hoe word bepaal of reserwes voldoende is? Die doeltreffendheid van reserwes hang af van die doel van die ekonomiese beleid en die rol wat die reserwes kan speel in die uitvoering van hierdie beleid.

Balogh sê dan dat daar wel 'n reserweprobleem bestaan en dat 'n rasionele oplossing die volgende elemente moet bevat:

- (i) Die meganisme moet voorsiening maak vir 'n internasionaal aanvaarbare betaalmiddel wat skaars sal wees, maar nie so skaars dat dit 'n **skaarsheid** in reserwes sal veroorsaak nie.
- (ii) Die meganisme moet voorsiening daarvoor maak dat 'n oormaat likiditeit beperk sal word.

Volgens Balogh het die effektiwiteit van goudreserwes sedert die afstap van die goudstandaard afgeneem, omdat die oppotting van goud steeds toeneem, die goudwisselstandaard meer gebruik word en die onstabiliteit van die goudwisselstandaard dit moeilik maak het om die eise van die standaard te bepaal. Indien die betalingsbalanse van lande reggestel kon word deur een of ander meganisme, sou daar geen reserwes nodig gewees het nie. Daar bestaan egter nie so 'n meganisme nie en daarom is dit nodig dat addisionele likiditeit geskep moet word.

Balogh sê dat die internasionale likiditeit aangevul kan word deur of die kwotas van die IMF uit te brei of die goudprys te verhoog.

Voorts is Balogh van mening dat 'n verhoging in die goudprys die internasionale likiditeit sal verhoog. 'n Verdubbeling van die prys van goud sal omtrent 40 biljoen dollar by die reserwes voeg, wat dan sal kan voorsien in die huidige tekort en likwidasië van dollar en sterling sal voorkom. Goudproduksie sal ook toeneem sodat die toevoeging **tot** die goudreserwes jaarliks sal styg. Verder kan die oppotting verminder wat ook 'n toevoeging tot reserwes beteken. Die koopkrag van die produserende lande sal verhoog word en juis hier lê een van die vernaamste besware teen die verhoging in die goudprys - slegs Suid-Afrika en Rusland sal bevoordeel word. Een van die belangrikste besware verder is dat die lande wat nie nodig het om bevoordeel te word nie, wel bevoordeel word en die lande...../168

de wat dit wel nodig het, word nie bevoordeel nie. Dit word ook as 'n vermorsing beskou om al die produksiemiddele, en by 'n verhoging in die goudprys nog ekstra middele, vir goudproduksie aan te wend.

Balogh kom dan tot die slotsom dat nie een van die twee metodes wat hy genoem het, heeltemal aanvaarbaar is nie, ofskoon hy voel dat dit net die politiek is wat die doeltreffendheid daarvan kortwiek. Balogh sê dan: „the outlook is therefore troubled”¹⁾.

4. Slot:

Die goudstandaard blyk dan 'n goeie oplossing te wees vir die handhawing van die monetêre orde. Word 'n goudprysverhoging nog bygevoeg, dan kan die heersende likiditeitsprobleem ook herstel word. Behalwe die genoemde skrywers, is daar nog talle eksponente wat ten gunste van 'n terugkeer tot die goudstandaard is, nl. W.J. Busschau, een van die groot kampvegters van Suid-Afrika om 'n verhoging van die goudprys; C. Rist; P. Cortney²⁾; I. Shannon³⁾; C.C.W. Jones⁴⁾; M.D. Marais⁵⁾; D.H. McLaughlin⁶⁾; W.E. Spahr⁷⁾ en ons eie minister van finansies, dr. T.E. Dönges. In die tydskrif „Pick's World Currency Report”⁸⁾ word ook telkemale gepleit om 'n verhoging in die goudprys. Dat 'n hele aantal ekonome gevoel het dat die enigste oplossing van die huidige monetêre probleem in hierdie rigting lê, spreek dus vanself, want die goudstandaard besit 'n ongewenaarde dissipline tesame met 'n semi-outomatiese regstelingsproses.

Verder het ons ook in hierdie hoofstuk aan die moontlike instelling van vrye wisselkoerse aandag gegee. Die voor- en andele het duidelik geblyk en ons gevolgtrekking is dat dit nie 'n werklike oplossing vir die monetêre probleem bied nie.

- 1) Grubel, H.G., red. World monetary reform, p. 368.
- 2) Cortney, P. A new gold standard could restore monetary order. Optima, 7:79, 1957.
- 3) Shannon, I. The economic functions of gold, 134 p. Id. International liquidity, 151 p.
- 4) Jones, C.C.W. Monetary reserves and international liquidity. The South African Bankers Journal, 55:254 - 260, 1958.
- 5) Marais, M.D. Internasionale handel, internasionale likiditeit en die prys van goud. Volkshandel, 20:4, 1959.
- 6) McLaughlin, D.H. Gold will prevail. S.A. Mining and Engineering Journal, 76:1523, 1965.
- 7) Sien Monetary Notes deur W.E. Spahr, 25(2,4,5,8,9), 1965.
- 8) Pick's World Currency Report, 20(1,2,3,4,5), 1965.

HOOFSTUK IXSAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING1. Inleiding:

In die vorige drie hoofstukke het ons veral aandag gewy aan die planne vir die herstel van die monetêre orde nadat daar aangedui is dat die monetêre wanorde 'n internasionale likiditeitsprobleem is.

In hierdie hoofstuk word 'n kort samevatting en gevolgtrekking gegee. Die samevatting handel oor die belangrikste aspekte wat in die voorafgaande hoofstukke bespreek is, terwyl die gevolgtrekking aansluit by die planne wat pleit vir 'n terugkeer tot die goudstandaard en 'n verhoging van die goudprys.

2. Samevatting:a. Geld: Oorsprong, eienskappe, definisie en funksies:

Die belangrikste faktore wat tot die ontstaan van geld aanleiding gegee het, is seker die behoefte aan 'n gemeenskaplike ruilmiddel en rekeneenheid. Geld kan omskryf word as 'n algemeen aanvaarbare ruilmiddel wat ook diens doen as 'n rekeneenheid, standaard van uitgestelde betalings, oppottingsmiddel en wat terselfdertyd ook waardevas en relatief skaars is.

b. Verskillende geldsoorte:

Geld is al in verskeie vorms aangetref. Met die verloop van tyd is talle verbruiksgoedere as geld gebruik. Voor, tydens en na die Middeleeue was vee en ornamente die vernaamste middele wat as geld gebruik is. Later het metale as geldmiddel na vore getree, met edelmetale, nl. goud en silwer, as die belangrikste. Aanvanklik is die metale hoofsaaklik in stawe of stukke gebruik. Eers later het die slaan van munte ontwikkel. Al hierdie geldstelsels was net nasionaal van aard en dieselfde geldstelsel is baie selde in twee verskillende lande aangetref.

c. Verskillende internasionale monetêre standaarde:

Solank die handel tot die binneland beperk was, het daar nog nie 'n behoefte aan 'n internasionale geldstelsel bestaan nie. Met die verbetering van kommunikasiemiddele en die toename van spesialisasie het die handel nie net op nasionale vlak nie, maar ook op internasionale vlak, vin-
nig uitgebrei. Om betalings te maak, het 'n eenvormige in-
ternasionale geldstelsel nodig geword.

Metaal het deur die loop van eeue maar steeds die geldmiddel gebly en die mees aanvaarbare metaal was oral goud. Lande het aanvanklik hulle geldstelsels op 'n enkele metaal gebaseer. So 'n stelsel het dan bekend gestaan as 'n monometallistiese stelsel. Gewoonlik is die skaarsste en waardevolste metaal gebruik. Met die uitbreiding van die handel het daar 'n tekort aan so 'n metaal ontstaan. Die gevolg was toe dat lande begin het om van twee metale as basis vir 'n geldstelsel gebruik te maak. Hierdie laaste stelsel staan bekend as die bimetallistiese standaard. Die Wet van Gresham veroorsaak egter dat hierdie standaard al-
tyd tot 'n monometallistiese stelsel neig. Goud en silwer het gewoonlik die rol van die twee metale by die bimetal-
lisme vervul.

Uit die bimetallistiese stelsel het die goud-
standaard ontwikkel. Die goudstandaard was natuurlik 'n monometallistiese stelsel. Hierdie standaard staan ook bekend as die goudmunt- of die goudsirkulasiestandaard. In 'n land wat op hierdie standaard was, kon goud vryelik besit, in- en uitvoer en aan- en ontmunt word. Goud het ook 'n vaste prys gehad. Die goudstandaard het toe geblyk 'n ongeëwenaarde dissipline en semi-outomatiese werking op die monetêre lewe te hê. By onewewigtighede op die beta-
lingsbalans het die goudstandaard deur die in- en uitvloei van goud self die onewewigtighede reggestel. In die binne-
land het die stelsel gesorg dat daar 'n stabiele pryspeil deur die op- of ontpotting van goud gehandhaaf word. Die goudstandaard moes egter laat vaar word toe aan die lig gekom het dat die monetêre eise wat gestel word, te groot is.

Die standaard wat die goudstandaard opgevolg het, was die goudstaaf- of goudkernstandaard. Met hierdie stel-
sel is gepoog om die voordele van die goudstandaard te be-

hou sonder om aan dieselfde streng eise onderworpe te wees. Die goudkernstandaard verskil daarin van die goudstandaard dat by eersgenoemde geld slegs ingewissel kon word vir goudstawe. Daar was dus baie meer geld nodig by inwisseling sodat die vraag na goud afgeneem het. Maar selfs met die verminderde goudvraag kon die goudkernstandaard ook nie die eise volhou nie.

Die stelsel wat daarna ontstaan het, is die goudwisselstandaard wat vir ons doeleindes in hierdie skripsie ook op die oninwisselbare papierstandaard neerkom. Hierdie standaard is seker een van die mees besproke stelsels waarop die kritiek net so talryk is. Volgens die goudwisselstandaard bestaan daar geen inwisselbaarheid van geld in goud nie. Elke land hou slegs 'n klein reserwe aan goud of buitelandse valuta om skielike veranderinge in die betalingsbalans die hoof te bied. Die geldeenheid van 'n land op die goudwisselstandaard word gewoonlik gekoppel aan die geldeenheid van 'n land op die goudstandaard. Deur die oninwisselbaarheid van die geld, hoofsaaklik papiergeld, kan geld na behoefte in omloop gebring word. Hierby bly dit ongelukkig nie, want daar word dikwels meer geld in omloop gebring as wat benodig word. Dit het meegebring dat die dekkingspersentasie van geld in goudwisselstandaardlande steeds gedaal het. Die stelsel berus dan uiteindelik slegs op vertroue. Om die vertrouenselement nog verder te beklemtoon, het kredietgeld op 'n groot skaal ontstaan. Hier het die swakheid van die goudwisselstandaard dan na vore gekom - die kredietstruktuur met al sy euwels. Ook is so iets soos vertroue in die internasionale politiek moeilik te vind.

Nog 'n ander geldstelsel, nl. die goudreserwestandaard, het ook na vore gekom. In 1936 het die vernaamste finansiële en industriële lande 'n ooreenkoms aangegaan waarvolgens besluit is om aan die vereffeningsfondse van die ledelande reserwes toe te ken om die monetêre orde te handhaaf. Omdat die stelsel nie algemeen was nie, was sy invloed beperk en het dit met die uitbreek van Wêreldoorlog II tot niet geraak.

Al hierdie monetêre stelsels bring veral een gevolgtrekking mee: daar is steeds gepoog om 'n stelsel te vind wat die monetêre orde ten volle kon handhaaf. Al die

voorgaande stelsels het egter met sekere probleme te doen gehad. Om hierdie probleme uit die weg te ruim, moes daar verskeie planne aan die hand gedoen word.

d. Likiditeit:

Om die verskillende monetêre planne te besien, is dit vooraf nodig om vas te stel of daar voldoende likiditeit in die internasionale reserwes is. Die begrip likiditeit word vir die individu omskryf as die beskikkingsmag oor die nodige fondse, of die mag om sodanige fondse te bekom, om alle verpligtinge na te kom. Op internasionale gebied geld ongeveer dieselfde, behalwe dat die fondse dan uit al die goud en buitelandse valutareserwes van of-fisiële aard van 'n land bestaan.

Vervolgens is aangedui wat onder die reserwes van 'n land verstaan word. Daarna is die toename in goudproduksie en -voorrade met die toename in die internasionale handel vergelyk. Ook is die V.S.A. se posisie op die gebied van internasionale reserwes beskou. Die rol van die V.S.A. is veral benadruk toe die belangrikheid van die dollar in die internasionale reserwes aan die lig gekom het. Uit die statistiese data blyk dit dat daar wel 'n groot likiditeits-tekort op die gebied van internasionale reserwes bestaan. Die probleem is veral vergroot deur die groot tekorte wat die V.S.A. op sy betalingsbalans sedert vroeg in die vyftigerjare handhaaf. 'n Kort uiteensetting van die monetêre planne om orde te herstel is vervolgens noodsaaklik.

e. Planne gerig op die sentralisering van reserwes:

Hierdie planne sluit in: planne vir die sentralisering van reserwes, planne vir die stigting van 'n internasionale geldeenheid en planne vir die stigting van 'n internasionale bank. Hierdie afdeling kan ook verdeel word in die instellings wat reeds bestaan of bestaan het om te help met die handhawing van monetêre orde en verder die planne wat reeds voorgestel is, maar nog nie ten uitvoer gebring is nie. Die bekendste van eersgenoemde groep instellings is die IMF en die bekendste van lg. groep planne is die Triffinplan. Die grootste beswaar teen hierdie instellings en planne wat almal op internasionale monetêre samewerking berus, is die gekompliseerdheid daarvan weens die talle be-

heermaatreëls waaraan voldoen moet word. n Verdere belangrike beswaar is dat die planne (en die reeds bestaande instellings) internasionale ekonomiese instellings in die lewe roep wat veral die ekonomiese invloed van die groot moondhede op die internasionale gebied van die monetêre lewe sal benadeel. Dit is waarvoor die groot moondhede bevrees is. Dit veroorsaak dan ook dat algehele ekonomiese samewerking op so n vlak eintlik n idealistiese voorstelling is, veral met inagneming van die belangrike rol van die politiek.

f. Planne vir die verbetering van die goudwisselstandaard:

Die swakheid van die goudwisselstandaard lê in die groot hoeveelheid krediet met sy bedrieglike struktuur. Die planne wat gerig word op die verbetering van die goudwisselstandaard probeer dan om die gevaar uit te skakel deur die kredietstruktuur te beheer. Vanselfsprekend bring dit ook n aantal beheermaatreëls mee en word omtrent dieselfde probleme ondervind as by die planne gerig op die sentralisasie van reserwes. By al die planne is dit egter opvallend dat die rol van die V.S.A. en veral die tekorte op die betalingsbalans van die V.S.A. soveel aandag geniet.

g. Planne vir die gebruik van vrye wisselkoerse en n terugkeer na die goudstandaard:

Hier het ons te doen met die derde groep planne wat ook in twee dele uiteenval, nl. die planne vir die gebruik van vrye wisselkoerse en dié vir die terugkeer na die goudstandaard.

Daar word nie veel aandag gewy aan die planne wat vrye wisselkoerse bepleit nie. Die groot probleem van n stelsel van vrye wisselkoerse is die groot onstabiliteit wat inherent deel van so n stelsel is. Hierdie faktor alleen maak die planne waardeloos omdat daar juis gepoog word om met die planne monetêre orde en stabiliteit te verkry.

In die laaste geval word die planne vir die terugkeer tot die goudstandaard bespreek. As hierdie planne met die voriges vergelyk word en daar word weer gelet op wat die goudstandaard werklik is, voel ons dat hierdie planne moontlik die beste oplossing vir die internasionale likiditeits...../174

likiditeitsprobleem is. Ons moet dit egter duidelik stel dat die terugkeer na die goudstandaard ook 'n verhoging van die goudprys tot omtrent twee of drie keer sy huidige peil inhou. Daar word verskeie besware geopper teen hierdie planne en veral deur die ondersteuners van die ander planne. In die res van hierdie hoofstuk sal ons ons uitsluitlik daarop toespits om die geldigheid van hierdie punte van kritiek te ondersoek.

3. Gevolgtrekking:

Vir enige geldstelsel is stabiliteit 'n belangrike vereiste, indien nie die belangrikste nie. Geen ander geldstelsel het nog die stabiliteit kon lewer wat die goudstandaard bied nie. By enige ander geldstelsel moet die stabiliteit daarvan deur die owerheid gehandhaaf word. Dit geld veral die oninwisselbare papierstandaard. Die goudstandaard besit egter sy eie inherente dissipline om stabiliteit te handhaaf. Dit is hoofsaaklik te danke aan die onbetwisbare waardevastheid van goud - daar is nog geen ander metaal of sintetiese stof gevind wat dieselfde duursaamheid en waarde as goud het nie, d.w.s. goud is feitlik onvernietigbaar. Selfs George Bernard Shaw sê dat die mense lievers hulle vertroue in die eerlikheid en intelligensie van die owerheid wil stel om die waarde van geld te handhaaf by die oninwisselbare papierstandaard. Dit is egter verkeerd en daarom sê hy: „With due respect for these gentlemen, I advise you, as long as the capitalist system lasts, to vote for gold"¹⁾.

Daar is verskeie skrywers wat 'n verhoging in die goudprys bepleit en dit word algemeen aanvaar dat 'n verhoging van twee na drie keer die huidige goudprys aan die likiditeitsbehoefte sal kan voldoen. So wil Rueff hê dat die goudprys op 70 dollar per fyn ons vasgestel moet word. „Pick's World Currency Report" stel 'n goudprys-verhoging soos volg: „we would have to adjust the gold price to the loss of purchasing power....which would result in a 'new' gold price of about 91.40 dollar per ounce"²⁾. So 'n verhoging in die goudprys beteken 'n devaluasie van die dollar. Daarom dat baie voorstelle slegs op 'n devaluasie van die dollar gerig word. Feit bly egter staan dat so 'n devaluasie wel 'n verhoging in die goudprys sal meebring. Dat baie skrywers...../175

1) Grubel, H.G., red. World monetary reform, p. 333.

2) Pick's World Currency Report, 20(3):4, 1965.

skrywers in n styging van die goudprys n oplossing vir die huidige monetêre probleem sien, is duidelik. „Whether we like it or not a world wide currency reform, following an international rise of the gold price seems inevitable“¹⁾.

n Styging in die goudprys tesame met die terugkeer na die goudstandaard lyk dan onvermydelik. Die vraag is egter watter een van hierdie twee stappe moet die ander voorafgaan. Dit wil voorkom of die verhoging in die goudprys egter eers moet plaasvind voordat daar na die goudstandaard kan teruggekeer word. Die een stap kan egter nie sonder die ander n sukses wees nie. n Verhoging in die goudprys alleen sal talle inflasionistiese probleme veroorsaak, terwyl n terugkeer tot die goudstandaard sonder n verhoging in die goudprys net die teenoorgestelde uitwerking sal hê. n Terugkeer na die goudstandaard is eintlik onmoontlik sonder n verhoging in die goudprys, anders sal dit tot ernstige monetêre versteurings lei.

Sonder om weer volledig by die goudstandaard stil te staan, is dit belangrik dat die gedissiplineerde en semi-outomatiese werking van die stelsel beklemtoon word. Hierdeur kan orde in die monetêre chaos gevind word. E.S. Donn beweer dat n terugkeer tot die goudstandaard nie slegs n land nie, maar elke lid van die volkshuishouding wat vir die toekoms wil werk en spaar, sal bevoordeel²⁾. Daarom dat McLaughlin ook die goudstandaard met vrye inwisselbaarheid as monetêre stelsel aanbeveel³⁾. Ons gaan egter nie nou na al die skrywers verwys wat n terugkeer tot die goudstandaard steun nie, maar na die argumente wat deur die teenstanders van die goudstandaard geopper word om vas te stel of ons ons ook met n terugkeer tot die goudstandaard kan vereenselwig. Die belangrikste argumente is die volgende:

a. Ongelyke bevoordeling:

Een van die grondigste besware teen n verhoging in die goudprys is dat dit n ongelyke bevoordeling van die verskillende lande inhou. Dit word deur die ongelyke verspreiding van die goudvoorrade teweeggebring. Vir die meeste voorstanders van hierdie argument beteken dit dan niks anders as slegs n bevoordeling van lande soos Suid-Afrika

en...../176

1) Pick's World Currency Report, 20(3):5, 1965.

2) Donn, E.S. Monetary Notes, 25(4):4, 1965.

3) Sien aanhaling in die slot van hierdie hoofstuk, p. 184.

en Rusland nie. Afgesien van die politieke oorweginge sal die bevoordeling ook kumulatief ongelyk wees, want die ryker lande sal ten koste van die armer lande bevoordeel word.

Hierdie argument is beslis nie maklik weg te redeneer nie. Dit is wel waar dat goudvoorrade, hetsy onontginde goudvoorrade of voorrade wat reeds vir monetêre doeleindes bewaar word, ongelyk versprei is. Dit is ook wel waar dat Suid-Afrika die wêreld se grootste goudprodusent is en die goudproduksie van Suid-Afrika en Rusland word op ongeveer 70 na 80 persent van die wêreld geskat¹⁾. Dat Suid-Afrika wel voordeel sal trek uit 'n goudprysverhoging, is heeltemal natuurlik. Daar word egter uit die oog verloor dat die jaarlikse goudproduksie maar 'n klein toevoeging tot die hele wêreld se monetêre goudvoorraad is, nl. omtrent 2 persent. Die voordeel wat goudprodusente dan wel deur 'n verhoging in die goudprys sal ondervind, is nie so geweldig groot soos sommige skrywers wil voorgee nie. Interessant is egter dat Suid-Afrika en Rusland in dieselfde kategorie geplaas word as daar van 'n goudprysverhoging gepraat word. Talle skrywers beweer dat 'n goudprysverhoging Suid-Afrika so sal bevoordeel dat dit net tot verdere onderdrukking van die nie-blankes sal lei. Ons wil dit egter ook soos Harrod stel: enige voordeel wat die blankes uit 'n goudprysverhoging mag verkry, sal direk en indirek ook die nie-blankes toekom, want die rol wat die blankes by die ontwikkeling van die nie-blankes gespeel het, spreek vanself. Hoe beter dit met die blanke gegaan het, hoe meer voordeel het die nie-blanke daaruit getrek. Ons kan dus nie met die argumente saamstem dat as Suid-Afrika deur 'n goudprysverhoging bevoordeel word, dit tot onderdrukking van die nie-blankes sal lei nie.

Aan die ander kant word daar genoem dat 'n goudprysverhoging Rusland sal bevoordeel en dan sal dit tot uitbreiding van die kommunisme lei. Die vrees is dat Rusland oor 'n groot reserwe aan goud beskik waarmee hy in staat sal wees om die hele Westerse geldstelsel te ontwrig indien die goudprys styg. Hierdie vrees is miskien nie op suiwer objektiewe feite gegrond nie. In die eerste plek bestaan daar geen sekerheid of Rusland wel 'n groot monetêre goudvoorraad besit nie. Dit is bekend dat die Russiese goudproduksiekoste baie hoër is as die van die Weste, nl. 166 dollar per fyn ons²⁾. Om dus goud teen die heersende...../177

1) Shannon, I. The economic functions of gold, p. 128.

2) Altman, O.L. Russian gold and the ruble. Staff Papers, 7:419, 1960.

sende prys te produseer, sal geen voordeel vir Rusland inhou nie. Die waarskynlikheid van 'n opgeboude reserwe skyn dan ook gering te wees. Die Russe is maar steeds besig om te onderhandel om kredietfasiliteite van die Weste te verkry¹⁾. Saam met die feit dat verbruiksgoedere in Rusland skaars is en die regering die posisie sou verbeter indien hy oor die finansiële middele beskik het, is dit ook bekend dat die Russiese roebel 4 keer gedurende die afgelope 40 jaar gedevalueer is²⁾. Die Russiese goudverkope in die Weste beloop omtrent 300 miljoen dollar per jaar. Hierdie hoeveelheid het die afgelope twee jaar gestyg weens verhoogde koringaankope in die Weste om eie misoeste te bekamp. Uit bg. gegewens wil ons dan aflei dat die goudproduksie van Rusland in die omgewing van 300 tot 750 miljoen dollar per jaar beloop³⁾. Volgens „die Nuus om Nege“ van 7 Desember 1965 berig die S.A.U.K. dat die Russiese goudreserwe in die afgelope 12 jaar met 750 miljoen rand gedaal het en dat die vorige beramings van jaarlikse goudproduksie twee tot drie keer hoër is as hierdie laaste skatting. Nog 'n saak wat die vermoede versterk dat daar geen opgehoopde goudvoorraad in Rusland is nie, is die feit dat Rusland nie hierdie aspek van sy ekonomie bekendstel nie. In die huidige wedloop word met alle beskikbare middels gedreig. Dit wil dus voorkom asof die Russiese reserwes by dié van die Vrye Wêreld 'n agterstand het. Rusland sal dan nie so 'n groot voordeel uit 'n goudprysverhoging kan trek as wat deur sommige ekonome verwag word nie. Selfs al word Rusland bevoordeel, sal die voordeel wat die Weste uit 'n verhoging in die goudprys behaal, dié van die Russe ver oortref. Ons kan ook hier noem dat die goudprys op die swart mark in Rusland reeds 60 dollar per fyn ons bereik het⁴⁾.

Om die argument van ongelyke bevoordeling nog verder teen te staan, is daar nog een aspek waarop ons moet let. Daar is reeds op die ongelyke verspreiding van die monetêre reserwes gewys. Alle lande wat voel dat hulle by 'n goudprysverhoging te groot verliese gaan ly omdat hulle goudvoorrade te klein is of omdat hulle geen goudvoorrade

besit...../178

-
- 1) Erasmus, D.P. Die plek van goud in die huidige internasionale monetêre stelsel en die rol wat dit speel in die herstel van die monetêre orde. Koers, 32:119, 1963.
 - 2) Idem.
 - 3) Shannon, I. The economic functions of gold, p. 128.
 - 4) Anon. International gold markets. Pick's World Currency Report, 20(5):13, 1965.

besit nie, is tog in besit van een of ander vorm van reserwes - gewoonlik in die vorm van dollar of maklik inwisselbare valuta. Om verliese te vermy en dieselfde reserweposisie as vroeër te handhaaf, kan sulke lande in dieselfde verhouding devalueer as wat die goudprys verhoog word, of m.a.w. as wat die V.S.A. devalueer¹⁾. Daarna kan al die inwisselbare valuta vir goud ingeruil word omdat die goudvoorraad deur die goudprysverhoging soveel vermeerder het dat alle eise uitbetaal kan word. Lande wat dan voor die goudprysverhoging glad nie goud besit het nie, kan na so 'n stap sy eie goudvoorraad besit. Die V.S.A. sal dan ook die voordeel hê dat hy in staat gestel word om al sy verpligtinge na te kom - iets wat op die huidige oomblik met die heersende stelsel onmoontlik is en 'n algehele ineenstorting sou veroorsaak.

As ons moet saamvat, kom ons hier tot die gevolgtrekking dat 'n goudprysverhoging vir die hele Vrye Wêreld 'n voordeel inhou bo die wat die Ooste mag geniet. Ook sal die ongelyke voordeel nie so groot wees as wat dikwels voorgegee word nie en sal maar dieselfde ongelykheid gehandhaaf word wat tans aangetref word by monetêre reserwes. Die totale likiditeitsposisie sal egter baie verbeter.

b. Starheid van die goudstandaard:

Nog 'n argument teen die goudstandaard is dat die stelsel baie star is. Daar moet egter onthou word dat onder die huidige stelsel daar 'n gedurige daling in geldwaarde is. Hierdie waardevermindering word op minstens 2 persent geskat. Die goudstandaard daarenteen bring 'n stabiele prysstruktuur. Die argument is egter nou dat die stabiele prysstruktuur van die goudstandaard die stelsel so star maak dat daar moeilik aanpassings gedoen kan word. Ons moet onself egter die vraag afvra of ons liever met die huidige stelsel met sy onstabiliteit en opgeblase kredietstruktuur wil voortgaan as wat ons van 'n meer starre goudstandaard gebruik maak, maar waar die goudstandaard tog sorg vir 'n stabiele prysstruktuur in die binneland en 'n ewewigtige betalingsbalans. Daarby is die goudstandaard 'n meer buigbare stelsel as wat dit op die oog af mag lyk.

c. Herhaaldelike berekening van die goudprys:

n...../179

1) Erasmus, D.P. Die plek van goud in die huidige internasionale monetêre stelsel en die rol wat dit kan speel in die herstel van monetêre orde, Koers, 32:120, 1963.

n Volgende beswaar teen n goudprysverhoging is dat die verhoging in die goudprys voortdurend herhaal sal moet word. Ook sal die verhoging baie groot moet wees. Wat lg. betref, het ons reeds gesien dat die goudprys van twee tot drie keer sy huidige peil verhoog sal moet word om by die heersende behoefte aan wêreldlikiditeit aan te pas. Die skerp styging in die goudprys is toe te skrywe aan die feit dat die goudprys vir die afgelope 30 jaar konstant gebly het ondanks die groot prysstygings van alle ander goedere. Om realisties te wees, moes daar al n styging in die goudprys plaasgevind het. Vir ons is die hoofrede egter die versterking van die monetêre reserwes, en die styging moet groot wees omdat n klein styging nie die huidige toestand veel sal verander nie. Daarom dat Wonnacott se voorstel van n jaarlikse verhoging van 2 persent in die goudwaarde nie geslaagd kan wees nie.

Die moontlikheid dat die prysverhoging van goud herhaal sal moet word, is nie uitgesluit nie. Indien die goudvoorraad te klein word om aan die monetêre vereistes teen die vasgestelde prys te voldoen, sal n verhoging weer noodsaaklik wees, net soos dit op die oomblik belangrik is. Oor die langtermyn kan die goudproduksie waarskynlik afneem of selfs beëindig word wanneer die ontginbare erts uitgeput raak. Die beskikbare goudvoorraad sal dan by die behoefte aan reserwes aangepas moet word met die verloop van tyd. Daarom is die wenslikheid van n periodieke goudprysverhoging nie uitgesluit nie - daar moet steeds met die uitbreiding van die wêreldhandel rekening gehou word. Spekulasie sal natuurlik n moontlikheid bly wat moeilik te bekamp is, maar dit behoort nie groter afmetings as onder die huidige stelsel aan te neem nie. Een saak van groot belang is dat daar feitlik nie sprake van revaluasie van goud sal wees so lank daar n konstante jaarlikse produksie van goud (wat teen die verhoogde prys dalk in die uitbreiding van die handel sal kan voorsien) en n goudstandaard gehandhaaf word nie. Die goudstandaard neig om pryse stabiel te hou en sal prysverhogings van enige aard, sonder die verlangde toename in produktiwiteit, aansienlik bemoeilik. Daarom dat Z. Jeffries die volgende beweer: „When a country has a sound economy, is honest, and allows gold to perform its automatic function of forcing prompt corrections of unsound economic practices, a fixed gold price can be maintained for a long time”¹⁾.

Goud bly sy waarde hou omdat daar geen ander middel is wat
die...../180

1) Jeffries, Z. Monetary Notes, 25(2):3, 1965.

dieselfde waardevastheid en duursaamheid kan ewenaar nie. Busschau meen tereg: „The virtue of gold is that it offers a more stable measure of value than any currencies“¹⁾. Op grond van bg. skyn die argument teen verdere verhogings in die goudprys nie afdoende te wees nie. As n mens realisties wil wees, moet die styging ook baie groot wees, want dit blyk duidelik in hoofstuk V oor likiditeit hoe groot die tekort aan reserwes op die huidige oomblik is.

d. Oormaat likiditeit:

Daar word geredeneer dat die verhoging van die goudprys tot die reeds genoemde peil, onmiddellik tot n oormaat likiditeit in die wêreld sal lei. Dit is egter volgens berekeninge duidelik dat so n verhoging net genoeg sal wees om aan die minimum vereistes van die monetêre lewe op die huidige oomblik te voldoen en daar is dus nie sprake van n oormaat nie³⁾.

e. Inflasie:

Hierdie argument, nl. dat die goudprysverhoging n groot gevaar van inflasie inhou, is een van die belangrikste besware. Inflasie is onder die huidige stelsel en by n verhoging in die goudprys wel n groot gevaar. Met die instelling van die goudstandaard sal die gevaar egter heeltemal verdwyn. Sodra daar n prysstyging plaasvind onder die goudstandaard, sal meer geld opgepot word, want geld word in goud omgesit. Dit beteken n vermindering van die geld in omloop. Die vraag neem af en die pryse moet weer daal. Dit word alles meegebring deur die beperkte voorraad geld in omloop onder die goudstandaard. Inflasie word dan outomatiese beperk. Hierdie paragraaf sluit ook by dié oor herhaaldelike verhoging⁴⁾ aan en dui daarop dat n verhoging in die goudprys nie deur n stygende pryspeil veroorsaak sal word nie, maar dat die behoefte aan monetêre reserwes die maatstaf is vir n goudprysverhoging. Die argument van inflasie hou dus vir n goudprysverhoging met n terugkeer tot die goudstandaard geen gevaar in nie.

f. Vermorsing:

Sommige...../181

-
- 1) Busschau, W.J. Gold and international liquidity, foreword.
 - 2) Sien hoofstuk V, pp. 91 - 108.
 - 3) Shannon, I. The economic functions of gold, p. 127.
 - 4) Sien papagraaf 3.c. van hierdie hoofstuk.

Sommige ekonome, o.a. Triffin, beweer dat die opgraving van goud vir die bewaring daarvan in 'n ander oord, 'n vermosring van produktiewe bronne is. Hierdie produktiewe bronne kan dan liever in 'n ander rigting tot groter voordeel aangewend word. Goud voldoen egter die beste aan al die eienskappe van geld en daarom is dit steeds in aanvraag. Verder word goud ook nie net vir monetêre doeleindes aangewend nie, maar ook vir industriële behoeftes. In hierdie opsig sal goud nooit vervang kan word deur 'n ander middel nie. Goud het ook nie sy waarde ontleen aan die gebruik as monetêre eenheid nie, maar goud is gebruik om waarde aan die monetêre stelsel te verskaf. Goud het dus waarde besit nog voordat geld in omloop was. In hierdie verband dink ons aan die gebruik van goud in die Ou Testament vir doeleindes waar duursaamheid en skaarsheid 'n vereiste was, soos waar Aäron die goue kalf gemaak het en al die goud wat Salomo in die Tempel gebruik het. Die behoefte aan die metaal goud sal steeds bly bestaan en om te dink dat die produksie daarvan beëindig kan word voordat die onontginde voorrade uitgeput is, is moeilik aanvaarbaar.

g. Mislukking:

Nog 'n beswaar teen die goudstandaard is dat dit alreeds in die geskiedenis misluk het. 'n Mislukking is dan weer moontlik. Die goudstandaard het egter tot 1914 baie goed gefunksioneer en sou seker daarna ook op dieselfde pad voortgegaan het as die goudprys net nie op 'n te lae peil vasgestel is nie. Die herinstelling van die goudstandaard na 1914 het ook onder abnormale toestande geskied, nl. net na die Eerste Wêreldoorlog. Hierdie oorlog was seker dié belangrike oorsaak vir die mislukking van die goudstandaard, want na die oorlog het daar 'n groot inflasie ontstaan wat tot die depressie in die begin van die dertigerjare gelei het. Hier is toe uiteindelik van die goudstandaard afgestap weens 'n tekort aan likiditeit. Met die herinstelling van die goudstandaard is daar nie rekening gehou met die veranderde omstandighede na die oorlog nie. Dit kom derhalwe nie vreemd voor dat Ludwig von Mises beweer: „The gold standard did not fail“¹⁾. Hy beskou ook die omstandighede waaronder die goudstandaard weer teruggedroep is as die direkte oorsaak vir die mislukking daarvan. Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat al het die goudstandaard

al...../182

1) Von Mises, L. Monetary Notes, 25(9):4, 1965.

al voorheen misluk, dit nie noodwendig dieselfde gevolg sal hê onder die huidige omstandighede as die nodige maatreëls vir voorsorg getref is nie.

h. Die posisie van die V.S.A.:

Die V.S.A. is op die huidige oomblik die wêreld se belangrikste reserweland. n Terugkeer tot die goudstandaard tesame met n verhoging in die goudprys gaan n verlies aan prestige vir die dollar beteken. Dit is seker die hoofrede waarom die V.S.A. nog nie wou toegee dat n goudprysverhoging wel n oplossing vir sy betalingsbalanstekorte bied nie. Die V.S.A. bly ook steeds die argumente vir n terugkeer tot die goudstandaard vermy omdat die goudstandaard n ewewigtige betalingsbalans vereis. Indien die V.S.A. wel aan hierdie eis moet voldoen, sal hy dan baie van sy prestige in die res van die wêreld verloor. Baie van die argumente teen n verhoging van die goudprys en n terugkeer tot die goudstandaard is gewoonlik n poging om sy eie prestige te beskerm.

Meer en meer ekonome begin egter besef dat die vertroue in die dollar steeds sterker onder verdenking staan. M. Palyi sê in aansluiting by dit waarvan reeds in hoofstuk V melding gemaak is oor die posisie van die V.S.A.¹⁾ dat die aanhoudende uitvloei van geld en goud uit die V.S.A. deur betalingsbalanstekorte uiteindelik tot n devaluasie moet lei²⁾. R. Wagner vat die probleem so saam: „If we do not stop the erosion caused by increases in our balance-of-payments deficit each year, the liberation of the gold now behind our currency will not stop the ultimate devaluation of the dollar“³⁾. Busschau: „there are now serious doubts that the dollar is 'as good as gold'....“⁴⁾ Dat die vertroue in die dollar aan die kwyn is, spreek duidelik hieruit. Ook Frankryk se optrede waar hy sy dollars in die begin van hierdie jaar vir goud omgewissel het, dui op die algemeen groeiende gevoel van gebrek aan vertroue in die dollar. Die V.S.A. sal een of ander tyd moet besef dat die dollar nie meer dieselfde vertroue as vroeër nie.

In hierdie aangeleentheid van die handhawing van
prestige...../183

1) Sien hoofstuk V, paragraaf 3.c.

2) Palyi, M. Monetary Notes, 25(4):4, 1965.

3) Wagner, R. Monetary Notes, 25(4):4, 1965.

4) Busschau, W.J. Gold and international liquidity, p. 55.

prestige speel die politieke verhoudings n noemenswaardige rol. Die V.S.A. verkies om met n huidige opgeblase kredietstelsel voort te gaan eerder as om deur die aanvaarding van n verhoging van die goudprys, en die goudstandaard, n politieke neerlaag te ly. Spahr verklaar onomwonde: „Politicians prefer to use scribblings on snatches of paper, rather than the hard metal, because it helps them to buy votes, and they have often been the chief spreaders of false notions about gold¹⁾. Ook Busschau sê dat die ver naamste motiewe vir die gebruik van teenswoordige beleid polities is²⁾. Die politiek staan dus nie buite hierdie ekonomiese probleem nie en n oplossing sal moeilik bereik kan word solank so n houding gehandhaaf word.

4. Slot:

Ons kom dan tot die gevolgtrekking dat nie een van hierdie argumente teen n verhoging van die goudprys te same met n terugkeer na die goudstandaard standhoudend is nie. Dit lei ons tot die slotsom dat die goudstandaard met sy voordele soos in hierdie skripsie beskryf³⁾, die enigste moontlike oplossing bied om die huidige monetêre chaos op te ruim.

n Saak van groot belang wat veral beklemtoon moet word, is dat met die terugkeer na die goudstandaard en die verhoging van die goudprys daar nie na die bevoordeling van n enkele land gesoek word nie. Die doel van so n stap is uitsluitlik om die likiditeitsposisie van die wêreldreserwes te verbeter. As al die lande van hierdie standpunt wil uitgaan, sal die argument vir die terugkeer na die goudstandaard met n verhoging in die goudprys, meer aanvaarbaar word, selfs vir die V.S.A.

n Devaluasie van die dollar het vir hierdie jaar onwaarskynlik geword, maar om te voorspel wat in die toekoms gaan gebeur, is baie moeilik. n Devaluasie in 1966 of 1967 is egter nie uitgesluit nie. Daarby moet ons in gedagte hou dat die huidige monetêre toestand baie met dié van die dertigerjare ooreenstem. By hierdie geleentheid is finaal van die goudstandaard afgestap⁴⁾. Die enigste werklike

rede...../184

1) Spahr, W.E. Monetary Notes, 25(2):3, 1965.

2) Busschau, W.J. Gold and international liquidity, foreword.

3) Sien hoofstuk IV, paragraaf 2.d.(i).

4) Goudriaan, I.J. Die goudwisselstandaard, monetair onbetroubaar, politiek onaanvaarbaar. Econ.Stat.Berichten, 50:666, 1965.

rede wat die V.S.A. van devaluasie verhinder, is steeds die belangrikheid wat daar aan die politiek toegeken word.

Dit is belangrik dat goud gerevalueer moet word, omdat selfs die Westerse kapitalistiese stelsel se voortbestaan bedreig word onder die huidige stelsel¹⁾. Saam met McLaughlin wil ons beweer: „I can see no solution to correct and restrain the excesse of the times to revalue gold in terms of the already depreciated currencies and to restore the monetary discipline of gold at new rates.... Gold, I am confident, will prevail and will before long assert its persistent value by forcing a revaluation that will restore it to its historic level"²⁾. Dus: die enigste metode om die monetêre orde werklik te herstel, is deur 'n terugkeer na die goudstandaard saam met 'n verhoging in die goudprys.

-
- 1) Erasmus D.P. Die plek van goud in die huidige internasionale geldstelsel en die rol wat dit kan speel in die herstel van monetêre orde. Koers, 32:121, 1963.
 - 2) McLaughlin, D.H. Gold will prevail. S.A. Mining and Engineering Journal, 76:1523, 1965.

BIBLIOGRAFIEA. BOEKE:

- Angell, N. The story of money. London, Cassel & Co., 1930.
- Arndt, E.H.D. Banking and currency development in South Africa (1652 - 1927). Cape Town, Juta & Co., 1928.
- Burstein, M.L. Money. Cambridge, Massachusetts, Schenkman Publishing Co., 1963.
- Busschau, W.J. Gold and international liquidity. Johannesburg, S.A. Institute of International Affairs, 1961.
- Coulborn, W.A.L. A discussion of money. London, Longmans, Green & Co., 1950.
- De Kock, M.H. Algemene oorsig van die geld- en bankwese. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1944.
- Einzig, P. Primitive money in its ethnological, historical and economic aspects; 2nd ed. London, Eyre & Spottiswood, 1951.
- Gowda, K.V. International currency plans and expansion of world trade. London, Asia Publishing House, 1964.
- Grubel, H.G., red. world monetary reform. Stanford, University Press, 1963.
- Halm, G.N. Economics of money and banking; rev. ed. Homewood, Illinois, Irwin, 1961.
- Halm, G.N. International monetary cooperation; 2nd ed. The University of North Carolina Press, 1945.
- Hawtrey, R.G. The gold standard in theory and practice; 3rd ed. London, Longmans, Green & Co., 1933.
- Holdsworth, J.T. Money and banking. New York, London, Appleton & Co., 1929.
- Horie, S. The International Monetary Fund. London, MacMillan & Co., 1964.
- Kilborne, R.D. Principles of money and banking; 2nd ed. New York, McGraw-Hill & Co., 1950.
- Kortweg, S. & Keesing, F.A.G. Het moderne geldwezen; achtste herziene druk. Amsterdam, N.V. Noord-Hollandsche Uitgevers Maatschappij, 1961.
- Laum, B. Heiliges geld. Tübingen, 1924.
- MacLeod, H.D. Bimetallism, 2nd ed. London, Longmans, Green & Co., 1894.
- Mason, W.E. Clarification of the monetary standard. Pennsylvania State University Press, 1963.
- Peterson, J.M. & Cawthorne, D.R. Money and banking; rev. ed. New York, MacMillan & Co., 1949.
- Quiggin, A.H. A survey of primitive money. London, Methuen & Co., 1930.
- Report on the deliberations of an international study group of 32 economists. International monetary arrangements: the problem of choice. Princeton University, 1964.
- Rist, C. History of monetary and credit theory from John Law to the present day. London, 1940.

- Scammel, W.M. International monetary policy, 2nd ed. London, MacMillan & Co., 1962.
- Schumann, C.G.W., Franzsen, D.G. & de Kock, G. *Ekonomie, 'n inleidende studie*; 3de druk. Stellenbosch, Universiteits Uitgewers & Boekhandelaars, 1964.
- Shannon, I. International liquidity. A study in the economic functions of gold. Melbourne, Chesire, 1965.
- Shannon, I. The economic functions of gold. Melbourne, Chesire, 1962.
- Shukla, D.K. A textbook of monetary economics. Baroda, M's. Shiv Pustakalaya, 1961.
- Taylor, F.M. Chapters of money. Michigan, 1906.
- Tew, B. International monetary co-operation; 5th rev. ed. London, Hutchinson's University Library, 1960.
- Verrijn Stuart, G.M. Geld, crediet en bankwezen, Deel I. Geld en crediet; achtste druk. 's-Gravenhage, N.V. Uitgevers Maatschappij v/h G. Delwel, 1953.
- Wijnholds, H.W.J. Geld, goud en goedere; 2de bygewerkte druk. Pretoria, Unie Boekhandel, 1960.
- Williams, J.H. Postwar monetary plans and other essays; 3rd ed., rev. and enlarged. New York, Knopf, 1947.
- Withers, H. The meaning of money; 3rd. ed. London, Murray, 1909.

B. TYDSKRIFTE:

- Altman, O.L. Russian gold and the ruble. Staff Papers, 7:419, 1957.
- Anon. France's about-turn on gold. Financial Mail, Jul. 2, 1965.
- Anon. Monetary reserves and international liquidity. S.A. Bankers Journal, 58(7):254-260, 1958.
- Anon. Outlook for the gold price. The Economist, 216:6365, 1965.
- Brakel, C.J. De zwakte van het international geldsysteem. Econ. Statistische Berichten, 50:2485, 1965.
- Busschau, W.J. International liquidity. Commercial Opinion, 39:46, 1961.
- Carlsson, T. World payments system review. S.A. Mining and Engineering Journal, 76:3781, 1965.
- Cohen, B.J. A note on the definition of international liquidity. Economica Internationale, 17:492, 1964.
- Cortney, P. A new gold standard could restore monetary order. Optima, 7:79, 1957.
- Erasmus, D.P. Die plek van goud in die huidige internasionale monetêre stelsel en die rol wat dit kan speel in die herstel van die internasionale monetêre orde. Koers, 32:96 - 124, 1964.
- Ford, A.G. The truth about gold. Lloyds Bank Review, no. 77, Jul. 1965.
- Gaskin, M. Liquidity and the monetary mechanisms. Oxford Economic Papers, 12:3, 1960.

- Gemmil, R.E. Notes on the measurement of international liquidity. The Journal of Finance, 15:1, 1960.
- Goudriaan, I.J. De goudwisselstandaard: monetair onbetrouwbaar, politiek onaanvaardbaar. Economische Statistische Berichten, 50:2500, 1965.
- Gregory, T. Recent monetary disorganization and monetary controversies. The South African Bankers Journal, 58:257, 1961.
- Hicks, J.R. Liquidity. The Economic Journal, 72:288, 1962.
- Horsefield, J.K. The functions and problems of international liquidity. S.A. Mining and Engineering Journal, 76:3758, 1965.
- Jones, C.C.W. Monetary reserves and international liquidity. The South African Bankers Journal, 55:255, 1958.
- Kane, E.J. International liquidity: a probabilistic approach. Kyklos, 8:27, 1965.
- Marais, M.D. Internasionale handel, internasionale likiditeit en die prys van goud. Volkshandel, 20:10, 1959.
- Maudling-Harrod. The Economist, 207:1410, 1963.
- McLaughlin, D.H. Gold will prevail. S.A. Mining and Engineering Journal, 76:3778, 1965.
- Monetary Notes by W.E. Spahr, 25:2,4,5,8,9, 1965.
- Pick's World Currency Report, 20:1,2,3,4,5, 1965.

C. ANDER:

Republiek van Suid-Afrika. Verslag van die Tegniiese komitee oor bank- en bouverenigingwetgewing. Pretoria, Staatsdrukker, 1964.